TR 86-45

# DIE NDZUNDZA-NDEBELE EN DIE BLANKES IN TRANSVAAL 1845-1883

deur

FLORIS ALBERTUS VAN JAARSVELD

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE, DEPARTEMENT GESKIEDENIS

RHODES-UNIVERSITEIT
GRAHAMSTAD

DESEMBER 1985

STUDIELEIER: PROF T R H DAVENPORT



kaptein NYABELA MAHLANGU,
opperhoof van die Ndzundza-Ndebele, 1879-1903
Foto: H S J du Preez

INHOUD

BLADSY

VOORWOORD .......................................... (i)

INLEIDING .......................................... (ii)

HOOFSTUK I : AGTERGROND

1.1 Herkoms en chronologie van die Ndzundza ..... 1
1.2 Pre-koloniale geskiedenis van die Ndzundza .. 15
1.3 Vroegste kontak tussen die Blankes en die Ndzundza .................................... 26
1.4 Boerementaliteit wat die negentiende eeuse aanraking tussen Swart en Wit beïnvloed het . 31

HOOFSTUK II : FAKTORE WAT DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BLANKES EN DIE NDZUNDZA BEÏNVLOED HET, 1845-1860

2.1 Arbeidsaangeleenthede, veebuitery en Ndzundza-vuurwapenbesit ................................ 35
2.2 Grondaansprake en belastingheffing op die Ndzundza ..................................... 50
2.3 Die kwessie van Mabhogo se onderdaanskap aan die ZAR ...................................... 65

BLADSY

HOOFSTUK III : DIE EERSTE MAPOCH-OORLOG, 1860-1865

3.1 Mabhogo verklaar die Ndzundza onafhanklik van ZAR-gesag, Junie 1860 ....... 73

3.2 Voorbereiding vir 'n gewapende stryd teen die Ndzundza ................................... 78

3.3 Sekhukhune kom die Blankes tot hulp in 'n mislukte aanslag op die Ndzundza ........... 96

3.4 Onvermoë van die Blankes om die Ndzundza militêr te onderwerp lei tot erkenning van Mabhogo se soewereiniteit en vredesluiting, Mei, 1865 ................................. 105

HOOFSTUK IV : DIE BLANKES EN DIE NDZUNDZA, 1865-1879: "NEITHER PEACE, NOR WAR"

4.1 Die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza tydens die bewind van Cornelis I, 1865-1873 ................................ 124

4.2 Die Ndzundza onder Rhobongo en Nyabela ondersteun die Z A Republiek en die Brits-Transvaalse koloniale bewind teen die Pedi van Sekhukhune, 1873-1879.............. 132

4.3 Die Ndzundza en die sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap ................. 147

4.4 Nyabela aanvaar Britse onderdaanskap, 1879 .. 152

BLADSY


HOOFSTUK V : AANLOOP TOT DIE TWEEDE MAPOCH-OORLOG 1882-1883

5.1 Inleidend .................................... 155

5.2 Die Ndzundza onder Nyabela maak aanspraak op grond, 1880 .................................. 158

5.3 Implementering van die bepalings van die Pretoriase Konvensie as oorsaak vir die oorlog ..................................... 178

5.4 Die vonk in die kruitvat: Die Ndzundza onder Nyabela ondersteun Mampuru in sy opstand teen Transvaalse regeringsgesag ................. 196

HOOFSTUK VI : DIE TWEEDE MAPOCH-OORLOG, 1882-1883 209

EPILOOG : DIE HOFSAKE TEEN NYABELA EN MAMPURU ... 246

BYLAE

1. Genealogie van Ndzundza-opperhoofde ......... 252

2. Kaarte

   a) Noordoos-Transvaal in die negentiende eeu 253

   b) Plase waarop Nyabela aanspraak gemaak het, 1880-1882 ............................... 254

   c) Die Mapochsgronden tydens die Tweede Mapoch-oorlog, 1882-1883 ................. 255

BLADSY

3. Fotos

a) Nyabela Mahlangu .......................... 256

b) Mampuru ................................ 257

c) P J Joubert,kommandant-generaal, Z A R .... 258

d) S J P Kruger, staatspresident, Z A R ..... 259

e) Standbeeld van Nyabela ................... 260

f) Erholweni ................................ 261

g) Klipmuurverskansings, Erholweni .......... 262

h) Klipmuurverskansings, Erholweni .......... 263

i) Kommando na afloop van die Mapoch-oorlog.. 264

j) Teregstelling van Mampuru................. 264

k) Die Sekhukhune-berge ..................... 265

l) Ooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en Mabhogo ............................ 266-267

4. Bronne oor die geskiedenis van die Ndzundza.. 268

BIBLIOGRAFIE

Indeks ........................................ 275

Argivale bronne ............................... 276

Gepubliseerde argivale bronne ................. 284

Geselekteerde sekondêre materiaal ............. 286

Koerante ...................................... 301

# VOORWOORD

Die volgende persone en instansies verdien vermelding vir hulp van uiteenlopende aard en omvang aan my verleen:

1) Die Universiteit van Zoeloeland vir ruim finansiële steun asook hulp met ontwikkeling van foto's en die teken van kaarte.
2) My ouers vir finansiële sowel as morele steun.
3) My vrou, sonder wie se aanmoediging die voltooiing van hierdie studie nie moontlik sou wees nie.
4) Prof J de Villiers, Universiteit van Zoeloeland, wat ekstra lesings waargeneem het om tyd aan my beskikbaar te stel tydens die skryf van hierdie verhandeling.
5) Mnr H S J du Preez, Lynnwood, Pretoria, vir die beskikbaarstelling van fotografiese materiaal asook waardevolle kommentaar op sekere teksgedeeltes.
6) Mev Z Meintjes, Universiteit van Zoeloeland, vir netjiese tikwerk.
7) Mnr W A Stals, Universiteit van Pretoria, wat die tema aan die hand gedoen het.
8) My studieleier, prof T R H Davenport. Sy besondere insette het die waarde van hierdie studie ongetwyfeld verhoog. Deur sy insig en kennis is ek geprikkel om nuwe studievelde te verken en te leer ken.

ALBERT VAN JAARSVELD

MTUNZINI

30 SEPTEMBER 1985

INLEIDING

In 1969 het Leonard Thompson met reg beweer dat Suid-Afrikaanse historici hulle tot op hede hoofsaaklik besig gehou het met die doen en late van 'n Blanke gemeenskap wat die land sedert 1652 oorheers het. Die Swartman was die "forgotten factor" in die geskiedenis van Suider-Afrika. Waar die Swartman die onderwerp van wetenskaplike studie was, is dit aan argeoloë, linguiste, etnoloë en fisiese en sosiale antropoloë oorgelaat.[1)] Tereg het Thompson kort hierna opgemerk: "We need to know much more about the complex process by which African chiefdoms became incorporated in white controlled politics in the late nineteenth century - ... Only when monographs ... have been written on several individual cases, shall we be in a position to reach definite conclusions about the process as a whole".[2)]

Sedert hierdie uitspraak van Thompson het verskeie historici hulle op die terrein van die "forgotten factor" begewe. Omvangryke publikasies oor onder andere die Zulu, Pedi,

---

1. Kyk L Thompson (red): African Societies in Southern Africa, p.1.

2. M Wilson en L Thompson (reds.): The Oxford History of South Africa II, voetnoot 1, p.245.

Sotho asook die Swazi's het sedertdien die lig gesien[3], terwyl 'n werk oor die Tswana van Wes-Transvaal pas verskyn het.[4] Hierteenoor het heelwat van die kleiner en minder invloedryke swart groeperinge tot op hede steeds agterweë gebly. Wat Noordoos Transvaal betref - meer spesifiek die gebied tussen die Elandsrivier, die Lebomboberg en die Krokodil=rivier wat die Ohrigstadse Volksraad in 1846 van Mswati gekoop het, was daar behalwe die Pedi verskeie ander groepe aanwesig wat almal gedurende die loop van die negentiende eeu onder Blanke gesag gekom het. Hieronder het getel die Ndzundza, die Kopa, Tau, Kwena, Ntwane, Koni, Rôka, Kutswe, Pai en Pulana[5], waarvan die Ndzundza en Kopa die belangrikste was. Ten spyte van die feit dat daar heelwat argivale bronne oor hierdie groepe bestaan, het

---

3. Vergelyk in hierdie verband Jeff Guy: <u>The Destruction of the Zulu Kingdom</u> (Johannesburg, 1982); J B Peires: <u>The House of Phalo, A history of the Xhosa People in the days of their independence</u> (Johannesburg, 1981); P Bonner: <u>Kings, Commoners and Concessionaires, The evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi-state</u> (Johannesburg, 1983); P Delius: <u>The Land Belongs to Us, The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal</u> (Johannesburg, 1983); P Sanders: <u>Moshoeshoe, Chief of the Sotho</u> (London en Kaapstad, 1975; J Wright en A Manson: <u>The Hlubi Chiefdom in Zululand - Natal, A history</u> (Ladysmith, 1983).

4. Kevin Shillington: "<u>The Colonisation of the Southern Tswana</u>".Johannesburg, 1985.

5. Vgl o.a. G D J Duvenage: <u>Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en einde</u>, p.27. (Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, UNISA, 1966).

geen navorser dit tot op hede nog ontgin nie. Oor die onderwerping van hierdie stamme aan Blanke gesag gedurende die negentiende eeu, is daar weinig bekend. Wat die Ndzundza-geskiedenis betref, geld Thompson se opmerking nog steeds dat historici wetenskaplike studie oor die Swartes tradisioneel aan navorsers uit ander dissiplines oorgelaat het. Dit blyk duidelik uit 'n ontleding van sekondêre materiaal wat oor die Ndzundza bestaan. Verskeie studies van volkekundige aard is oor die verskillende kulturele fasette en pre-koloniale geskiedenis van die Transvaalse Ndebele, waarvan die Ndzundza deel uitmaak, gedoen.[6)] In die meeste van hierdie studies word die pre-Blanke geskiedenis van die Ndzundza as inleiding aangebied, terwyl daar in sommige gevalle ook na die historiese tydperk verwys word. Op hierdie wyse is die herkomsgeskiedenis van die Ndzundza met behulp van mondelinge tradisies redelik volledig opgeteken. As gevolg van die feit dat geen argivale bronne geraadpleeg

---

6. Sien o.a. C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal. (Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, PU vir CHO, 1980); H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus - sociaal leven (Zwolle, 1921); R S Hambrock: Die vrou in die religie onder die Manala-Ndebele (Gepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1981); A O Jackson: The Ndebele of Langa (Staatsdrukker, geen datum); N J van Warmelo: Transvaal Ndebele Texts (Pretoria, 1930); O Weiss: Funksionele kunsuitinge by die AmaNdzundza. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, US, 1961); C J van Vuuren: Die vestigingspatroon van die Suid-Ndebele (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1983); Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza - Ndebele en die Mapochsgrotte. (Pretoria, 1983).

is nie, is die volkekundige werke wat die historiese tydperk betref, deurspek met spekulasies, onjuisthede en valse aannames. Met enkele uitsonderings[7] berus verwysings deur die enkele historici wat die Ndzundza-geskiedenis behandel, veral met betrekking tot die tydperk voor 1882, grootliks op die uitsprake van volkekundiges. Dit het meegebring dat die huidige beeld en feitelikhede omtrent die negentiende eeuse Ndzundza-geskiedenis onjuis is, veral soos dit in algemene geskiedenisse opgeteken staan.[8] Hierteenoor het verskeie historici die Mapoch-oorlog van 1882-1883, waartydens die Ndzundza hul onafhanklikheid verloor het, behandel. In sy biografie oor genl P J Joubert het J A Mouton[9] die oorlog tot 'n enkele hoofstuk beperk. Vir Mouton gaan dit egter om Joubert se persoonlike aandeel en gee hy gevolglik nie veel aandag aan die belangrikste aspek van die oorlog,

---

7. In <u>The Land Belongs to Us</u> verwys Peter Delius na aspekte van die Ndzundza-geskiedenis in die tydperk vóór 1882 wat op argiefnavorsing berus (sien bv pp.30,32,36,38,40,91,96,131-132). Ook T S van Rooyen verwys na die Ndzundza in sy D Phil-proefskrif naamlik <u>Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882.</u> (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, deel 1, 1951), pp.214-225.

8. Vgl byvoorbeeld T R H Davenport: <u>South Africa, A Modern History,</u> p.108. Kyk ook W J de Kock (red.): <u>Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek</u>, deel I, p.624. (Skrywer nie vermeld nie)

9. J A Mouton: <u>Genl Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis</u> (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, deel I, 1957).

naamlik die oorsake, nie. H P van Coller het in 1941 'n MA-verhandeling[10] die lig laat sien waarin die oorsake en verloop van die Mapoch-oorlog beskryf word. Van Coller se uiteensetting omtrent die oorsake van die oorlog is egter ontoereikend aangesien dit heelwat onjuisthede bevat, geweldig subjektief is en nie ontkom aan naiëwe aannames en uitsprake nie. Die belangrikste oorsaak van die oorlog, naamlik gronddispute, word deur Van Coller geïgnoreer. Voorts behandel hy die oorlog as 'n gevolg van die moord op Sekhukhune, sodat die Ndzundza "toevallig" betrek word. Ander historici se verwysings na die oorlog is ook ontoereikend omdat dit in die meeste gevalle beperk bly tot enkele bladsye en paragrawe.[11]

Tot op hede is die negentiende eeuse Ndzundza-geskiedenis dus nog òf onvolledig, òf onjuis opgeteken. Met hierdie studie word gepoog om 'n bydrae in hierdie verband te maak. Omdat die historisiese feite omtrent die verloop van die 1882-1883 oorlog grootliks bekend is, val die klem op die tydperk daarvóór. Voorts moet dit gemeld word dat dit in

---

10. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die Bapedi-troon (Die Mapoch-oorlog, 1882-1883) (Ongepubliseerde M A Verhandeling, U P, 1941).

11. Kyk E A Walker: A History of Southern Africa, p.395; C F J Muller: 500 Years, A History of South Africa, p.278; M Wilson en L Thompson (reds.): The Oxford History of South Africa, deel II, pp.282-283. George McCall Theal: History of South Africa from 1873 to 1884, Vol II, pp.135-139.

hierdie studie hoofsaaklik gaan om die faktore wat die verhoudinge tussen die Ndzundza en die Blankes bepaal het, te elimineer. Ander aspekte wat ter sprake kom is onder andere die uitwerking wat die Blanke besetting van Noordoos-Transvaal op die Ndzundza gehad het, gronddispute, arbeidsaangeleenthede, Swazi- en die Pedi-deelname in die Blankes se pogings om die Ndzundza te onderwerp asook die uiteindelike vernietiging en verlies van die onafhanklikheid van die Ndzundza.

Die spelwyse van sekere name en benaminge wat in hierdie verhandeling voorkom, het in sommige gevalle probleme opgelewer. Die meerderheid Ndebele name is gespel volgens die voorskrifte van die Suid-Ndebele taalraad. Waar die korrekte moderne spelling van Swartes se name nie vasgestel kon word nie, is dit in aanhalingstekens weergegee soos dit in die dokument voorkom. Alle amptelike benamings soos staatspresident of koloniale sekretaris is in die teks met ŉ kleinlettertjie gespel maar in die voetnotas met ŉ hoofletter. Die motivering hiervoor is die Afrikaanse gebruik om amptelike benamings binne Westerse staatsverband met ŉ hoofletter te spel maar benamings in tradisionele verband soos kaptein, opperhoof of hoofman met ŉ kleinlettertjie, wat myns insiens op diskriminasie neerkom. Wat die spel van die woord swart betref: Waar dit as byvoeglike naamwoord gebruik word (bv. swart kindertjies), is deurgaans van kleinletters gebruik gemaak. Hoofletters

is gebruik wanneer dit as selfstandige naamwoord gebruik word, bv. Die Swartes. Die terme kaffer en meid is waar moontlik, vermy. Die aangehaalde stukke waarin dit wel voorkom, moet nie as beledigend beskou word nie maar as verteenwoordigend van die terminologie van 'n bepaalde tyd in die geskiedenis. Die bedoeling was geensins om enigiemand te na te kom nie.

# HOOFSTUK 1

# AGTERGROND

## 1.1 Herkoms en chronologie van die Ndzundza

Die Ndzundza van Noordoos-Transvaal is ŉ Ngunigroep wat met die Manala van Pretoria gesamentlik die Suid-Ndebele-groepering uitmaak. Die Nguni-sprekende Suid-Ndebele asook die Ndebele van Noord-Transvaal, vorm weer ŉ groep wat algemeen bekend staan as die Transvaalse Ndebele, een van die vier hoofvertakkings van die Nguni in Suider-Afrika.[1)] Die Noord- en Suid-Ndebele word geografies deur die Springbokvlakte geskei, geleë by die kruising van die breedtegraad 25° Suid en die lengtegraad 30° Oos.[2)] Die Noord-Transvaalse Ndebele bestaan uit die Langa van Potgietersrus en die Maune (Letwaba). Die Seleka wat op die Botswana-grens aangetref word, was oorspronklik ŉ suiwer Ndebelegroep maar het later geheel en al verTswana. Hierdie groep, wat die Moletlane (Sebitiela) insluit, het op ŉ baie vroeë stadium reeds van die Suid-Ndebele afgesplits en noordwaarts migreer.[3)]

---

1. W D Hammond-Tooke:(red)The Bantu-Speaking Peoples of Southern Africa, p.67.

2. A O Jackson: The Ndebele of Langa, p.(i).

3. W D Hammond-Tooke(red):The Bantu-Speaking Peoples of Southern Africa, p.67. Kyk ook D Ziervogel, J A Louw en P C Taljaard (reds.): A Handbook of the Zulu Language, p.1.

Die Transvaalse Ndebele moet nie verwar word met die Ndebele van Matabeleland in Zimbabwe nie. Laasgenoemde groep het Zoeloeland teen 1816 onder Mzilikazi se leiding verlaat en later, na ŉ aantal swerwersjare in Transvaal, die Matabeleryk in Zimbabwe gevestig. Die Suid-Ndebele se vestiging in Transvaal dateer uit ŉ veel vroeër tydperk.

Verskeie navorsers het met weinig gegewens tot hul beskikking gespekuleer oor die betekenis en herkoms van die term Ndebele.[4)] Vandag bestaan daar min twyfel dat dit ŉ Sotho-woord is wat algemeen gebruik word om mense van Nguni-herkoms te beskryf.[5)] Dit verklaar waarom die Ndebele van Zimbabwe dieselfde benaming dra. Die feit dat hierdie twee groepe dieselfde benaming dra, impliseer dus nie dat hulle direkte verwante is nie.[6)]

Weens die langdurige kontak met die Sotho binne Transvaal,

---

4. Kyk J Shooter: The Kafirs of Natal and the Zulu Country, p.135; A T Bryant: Olden Times in Zululand and Natal, p.425; D F Ellenberger en J C Macgregor: History of the Basuto, Ancient and Modern, p.120; H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus - sociaal leven, pp.23-26.

5. Kyk C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal p.(ii).

6. Kyk A O Jackson: The Ndebele of Langa, p.(ii).

het die Noord-Ndebele bykans geheel en al verSotho. Hierteenoor het die Suid-Ndebele se taal en kultuur, ten spyte van Sotho en later Blanke beînvloeding, grootliks behoue gebly.[7)] Reeds in 1879 het G A Roth, die landdros van Lydenburg, met betrekking tot die Ndzundza opgemerk dat "Through a continuation of friendly intercourse with the white population, Mapoch's people have become more civilized than the other tribes. They are ... really a mixture of Zulus and BaSutos and have in course of time become a tribe distinguished from the others".[8)]

Oor hoe en wanneer die Transvaalse Ndebele in Transvaal gearriveer het, bestaan daar wyd uiteenlopende menings in verskeie geskrifte. Die meerderheid hiervan is gebaseer op mondelinge tradisie , waarvan die optekening van reeds vroeg in die twintigste eeu begin het. Die belangrikste bronne in dié verband is die gepubliseerde doktorale proefskrif van H C M Fourie nl "AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sociaal leven"[9)], die ou "Transvaal Native Affairs Department" se publikasie, "A Short History of the Native Tribes of the Transvaal"[10)] en N J van Warmelo

---

7. Kyk M Legassick: The Sotho-Tswana Peoples before 1800. In L Thompson (red): African Societies in Southern Africa, pp.104-105; O Weiss: Funksionele Kunsuitinge by die AmaNdzundza, p.10.

8. SN la, N105/79: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturellesake, 28.5.1879.

9. Zwolle, 1921.

10. Pretoria, 1905.

se "Transvaal Ndebele Texts"[11]. Heelwat later het gevolg C J Coetzee se doktorale proefskrif oor die Transvaalse Ndebele[12] en 'n MA-Verhandeling van C J van Vuuren.[13] Sowel Coetzee as Van Vuuren verwys breedvoerig na Fourie en Van Warmelo. Ander publikasies van belang is Peter Becker se "Inland Tribes of Southern Africa",[14] waarin hy 'n hoofstuk aan die Ndebele wy, A O Jackson se "The Ndebele of Langa"[15], R S Hambrock se "Die vrou in die religie onder die Manala-Ndebele,"[16] en O Weiss se "Funksionele kunsuitinge by die AmaNdzundza,[17] wat almal ter inleiding die Ndebele-geskiedenis vlugtig aanraak. Omdat nie een van genoemde werke die oogmerk gehad het om 'n omvattende Ndebele-geskiedenis tot stand te bring nie en geeneen van die betrokke navorsers die bestaande geskiedsteoretiese werke geraadpleeg of aangewend het tydens die optekening

---

11. Staatsdrukker, 1930.

12. C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal (PU vir CHO, 1980).

13. C J van Vuuren: Die Vestigingspatroon van die Suid-Ndebele. (Ongepubliseerde MA-Verhandeling, UP, 1983).

14. Londen, 1979.

15. Pretoria, staatsdrukker, geen datum.

16. Gepubliseerde MA-Verhandeling, UNISA, 1981.

17. Ongepubliseerde MA-Verhandeling, US, 1961.

en evaluering van mondelinge tradisie nie[18], bestaan daar vandag nog heelwat leemtes wat betref die Ndebele se pre-koloniale geskiedenis. Omdat die klem van hierdie verhandeling op die historiese tydperk val, sal nie verder hieroor uitgewy word nie. Wat hier volg is slegs 'n samevatting van die heersende denke oor die herkoms en chronologiese berekening van die Ndebele.

In die bestaande lektuur kan daar wat die herkoms van die Ndebele betref, drie gedagterigtings onderskei word:

(a) Volgens die eerste is die Transvaalse Ndebele uit Natal afkomstig en bestaan daar geen verband met die Ndebele van Zimbabwe nie. H C M Fourie het bevind dat Ndebele-informante van 'n oorsprong uit Natal getuig: "Wanneer zij in Zululand zijn gekomen en hoe en waar vandaan, weten ze niet meer.[19] ... Dat ze er in 1500 waren is echter zeker. De AmaNdebele zijn ongeveer dat jaar uit Zululand geëmigreerd"[20]. Fourie se bevinding dat die Transvaalse Ndebele Zoeloeland teen ongeveer 1500 verlaat het, is gebaseer op 'n gemiddelde van drie berekeninge. Die eerste het te make met 'n gemiddelde duur van bewindstydperke van Ndzundza-opperhoofde en generasiewisselings

---

18. Nie een van genoemde navorsers verwys in hul werk na die outoriteite op die gebied van die mondelinge tradisie soos Vansina, Henige, Miller en andere nie.

19. H C M Fourie: <u>AmaNdebele van Fene Mahlangu</u> ..., p.28.

20. Ibid, p.29.

terwyl die tweede en derde berekening met die besnydeniskringloop te doen het. Fourie het sy inligting later gekontroleer aan die stamboom van die Manala-opperhoofde, met wie die Ndzundza 'n gemeenskaplike stamvader (Musi) deel. Fourie se eerste berekening is gebaseer op die gemiddelde bewindstydperk van drie-en-twintig Ndzundza-opperhoofde wat tot ongeveer 1920 agtereenvolgend regeer het. Fourie het 'n gemiddelde van twintig jaar per opperhoof en dertig jaar per generasie, waarvan daar vyftien was, aanvaar. Dit het hom onderskeidelik tot die jare 1460 en 1470 teruggevoer. Fourie erken die twyfelagtigheid van hierdie berekeninge omdat dit volgens hom nie onmoontlik was dat sekere opperhoofde weens buitengewone omstandighede soos oorlog of die opvolging van broers heelwat korter of langer kon geregeer het nie.[21)] Fourie se tweede berekening het te make met die Ndzundza se vierjaarlikse besnydenisskole. Elke sestig jaar (een kringloop), verteenwoordig vyftien skole. Buitengewone omstandighede kan veroorsaak dat 'n kringloop effens langer of effens korter van duur kan wees. Die naam van die oudste bekende Ndzundza-besnydenisskool is Malingwana, waartydens kaptein Phaswana besny

21. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., p.29. Vir 'n kritiese bespreking van die probleem van vader/seun opvolging in die bepaling van chronologie, sien D P Henige: The Chronology of Oral Tradition, pp.91-94.

is. Indien elke kringloop wel sestig jaar geduur het, het Phaswana die besnydenisrite in die jaar 1655 ondergaan. Die name van nege voorgangers van Phaswana is bekend. Indien twintig jaar as gemiddelde bewindstydperk per kaptein aanvaar word, dui die berekening op 1475 as die jaar waarin Mafana die besnydenisrite ondergaan het.[22] 'n Derde berekening van Fourie voer ons na die jaar 1483 terug as die jaar waarin Mafana die besnydenisrite meegemaak het. Dit is gebaseer op die beginsel dat, indien geen buitengewone omstandighede intree nie, die oudste seun van 'n kaptein die vyfde besnydenisskool ná sy vader besoek, dus twintig jaar later. Die leeftyd van die kaptein beïnvloed geensins die duur van die kringloop nie. Indien die oudste kaptein bekend (Mafana) die oudste seun van sy vader was, het hy die besnydenisrite dus in die jaar 1483 deurloop. Fourie kom dus met behulp van drie afsonderlike berekeninge op ongeveer 1485 te staan as die jaar waarin Mafana besny is.[23] Vierdens het Fourie sy bevindinge aan die genealogie van Manala-stamhoofde getoets. In 1920 was die name van agt-en-twintig Manala-kapteins wat agtereenvolgend regeer het, bekend.[24] Indien vyftien jaar as 'n gemiddelde

---

22. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., p.29.
23. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ...,pp.29-30.
24. Sien genealogiese tabel, bylaag 1, p.252

bewindstydperk vir elke kaptein gereken word, het die vroegste Manala-kaptein (Mhlangana) ongeveer teen 1510 regeer. Om al dié redes kom Fourie tot die gevolgtrekking "dat de stam der AmaNdebele tegen het eind van de 15de eeuw uit Zululand is geëimigreerd".[25)] Fourie aanvaar dus in hoofsaak dat die Transvaalse Ndebele 'n Natalse of Zoeloelandse oorsprong het, hulle Zoeloeland reeds teen die vyftiende eeu verlaat het en dat die stamvader van die Transvaalse Ndebele, Musi, teen ongeveer 1523 besny is.

N J van Warmelo gee Fourie gelyk wat sy uiteensetting van die Ndzundza-genealogie betref, asook sy uitspraak dat die Transvaalse Ndebele 'n Natalse oorsprong het, maar betwis met reg sy bevindinge oor wanneer die Ndebele Natal verlaat het. Van Warmelo verwerp Fourie se aanvaarding van twintig jaar as gemiddelde bewindstydperk per kaptein op grond van die feit dat daar in die Ndebele-kapteinsgenealogie geen normale vader/seun opvolging plaasgevind het nie. Verskeie broers het mekaar opgevolg.[26)] Om hierdie rede redeneer Van Warmelo dat tien jaar as gemiddelde bewindstydperk per kaptein nader aan die werklikheid is. Op grond hiervan bereken Van Warmelo dat Musi

25. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu .. , p.30.
26. Sien genealogiese tabel, bylaag 1, p.252

teen ongeveer 1670 besny is,[27] in teenstelling met Fourie se 1523.

(b) 'n Tweede gedagterigting verbind die oorsprong van die Transvaalse Ndebele aan die Hlubi, 'n Nguni-groep wat in die vroeë negentiende eeu aan die bolope van die Buffelsrivier in Natal woonagtig was. Volgens A O Jackson[28] het die Transvaalse Ndebele Transvaal in twee "strome" binnegetrek wie se nasate vandag onderskeidelik die Noord- en Suid-Transvaalse Ndebele verteenwoordig. Beide strome het, volgens Jackson, uit die Hlubi ontspring en het Transvaal teen sowat 1650 binnegtrek. Jackson grond sy berekeninge op die besnydeniskringlope van die Langa-Ndebele. Sy berekening klop dan ook naastenby met dié van Van Warmelo (1670). Ook Shula Marks[29] maak melding van 'n moontlike Hlubi-skakeling op grond van die feit dat die name M(u)si en Mhlanga(na) in die kapteinsgenealogie van die Hlubi sowel as die Transvaalse Ndebele voorkom. Volgens Marks dateer die Hlubi se Musi en Mhlangana terug tot sowat tien generasies voor die jaar 1818. Die Manala-Ndebele voer huidiglik egter 26 name terug tot by Musi en

---

27. N J van Warmelo: Transvaal Ndebele Texts, pp.18-19.

28. The Ndebele of Langa, pp.(i)-(ii).

29. Shula Marks: The Traditions of the Natal "Nguni".(In L Thompson (red.): African Societies in Southern Africa), pp.140-141.

die Ndzundza negentien. Haar verklaring hiervoor is dat die Hlubi-genealogie moontlik generasies verteenwoordig, terwyl die Ndzundza en Manala-genealogieë slegs lyste van kapteins en regente verteenwoordig.[30)]

Of die Transvaalse Ndebele wel met die Hlubi in verband gebring kan word, kan steeds nie met sekerheid bewys word nie. Hoewel die name M(u)si, Mhlanga(na) asook D(h)lomu wel in die mondelinge tradisie van die Hlubi voortleef, dui dit nie noodwendig op 'n skakeling nie. In agt verskillende kapteinsgenealogieë wat onder die Hlubi opgeteken is[31)], kom al drie name slegs in vyf daarvan voor en ook nie in dieselfde volgorde nie. Dit word selfs gesuggereer dat die stamvaderkaptein van die Hlubi moontlik 'n fiktiewe persoon kon gewees het.[32)] Voorts is dit waarskynlik dat Dhlomo wat aan die Hlubi verbind word, voor die middel van die agtiende eeu regeer het. Die Ndzundza se Dhlomu, seun van Musi, dateer volgens Fourie uit die vyftiende en volgens Van Warmelo uit die sewentiende eeu, wat die moontlikheid van

---

30. S Marks: "Traditions", pp.140-141.

31. Kyk John Wright en Andrew Manson: "The Hlubi Chiefdom in Zululand-Natal, a History, pp.84-85.

32. Ibid, p.3.

skakeling verder bemoeilik. Voorts moet genoem word dat Marks haar afleidings gemaak het op grond van 'n enkele kapteinslys wat in 1911 deur A T Bryant opgeteken is. Sewe ander moontlikhede is nie deur haar in aanmerking geneem nie.[33)]

(c) 'n Derde groep navorsers noem die moontlikheid dat die Transvaalse Ndebele nie 'n Natalse oorsprong het nie, maar eeue gelede reeds van die Nguni afgesplits het tydens die suidwaartse beweging van die Swartman, waarna hulle hul in Transvaal gevestig het.[34)] Om hierdie bewering, wat die mees gewaagde onder die drie gedagterigtings is, te bewys, sal die argeologie geraadpleeg moet word. Hoewel daar veral gedurende die laaste twee dekades heelwat meer feite oor die vroeë geskiedenis van die Swartman in Suider-Afrika aan die lig gekom het[35)], bestaan daar

---

33. Dit is Von Fintel (1932), Soga (1930), Ayliff en Whiteside (1912), Mabhonsa kaSidlayi (1909), Ngwenya (1908), Theal (1908) en Sivivi kaMaqungo (1907). Sien Wright en Manson: The Hlubi Chiefdom in Zululand-Natal, a history, pp.84-85.

34. Sien O Weiss: Funksionele kunsuitinge by die AnaNdzundza, p.12; R S Hambrock: Die vrou in die religie onder die Manala-Ndebele, p.4.

35. Sien o.a. T M O'C Maggs: "The Iron Age Sequence South of the Vaal and Pongola Riviers, Some historical implications" (Journal of African History, vol 21, 1980), pp.1-15.

onder argeoloë steeds geen eenstemmigheid oor die herkoms en die roetes wat die Swartman tot in Suider-Afrika gevolg het nie.[36)] So het D W Phillipson in 1977 beweer dat die Swartman in twee strome suidwaarts beweeg het, ŉ oostelike en ŉ westelike stroom. Dit is vroeër aanvaar dat hierdie strome die verspreiding van die Vroeë Ystertydperkkultuurkompleks verteenwoordig en is onderskei op grond van die distribusie van verskillende tipes versiering op potwerk. Hoewel Phillipson erken dat bogenoemde verklaring ŉ oorvereenvoudiging is van ŉ probleem wat baie meer kompleks is as wat vroeër gedink is,[37)] het kritiek teen sy werk nie uitgebly nie. T N Huffman het bevind dat "the typological evidence of the two stream hypothesis has never been published, and it is not at all clear what criteria en procedure are used to produce the classification in The Later Prehistory"[38)]. Self beweer Huffman dat daar moontlik drie strome onderskei kan word.

---

36. Vgl. in hierdie verband R R Inskeep: The Peopling of Southern Africa, pp.125-128. Inskeep behandel vier gedagterigtings of modelle met betrekking tot die suidwaartse beweging van die Swartman.

37. D W Phillipson: The Later Prehistory of Eastern and Southern Africa, p.103.

38. T N Huffman: "African Origins." (In South African Journal of Science, vol 75, Mei 1979), p.233.

Nietemin, hoe die Transvaalse Ndebele by hierdie strome asook die Vroeë Ystertydperkkultuurkompleks inskakel, kon tot dusver nog nie vasgestel word nie. Behalwe vir 'n beskrywing van die argeologiese oorblyfsels te Erholweni (Mapochstat) deur R J Mason[39], bestaan daar huidiglik geen lektuur wat 'n argeologiese terrein in Oos-Transvaal direk met die Ndebele in verband bring nie. Daar bestaan trouens geen duidelike verband tussen die Vroeë en Latere Ystertydperk=terreine in Oos-Transvaal[40] of die inskakeling daarvan by 'n moontlike suidwaartse beweging van mense vanaf die tiende eeu nie.[41]

Tans is die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging besig met opgrawings op die Latere Ystertydperkterrein KwaMnyamana, direk noord van Pretoria. Hierdie terrein word op grond van potversierings aan die Ndebele verbind en meer direk aan die woonplek van

---

39. R J Mason: The Prehistory of the Transvaal, pp.435-438.

40. Vergelyk in die verband T M Evers: "Recent Iron Age Research in the Eastern Transvaal" (S A Archaeological Bulletin, vol 30, Julie 1975), pp.71-83, en T M Evers: "Recent Progress in Studies of the Early Iron Age in Eastern Transvaal" (S A Journal of Science, Vol 73, Maart 1977), pp.78-87.

41. Kyk in die verband T N Huffman: "The Origins of Leopards Kopje: An 11th century Difaquane" (Arnoldia series of miscellaneous publications; Vol 8, nr 23, Junie 1978), pp.1-23.

Musi, stamvader van die Transvaalse Ndebele.[42] Tot tyd en wyl gegewens hieroor gepubliseer word, bly gevolgtrekkings egter buite die kwessie.

Uit voorgenoemde is dit duidelik dat, wat die herkoms en chronologie van die Transvaalse Ndebele betref, daar geen eenstemmigheid onder navorsers bestaan nie en dat die laaste woord hieroor nog lank nie gespreek is nie. Tans is die meeste wat met redelike sekerheid gesê kan word, dat die Transvaalse Ndebele reeds langer as minstens twee eeue in Transvaal woonagtig is, daar behalwe vir taal en kultuur geen verband bestaan tussen die Transvaalse Ndebele en die Ndebele van Zimbabwe nie en die Transvaalse Ndebele waarskynlik hul oorsprong in Zoeloeland gehad het. Wat die berekeninge ten opsigte van die Ndebele-chronologie betref: D P Henige[43] het die probleme wat verband hou met die bepaling van chronologie duidelik uiteengesit. In die lig hiervan sal dit in die toekoms noodsaaklik wees om weer 'n keer na die berekeninge van Fourie, Van Warmelo en Jackson te kyk. Huidiglik kan dit nie as finaal aanvaar word nie.

---

42. Onderhoud met Mnr A Meyer, waarnemende departementshoof, departement Argeologie, Universiteit van Pretoria.

43. D P Henige: The Chronology of Oral Tradition. Glasgow, 1974.

## 1.2 Pre-koloniale geskiedenis van die Ndzundza

Onder die meerderheid skriflose groepe of tradisionele gemeenskappe bestaan daar verhale omtrent hulle oorsprong, totstandkoming en geskiedenis.[44] Hierdie verhale, wat soms ver van die waarheid verwyder is, kan verskeie funksies vir die gemeenskap vervul, soos onder andere om 'n aanspraak op sekere gebiede of die heerskappy van 'n bepaalde sibbe of linie te regverdig. In die meeste gevalle hou dit egter verband met 'n basiese strewe na identiteit vir die gemeenskap as geheel,[45] soos onder die meerderheid groepe of gemeenskappe aangetref word. Ook onder die Ndzundza is daar vandag steeds heelwat informante wat iets mee te deel het oor hul ontstaan en herkoms. Van hierdie mondelinge tradisies, wat van groot waarde kan wees indien dit deeglik aan die historiese kritiek onderwerp word,[46] is deur nie minder nie as ses persone onafhanklik van mekaar in 'n tydperk wat oor bykans tagtig jaar strek,

---

44. Sien in hierdie verband o.a. J B Peires: The House Phalo, pp.13-19 omtrent mondelinge tradisie in die Xhosa-geskiedenis en P Delius: The Land Belongs to Us, pp.11-19 oor die ontstaan van die Oos-Transvaalse Pedi politieke eenheid. Kyk ook Herodotus: Boekdeel IV vir uiteenlopende weergawes oor die oorsprong van die Scythiërs.

45. Kyk Jan Vansina: "Comment: Traditions of Genesis" (Journal of African History XV, 2 (1974), p.230; J Wright en A Manson: The Hlubi-chiefdom in Zululand-Natal, p.2.

46. Kyk Jan Vansina: "Comment: Traditions of Genesis", p.320 en Oral Tradition, London, 1965.

onder die Ndzundza ingesamel en opgeteken.[47)] Soos reeds in die vorige afdeling daarop gewys, was hierdie studies hoofsaaklik etnologies van aard en het dit met ŉ ander doel tot stand gekom as om ŉ omvattende Ndzundza-geskiedenis daar te stel, sodat daar van die aanwending van historiese kritiek weinig tereggekom het. Tog het waardevolle gegewens wat andersins verlore sou gaan, op hierdie manier behoue gebly. In dié verband moet die werk van H C M Fourie[48)] uitgesonder word. Nie net is dit die volledigste nie maar ook die mees gesaghebbende werk oor die Ndzundza-Ndebele se pre-koloniale geskiedenis. Afgesien van die feit dat Fourie toegang gehad het tot Ndebele-informante wat belangrike historiese gebeurtenisse soos die Mapoch-oorlog self beleef het, het hy sy inligting ingesamel voordat die invloed van verwestering en die aanpassing by veranderde omstandighede te veel skade aan die Ndzundza-tradisies kon aanrig.[49)] Fourie se werk is vir die tyd waarin dit tot stand gekom het besonder logies beredeneerd terwyl hy ook deeglik bewus was van die mate van

---

47. Dit is ŉ amptelike stuk van die ou "Transvaal Native Affairs Department" (1905); Fourie (1921), N J van Warmelo (1930); Peter Becker (1948), E F Potgieter (1958) en C J van Vuuren (1983).

48. AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus - sociaal leven. Zwolle, 1921.

49. Jan Vansina het in sy navorsing onder die Kuba bevind dat skriflose volke hul mondelinge tradisies oor tyd kan verander om by moderne politieke ontwikkeling en veranderde omstandighede aan te pas. Sien Journal of African History, XV, 2 (1974), pp.317-322. "Comment: Traditions of Genesis."

versigtigheid waarmee mondelinge tradisies benader moet word. Anders as sy tydgenote[50)] wat met die optekening en evaluering van mondelinge tradisies gemoeid was, sien Fourie minstens die potensiële waarde daarvan in.[51)]

Fourie se uiteensetting van die Ndzundza se pre-koloniale geskiedenis[52)], waarna die meeste van die latere navorsers ook verwys, lui soos volg: Mafana en Mhlangana was die eerste twee Ndebele kapteins waarvan die name bekend is. Behalwe vir hul name, het die informante niks verder van hulle geweet nie.[53)] Tydens die bewind van Musi (Msi), het die Ndebele te KwaMnyamana digby die huidige

---

50. Oor A T Bryant se benadering in "Olden Times in Zululand and Natal" skryf Shula Marks dat "... on the whole he is probably over-cautious in his handling of traditional material". Kyk L Thompson (red.): African Societies in Southern Africa, p.128. In "The Native races of South Africa" (1905) kom Stow tot die gevolgtrekking dat mondelinge tradisie oor die algemeen van so 'n powere aard is dat dit waardeloos is in die saamstel van 'n betroubare geskiedenis vir 'n skriflose volk.

51. Kyk H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus - sociaal leven, p.27.

52. Ibid, pp.31-39.

53. Die informante van C J van Vuuren (Die Vestigings=patroon van die Suid-Ndebele, pp.11-12) beweer hierteenoor dat die Ndebele se vroegste bekende woonterrein Emhlangeni geheet het en dit naby die huidige Randfontein geleë was. Hier het die Ndebele vir ongeveer dertig jaar onder Kapteins Mafana en Mhlangana gewoon. Tydens laasgenoemde se bewind het die Ndebele na KwaMnyamana verhuis.

Wonderboompoort, noord van Pretoria, gewoon. Musi het vyf seuns[54] gehad, nl. Manala, Masombuka (Mhwaduba), Ndzundza, Mathombeni (Kekana) en Dhlomu, waarvan Manala die regmatige opvolger was. Toe Musi reeds 'n bejaarde leeftyd bereik en hy gevoel het die tyd aangebreek het om die stamopvolging te reël en die opvolger in te wy in die geheime van koningskap, het hy al sy seuns aangesê om op 'n sekere oggend met eerste hanekraai by hom te vergader. Omdat Manala besef het dat hy die regmatige aanspraakmaker op die Ndebele-troon was en hy dus geen probleme behoort te ondervind by die aanwys en inhuldiging van 'n opvolger nie, het hy die bevel van sy vader verontagsaam en met 'n groep vriende op 'n blouwildebeesjagtog vertrek. In Manala se afwesigheid het Ndzundza hom soos die Bybelse Jakob met diervelle vermom en hom as Manala, wat as 'n besonder harige man voorgehou word,[55] aan sy nou

---

54. Van Warmelo (Transvaal Ndebele Texts, p.13) noem die naam van 'n sesde seun, ene Sibasa, terwyl Van Vuuren (1983: pp.12-13) ook die naam Skosana noem. Volgens Van Warmelo dui die bestaan van die naam Sibasa op 'n tradisie dat die Mphaphuli-stam in Vendaland bande gehad het met Musi. Die moontlikheid dat die naam Sibasa 'n fiktiewe persoon kan verteenwoordig, is dus nie uitgesluit nie. Wat die naam Skosana as sewende seun van Musi betref, is dit nie onmoontlik dat ons hier te make het met Vansina se gedagte van mondelinge tradisies wat oor tyd kan verander om aan te pas by moderne politieke ontwikkelinge nie. (Kyk voetnoot 48) Dit is opmerklik dat slegs Van Vuuren (1983) die naam Skosana as seun van Musi noem. Die huidige hoofminister van die nasionale staat Kwa-Ndebele se van is Skosana.

55. Een van die erkende raseienskappe van die Negroïde is dat die voorkoms van liggaamsharigheid uiters gering is. Dat Manala se liggaamsharigheid van so 'n aard kon wees dat dit met 'n diervel vergelyk kan word, is onaanvaarbaar.

reeds blinde vader voorgedoen, waarop hy as opvolger van Musi ingewy is.[56] Kort hierna is Musi oorlede, waarop Ndzundza as kaptein van die Ndebele ingehuldig is. Met Manala se terugkeer[57], was hy woedend oor die gebeure. 'n Gedeelte van die stam het egter aan hom lojaal gebly, en uiteindelik was Ndzundza en sy volgelinge verplig om te vlug. Manala het hulle agternagesit en 'n geveg het naby die huidige Premiermyn te Cullinan plaasgevind.[58] Hoewel die slag in Ndzundza se guns beklink is, het hy

---

56. Hierdie verhaal herinner sterk aan die Bybelse Jakob/ Esau-verhaal. Volgens Fourie (p.33, voetnoot 2) het sy informante geen kennis gedra van die bestaan van die Bybel nie, wat die moontlikheid van ontlening uitsluit. Voorts meld Fourie dat dieselfde verhaal ook onder die Manala-Ndebele, wat afgesonderd van die Ndzundza woon, aangetref word. Fourie se verduideliking is egter moeilik aanvaarbaar as daar in aanmerking geneem word dat sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap reeds sedert 1860 onder die Pedi, nabygeleë aan die Ndzundza in Oos-Transvaal, werksaam was. Te Wallmansthal, 'n sendingstasie noord van Pretoria, is sendingwerk onder die Manala-Ndebele sedert 1869 onderneem (Sien T S van Rooyen: "Die kronieke van Wallmansthal"). Fourie se tradisies is vyftig tot sestig jaar later opgeteken, wat dit onwaarskynlik maak dat nie een van sy informante ooit van die Bybel kennis kon gedra het nie.

57. Die verhaal van die tuiskoms van die verlore of ongehoorsame seun wat onregmatiglik van opvolgingskap beroof is, is volgens Peires 'n cliché wat as doel dien om die verowering van grondgebied deur 'n nuwe heersersgroep of dinastie te verbloem. Jan Vansina (Oral Tradition, pp.74-211), maak melding van nie minder nie as vyf-en-twintig soortgelyke gevalle onder inheemse Afrikagroepe. 'n Soortgelyke verhaal word ook in die mondelinge tradisie van die Xhosa aangetref. (Kyk in dié verband J B Peires: The House of Phalo, p.14, voetnoot a.) In die lig hiervan moet dit selfs betwyfel word of Ndzundza en Manala werklik broers was.

58. C J Coetzee (Die strewe tot etniese konsolidasie ..., pp.240-241) noem die plaas Brandbach 471 JR as spesifieke posisie waar die geveg plaasgevind het.

om veiligheidsredes besluit om nog verder ooswaarts te verhuis. In die Renosterkopomgewing is Ndzundza vir 'n tweede en in die Olifantsrivieromgewing uiteindelik vir 'n derde keer deur Manala aangeval, waar blywende vredesonderhandelinge aangeknoop is en die Ndebele finaal in twee verdeel het nadat Ndzundza aan Manala 'n vrou uit die koningshuis gegee het. Manala het teruggetrek na die KwaMnyamana-omgewing terwyl Ndzundza hom uiteindelik aan die Steelpoortrivier gevestig het.

Masombuka, Musi se derde seun, het met 'n aanhang na Basotholand getrek maar het hom uiteindelik weer by Ndzundza aangesluit.[59)] Dhlomu en sy volgelinge is vermoedelik Natal toe, terwyl Fourie van Mathombeni[60)] niks verder vermeld nie.

Ndzundza is by die Steelpoortrivier eers deur Mretsha en toe deur Maghobholi opgevolg. Maghobholi se seun Bongwe het hierna vir ongeveer drie jaar regeer waartydens die stam na Kwa-Maza, digby die huidige Stofberg, verhuis het. Bongwe se broer Sindeni het hom na sy dood as regent opgevolg. Die regmatige opvolger van die troon is uitgesluit toe Sindeni se seun Mahlangu hom opgevolg

---

59. Ook Van Vuuren (1983, p.13), bevestig dat Masombuka se nasate vandag steeds onder die Ndzundza woonagtig is.

60. Mathombeni, ook as Kekana bekend, se nasate verteenwoordig vandag waarskynlik die Noord-Ndebele. Kyk N J van Warmelo: <u>Transvaal Ndebele Texts</u>, p.13.

het. Onder Mahlangu het die Ndzundza uitgebrei deurdat verskeie Sotho- en Swazi-families by hulle aangesluit het. Mahlangu is deur onderskeidelik Phaswana en Maridili opgevolg. Maridili het vier seuns voortgebring, naamlik Mdlanyana, Mgwezana, Dzele en Mrhabule, wat hom al vier agtereenvolgend opgevolg het.[61)] Mrhabule het uiteindelik gesorg dat hy deur Mgwezana se seun Magodongo opgevolg word, aangesien sy eie seun 'n "deugniet" was. Onder Magodongo, die vader van Mabhogo tydens wie se bewindstydperk die Ndzundza vir die eerste keer met Blankes in aanraking gekom het, is die stam deur Mzilikazi aangeval. Volgens Fourie het Magodongo vier spioene van Mzilikazi onder sy gevolg ontdek en hulle om die lewe laat bring. In 1825 het Mzilikazi se leërs plotseling te Kwa-Maza op die Ndzundza toegeslaan en is die stam verslaan. Magodongo self is deur Mzilikazi laat doodmartel.[62)]

---

61. Die opvolging van broers soos hierbo beskryf herinner sterk aan die tradisionele Sotho se wyse van opvolging.

62. R K Rasmussen (Migrant Kingdom, Mzilikazi's Ndebele in South Africa, pp.31-35) bevestig die aanval van Mzilikazi op die Ndzundza asook die marteldood van Magodongo. Self bereken hy die datum van die aanval as 1821 of 1822. In The Land Belongs to Us, pp.21-24, noem Peter Delius die moontlikheid dat die swart gemeenskappe van Oos-Transvaal deur die aanvalle van Zwide se Ndwandwe verwoes is nog voordat Mzilikazi en sy volgelinge die gebied binnegetrek het. As redes waarom die verwoesting van Oos-Transvaal in die vroeë negentiende eeu ongeveer deurgaans verkeerdelik voor die deur van Mzilikazi gelê word, noem hy "... the tendency of traditions to remember the powerful and forget the defeated even if they were once strong. The separate identity of the Ndwandwe was effectively extinguished in 1826 while the Ndebele prospered" (p.23). Hierdie beredenering bring egter nog geen sekerheid nie.

Magodongo het tien seuns gehad, naamlik Mloyi, Bharhusa, Mtshabi, Sboko, Mgweyane, Mdube, Mabhogo, Ndaweni, Bengwako en Somdei. Mloyi is saam met sy vader om die lewe gebring terwyl Bharhusa reeds vroër in gevegte met die Sotho die lewe gelaat het. Mtshabi is in gevegte teen die Swazi gedood. Onder Sboko het die oorblyfsels van die stam noordwaarts gevlug en hulle te Marabastat gevestig waar Sboko in 'n veldslag teen 'n Sotho-groep gedood is. Sboko is deur sy broer Somdei opgevolg en hý deur Mabhogo, wat teen ongeveer 1839 opperhoof van die Ndzundza geword het. Mabhogo het daarin geslaag om die verswakte oorblyfsels van die stam bymekaar te maak en by KoNomtjarhelo te vestig, 'n strategiese vesting in die Steenkampsberge digby die huidige dorp Roossenekal[63)], waar die Ndzundza gewoon het tot in 1883, toe die ZAR-magte onder leiding van genl. Piet Joubert hulle onderwerp het. Toe die Blankes Noordoos-Transvaal teen 1845 binnegetrek het, was die Ndzundza dus vir enkele jare reeds te KoNomtjarhelo gevestig.[64)]

KoNomtjarhelo is na bewering oorspronklik deur 'n groep jagters van Swazi-herkoms aan die Ndzundza as woonplek aangewys, met wie se goedkeuring hulle hul daar gevestig

---

63. Sien kaart bylaag 2, p.253.

64. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; LL28, ongenommer: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (afskrif), 13.11.1880. Kyk ook H C M Fourie: <u>AmaNdebele van Fene Mahlangu</u> ... p.39.

het.[65] KoNomtjarhelo se hoofsetel,[66] genaamd Erholweni, was 'n byna oninneembare vesting. Dit het bestaan uit 'n aantal ineengeskakelde vestigingspunte tussen vertikale granietrotse, klowe, koppies en rante asook verskeie skeure, gate en holtes met 'n betreklik goeie uitsig, as gevolg waarvan die benaming "Mapochsgrotte" later ontstaan het. Digte, natuurlike plantegroei en aangeplante turksvylanings asook mensgemaakte klipfortifikasies het die hoofsetel bykans ontoeganklik gemaak. Konstante lopende water in die berg het sy verdedigers teen dors beskerm tydens beleëring.[67]

Onder Mabhogo se leiding het die Ndzundza deur smokkelhandel verskeie gewere bekom en is hulle vesting verder versterk deur die oprigting van klipmure met skietgate. In 1863 is 'n gesamentlike aanval deur die Blankes en die Pedi suksesvol afgeslaan en op 10 Mei 1864 ook 'n groot Swazi-krygsmag. Onder Mabhogo se leiding was die Ndzundza vanaf 1860 tot 1865 in 'n militêre stryd teen die Blankes gewikkel. In 1865 is minstens dertig beeste aan Mabhogo betaal ten einde vrede te bewerkstellig.[68]

---

65. Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele en die Mapochsgrotte, p.20. Kyk ook SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

66. KoNomtjarhelo is die gesamentlike naam vir verskeie vestigingspunte van die Ndzundza gedurende die negentiende eeu in die gebied direk oos van die huidige dorp Roossenekal in Noordoos-Transvaal.

67. Kyk T H Wangemann: Maleo en Sekoekoeni, p.61, vir 'n negentiende eeuse beskrywing van Mapochstat asook De Volksstem, 30.5.1883.

68. Sien hoofstuk drie.

Mabhogo is in 1865 oorlede en opgevolg deur sy seun Cornelis I, ook bekend as Mkhephuli, Soqaleni, Soyingelela, Cornelis Mabhogo of "Cornelis Kok", soos hy in die Boere-volksmond bekend gestaan het. Mabhogo, wat self as regent regeer het vir Mloyi se seun Tjambowe, het dus die stamhoofskap geusurpeer. Tjambowe het hom nooit opgevolg nie en ook nie sy seun, Dlambise, nie. Om hierdie rede het Dlambise ná die opvolging van Cornelis I sy seun die naam Qutshiwe gegee, wat beteken "Waarom is ons opsy geskuif?" Dit is as ŉ vraag aan die linie van Mabhogo gestel waarop Cornelis I geantwoord het deur sy dogter die naam van Qaleni te gee: "Hoekom word daar gewag?" Dit het daarop gedui dat Dlambise se linie verniet gewag het om die stamhoofskap terug te kry.[69)]

Cornelis I het ŉ betreklik rustige regeringstyd gehad met weinig militêre aktiwiteit. Hy is na sy dood in 1873 opgevolg deur sy broer Rhobongo, wat as regent vir sy seun Fene regeer het. Tydens Rhobongo se bewind het die Ndzundza die Z.A.R. in 1876 militêr teen Sekhukhune gesteun. Voorts het Rhobongo, wat deur Fourie beskryf is as "een wrede tyran, die velen op meedogenloze wijze om het leven liet brengen,[70)] ŉ rustige regeringstyd beleef. Hy is in Oktober 1879 oorlede en opgevolg deur sy jonger

---

69. C J Coetzee: <u>Die strewe tot etniese konsolidasie</u> ..., pp.244-246.

70. H C M Fourie: <u>AmaNdebele van Fene Mahlangu</u> ..., p.45.

broer Nyabela, wat as regent vir Cornelis I se seun Fene sou optree. Nyabela word deur Fourie beskryf as "een eigenwijs man, een echte Rehabeam, die bij de ouderen niet geëerd was".[71] Volgens Fourie was dit Nyabela se eiesinnigheid en die feit dat hy nooit die raad van die stamraad opgevolg het nie, wat hom in 1882 in botsing met die Blankes gebring het - natuurlik 'n debatteerbare uitspraak. In 1883 het Nyabela aan genl. Piet Joubert se magte moes oorgee ná die Ndzundza die Blankes se militêre aanslag vir bykans agt maande suksesvol afgeweer het. Hongersnood het Nyabela uiteindelik verplig om oor te gee.[72] Nyabela is hierna deur die Transvaalstaat vir oproer en geweld teen wettige staatsgesag verhoor en ter dood veroordeel. Die vonnis is later na lewenslange gevangenisstraf met harde arbeid versag. In 1897 is hy vrygelaat en het hy hom met 'n aantal volgelinge te KwaMkhina (Derdepoort, naby Pretoria) gevestig. Hy is in ongeveer 1903 oorlede[73], waarna Fene Mahlangu hom as

---

71. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., p.45-46.

72. In die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (W J de Kock (red.), deel I, p.624) word die bewering gemaak dat daar nie sekerheid bestaan met watter Ndzundza-kaptein die Boere gedurende die jare 1858-1866 te doene gehad het nie, "na alle waarskynlikheid was dit Nyabela teen wie 'n Transvaalse kommando in 1864 uitgestuur word om hom te tem." Hierdie bewering is ongegrond. Daar bestaan geen twyfel nie dat genoemde kommando teen Mabhogo uitgestuur is. (Sien hoofstuk 3).

73. C J Coetzee (Die strewe tot etniese konsolidasie, ... p.250) gee die datum as 1904 aan terwyl "Short History" dit op 1902 stel. Kwa-Ndebele Monumentekomitee reken dit op 19.12.1903. (Die Ndzundza-Ndebele ..., p.25).

opperhoof van die Ndzundza opgevolg het. 'n Volksraads= besluit van 20 Julie 1883 het die onafhanklike bestaan van die Ndzundza finaal beeîndig toe stamlede vir 'n minimum-periode van vyf jaar by Blanke boere in Transvaal ingeboek, en die Ndzundza-stamgrond verdeel is onder die kommandolede wat aan die oorlog deelgeneem het.[74)]

## 1.3 Vroegste kontak tussen die Blankes en die Ndzundza

Toe die Blankes Noordoos-Transvaal teen 1845 binnegetrek het, was die Ndzundza reeds vir enkele jare tussen die Steelpoort- en Dwarsriviere woonagtig, op dieselfde terrein waar die stam in 1883 verslaan is.[75)] Die Ndzundza het hulle teen 1839 permanent hier (KoNomtjharhelo) gevestig nadat die stam reeds op die rand van vernietiging was ná verwoestende aanvalle deur Mzilikazi.[76)] Een van die eerste take van die Blanke nedersetters sou wees om grond wettiglik of deur middel van traktate van die swart stamme te bekom, soos gebruiklik onder die Voortrekkers was. Op 25 Julie 1846 het die Ohrigstadse Volksraad al die grond tussen die Elandsrivier, Lebomboberg en Krokodilrivier

---

74. Kyk hoofstuk ses en epiloog.

75. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; G D J Duvenhage: Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika, p.27, voetnoot 24.

76. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., pp.38-39.

vir 100 of 110 beeste van Mswati gekoop.[77)] Op hierdie grondgebied het egter ook die Pedi, Ndzundza en verskeie kleinerige stammetjies soos die Koni en die Kopa van Maleo, gewoon.[78)] Afgesien van die feit dat die Swazi's waarskynlik om strategiese redes (soos die beskerming van die Blankes kon bied teen Zoeloe-aanvalle)[79)] tot hierdie ooreenkoms besluit het, het twee ander faktore 'n belangrike aandeel tot die transaksie gehad, nl. die geskil tussen die Burgerparty en die Potgieterparty te Ohrigstad, en die feit dat die Ndzundza die Blankes regstreeks na die Swazi's verwys het toe hulle aanvanklik genader is om grond te verkoop. Op 5 Julie 1845 het A H Potgieter na Sekwati, Pedi-opperhoof, gereis en met hom 'n "vredenstractaat" aangegaan waarby hy "al zyne regten" aan die Boere afgestaan het. Hierdie dokument, wat latere verlore geraak het, is op 20 Augustus 1845 aan die Volksraad oorhandig.[80)] Die Ohrigstadse

---

77. H S Pretorius en D W Kruger: Voortrekker-Argiefstukke, pp.233-235: Ooreenkoms tussen Mswati en W F Joubert (R117/46), 25.7.1845. Kyk ook J C Otto: Die regsgronde vir die grondbesit deur die Boere in Noord-Oostelike Transvaal (Historiese Studies 1/4), p.47 en P Bonner: Kings, Commoners and Concessionaires, pp.52-56.

78. G D J Duvenhage: Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika, p.27, noot 24; P Delius: The Land Belongs to Us, p.32.

79. J P F Moolman: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.57.

80. J H Breytenbach en H S Pretorius: Notule van die Volksraad van die SAR, Deel I, p.19: Volksraadsbesluit, Art 4, 20.8.1845; T S van Rooyen: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882, pp.3-4.

Volksraadslede het egter geweier om Potgieter as hoofbestuurder te erken. Ten gevolge van die feit dat Sekwati die grond aan Potgieter afgestaan het en die moontlikheid nie uitgesluit was dat hy later besitreg van die gronde kon eis nie, het die Volksraad besluit om self met Sekwati oor grondverkope te onderhandel. Hierop is Doris Buys na Sekwati afgevaardig, aan wie Sekwati dit duidelik gestel het dat hy nie grond sou verruil wat hy alreeds aan Potgieter afgestaan het nie.[81)] Onder hierdie omstandighede het die Volksraad besluit om 'n kommissie na die Swazi-koning te stuur om grond van hom te koop aangesien dit geblyk het dat "Sekwati geen recht op de grond had, waarop de boeren zich wenden tot de rechte eigenaar van de grond, die't veroverd had als oorlogbuit met't swaart of Sekwati".[82)]

Oorlewering wil dit hê dat die Ndzundza onder Mabhogo aanvanklik ook deur die Trekkers genader is met die doel om grond te koop. Na bewering het Mabhogo te kenne gegee dat hy nie die reg gehad het om grond aan die Blankes te verkoop nie aangesien dit aan die Swazi's behoort het, na wie hy die Trekkers ook verwys het.[83)] Nietemin,

---

81. Breytenbach en Pretorius: <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, pp.50-51: Volksraadsbesluit, art 1, 15.5.1846. Kyk ook T S Van Rooyen "Verhoudinge", pp.4-5.

82. Aangehaal in T S van Rooyen, "<u>Verhoudinge</u>", p.5. Kyk ook J A I Agar-Hamilton: <u>The Native Policy of the Voortrekkers</u>, p.60.

83. SS487; R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

die feit dat Mabhogo die Trekkers na die Swazi's verwys het, tesame met Sekwati se weiering om grond aan die Ohrigstadse Volksraad af te staan, het waarskynlik aanleiding gegee tot die kooptransaksie van Julie 1846 met Mswati. Of Mswati die reg gehad het om grond te verkoop waarop ander stamme reeds gevestig was, bly natuurlik ŉ ope vraag. Die feit bly egter staan dat die Blankes hulle ten gevolge van hierdie transaksie as wettige eienaars van die Oos-Transvaalse gebied gesien het. Die swart inwoners is as vroeëre Swazi-onderdane beskou en ná die transaksie as onderhorig aan Blanke gesag, om welke rede hulle geensins as eksterne faktor geag is nie. Laasgenoemde word weerspieël deur die feit dat plase eenvoudig kruis en dwars oor Ndzundza-vestigingsgebiede uitgemeet is - sonder enige inagneming van tradisionele woongebied.[84) ] Aanvanklik kon die Ndzundza, wat in ŉ verswakte toestand verkeer het ná aanvalle deur Mzilikazi,[85)] hulle nie teen die nuut gekome Blanke met sy gevorderde tegnologie en vuurwapens verweer nie.

Volgens oorlewering het die Swazi's tydens die 1846-grondtransaksie die Blankes aangebied om alle stamme binne die gebied wat verruil is, uit te roei -ook die Ndzundza. Die Swazi's sou die Blankes ook spesifiek teen die Ndzundza gewaarsku het, wat volgens die Swazi's

84. Sien hoofstuk twee.

85. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

die Blankes groot probleme kon besorg wanneer hulle groter en sterker sou word. Die Swazi's het die Blankes vervolgens twee keer aangebied om die Ndzundza te vernietig, wat beide kere van die hand gewys is - eerstens vanuit humanitêre oorwegings en tweedens die feit dat hulle verleë was oor en afhanklik was van die Ndzundza se arbeidspotensiaal.[86)] So het 'n Swazi-kaptein in 1861 dit aan die landdros van Lydenburg gestel dat indien dit nie vir "de witte menschen" was nie, "was de naam van Mapoch bij hem zeker niet meer genoemd"[87)], waarmee hy waarskynlik bedoel het dat die Ndzundza nie meer sou bestaan het nie indien die Blankes nie die Swazi's verhoed het om hulle uit te roei nie.

Geen afsonderlike verdrag <u>met betrekking tot grond</u> is dus ooit tussen die Blankes en die Ndzundza gesluit nie. In 'n skrywe aan Sir Harry Smith op 15 Mei 1848, het A H Potgieter egter melding gemaak van die bestaan van 'n "vreede tractaat" tussen Mabhogo en die Blankes. Ooreenkomste van dieselfde aard sou ook met verskeie ander kapteins bestaan het. Volgens Potgieter het hierdie kapteins en hul volgelinge, wat in 'n ellendige toestand aangetref is na die verwoesting wat deur Mzilikazi aangerig

---

86. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

87. SS40, Supl 4/61: Vergadering te Lydenburgse landdros=kantoor met gesante van Mswati, 6.6.1861.

is, "door hunne eygenen begeerten en gewilligheyd" besluit het op hierdie traktate, waarvolgens Potgieter onderneem het om hulle onder sy beskerming te neem en van aanvalle en vyandelikhede deur roofsugtige stamme te vrywaar.[88] Die datums waarop hierdie ooreenkomste aangegaan is, word nie gemeld nie, maar dit is waarskynlik dat die "vreede tractaat" met die Ndzundza aangegaan is tydens die aanvanklike odnerhandelings oor grond en die Ndzundza die Blankes na die Swazi's verwys het. Die inhoud van die "vreede tractaat" tussen die Boere en die Ndzundza is onbekend, maar dit is waarskynlik dat dit op grond daarvan was dat die Boere diens - aanvanklik blykbaar sonder of met geringe betaling[89] - van die Ndzundza geeïs het.

## 1.4 Boerementaliteit wat die negentiende eeuse aanraking tussen Swart en Wit beïnvloed het

Om die botsing tussen die Ndzundza en die Blankes oor die tydperk 1845-1883 te verstaan, is dit nodig om ondersoek te doen na die mentaliteit van die betrokke partye. Vanaf die begin van hulle aanraking het sake soos grond=aansprake, grondgeskille, die heffing van belasting deur die Blankes en die optrede van die swart opperhoofde 'n rol in hulle verhouding tot mekaar gespeel. Hierdie probleme sou in belangrikheid toeneem in 'n tydperk van

---

88. Pretorius en Kruger: <u>Voortrekker-Argiefstukke</u>, pp.316-318: A H Potgieter aan Sir Harry Smith (R141/48), 15.5.1848.

89. Sien hoofstuk twee.

vrede en rus onder Blanke beskerming waartydens die Ndzundza in getalle vermeerder het. Ander faktore wat hulle onderlinge verhouding bepaal het was die Blankes se behoefte aan en afhanklikheid van swart arbeid, die ou-ou probleem van veekaping waar twee veeboerkulture met mekaar in aanraking gekom het en ten slotte die Boere se veronderstelde monopolie op vuurwapens en die verbod wat op Swartes gelê is om dit te besit. Hiervan het die Blankes se voortbestaan in 'n pionierstoestand afgehang.

Hoe het die Blanke pioniere wat hulle in Noordoos-Transvaal gevestig het die Swartmense met wie hulle in aanraking gekom het, gesien? Vir die Boer was die Swartman 'n Godgegewe arbeidskrag wat sy "meerdere", die Blanke, tot in lengte van dae moes dien. Die opvatting dat die Swartman diens aan die Blanke moes lewer, of dat 'n deel van die mensdom daargestel is om 'n ander deel daarvan te dien, is deur die Voortrekkers vanuit die Kaapkolonie saamgebring en is ook deur die Transvaalse Boer gehuldig.[90] Volgens W Kistner het hierdie opvatting 'n Bybelse oorsprong gehad: "The fatalism inherent in the Boer religion led them to regard the Natives as people who were destined by providence to be their "werkvolk", their manual labourers,

---

90. Sien B J Kruger: Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk in die SAR ..., pp.6-7; J P F Moolman: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.83.

"hewers of wood and drawers of water".[91] (Joshua 9: 21). In die oë van die Boer was die Swartman, wie hy as "onbeskaafd", "brutaal" en roofsugtig beskou het, nie in 'n posisie om te beskaaf tensy hy by die Blanke in diens getree het nie. Om hierdie rede moes die Swartman "onder order" gestel word en tot "diensbaarheid" gedwing word. Dat die Boer van swart arbeid afhanklik was, spreek vanself. Werksvolk was nodig om krale te pak, koeie te melk, vee op te pas, tou te lei, te spit en te skoffel. By gebrek aan werksvolk kon die plaasboer nie sy kinders skool toe stuur nie omdat hulle dan verplig was om genoemde vorme van arbeid self te verrig. Volgens Moolman het dit daarop neergekom dat die Blanke se "hoëre" beskawing afgehang het van die vryheid wat deur hul swart arbeiders aan hulle verleen is, deurdat die Swartman arbeid verrig het wat andersins deur Boerkinders verrig sou moes gewees het.[92]

Vir die negentiende eeuse Boer was dit voorts 'n saak van lewe en dood om te verhoed dat die Swartman vuurwapens of perde bekom. Die Boere in Transvaal se militêre oormag oor die Swartman was te danke aan hul perde en gewere,

---

91. W Kistner: The anti-slavery agitation against the Transvaal Republic, 1852-1868 (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, 1952, deel II), p.210).

92. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.40: Volksraadsvergadering, art.7, 18.3.1846.

waarteenoor die skildvel, assegaai en knopkierie nie bestand was nie. Slegs met behulp van hul vuurwapens kon die getalsterker Swartman "in toom" gehou word. In die oë van die Boer sou vuurwapens in swart hande tot "bloedstorting en vernieling van menschelyke wezens" lei.[93)] By die Boer was daar ŉ ingebore vrees vir die kultuurverskillende Swartman, wie hy moeilik begryp het.

Teen hierdie agtergrond het die ineengestrengelde geskiedenis van die Ndzundza en die Blankes in die veertigerjare van die negentiende eeu in Noordoos-Transvaal ŉ aanvang geneem.

93. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.40: Volksraadsvergadering, art. 7, 18.3.1846.

# HOOFSTUK II

## FAKTORE WAT DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BLANKES EN DIE NDZUNDZA BEÏNVLOED HET, 1845-1860

### 2.1 Arbeidsaangeleenthede, veebuitery en Ndzundza-vuurwapenbesit

In die jare direk na Blanke vestiging in Noordoos-Transvaal, is die verhouding tussen die Ndzundza en die Blankes hoofsaaklik deur bogenoemde faktore bepaal. Die vroegste verwysings na die Ndzundza in argiefmateriaal staan in verband met vuurwapenbesit. Reeds in Mei 1846 het 'n burger, J L Venter, aan die hoofkommandant gerapporteer dat hy kort tevore in die Steelpoortrivier-omgewing op sewentien gewapende Swartes afgekom het. Vyftien van hulle, onderdane van kaptein "Marabie", was met skildvelle en assegaaie bewapen, maar die ander twee, onderdane van Mabhogo, was "ekstra gewapend", wat moontlik op vuurwapens dui. Venter het die wapens afgeneem en die Swartes daar gehou, wat egter nog dieselfde nag ontsnap het en weggeloop het. Een van Venter se arbeiders is deur een van die Ndzundzas gewaarsku dat "wy zal julle tog dood maak"[1]. 'n Provisionele Volksraadsitting van

---

1. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, pp.48-49: Provisionele Raadsitting, 4.5.1846.

4 Mei 1846 het die saak in oorweging geneem en, "ziende de schadelyk gevolg die er uit geboren kan worden" die volgende besluit: Veldkornette van die afgeleë buitedistrikte sou aangesê word om toe te sien dat die wyksinwoners om veiligheidsredes in klein laers moes vergader, terwyl alles gereed gehou word om, indien nodig, 'n ekspedisie te kon uitstuur teen watter vyand dit ookal die nodigste beskou is. Die wyksinwoners moes ook aangesê word om met hul gesaaides op die "mees mogendlykste wyze te handelen", ten einde in staat te wees om die vyand te enige tyd teë te gaan.[2)]

Of die ekspedisie ooit plaasgevind het, is nie uit die argiefmateriaal duidelik nie. Belangrik is egter dat reeds so vroeg as 1846 dit onder die Blankes se aandag gekom het dat die Ndzundza moontlik oor 'n aantal vuurwapens beskik het. Juis omdat hulle gering in getal teenoor die swartes was, was die Blankes militêr op hul hoede, en is gepaste veiligheids- en voorsorgmaatreëls ingeval van vyandelikhede getref.

Soos vroeër genoem, sou arbeidsaangeleenthede vroeg reeds 'n rol in die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza

---

2. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, p.49: Provisionele Raadsitting, art I, 4.5.1846.

speel. Op 'n Volksraadsitting van 20 September 1848 te Ohrigstad, is 'n besluit geneem dat daar met die volgende sitting voorsiening gemaak sou word vir die aanstelling van posbodes ("post kaffers"), om die Raadspapiere te vervoer - waarskynlik om die Raad doeltreffender te laat funksioneer. Om hierdie rede het die Raad eenparig besluit dat Mabhogo en "van zyn grootste capitains" by die volgende sitting teenwoordig moet wees, waarskynlik om reëlings daarvoor te tref. Dis is aan veldkornet P Nel opgedra om Mabhogo dienooreenkomstig in te lig.[3)] Dit blyk dat hy nie gewillig was om te kom nie, want uit geen verdere Raadsitting blyk dit dat Mabhogo of een van sy kapteins teenwoordig was nie. In 1849 het veldkornet Nel aan die Volksraad moes rapoorteer dat Mabhogo weier om aan enige opdrag te voldoen: Pogings om hom "onder order" te stel was vrugteloos - voorts is Mabhogo deur Nel as "brutaal" beskyf.[4)]

Na aanleiding van 'n verslag van veldkornet P Nel op 1 Oktober 1848 aan die Volksraad, het die Raad 'n belangrike

---

3. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.84: Provisionele Raadsitting, resolusie 1, 20.9.1848.

4. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.284: Bylaag 16 van 1849, P Nel aan Volksraad, 15.9.1849.

beslissing in verband met die besit van vuurwapens en perde deur Swartes geneem, waaruit die Blankes se vrees vir die gevolge van swart vuurwapenbesit ook blyk. In sy verslag het Nel 'n voorval beskryf waartydens drie perde van "de menschen" gesteel is. Die spore van die diewe het na 'n stat van Mabhogo gelei, waar dit doodgeloop het. Toe Nel niks verder kon uitvind nie, het hy 'n aantal beeste van die Swartes afgeneem en hulle meegedeel dat hy dié as waarborg sou hou totdat die perde uitgelewer is. Na drie dae het die Swartes met die perde by hom opgedaag en by navraag gesê dat hulle dit onder Maleo van die Kopa se mense gevind het, wat dit in buffeljagtogte gebruik het. Toe Nel verder uitvra, het hy vasgestel dat Maleo reeds agt-en-twintig gewere besit het en dit van 'n "Engelsman" verkry het. Om hierdie rede sou Maleo homself glo nie meer as 'n Swartman beskou het nie, maar as 'n Boer. Nel het die Volksraad versoek om die saak in rype oorweging te neem.[5)] In opvolging hiervan is op 7 Oktober 1848 besluit dat "... geen kaffers opperhoof nog eenig kaffer van welken aard, Mantatee of onder welke benaaming , geen eigenaar zal mogen zyn van een geweer of paard onder welke voorwendzel ook ..." Voorts het die Raad besluit dat alle gewere, ammunisie of perde in besit van Swartes in die toekoms afgeneem sou word om ten behoewe van die staatskas te verkoop. Enige persoon

---

5. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, pp.261-262: Bylaag 22 van 1848, P Nel aan Volksraad, 1.10.1848.

wie hierdie regulasies sou oortree deur met Swartes in gemelde artikels handel te dryf, sou met Rds 500 beboet kon word.[6] Dit was hierdie besluit wat die Ndzundza later regstreeks met die Blankes in botsing sou bring.

In September 1849 het veldkornet Nel aan die Volksraad gerapporteer dat Mabhogo aan geen opdrag ("order") wou voldoen nie. Volgens Nel was hy en Willem Steenkamp by Mabhogo om hom onder order te stel terwyl hy Mabhogo ook verskeie kere deur sy omliggende kapteins laat roep het. Al hierdie pogings was vrugteloos. Nel het voorts gekla dat Mabhogo "brutaal" in sy optrede was. Omdat Nel nie in staat was om Mabhogo tot ander insigte te bring nie het hy hom tot die Volksraad gewend.[7] In 'n memorie gedateer 19 September 1849 het L Steyn en 33 ander plaasboere uit die omgewing waar die Ndzundza gewoon het, hul lot by die Volksraad oor Mabhogo se optrede bekla. Hul vee is gereeld in strooptogte gebuit terwyl Mabhogo "alle onwilligheid" betoon het om tot uitlewering mee te werk. Voorts het hulle gekla dat hul gehuurde arbeiders weens Mabhogo se optrede hul diens verlaat het voor kontrakte verstryk was, sodat hulle nie met

---

6. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, pp.85-86: Provisionele raadsitting, art 1, 7.10.1848.

7. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, p.284: Bylaag 16 van 1849, P Nel aan Volksraad, 15.9.1849.

hul boerderye kon vorder nie. Die Volksraad is derhalwe versoek om beskerming aan hulle teen die Swartes te verleen deur kragdadig op te tree voordat hul boerderye totaal geruïneer was. Die klaers het ook 'n militêre aanval van Mabhogo gevrees. Ook is gevra vir die aanstelling van 'n persoon by wie die Swartes hul griewe kon gaan lug, sodat rus en orde op dié wyse bewaar kon word.[8)]

Die klagtes teen Mabhogo soos deur Nel en die 33 boere uiteengesit, was waarskynlik simptomaties van die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza in die jare direk na Blanke vestiging in Noordoos-Transvaal. Die plaasboere was afhanklik van swart arbeid, wat van Mabhogo geeïs is. Mabhogo was egter nie bereid om sy onderdane vir diens aan die Blanke boer beskikbaar te stel nie terwyl sy onderdane hulle ook aan strooptogte skuldig gemaak het. Hierdeur is die Blanke boer se bestaan bedreig. Op 20 September 1849 het die Volksraad tydens 'n sitting te Krugerspost die burgers se saak in oorweging geneem. Ná dit ook aan die lig gekom het dat daar onder die Pedi van Sekwati minstens sewentig geweers was en Doris Buys die Raad meegedeel het dat hy daarvan oortuig was dat die Swartes die Blankes om hierdie rede,asook die feit.

8. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, pp.287-288: Bylaag 20 van 1849, L Steyn en 33 ander aan Volksraad, 19.9.1849.

dat hulle goed verskans was, nie meer gevrees het nie, het die Raad besluit om op te tree. Die lid Frans Joubert is vervolgens as "bestierder" benoem van 'n voorgenome ekspedisie teen Mabhogo en Sekwati om hulle "tot een tugt te doen buige". A T Spies is voorts gelas om op 15 Oktober 1849 op die plaas van J de Clerq te rapporteer met soveel as moontlik gewapende burgers. Alle koste wat tydens die ekspedisie aangegaan word, sou van Mabhogo en Sekwati verhaal moes word.[9)] Die eerste militêre ekspedisie of optrede teen Mabhogo sou dus hoofsaaklik weens veerowery en arbeidsprobleme plaasvind. Sekwati sou gestraf word omrede hy vuurwapens, 'n veronderstelde eksklusiewe witmansartikel, in besit gehad het.

In die beskikbare argiefmateriaal kon geen aanduiding van gevind word of die ekspedisie wel plaasgevind het of wat die uitslag daarvan was nie. H C M Fourie maak egter melding van 'n botsing in 1849 tussen die Blankes en die Ndzundza in die omgewing van Mabhogo se hoofstat. Volgens Fourie het die Blankes die hulp van die Swazi's ingeroep. Na 'n kortstondige geveg wat in die guns van die Blankes beklink is, is vrede op Mabhogo se aandrang gesluit. Hy moes 'n paar osse en 'n olifanttand as boete

---

9. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, p.106: Volksraadsbesluit, art 25, 20.9.1849.

betaal terwyl die Blankes nog 'n paar stuks vee agtergehou het wat tydens die aanval buitgemaak is.[10)]

Indien vrede die uitkoms van die 1849-botsing was, sou dit kort van duur wees. Minder as drie jaar later sou die Blankes weer eens militêr met die Ndzundza slaags raak. Soos dit in 1849 die geval was, sou arbeidsaangeleenthede en veerowery weer eens belangrike oorsake vir die oorlog wees. Vir die eerste keer sou Ndzundza-vuurwapenbesit egter 'n prominente oorsaak wees. Teen 1852 het die Ndzundza reeds heelwat geweers in hul besit gehad, ten spyte van die feit dat die ZAR strenge regulasies gehad het wat die besit van vuurwapens en perde deur Swartes onwettig verklaar het. Gewere is deur Swartes bekom deur arbeid in die Engelse kolonies verrig. 'n Latere krygsraadsbesluit waarmee Swartes verbied is om die Vaalrivier oor te steek sowel as instruksies aan veldkornette in die grensdistrikte om toe te sien dat dit nie oortree word nie, het weinig effek gehad[11)]. Vuurwapens het Swartes in Boere-opinie "astrant" en

---

10. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., pp.39-40; Kyk ook Transvaal Native Affairs Department: A Short History of the Native Tribes of the Transvaal, p.55.

11. P Delius: The Land Belongs to Us, p.65.

"parmantig" gemaak.[12] In Mei 1851 het landdros J de Clerq van Lydenburg aan kommandant-generaal A W J Pretorius laat weet dat hy van veldkornet Nel verneem het dat Mabhogo, in bondgenootskap met Maleo, 'n aanval op die Blankes beplan, "want hun volk is aan menschen gegeven om te werken en dat op hun grond".[13]

Mabhogo het dus nie daarmee genoeë geneem dat sy volk vir Blankes moes werk nie - veral omdat dit op grond was wat hy buitendien as sy eiendom beskou het. In die verhouding tussen die Ndzundza en die Blankes het die grondkwessie nou vir die eerste keer ter sprake gekom. Gedurende die loop van 1851 het plaasboere in die omgewing van die Ndzundza-woongebied gedurigdeur oor Mabhogo se optrede gekla - tot so 'n mate dat die kwessie op 28 November 1851 tydens 'n Kommissieraadsvergadering te Lydenburg onder bespreking gekom het. Weens die onophoudelike veebuitery deur Mabhogo (en ook Sekwati) en Ndzundza-vuurwapenbesit, het die Raad vervolgens besluit om dit aan die kommandant-generaal op te dra om die Ndzundza en Pedi met wapengeweld "weder tot hun plicht terug te brengen", bedoelende hiermee dat Mabhogo en Sekwati

---

12. J P F Moolman: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe..., p.101.

13. D W Krynauw en H S Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, p.85: J de Clerq aan A W J Pretorius (R280/51), 16.5.1851.

gedwing moes word om Blanke oppergesag te erken, hul veediefstalle te staak en arbeiders aan die boere te voorsien.[14)] Voorts moes alle vuurwapens die Ndzundza ontneem word. Kommandante en veldkornette uit die distrikte Magaliesberg, Mooirivier en Marico, sou die kommandant-generaal met manskappe moes bystaan. Laasgenoemde moes hulle teen die einde van Januarie 1852 op die plaas van L de Jager aan die Selonsrivier ontmoet, waarna gehandel sou word ooreenkomstig verdere Volksraadsinstruksies.[15)]
W F Joubert is as bevelvoeder van die kommando benoem, wie aangesê is om, sodra die kommando byeengekom het, 'n krygsraad te belê wat die nodige beplanning vir die aanval moes doen. Onder Joubert se leiding moes die kommando sorg vir die "vyligheid des lands en zekerheid van ons bezittingen en vooral het ontnemen der vuurwapenen", wat gesien moet word as deel van die "makmaakproses" van 'n pioniersland. Die kommando moes geen opoffering, moeite of koste ontsien om alle oorlogswapens van Europese oorsprong af te neem nie - insluitende kruit en lood. Waar moontlik, moes ook beslag gelê word op waens, geld

---

14. Kyk ook J P F Moolman: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.83-90.

15. Breytenbach (red.): ZAR Volksraadsnotule, deel II, p.48: Kommissieraadsvergadering, art 5, 28.11.1851.

en olifanttande. Alle artikels wat deur die kommando afgeneem of deur boetes geîn sou word, sou in die "openbare belang" aangewend word. Gebuite vee sou egter onder kommandolede verdeel word. Die kommandant-generaal moes voorts toesien dat die oorwonne volk behoorlik onskadelik gemaak word sodat "geen nieuwen zamenrotting" kon plaasvind nie. Die verwysing na "zamenrotting" het gespruit uit die vrees van die Blankes dat die Swartes of verskillende swart kapteins hulle tot 'n sterk eenheid teen die Blankes sou saamsnoer, wat die Blanke voortbestaan sou bedreig.[16)] Die kommandant-generaal moes egter ook sorg dra dat die verslane volk nie deur verhongering skade lei nie en dat onskuldige bloed nie onnodiglik vergiet word nie. Belangrik was die instruksie dat die kommando nie onttrek mag word alvorens alle vyandelikhede gestaak en 'n vaste vredesverbond met die nasie gesluit is nie. Die kommandolede is voorts verbied om swart kindertjies gevange te neem of hulle te oorreed om met die kommandolede saam te gaan, tensy daar van 'n halwe tot 'n volle dag na die aanval verloop het en dit duidelik was dat daar 'n "hulpeloos schepseltje" sonder sorg op die slagveld gelaat is. Sulke gevalle moes onder die aandag van die krygsraad gebring word, wat verder daaroor sou besluit.[17)] In

---

16. J P F Moolman: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.113.

17. Breytenbach (red): ZAR Volksraadsnotule, deel II, pp.254-256: Bylaag 45 van 1851, Instruksie aan kommandant-generaal, geen datum, maar ongeveer 28-29.11.1851.

opvolging van die besluit om 'n kommando teen Sekwati en Mabhogo uit te stuur, het die Volksraad dadelik briewe na kommandant-generaal J A Enslin en kmdt S Schoeman asook veldkornette P C Minnaar, L van Wyk, P Lindeque en P Kruger uitgestuur, waarin hulle versoek is om teen 24 Januarie 1852 op die plaas van L de Jager "tegen over Maleeuw zyn ouden stad" met soveel gewapende manskappe as moontlik te vergader.[18)] Kennis hiervan is ook aan die landdros van Potchefstroom gegee.[19)] Of die kommando wel in Januarie 1852 teen Mabhogo uitgetrek het, kon nie uit die argiefbronne vasgestel word nie. Dit is moontlik dat dit om onbekende redes afgelas is. Dit kan afgelei word uit die feit dat die behoefte aan 'n kommando teen Mabhogo reeds in Junie 1852 weer voor die Volksraad gebring is, dié keer op versoek van die landdros van Lydenburg, C Potgieter. Potgieter het die Volksraad versoek om goedkeuring te verleen om 'n kommando teen Mabhogo en Sekwati uit te stuur. Vuurwapens moes met geweld van hulle afgeneem en hulle moes tot "diensbaarheid" of tot arbeid vir die Blankes gedwing word. In opvolging

---

18. Breytenbach (red.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel II, pp.256-257: Bylaag 46 van 1851, W H Jacobsz aan J A Enslin en 5 ander, 29.11.1851.

19. Breytenbach (red.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel II, pp.258-261: Bylaag 47 van 1851, W H Jacobscz aan landdros Potchefstroom, 29.11.1851. 'n Kopie van hierdie brief is ook gepubliseer in Krynauw en Pretorius: <u>Transvaalse Argiefstukke</u> (R346a/51), pp.142-145.

hiervan het die Volksraad die kommandant-generaals opdrag gegee om 'n mag byeen te bring, wat "den Kaffers met kragt" moes aanval teen 1 Augustus. Die kommando's van generaals A W J Pretorius en A H Potgieter moes te Krokodilheuwel vergader terwyl kmdt-genl W F Joubert met sy manne te Klipplaatsrivier moes byeenkom. Dit is duidelik dat 'n landswye kommando hierdie keer opgeroep is. Die offisiere is opdrag gegee om, ten einde die reëlings glad te laat verloop, in noue kontak met mekaar te bly. Indien een van hulle om die een of ander rede nie kon kom nie, moes 'n plaasvervanger in sy plek aangewys word. Voorts is opdrag gegee dat die besluit om 'n kommando uit te stuur so stil as moontlik gehou moes word,[20)] aangesien die Raad bevrees was dat die Swartes moontlik daarvan kon uitvind en betyds voorsorgmaatreëls tref.

Met die volgende Kommissieraadsvergadering, gehou op 12 Julie 1852 in die Magaliesbergdistrik, is egter besluit dat die kommando tot verdere kennisgewing opgeskort sou word. Die Kommissieraad het tot die gevolgtrekking gekom dat omrede droogte, veldbrande, die swak toestand van die perde en vanweë die feit dat heelwat burgers reeds die Laeveld agter winterweiding aan binnegetrek het, die byeenbring van 'n kommando op daardie stadium nie

---

20. Breytenbach (red.): ZAR Volksraadsnotule, deel II, pp.83-84: Volksraadsbesluite, artikels 87 en 88, 15.6.1852.

prakties moontlik sou wees nie.[21] Hierdie besluit het tot groot ontevredenheid gelei. In 'n skrywe op 4 Augustus 1852 het kommandant-generaal A H Potgieter sy misnoeë daaroor uitgespreek aangesien talle burgers syns insiens groot skade as gevolg van hierdie besluit gelei het. By ontvangs van die boodskap dat 'n kommando dadelik teen Mabhogo en Sekwati uitgestuur moet word, het Potgieter onmiddellik aan sy kommandante en veldkornette opdrag gegee om hulle burgers op te kommandeer. Op die dag toe alles gereed was en die kommando moes vertrek, moes daar verneem word dat dit tot verdere kennisgewing uitgestel is. Van die burgers het toe reeds groot onkoste met die oog op die voorgenome kommando aangegaan. Om dié rede was die burgers erg ontevrede. Potgieter was voorts van mening dat daar geensins langer gewag kon word om teen Sekwati op te trek nie aangesien verskeie ander swart stamme "zich reeds by hem hebben gevoegd" - verdere uitstel sou by Sekwati die indruk laat dat die Blankes hom vrees, met verdere ongelukkige gevolge.[22] Hierdie brief van Potgieter het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat besluit is om die krygsmag tog so gou moontlik uit te stuur.

---

21. Breytenbach (red.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel II, p.86: <u>Kommissieraadsvergadering</u>, art 5, 12.7.1852.

22. Breytenbach (red.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel II, p.346: Bylaag 30 van 1852, A H Potgieter aan Volksraad, 4.8.1852.

Op 16 Augustus 1852 het 'n kommando onder die leiding van kommandant-generaals A H Potgieter en W F Joubert teen Sekwati opgetrek - blykbaar met die doel om eers met hom klaar te speel voor Mabhogo aan die beurt sou kom. Die kommando sou vir byna twee maande in die veld wees, maar met weinig sukses. Op 25 Augustus het 'n aanval op Sekwati min of meer misluk. Gedurende September het die burgers daarin geslaag om heelwat van sy vee te buit, maar nie om sy vesting te oorrompel nie. Potgieter het die mislukkings toegeskryf aan die feit dat Sekwati se stad nie net goed verskans was nie, maar daar ook heelwat geweers deur die Pedi in gebruik was. Sekwati het na bewering ook die hulp van Mabhogo en Maleo se skutters ingeroep, wat sake verder bemoeilik het.[23)]

Tot in die sestigerjare van die negentiende eeu sou daar van Blanke kant nie weer pogings aangewend word om die Ndzundza militêr te verslaan nie. Dit is ná 1852 gevolg deur 'n tydperk waarin 'n redelike mate van vreedsaamheid en rustigheid geheers het. In enkele gevalle sou veestrooptogte egter nog voorkom.

---

23. Krynauw en Pretorius (reds.): Transvaalse Argiefstukke, pp.247-250: Verslag van A H Potgieter oor die kommando teen Sekwati (R439/52), 16.10.1852.

## 2.2 Grondaansprake en belastingheffing op die Ndzundza

Soos gesien was veediefstalle, arbeidsaangeleenthede en vuurwapenbesit onder die Ndzundza tot en met 1852 die belangrikste faktore wat hul verhouding tot die Blankes bepaal het. Teen die einde van die vyftigerjare het twee nuwe faktore na vore getree wat tot en met die Ndzundza se militêre onderwerping in 1883, die belangrikste oorsake tot konflik met die Blankes was, naamlik die grond- en belastingkwessie.

Die ontstaan van die grondkwessie tussen die Blankes en die Ndzundza is gewortel in die grondtransaksie van Julie 1846 tussen die Ohrigstadse Volksraad en Mswati. Soos vermeld, het die grond wat deur hierdietransaksie aan die Blankes verruil is, die woongebied van die Ndzundza ingesluit. Omdat hulle deur die Blankes as Swazi-onderdane beskou is, is die woongebied van die Ndzundza geensins by die uitmeet van Blanke plase in aanmerking geneem nie, of soos 'n sendeling dit gestel het: "The Boers regarded these as Swazi subjects, did not trouble themselves further about them, and took land where they pleased"[24]. Die Ndzundza was nie die enigste Transvaalse stam wie sy grond op hierdie wyse kwytgeraak het nie. Ook die

---

24. Aangehaal in P Delius: <u>The Land Belongs to Us</u>, p.131.

Kopa van Maleo se woongebied is in plase uitgemeet.[25] Na die anneksasie van Transvaal in 1877 moes die Britse administrateur, Sir Owen Lanyon, opmerk dat: "I find that in nearly every part land in possession of Natives has been laid out in farms and nothing left for the Natives"[26]. Nietemin, die Blanke Trekkers het reeds tydens hulle intog in Noordoos-Transvaal, dit wil sê nog vóór die stigting van Ohrigstad self, plase uitgekies en hulle daarop gevestig. Op dié wyse is plase uitgemeet langs die Olifantsrivier, op Magneetshoogte en langs die Steelpoortrivier, waar in 1846 reeds 21 huisgesinne gewoon het. Ná die stigting van Ohrigstad is in 1845 nog twintig plase langs die Ohrigstad-, Spekboom- en Watervalsriviere toegeken. In 1846 is plase langs die Dwarsrivier toegeken en in 1847 het burgers hulle langs die Steenkampsberge gevestig,[27] waar ook die Ndzundza

---

25. SS30, R339/59: "Overeenkomst met den Kaffer Kapitijn Maleeuw", 13.12.1859.

26. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Nota van W O Lanyon, 8.7.1880.

27. J H Breytenbach en H S Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, p.15: Volksraadsvergadering, artikels 2-6, 2.8.1845. Kyk ook F J Potgieter: <u>Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing</u> (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, 1958, deel II), p.42.

gewoon het.

Die aantekening van plase binne en rondom die gebied waar die Ndzundza gewoon het, het tussen 1846 en 1853 plaasgevind. In Januarie 1846 het F Grobler die plaas "Valekop" in die omgewing waar "die buytenste volk van Mapog aan woont" laat aanteken terwyl P Nel 'n stuk grond genaamd "Vlakplaats" laat aanteken het "op den Oosten syde van Mapog seyn buytenste kafvers"[28]. In Februarie 1846 is nog vier plase in die omgewing van die Ndzundza aangeteken naamlik "Dorenrevier" vir B Bester, "gelegen aan Mapog seyn kraal, een weynig aan de boven syde", "Vlakplaats" vir J H Grobler, "gelegen aan de tweede spruyt Wessyde van Mapog"[29], "Weltevreden" vir J van der Berg, "gelegen aan de regter sey van de groot spruyt die van Mapog seyn volk afloop" en "Noeyt gedag" vir J du Pré, waarskynlik geleë direk langs Van der Berg se grond.[30] In Junie 1847 het A N Steenkamp die plaas

---

28. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.190: Bylaag 9 van 1845, Register van plase behorende onder Andries Ohrigstad, 1845-1847.

29. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.185: Bylaag 9 van 1845, Register van plase behorende onder Andries Ohrigstad, 1845-1847.

30. Breytenbach en Pretorius (reds.): ZAR Volksraadsnotule, deel I, p.191: Bylaag 9 van 1845, Register van plase behorende onder Andries Ohrigstad, 1845-1847.

"Rietpoord", geleë op "de eerste spruitje onder een klipkopje aan de lenkerkand van Mapoog" laat aanteken.[31)]

Op hierdie wyse is plase aanvanklik slegs rondom die Ndzundza se woongebied uitgemeet en aangeteken. Namate die gebied digter deur die Blankes bevolk geraak het en goeie landbou- en weidingsveld skaarser geword het, was die neiging om by die uitmeet van plase al minder op die Swartes se vestigingspunte ag te slaan, sodat nuwe plase bo-oor gevestigde statte uitgemeet is. Dit blyk by voorbeeld uit die aantekening op 25 Oktober 1849 van die plaas "Legerplaats" deur die bekende Nederlander, H T Bührmann.[32)] In 1860 het die Lydenburgse Uitvoerende Raad hierdie plaas beskryf as "zynde de plaats waar de kaffer Mapog nu op woond",[33)] wat die vermoede bevestig dat die hoofsetel van die Ndzundza-vesting, Erholweni, op hierdie plaas geleë was. Aangrensend aan Bührmann se plaas het A N van Kraayenburg op 3 April 1850 die plaas "Vlakfontein" laat aanteken, terwyl H J van Wyk (de Oude) en H J van Wyk (seun) die plase "Jakkalsvlij"

---

31. Breytenbach en Pretorius (reds.): <u>ZAR Volksraadsnotule</u>, deel I, p.190: Bylaag 9 van 1845, Register van plase behorende tot Andries Ohrigstad, 1845-1847.

32. L12: H T Bührmann aan Uitvoerende Raad, 18.9.1858; LL60: Register van aangetekende plase, Lydenburgdistrik.

33. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.

en "Vluchtkraal" op onderskeidelik 18 Augustus 1848 en 12 Maart 1852 laat aanteken het.[34)] Die uitmeet en aantekening van laasgenoemde vier plase is belangrik, aangesien dit ongeveer die totale gebied waaroor die Ndzundza op daardie stadium versprei was, ingesluit het en ook die noordelike helfte uitgemaak het van wat later as die "Mapochsgronden" sou bekendstaan. Die gesamentlike grootte van hierdie vier plase was ongeveer twintigduisend morg, 'n gemiddeld van vyfduisend morg per plaas. Weens die grootte van die plase asook die feit dat die Ndzundza op dié stadium nog getalsgewys min was, kon die eienaars dit aanvanklik bewoon en bewerk (of 'n gedeelte daarvan), sonder dat die groot getal Swartes wat die plase ook bewoon het hul boerderye ernstig benadeel of ingekort het. Of Mabhogo van die Ndzundza besef het dat sy totale woongebied in plase uitgemeet is, is te betwyfel. Die grootte van hierdie plase was natuurlik aansienlik groter as die gemiddelde drieduisend morg van die negentiende eeuse Transvaalse plaas, wat verklaar moet word uit die feit dat daar vóór 1853 geen spesifieke reëls of riglyne neergelê is waarvolgens plaasgroottes afgemeet is nie. Eers in 1853 het 'n instruksie aan plaasinspekteurs bepaal dat plase "een uur gaans over kruis" groot moes wees, en nie langwerpiger as 'n driekwart uur in breedte nie.[35)]

---

34. L12: H T Bührmann aan Uitvoerende Raad, 18.9.1858.

35. F J Potgieter: <u>Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) ...</u>, p.141.

Plase van tien tot twintigduisend-morg grootte was in die distrik Lydenburg niks ongewoons nie, wat duidelik blyk uit die bestudering van 'n kadastrale kaart met oorspronklike plaasgrense.[36)]

Nietemin, die Ndzundza was weens hul verswakte posisie en die Blankes se vuurwapens aanvanklik nie in 'n posisie om tot verset oor te gaan weens die feit dat Blankes op hul grond gevestig het nie. Namate die stam sterker geword en weens groeiende getalle meer lewensruimte nodig gehad het, sou botsings ontstaan. Ndzundza-verset is voorts aangewakker deurdat die Blankes onderdanigheid, arbeid en later ook belasting van hulle geeîs het, waarmee die Ndzundza-opperhoof nie genoeë wou neem nie. Belasting is van die Ndzundza geeîs omdat die stam, volgens Boere-opinie, op Blanke grond gewoon het wat wettiglik van Mswati gekoop is. So het dit gebeur dat landdros C Potgieter van Lydenburg, kmdt P W A Nel en veldkornet I C Holtshauzen Mabhogo in 1859 besoek het met die doel om hom aan te sê om belasting te betaal, omdat Mabhogo "hier woont op ons gekochte grond". Mabhogo se antwoord aan Potgieter was dat daar nie van hom verwag kon word om belasting te betaal nie, aangesien hy geen grond meer gehad het waarop hy kon saai nie.

Die geskil wat hierop gevolg het, het ontstaan uit Mabhogo

---

36. Sien kaart bylaag 2, p.254.

se navraag by die landdros insake die plaas van H J van Wyk (seun), wat Mabhogo in geheel vir die Ndzundza wou bekom. Op Potgieter se antwoord dat die Ndzundza Van Wyk sou moes betaal vir die gebruikmaking van sy plaas, het Mabhogo dit aan die landdros gestel dat hy nie sou betaal vir grond wat hy buitendien as sy eie beskou het nie - "hoe zal hij daarvoor betaal dat is zijnen".

Potgieter se verduideliking dat die betrokke grond deur die Blankes van Mswati gekoop is, het Mabhogo nie tevrede gestel nie. Vervolgens het hy die landdros die aanbod gemaak dat hy en sy onderdane wel gewillig was om belasting te betaal, maar op voorwaarde dat nie net Van Wyk se plaas nie, maar ook die van A N van Kraayenburg, geheel en al aan die Ndzundza afgestaan word. Kry hy en sy onderdane die grond nié, sou die belasting nie betaal word nie. Potgieter het hierop aan Mabhogo verduidelik dat Van Wyk en Van Kraayenburg vir die grond betaal het en dus nie hul plase sommer so sou prysgee nie, hoewel hulle miskien nie sou omgee as die Ndzundza gedeeltes daarvan bewerk het nie. Die plase kon dus nie summier aan die Ndzundza oorgegee word nie. Mabhogo het Potgieter hierop meegedeel dat hy nie kan verstaan hoe Potgieter as "kaptein" van die wit mense hom kan aansê om belasting te betaal maar hom nie kan belowe dat hy meer grond kan

kry nie. Hy het bygevoeg dat hy glo die wit mense liewer is vir die "kaalkaffers" as die Mapoggers - hy sou dus geen belasting betaal nie,[37] waarop Potgieter die aftog moes blaas met spesifieke opdragte aan Van Wyk en Van Kraayenburg om toe te sien dat die Ndzundza nie voortgaan met die aanlê van landerye op die plase nie, omdat hulle nie belasting wou betaal nie. Die belasting wat Potgieter op die Ndzundza wou hef, het Rds 1-5-2 beloop vir elke manlike getroude stamlid en sou jaarliks in September betaalbaar wees.[38]

Kort ná hierdie voorval het Mabhogo egter 'n boodskap deur kmdt P W A Nel aan landdros Potgieter gestuur waarin hy verskoning vir sy gedrag aanbied, naamlik dat hy ten tyde van die landdros se besoek besope was. Terselfdertyd het hy onderneem om die gevraagde belasting sonder enige voorwaardes te betaal.[39] Wat Mabhogo se motief met die boodskap was, is duister, aangesien daar van sy belofte om belasting te betaal niks sou kom nie. Dit is moontlik dat hy die landdros slegs wou gerusstel omdat hy optrede teen die Ndzundza gevrees het.

---

37. L 19: Dagboek van landdros Lydenburg, 24.11.1859.

38. L 19: dagboek van landdros Lydenburg, 26.11.1859.

39. L 12: P W Nel aan C Potgieter, 5.12.1859; L19: Dagboek aan landdros Lydenburg, 9.12.1859.

Op 17 Desember 1859 het landdros Potgieter aan die Lydenburgse Uitvoerende Raad verslag gedoen na aanleiding van sy besoek aan Mabhogo. Daarop het die Uitvoerende Raad die landdros opdrag gegee om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat die regering die plase van die Blanke eienaars kon koop of ruil, sodat dit dan van owerheidsweë "amptelik" aan die Ndzundza toegeken kon word.[40)] Hierdie besluit was in ooreenstemming met 'n Transvaalse Volksraadsbesluit van 1 Desember 1853, waarvolgens woonplek of "lokasies" as "leningsplase" aan Swartes toegeken kon word. Hierdie plase sou egter staatseiendom bly. Die Swartes kon die aangewese grond bewoon solank hulle dit oppas en gehoorsaamheid aan die staat betoon het.[41)] Dit is moontlik dat die Uitvoerende Raad van die Republiek Lydenburg deur hierdie besluit beïnvloed is om grond aan die Ndzundza toe te ken. Die Boere het besef dat die Swartes soos hulleself boere was wat nie sonder grond met gesaaides en vee 'n bestaan kon maak nie. 'n Tweede rede wat die Uitvoerende Raad beweeg het om ondersoek na die moontlikheid van 'n grondtoekenning aan die Ndzundza te laat doen, was 'n Lydenburgse Volksraadsbesluit van 24 Oktober 1859 wat tot die 1846-koopkontrak met Mswati teruggaan. Nadat

---

40. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 27; 17.12.1859.

41. Sien W A Stals: Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884 (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, deel II, 1975), pp.4-5.

Sekwati van die Pedi bogenoemde grondtransaksie betwis het, het die Volksraad blykbaar self begin twyfel oor die reg wat Mswati hom in 1846 toegeeîen het om grond te verkoop waarop ander stamme reeds gevestig was. Om hierdie rede het die Volksraad derhalwe besluit "het beter is om wanneer een ander kaffer opperhoofd er waarlyk wettigen aanspraak en regt er op heeft, zulks ter voorkoming van kwestien en onregt op nieuw te handelen".[42)] Met betrekking tot hierdie Volksraadsbesluit is dit belangrik om daarop te let dat die regering van die Republiek Lydenburg nooit die vraagstuk laat ondersoek het of die Ndzundza wel wettige aansprake gehad het op die gronde wat hulle bewoon het nie. Daar is slegs ondersoek gedoen na die moontlikheid om grond vir bewoning sonder eiendomsreg aan die Ndzundza toe te ken. Die Blankes het dus steeds aanvaar dat die Ndzundza op grond woon wat hulle in 1846 van Mswati gekoop het en waarvan hulle steeds die wettige eienaars was.[43)] Dit het dus bloot om praktiese redes wenslik geword om die grond waarop die Ndzundza jare reeds gevestig was, vir hulle in trust uit te hou.

Intussen het H T Bührmann, die Lydenburgse goewermentsekretaris, in opdrag van die regering die

---

42. L4: Volksraadsbesluit, art 4, 24.10.1859.

43. L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 26.11.1859.

eienaars van die plase wat aan die Ndzundza afgestaan moes word, naamlik Van Wyk (seun) en Van Kraayenburg, om 'n standpunt genader. Op 30 Desember 1859 het Van Kraayenburg die Uitvoerende Raad per brief in kennis gestel dat hy gewillig was om sy plaas Vlakfontein af te staan, mits die regering hom 'n plaas in die Komatie-distrik kon laat aanteken en die koste daaraan verbonde sou dra.[44)] H J van Wyk (seun) was op dieselfde voorwaardes as Van Kraayenburg bereid om sy plaas Vluchtkraal af te staan[45)]. Intussen het H J van Wyk (de Oude) aan die Uitvoerende Raad kennis gegee dat hy begerig was om sy plaas "Jakkalsvlij" op dieselfde voorwaardes as die van sy seun en Van Kraayenburg aan die Uitvoerende Raad ten behoewe van die Ndzundza af te staan aangesien hy nie kans gesien het om sonder wit bure "in die middel" van die Swartes te woon nie.[46)] Bogenoemde aanbiedinge van die plaaseienaars is op 11 Januarie 1860 deur die Uitvoerende Raad aanvaar.[47)] Op dieselfde dag nog is koopkontrakte opgestel wat deur die eienaars en 'n regeringsverteenwoordiger onderteken is.[48)]

---

44. L12: A N van Kraayenburg aan Uitvoerende Raad, 30.12.1859.

45. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 5, 11.1.1860.

46. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 6, 11.1.1860.

47. L5: Uitvoerende Raadsbesluite, artikels 4,5 en 6, 11.1.1860.

48. L13: Kontrak tussen regering van die Republiek Lydenburg en H J van Wyk, 11.1.1860. Die kontrakte met Van Kraayenburg en Van Wyk (de Oude) kon nie opgespoor word nie.

Op 11 Januarie 1860 was die posisie dus dat drie plase aangrensend aan Mabhogo se hoofsetel deur die Uitvoerende Raad van die Republiek Lydenburg vir die Ndzundza aangekoop is vir permanente bewoningsdoeleindes. Die plaas waarop die Ndzundza se hoofsetel geleë was, Legerplaats, was egter steeds in besit van H T Bührmann, staatsekretaris van die Republiek Lydenburg. Hierdie toestand van sake is op 12 Januarie 1860 deur die Uitvoerende Raad bespreek, wie bevind het dat "niets meer tot geheelen volmaking van de gronden ter bewoning voor de kafferkaptijn Mapog en zijn volk ontbreekt als de plaats de Legerplaats van de Heer H T Bührmann, zÿnde de plaats waar de kaffer Mapog nu op woond".[49)] Bührmann wou egter niks daarvan hoor om sy plaas af te staan nie. Sy belangrikste beswaar was dat hy reeds vir meer as tien jaar lank die plaas bewoon het en nie kans gesien het om 'n ander plaas van voor af op te bou nie. Voorts het Bührmann verklaar dat Mabhogo en sy volk in sy opinie reeds meer as genoeg grond tot hul beskikking gehad het. Dit sou ook te veel tyd neem en moeite wees om 'n plaas elders uit te meet en te betrek. Bührmann was voorts van mening dat al sou Mabhogo ook hoeveel grond kry, hy nooit sover gebring sou kon word om die wette van die staat te gehoorsaam nie.[50)] Hy het die Uitvoerende Raad vervolgens versoek

---

49. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.

50. L12: H T Bührmann aan Uitvoerende Raad, 31.12.1859; L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.

om Mabhogo en sy volk aan te sê om onmiddellik van die plaas af pad te gee.[51] Volgens Bührmann kon Mabhogo hom maklik teen die bevele van die regering verset, "want hÿ blijft in de gaten zitten"[52], bedoelende die Mapochsgrotte. Met betrekking tot Bührmann se plaas kon die Uitvoerende Raad dus aanvanklik nie tot 'n beslissing kom nie.[53] Met betrekking tot die twee Van Wyk's en Van Kraayenburg se plase het die Uitvoerende Raad aan die bevoegde amptenare opdrag gegee om die plase vir Mabhogo vir bewoning en besaaiing te gaan afgee, op voorwaarde dat hy bereid sou wees om aan wet en orde te voldoen. Hierdie "wet en orde" is omskryf as 'n onderneming van die kant van Mabhogo om sy volk nie buite die genoemde plase te laat vestig of saai nie, en om jaarliks belasting aan die Lydenburgse regering te betaal.[54]

In Februarie 1860 het kmdt P W A Nel Mabhogo versoek om een van sy kapteins na hom te stuur sodat Nel die grense van die toegekende plase aan hom kon uitwys. Hy het Mabhogo voorts laat weet dat indien hy aan die

---

51. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.
52. L12: H T Bührmann aan Uitvoerende Raad, 31.12.1859.
53. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.
54. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 8, 12.1.1860.

wet gehoorsaam is, die moontlikheid bestaan dat sy volk ook die grond van H T Bührmann, waarop hy (Mabhogo) self ook gewoon het, sou kon kry.[55] Hieruit kan afgelei word dat die Uitvoerende Raad nie berus het in H T Bührmann se weiering om sy plaas te verkoop nie, maar steeds begerig was om dit ter reservering van die Ndzundza te bekom. Mabhogo het intussen ook aan veldkornet I C Holtshauzen laat weet dat hy baie begerig was om Bührmann se plaas in besit te kry, "omreeden dat het zijn woonplaats was voordat de menschen in dit land gekomen was".[56]

Op 29 Maart 1860 het die Lydenburgse Volksraad die grondkwessie weer eens in oorweging geneem en eenparig besluit om die plaas van Bührmann vir Mabhogo aan te koop. Dié kon 'n ander plaas in die Republiek Lydenburg laat aanteken, terwyl die Volksraad onderneem het om Rds 2000 as vergoeding aan Bührmann te betaal. Hierdie geld moes egter deur Mabhogo self binne die volgende vyf jaar in belasting aan die regering gelewer word, wie dit weer aan Bührmann sou oorbetaal. Indien Mabhogo hiertoe in gebreke sou bly, sou Bührmann nie deur die staat vergoed word nie maar sou hy die plaas van Mabhogo kon terugeis.[57] Of Bührmann uiteindelik toegestem het

55. L13: P W A Nel aan C Potgieter, 23.2.1860; L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 9.3.1860.

56. L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 9.3.1860.

57. L4: Volksraadsbesluit, art 21, 29.3.1860.

om die plaas af te staan en of die Volksraad bogenoemde beslissing teen sy wil geneem het (wat heel waarskynlik is), kon nie uit die dokumente vasgestel word nie. Ons weet egter dat Mabhogo in gebreke gebly het om die geld te betaal. Bührmann het herhaaldelik, selfs tot die middel van die sewentigerjare, pogings aangewend om die plaas weer op sy naam geregistreer te kry.[58)] Mabhogo het waarskynlik nie die geld gehad om die Rds 2000 te betaal nie en het die grond tradisioneel as sy woongebied beskou, wat betaling vir wat sy eiendom was, onnodig gemaak het.

In die sitting waartydens die Volksraad besluit het om Bührmann se plaas te koop, is nog ŉ belangrike besluit geneem, naamlik dat niemand ooit weer in die Republiek Lydenburg toegelaat sou word om ŉ plaas te laat uitmeet

---

58. Sien o.a. LL2: H T Bührmann aan C Potgieter, 10.11.1865; LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 7.9.1866; LL3: H T Bührmann aan C Potgieter, 12.11.1870; SS132, R368/71: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 13.3.1871; LL19: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad (kopie), 13.3.1871; LL4: H T Bührmann aan landdros Lydenburg, 9.1.1872; SS144, R644/72: H T Bührmann aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 21.5.1872; SS181, Supl 30/74: J G C van Lemhof aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 26.10.1874.

en aanteken oor grond waarop kapteins van groterige stamme gevestig was nie, tensy dit deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is nie, aangesien dit aanleiding tot grondkwessies met Swartes gegee het[59] - moontlik omdat Blankes verneder is wanneer hulle uiteindelik gedwing word om die grond te verlaat, soos dit die geval was met Bührmann, Van Kraayenburg en die Van Wyks.

In 1860 het die Ndzundza van Mabhogo dus vier plase van die regering van die Republiek Lydenburg ontvang, met die doel om "te beproeven of gezegde kafferkapitijn of zijn volk, op deze wijze onder order en tot het betalen van belasting gebracht kunnen worden".[60]

2.3 Die kwessie van Mabhogo se onderdaanskap aan die Zuid-Afrikaansche Republiek

Die verlening van permanente verblyfreg aan die Ndzundza op die vier plase soos in 1860 deur die regering van die Republiek Lydenburg goedgekeur, het nie sonder voorwaardes geskied nie. Op 12 Januarie 1860 het die Uitvoerende Raad besluit dat die plase Jakkalsvlij

---

59. L4: Volksraadsbesluit, art 44, 30.3.1860.

60. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 4, 11.1.1860.

Vlakfontein en Vluchtkraal deur die bevoegde amptenare aan die Ndzundza vir bewoning en besaaiïng afgegee kon word op voorwaarde dat Mabhogo onderneem om jaarliks aan die regering belasting te betaal en sy onderdane nie toelaat om hulle sonder toestemming buite die aangewese plaasgrense te vestig of te saai nie.[61)] Die vraag kom na vore of Mabhogo wel namens die Ndzundza die voorwaardes aanvaar het, en indien wel, wat die staatkundige implikasies daarvan vir die Ndzundza was.

Wat die eerste vraag betref, kan bevestigend geantwoord word. Dit word deur die beskikbare argiefmateriaal bevestig. Met die hofsaak in 1883 waartydens Nyabela deur die staat aangekla en verhoor is vir oproer en openbare geweld teen wettige staatsgesag, het die destydse staatsekretaris, W Eduard Bok, 'n afskrif van 'n dokument by die hof ingedien wat deur regter J G Kotzé in sy uitspraak as voldoende bewys aanvaar is dat Mabhogo in 1860 'n onderdaan van die Republiek Lydenburg geword het. Volgens die afskrif, wat deur landdros A F Jansen van Lydenburg gemaak is, is die oorspronklike dokument op 28 Maart 1860 in die landdroskantoor van Lydenburg opgestel in opdrag van die Uitvoerende Raad. Dit is op dieselfde dag deur

---

61. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 8, 12.1.1860.

landdros C Potgieter onderteken.[62] Op 3 April 1860 het Mabhogo en twee van sy kapteins, Jambula en Mahlangula hul merke (X) op die dokument aangebring, terwyl ook kmdt P W A Nel en veldkornet I C Holtshauzen dit onderteken het. Die titel van die dokument lui "Overeenkomst getroffen met den kafferkapitein Mapog en verdere orders ..." en dit bevat sewe punte:

Ten eerste: Dat kaptein Mabhogo en sy volk verplig sou wees om opgaaf of belasting aan die regering van die Republiek Lydenburg te betaal;

Tweedens dat die opgaaf jaarliks in September vóór die saaityd ŉ aanvang neem, betaal moes word;

Derdens dat die stam verplig sou wees om vir elke manlike getroude onderdaan met een of meer vroue Rds 1-5-2 te betaal;

Vierdens dat die regering van die Republiek Lydenburg onderneem om drie plase[63] aan die Ndzundza beskikbaar te

---

62. Op p.24 van hul publikasie "Die Ndzundza-Ndebele ..." beweer die KwaNdebele-Monumentekomitee verkeerdelik dat dié ooreenkoms deur die Trekkerleier A H Potgieter onderteken is. Laasgenoemde is egter in 1852 reeds oorlede.

63. Die dokument is opgestel op 28.3.1860, dit wil sê vóór die Volksraad op 29.3.1860 H T Bührmann se plaas "Legerplaats" as vierde plaas aan die Ndzundza toegeken het, wat verklaar waarom daar in hierdie dokument van slegs drie plase melding gemaak word.

stel as woon- en saaigrond terwyl ander plase aan die besittende Blanke eienaars voorsien sou word;
Vyfdens is bepaal dat Blankes verplig sou wees om Ndzundza-stamlede te vergoed vir enige gelewerde arbeid en dat geen Mapogger ooit gedwing sou word om arbeid sonder vergoeding te lewer nie;
Sesdens sou dit Mabhogo se plig as opperhoof wees om toe te sien dat die gevraagde belasting betyds onder die stamlede opgeneem word; Laastens is bepaal dat Mabhogo moet onderneem om toe te sien dat daar aan al die voorwaardes voldoen word.[64]

Hoewel die oorspronklike dokument nie in die argiefstukke van die Republiek Lydenburg opgespoor kon word nie en die advokaat vir die verdediging tydens die verhoor van Nyabela in 1883 aangevoer het dat die afskrif waarskynlik ŉ vervalsing is,[65] bestaan daar egter genoeg aanduidings dat bogenoemde ooreenkoms wel met Mabhogo aangegaan is.

---

64. SN 123, ongenommer: "Overeenkomst getroffen met den kafferkapitein Mapog" (kopie deur A F Jansen), 3.4.1860. Sien ook SS 852, R4898/83, dokument AI "Het Gouvernement versus Niabel", 28.3.1860.

65. SS852, R4898/83: "Het Gouvernement versus Niabel", betoog van adv H Cooper, 21.9.1883.

Eerstens het die Uitvoerende Raad op 17 Desember 1859, toe die kwessie van plaastoekenning vir die Ndzundza ter sprake gekom het, aan landdros Potgieter opdrag gegee "om met die zaak op dezelfde wijze als met de kaffer Maleeuw te werken", omrede die saak met Mabhogo nog "op geen vaste voet gebracht" was nie.[66)] Met Maleo van die Kopa is ŉ ooreenkoms met soortgelyke inhoud aangegaan[67)] as wat ons vind in die dokument wat tydens Nyabela se verhoor as bewysstuk ingedien is, voordat die Uitvoerende Raad op 17 Desember 1859 twee plase aan Maleo en sy volk toegeken het.[68)] Net soos in die geval van Mabhogo, is daar van Maleo verwag om eers "die wette aan te neem" voordat die plase aan hom afgegee is. Daar bestaan geen twyfel nie dat landdros Potgieter wel die opdrag van die Uitvoerende Raad uitgevoer het, en ŉ soortgelyke ooreenkoms as wat Maleo op 12 Desember 1859 onderteken het, opgestel het vir ondertekening deur Mabhogo. ŉ Tweede aanduiding dat die ooreenkoms wel met Mabhogo aangegaan is, is ŉ brief van veldkornet I C Holtshauzen aan landdros Potgieter op 27 Maart 1860, waarin hy die landdros in kennis gestel het dat Mabhogo die voorwaardes aanvaar het.[69)] Dit dui ook

---

66. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 27, 17.12.1859.

67. SS30, R3339/59: "Overeenkomst met den kaffer kapitijn Maleeuw", 13.12.1859.

68. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 26, 17.12.1859.

69. L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 9.4.1860; L13: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 27.3.1868.

daarop dat Holtshauzen die dokument na Mabhogo vir ondertekening, onder datum 3 April 1860, geneem het. In die lig hiervan bestaan daar geen twyfel dat Mabhogo en sy volk op 3 April 1860 inderdaad onderdane van die Republiek Lydenburg geword het nie. Met die Republiek Lydenburg se inlywing by die Z A Republiek, het Mabhogo en sy volk dus ook onderdane van die Z A Republiek geword. Hoe teenstrydig ook, beteken dit in die praktyk dat Mabhogo sy pre-Blanke onafhanklikheid prysgegee het vir die reg om ongehinderd te kon bly woon op grond waarop die Ndzundza reeds gevestig was toe Blankes Noordoos-Transvaal binnegetrek het. Die Ndzundza sou belasting betaal terwyl die Blankes onderneem het om stamlede te vergoed vir arbeid, wat vóór ondertekening van die ooreenkoms blykbaar nie in die reël geskied het nie. Die vraag onstaan waarom Mabhogo bereid was om hierdie ooreenkoms te onderteken - ŉ ooreenkoms wat die Ndzundza niks meer as die verlies van onafhanklikheid en ŉ belastingheffing in die sak gebring het nie. Hiervoor bestaan daar twee moontlike redes:

Eerstens kan aangevoer word dat Mabhogo as ongeletterde man nie die inhoud of implikasies van die ooreenkoms verstaan het nie. Dit lyk onwaarskynlik. Die dokument se inhoud is eenvoudig genoeg geformuleer en Mabhogo

het 'n goeie tolk in die persoon van Kleinbooi[70] gehad, wat dié aan hom kon oordra.

Tweedens kan geredeneer word dat Mabhogo die dokument onderteken het omdat hy geen ander keuse gehad het nie, wat, alles in ag genome, die mees aanneemlikste verklaring is. Die Uitvoerende Raad van die Republiek Lydenburg het Mabhogo voor 'n keuse gestel: Indien hy permanente verblyfreg vir die grond waarop die Ndzundza woonagtig was verlang het, moes hy die "wette aanneem" en gevolglik die ooreenkoms onderteken. Slegs op hierdie voorwaarde kon die bevoegde amptenare die grond aan die Ndzundza afgee.[71] Dieselfde beginsel het gegeld toe die vierde plaas op 29 Maart 1860 deur die Volksraad aan die Ndzundza afgestaan is: Die stam moes binne vyf jaar Rds 2000 in belasting vir die plaas betaal, by gebreke waarvan die plaas teruggeeîs kon word.[72] Die implikasie hiervan kom neer op "aanvaar die voorwaardes of verlaat die grond". Of 'n hof so 'n ooreenkoms as geldig sou beskou, bly 'n ope vraag.

Nietemin, in 1860 het die Ndzundza volgens Westerse beginsels

70. SS852, R4898/83: "Het Gouvernement versus Niabel", getuienis van Kleinbooi, 21.9.1883.

71. L5: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 12.1.1860.

72. L4: Volksraadsbesluit, art 21, 29.3.1860.

onderdane van 'n "Blanke" staat geword. Hierin het die oorsaak van 'n oorlog opgesluit gelê wat in dieselfde jaar nog sou uitbreek.

# HOOFSTUK III

## DIE EERSTE MAPOCH-OORLOG, 1860-1865

### 3.1 Mabhogo verklaar die Ndzundza onafhanklik van ZAR-gesag, Junie 1860

Wat die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza betref, was die jare 1860-1865 stormagtig. Vir bykans vyf jaar was die Blankes in 'n staat van oorlog met die Ndzundza betrokke, wat aan beide kante swaar verliese tot gevolg gehad het. Afgesien van veebuitery, was die vernaamste oorsak vir hierdie oorlog gewortel in die ooreenkoms van April 1860 tussen Mabhogo en die Republiek Lydenburg waarin Mabhogo onderneem het om Blanke wette te gehoorsaam en belasting te betaal.[1)] Mabhogo het hom nie by hierdie ooreenkoms gehou nie en later in 1860 selfs sover gegaan as om homself van ZAR-gesag onafhanklik te verklaar. Laasgenoemde kan as die belangrikste rede beskou word waarom die Blankes in 1860 tot vyandskap met die Ndzundza oorgegaan het. Deur middel van militêre geweld wou die Blankes Mabhogo dwing om hulle gesag te erken.[2)]

---

1. Sien hoofstuk twee.

2. Sien UR 1: Uitvoerende Raadsbesluit, art 4, 19.5.1862.

Na die toekenning van die vier plase aan die Ndzundza in 1860, het dit aanvanklik gelyk of goeie verhoudinge tussen die Blankes en die Ndzundza bewerkstellig was. Nadat Mabhogo teen die einde van Maart 1860 twee kapteins na veldkornet I C Holtshauzen gestuur het met die versoek dat die "lyne" van die toegekende grond aan hulle uitgewys moet word, het Holtshauzen aan landdros Potgieter geskryf dat hy daarvan oortuig is dat Mabhogo dit "nu opreg meen want hy betoon allen eerbied en dank met zyn doen en laten".[3)] Gedurende Mei 1860 het landdros Potgieter aan die Uitvoerende Raad laat weet dat, wat die Swartes betref dit goed gaan in die distrik. Terselfdertyd het hy namens twee Duitse sendelinge[4)] verlof gevra dat sendingwerk onder goedgesinde swart stamme gedoen kon word. Die landdros het Mabhogo en Maleo aanbeveel[5)] as kandidate hiervoor, wat daarop dui dat die betrekkinge tussen die Blankes en die Ndzundza teen die einde van Mei 1860 nog op goeie voet was. Sporadiese veebuitery deur die Ndzundza sou sake egter gou laat verander. Toe sulke gevalle onder die aandag van veldkornet Holtshauzen gebring is, het hy 'n boodskap aan Mabhogo gestuur waarin hy hom versoek het om hom te kom spreek.

---

3. L13: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 27.3.1860; L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 30.3.1860.

4. Vermoedelik eerw. A Merensky en eerw H Grützner van die Berlynse sendinggenootskap.

5. SS33, R3756/60: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 23.5.1860.

Mabhogo het die versoek geïgnoreer, wat die veldkornet "vreemd" aangedoen het, aangesien Mabhogo in 1854 gesteelde beeste terugbesorg en 'n opgelegde boete sonder aarseling betaal het.[6] Holtshauzen het hom hierop op hoër gesag beroep en die saak onder die aandag van kommandant-generaal J van Dyk gebring, wie besluit het om Mabhogo persoonlik te besoek om sake met hom uit te klaar. Elf dae voor sy vertrek is 'n boodskap aan Mabhogo gestuur waarin hy versoek is om hom gereed te hou vir die kommandant-generaal se besoek. Met Van Dyk se aankoms te Erholweni, het een van Mabhogo se kapteins hom meegedeel dat Mabhogo hom nie wou ontmoet nie - volgens Van Dyk op 'n heel onvriendelike toon en "sonder om eers te groet". Volgens die kaptein het Mabhogo die dood van een van sy onderdane wat in diens van Jakob de Clerq was betreur, wat die rede was waarom hy Van Dyk nie wou spreek nie. Van Dyk het deur middel van die kaptein aan Mabhogo laat vra of hy dan nie weet dat hy (Mabhogo) Van Dyk se bevele moet gehoorsaam nie, aangesien hy onder die Blanke Republiek se wette staan. Mabhogo se antwoord aan Van Dyk was dat hy aan "deze zijde" van die Vaalrivier niemand se gesag erken behalwe sy eie nie. Hy het betekenisvol bygevoeg dat hy veral nie Blanke gesag erken nie aangesien die Blankes se voorouers nie aan

6. T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.215.

die noordekant van die Vaalrivier begrawe lê nie.[7] Deur hierdie uitspraak het Mabhogo homself dus onafhanklik van Blanke gesag verklaar, wat toon hoe min waarde hy geheg het aan die ooreenkoms wat hy in Maart 1860 met die Republiek Lydenburg aangegaan het. Kommandant-generaal Van Dyk het ná die aanhoor van Mabhogo se boodskap ŉ ultimatum aan hom gestel: Hy moes sy uitlatinge binne agt dae terugtrek of hy sou met die geweld van wapens onder die landswet ingedwing word. Van Dyk het Mabhogo ook verbied om te saai of enigsins gebruik te maak van die grond wat die regering aan hom toegeken het[8] - ŉ belaglike "verbod" as in aanmerking geneem word dat die Ndzundza reeds op die grond gevestig was.

Mabhogo het Van Dyk se ultimatum geïgnoreer.[9] Hy moes egter besef het dat hy juis as gevolg van sy houding moeilikheid te wagte kon wees. Derhalwe het hy na bewering vroeg in Augustus reeds begin gereed maak vir ŉ moontlike oorlog. Onder andere het hy ŉ groot aantal van sy onderdane "uitgestuur" - na alle waarskynlikheid om gewere te bekom.[10] Intussen het veldkornet Holtshauzen

---

7. LL1: J van Dyk aan landdros Lydenburg, 6.7.1860; L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 18.7.1860; SS34, R3857/60: J van Dyk aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 25.7.1860; SS42, R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad, 19.6.1862.

8. LL1: J van Dyk aan landdros Lydenburg, 6.7.1860.

9. L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 18.7.1860.

10. SS34, R3953/60: P W Nel aan J van Dyk, geen datum maar ongeveer Augustus 1860.

ŉ formele klagstaat teen Mabhogo opgestel en dit deur kmdt P W A Nel aan kmdt-genl Van Dyk vir oorweging gestuur.[11)] Ses klagtes teen Mabhogo is omskryf, naamlik:

Dat Mabhogo "de wet aangenomen heeft" - dit is onder die gesag van die Blanke Republiek gekom het - maar weier om aan die wette te voldoen;
Dat onderdane van Mabhogo vier beeste van H Grobler "gekwest" het en dat die kaptein geweier het om die skuldiges uit te lewer. Mabhogo het selfs aan veldkornet Holtshauzen laat weet dat hy hom "erg pla" terwyl hy ook die veldkornet se reg om so ŉ versoek tot hom te rig, bevraagteken het;
Dat Mabhogo op versoek geweier het om posbodes vir diens aan die landdroskantoor van Lydenburg te lewer;
Dat ŉ onderdaan van Mabhogo vir A van Kraayenburg, voormalige eienaar van die plaas Vlakfontein wat aan die Ndzundza toegeken is, met ŉ kierie afgeransel het en dat Mabhogo geweier het om die skuldige uit te lewer;
Dat ŉ aantal onderdane van Mabhogo ŉ veewagter van W Joubert gevange geneem en die vee losgelaat het;
Dat Mabhogo die "myt kapetyn"[12)] as ŉ onderdaan aanvaar het en die kaptein met haar volgelinge hulle by Mabhogo gevestig het sonder dat hy die regering in kennis gestel

11. SS34,R3953/60:P W Nel aan J van Dyk, geen datum maar ongeveer Augustus 1860
12. Dit is nie duidelik wie hierdie vroue-kaptein was nie.

of toestemming gevra het nie.[13)]

Kmdt-genl Van Dyk wou blykbaar nie onnodiglik in 'n oorlog betrokke raak nie. Derhalwe het hy 'n beroep op S J P Kruger gedoen om hom op 'n besoek na Mabhogo te vergesel sodat die geskil moontlik op 'n vreedsame manier uit die weg geruim kon word. Kruger het weens ander dringender verpligtinge nie kans gesien om Van Dyk na Mabhogo te vergesel nie, maar het tog belowe om dit wel op 'n later stadium te doen.[14)] Onder hierdie omstandighede het ook die Blankes hulle op oorlog begin voorberei.

## 3.2 Voorbereiding vir 'n gewapende stryd teen die Ndzundza

Teen die einde van 1860 was dit duidelik vir die Blankes dat Mabhogo nie sover gebring sou kon word om hul gesag in Transvaal te erken tensy daar militêr teen hom opgetree en hy tot oorgawe gedwing word nie. Daar kan heelwat gespekuleer word oor waarom Mabhogo ná 1860 sy houding jeens die Blankes verander het. Die belangrikste rede moet egter gesoek word in die feit dat die Ndzundza teen 1860 heelwat sterker was as vyftien jaar tevore toe die Blankes Noordoos-Transvaal binnegetrek het.

---

13. SS34, R3953/60: P W Nel aan J van Dyk, ± Augustus 1860.

14. SS35, R4073/60: S J P Kruger aan F Grobler, 15.10.1860; SS8611, BB302/60: J H Struben aan J van Dyk, 23.10.1860.

Getallegroei en vuurwapenbesit asook die strategies geleë ligging van die hoofsetel van KoNomtjharhelo naamlik Erholweni, het tot gevolg gehad dat die Ndzundza teen die einde van 1860 in ŉ veel sterker posisie ten opsigte van die Blankes gestaan het. Dit het daartoe gelei dat Mabhogo onafhanklik van Blanke gesag begin optree het. Omdat die agrariese Boerestaat maar langsaam gefunksioneer het, was voorbereidings vir ŉ oorlog stadig en sou dit nie voor die helfte van 1861 ŉ aanvang neem nie. Dit is nie presies duidelik waarom aktiewe optrede so lank uitgestel is nie, moontlik was dit onvoorbereidheid, moontlik die insig dat die Blankes absoluut seker wou maak dat militêre optrede die enigste manier sou wees wat Mabhogo sover sou kry om die Blanke regeringsgesag te erken en landswette te gehoorsaam.

Met die oog op optrede teen Mabhogo, is planne in alle erns teen Junie 1861 begin beraam. In die eerste plek moes hulp teen hom verkry word. Derhalwe het vier onderkapteins van Mswati , "Umtakaas", "Umtieliel", "Umsies" en "Makwasietiel", vir kmdt G F Joubert en landdros Potgieter op 6 Junie 1861 in die landdroskantoor van Lydenburg op versoek van Potgieter ontmoet, waar moontlike optrede teen Mabhogo bespreek is. Landdros Potgieter wou van die kapteins weet of Mswati bereid sou wees om "het land schoon te maken der kaffers van

Mapoch". Die kapteins het geantwoord dat as dit nie vir die Blankes was nie, "was de naam van Mapoch bij hem (Mswati) zeker niet meer genoemd". Blykbaar het die kapteins hier verwys na vorige Swazi-aanbiedinge om die Ndzundza uit te roei,[15] wat deur die Blankes van die hand gewys is. Die kapteins het voorts te kenne gegee dat Mswati wel bereid sou wees om 'n kommando teen Mabhogo uit te stuur indien dit nog in dieselfde jaar (1861) kon uitgaan en die Blankes sou onderneem om die planne vir die voorgenome kommando stil te hou sodat Mabhogo dit nie te wete kon kom om betyds voorsorgmaatreëls te tref nie. Mswati het ook deur sy kapteins versoek dat die Blankes die Zoeloe-opperhoof Mpande moes aansê om sy plundertogte in Swazi-woongebied te staak, omdat Mswati "nu een kapitein der menschen is". Mswati sou sy kommando intussen gereed hou sodat dit by die eerste oproep van kmdt-genl Van Dyk kon vertrek.[16]

Mabhogo, wat waarskynlik oorlog verwag het, het intussen nie op hom laat wag nie en self begin met voorbereidings tref vir 'n moontlik aanval op hom. Teen die einde van

---

15. Sien hoofstuk 1, afdeling 1.3.

16. SS40, Supl 4/61: Vergadering te Lydenburgse landdroskantoor tussen landdros C Potgieter, kmdt G A Joubert, P J Coetser, J L Schmidt en afgesante van Mswati, 6.6.1861; Kyk ook L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 7.6.1861.

Julie 1861 was sy onderdane besig om voedselvoorrade na sy hoofstat aan te dra vir berging, sodat die Ndzundza nie tydens 'n aanval onverhoeds sonder voedsel betrap sou word nie.[17)] Dit het veldkornet Holtshauzen laat glo dat Mabhogo op 'n onverklaarbare wyse van die ooreenkoms tussen Mswati en die Blankes te wete gekom het.[18)]

In 'n laaste poging om oorlog af te weer het kmdt-genl Van Dyk dit aan veldkornet Holtshauzen opgedra om van Mabhogo se kapteins te laat roep en hulle aan te sê om alle gebuite vee uit te lewer. Indien Mabhogo hieraan sou voldoen, kon oorlog vermy word. Holsthauzen se versoek dat die kapteins hom moes kom spreek, is egter deur Mabhogo geïgnoreer, terwyl nog beeste van 'n sekere Janse van Rensburg gebuit is.[19)] Sake het nog slegter begin lyk toe twee nabygeleë kapteins van die "Kaal Kaffers", "Massoet" en "Majootje", te kenne gegee het dat hulle net wag totdat die Blankes in laers sou saamtrek, waarop hulle saam met die Ndzundza sou toeslaan "om de wit menschen hun vee te stelen en hun huizen af te branden ... want zy hebben kruid en lood en geweren ... om tegen de wit menschen te vechten".[20)] Hieruit blyk dat die besit

---

17. LL1: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 29.7.1861; L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 31.7.1861.

18. LL1: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 29.7.1861.

19. LL1: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 13.8.1861.

20. SS40, Supl 21/61: Verslag van kmdt G J Joubert en veldkornet L A G Steyn oor toestande in die distrik Lydenburg, 22.8.1861.

van vuurwapens morele moed aan Swartes gegee het om die Blankes as gelykes op die slagveld te ontmoet.

Dit was onder hierdie omstandighede dat die krygsraad vir die eerste keer byeengeroep is en op 26 Augustus 1861 te Lydenburg vergader het. Die krygsraad het tot die gevolgtrekking gekom dat, omrede Mabhogo hom op oorlog voorberei het, die Blankes te enige tyd ŉ aanval te wagte moes wees. Derhalwe is dadelik ŉ boodskap na Mswati gestuur: Hy moes sy kommando na Lydenburg stuur sodat planne vir ŉ aanval op Mabhogo se hoofsetel gefinaliseer kon word.[21)] Kmdt G J Joubert is na Mswati afgevaardig om die boodskap persoonlik af te lewer en verdere reëlings te tref. Hy het spoedig terugrapporteer en die krygsraad op 19 Oktober 1861 per brief laat weet dat Mswati steeds bereid was om die kommando te stuur, maar op voorwaarde dat die Swazi's aanspraak op die helfte van die beeste wat buitgemaak sou word, kon hê. Mswati moes egter teenoor kmdt Joubert onderneem dat sy krygers nie sou omspring en vlug indien dit lyk of iets tydens die kommando verkeerd sou loop nie. Die Swazi's moes tot die bittere einde op die slagveld bly, ten minste totdat "daar niet meer 1 kaffer van Mapog leef".[22)] Hieruit blyk dit dat die Blankes van plan

---

21. SS38, R4595/61: Krygsraadsvergadering te Lydenburg, 26.8.1861.

22. SS40, Supl 31/61: G J Joubert aan krygsraad, 19.10.1861.

was om nie net militêr met die Ndzundza af te reken nie maar hulle geheel en al uit te roei. Op 6 November 1861 het die krygsraad die ooreenkoms tot samewerking met Mswati soos hierbo uiteengesit, goedgekeur.[23)]

Die krygsraad het nie net die Swazi's nie, maar ook die Pedi van Sekhukhune probeer oorhaal om 'n kommando te stuur wat die Blankes in hul voorgenome stryd teen die Ndzundza kon ondersteun. Deur middel van die sendeling eerw A Merensky, het Sekhukhune die krygsraad egter in kennis gestel dat hy nie daartoe bereid was nie, maar die Blankes se versekering van vriendskap waardeer.[24)] Intussen het die krygsraad, bestaande uit kmdt-genl W F van Dyk, kommandante P W A Nel en G F Joubert en veldkornette I C Holtshauzen, L H P Steyn, T van Niekerk, J P Dreyer, E A Venter, J C Jordaan en H T Bührmann as sekretaris, met die reëlings vir 'n oorlog voortgegaan. Op 8 Oktober het die Raad besluit dat ses plase in die distrik Lydenburg uitgemeet en aangeteken moes word om te verkoop, waarvan die opbrengs vir die aankoop van krygsbenodigdhede aangewend sou word. Intussen

---

23. SS40, Supl 40/61: Krygsraadsbesluit, art 4, 6.11.1861.

24. SS40, Supl 42/61: A Merensky aan krygsraad, 21.10.1861.

sou daar voorlopig geld van die boere in die Lydenburgse distrik geleen word.[25)]

Teen November 1861 het H T Bührmann reeds Rds 2023.2.4. van die belanghebbende boere in leen verkry en is besluit om 3300 lbs lood, 1100 lbs kruit, ŉ vyfponder kanon en ŉ aantal doppies aan te koop.[26)] Die krygsraad het dit aan D J G Coetzee opgedra om die krygsaankope in Natal te gaan doen.[27)] Voorts is Mswati in kennis gestel dat hy sy krygers moes gereed hou om oor ongeveer sewentig dae te Elandspruit by die Boere-kommando aan te sluit.[28)] Aan Sekhukhune is ŉ boodskap gestuur waarin hy aangesê is om sy onderdane aan te raai om onder geen omstandighede by die voorgenome kommando teen Mabhogo betrokke te raak nie. Hy moes ook toesien dat geen Ndzundza-stamlid by die Pedi's gaan skuil nie. Laastens het die krygsraad Sekhukhune versoek om, aangesien hy nie bereid was om die kommando te steun deur krygers beskikbaar te stel nie, mielies en diensvolk om vee op te pas aan die gewapende magte te voorsien, waarvoor hy later vergoed sou word.[29)] Sekhukhune wou met die Blankes se voorgenome

---

25. SS40, Supl 28/61: Krygsraadsvergadering te Lydenburg, 8.10.1861.

26. SS40, Supl 40/61: Krygsraadsbesluit, art 3, 5.11.1861.

27. SS40, Supl 44/61: Instruksie van landdros Lydenburg aan D J G Coetzee namens krygsraad, 23.11.1861.

28. SS40, Supl 40/61: Krygsraadsbesluit, art 4, 6.11.1861.

29. SS40, Supl 40/61: Krygsraadsbesluit, art 6, 6.11.1861.

oorlog teen die Ndzundza egter niks te make hê nie. In Januarie 1862 het die krygsraad by voorbeeld weer eens 'n poging aangewend om Sekhukhune oor te haal om die Blankes met 'n kommando te voorsien en veldkornette T van Niekerk van J U Prinsloo afgevaardig om formeel 'n ooreenkoms met Sekhukhune te sluit. Sekhukhune het die afvaardiging baie beslis meegedeel dat "ik zal geen oorlog met Mapog maak want hy het zyn dogter voor myn gegee dat ik geen oorlog met hem moet maak maar als de menschen wil dan kan de mensche maar dit doen".[30] Hiermee het Sekhukhune finaal laat blyk dat die Blankes van die Pedi's geen steun sou ontvang nie.

Vroeg in Januarie 1862 het die krygsraad weer eens vergader - hierdie keer vir negentien agtereenvolgende dae.[31] Hoewel die Raad van plan was om tydens hierdie lang vergadering finale reëlings ten opsigte van die kommando teen Mabhogo te tref, was dit vanuit die staanspoor duidelik dat die oorlogsplanne om verskeie redes gekortwiek sou word. Eerstens het Mswati kennis gegee dat hy weens 'n maselepidemie onder sy mense nie kans gesien het om voor die winterseisoen 'n kommando op die been te bring

---

30. LL278, ongenommer: Ooreenkoms tussen Sekhukhune en krygsraad, ongeveer Januarie 1862. Sien ook SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluit, art 6, 3.1.1862-22.1.1862.

31 SS45, Supl 60/62: Krygsraadsvergadering te Lydenburg, 3.1.1862-22.1.1862.

nie, wat opsigself 'n vertraging van vyf tot ses maande sou beteken het.[32)]

Tweedens is die oorlogsreëlings deur regering- en leierloosheid in die Z A Republiek bemoeilik. Dit was die gevolg van pres M W Pretorius se strewe om die Oranje-Vrystaat met die Z A Republiek te verenig. Hy is naamlik in 1859 tydens langverlof tot president van die Oranje Vrystaat verkies sonder om sy Transvaalse presidentskap prys te gee, wat ernstige verdeeldheid tot gevolg gehad het. Die distrik Lydenburg, wat in April 1860 met die Z A Republiek verenig het, was teen vereniging met die Vrystaat gekant. In 1860 het die Transvaalse Volksraad, waarin die Lydenburgers sterk verteenwoordig was, Pretorius verplig om sy Transvaalse presidentskap prys te gee, waarna hy as president van die Vrystaat aangebly het. Hierdie optrede van die Volksraad het tot verdeeldheid en burgeroorlog in Transvaal gelei. Die Wes- en Noord-Transvalers, gelei deur kmdt-genl S T Schoeman, het verseg om iemand anders as Pretorius as president toe te laat, terwyl daar in Pretoria en Rustenburg onder die leiding van S J P Kruger Volksvergaderings gehou is om 'n nuwe regering volgens die grondwet van 1858 te probeer daarstel. In Augustus 1862 het Schoeman

32. SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluite, artikels 4 en 5, 3.1.1862-22.1.1862.

sover gegaan as om 'n staatsgreep in Pretoria uit te voer en 'n ongrondwetlike regering daar te stel wat voorlopig wou regeer totdat M W Pretorius uit die Vrystaat sou terugkeer om die amp van president weer op hom te neem. 'n Burgeroorlog was die gevolg waarin S J P Kruger 'n "staatsleër" teenoor 'n "volksleër", eers van Schoeman en toe van J H Viljoen gestel het. Openlike gevegte het in 1862 te Potchefstroom en in Januarie 1864 te Krokodilrivier plaasgeving. Ammunisie was egter skaars en die staatskas leeg, die burgers oorlogsmoeg en die land in regeringloosheid gedompel, wat hulle gedemoraliseer en die Swartes aangemoedig he om te verenig en tot veset oor te gaan. Nadat dit duidelik geword het dat M W Pretorius nie sy beleid van vereniging van die twee Boererepublieke kon deurvoer nie, het hy sy presidentskap van die Oranje-Vrystaat in 1863 opgegee en na Transvaal teruggekeer, waar hy ná 'n bemiddeling tussen die strydende faksies in Januarie 1864, daarin geslaag het om vrede te bewerkstellig en weer wettig tot Transvaalse president verkies te word. Daarmee is die tydperk van regeringloosheid en twiste om Pretorius as persoon beëindig, terwyl die Volksraadgesag herstel is.[33]

In die lig van die politieke en militêre woelinge onder

---

33. Vir besonderhede sien F A van Jaarsveld: "Eenheidstrewe", deel I, pp.286-293.

die Blankes van Transvaal, het die krygsraad in Januarie 1862 wyslik besluit om die voorgenome oorlog teen die Ndzundza vir eers uit te stel. Wanneer orde geskep en die Volksraadsgesag weer in ere herstel sou wees, sou die wenslikheid van 'n oorlog teen die Ndzundza al dan nie aan die Volksraad voorgelê word sodat dié liggaam die finale besluit daaroor kon neem.[34)] Voorts het die krygsraad besluit om dit aan 'n tweeman-kommissie bestaande uit oud-kmdt-genl W F Joubert en veldkornet I C Holtshauzen op te dra om, met die Blankes se swakheid voor oë, met Mabhogo oor die wenslikheid van vrede te onderhandel. Die krygsraad was bereid om vrede met hom te sluit indien hy onderneem om alle gebuite vee binne twee maande uit te lewer en hom aan die wette van die Z A Republiek te onderwerp.[35)] Indien nie, sou daar nie langer as April 1862 uitgestel kon word met die byeenbring van 'n kommando teen die Ndzundza nie, ongeag die Volksraad teen daardie tyd herstel was of nie.[36)] Alle Blanke inwoners van die distrik Lydenburg sou verbied word om die distrik tydelik of permanent te verlaat todat van Mabhogo verneem is of hy die vredesvoorwaardes aanvaar aldan nie. Inwoners wat die distrik permanent verlaat,

---

34. SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluit, art 4, 3.1.1862-22.1.1862.

35. SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluit, art 4, 3.1.1862-22.1.1862.

36. SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluit, art 8, 3.1.1862-22.1.1862.

se goedere sou aan die staat verbeurd verklaar word[37]. Voorts is besluit om aan 'n handelaar, W S Porter, opdrag te gee om namens die krygsraad 750 lbs kruit, 1700 lbs lood en een of twee klein kanonnetjies aan te koop.[38] D J G Coetzee, aan wie die Krygsraad in November 1861 opdrag gegee het om ammunisie in Natal te gaan aankoop,[39] het ondertussen berig dat hy probleme daarmee ondervind het weens die teenstand van Britse amptenare.[40]

Vroeg in Februarie 1862 het die kommissie wat met Mabhogo oor vrede moes gaan onderhandel, na Mapochstat vertrek. Tot sy verrassing het die kommissie bevind dat Mabhogo die vredesvoorwaardes soos op 3 Februarie 1862 aan hom oorgedra, sonder aarseling aanvaar het. Hy was bereid

---

37. SS45, Supl 60/62: Krygsraadsbesluit, art 4, 3.1.1862-22.1.1862. Hierdie krygsraadsbesluit is egter op 22 Mei 1862 deur die Uitvoerende Raad afgekeur, wat vervolgens besluit dat burgers wat die distrik onwettiglik verlaat, met tussen Rds 200 en Rds 500 beboet sou word. Sien URI: Uitvoerende Raadsbesluit, art 7, 19.5.1862.

38. SS45, Supl 60/62: Instruksie van krygsraad aan W S Porter, 24.1.1862.

39. SS40, Supl 44/61: Instruksie van landdros Lydenburg aan D J G Coetzee namens krygsraad, 23.11.1861.

40. Sien SS45, Supl 60/62: Instruksie van krygsraad aan W S Porter, 24.1.1862; SS40, Supl ongenommer: H T Bührmann aan Lt-Goew J Scott, 25.1.1862.

om alle vee wat van Blankes gebuit is binne twee maande uit te lewer en ook om jaarliks belasting aan die Z A Republiek te betaal. Hy het ook te kenne gegee dat hy geen oorlog begeer nie, want "hy is een kind van de wet".[41] Deur hierdie houding is die oorlogsituasie tydelik ontlont.

Wat Mabhogo se ware motiewe was toe hy hierdie vredesvoorwaardes aanvaar het, is nie duidelik nie. Dit is moontlik dat hy die Blankes met valse voorwendsels wou gerusstel, sodat hy tyd kon wen om homself beter op oorlog voor te berei, aangesien die datum waarop hy belowe het om aan die vredesvoorwaardes te voldoen, naamlik 30 Maart 1862, verbygegaan het sonder dat hy sy woord gestand gedoen het.[42] Hierdeur het Mabhogo weer eens duidelik te kenne gegee dat hy nie bereid was om hom vrywilliglik aan Blanke gesag te onderwerp nie. By die Blankes het die oortuiging sterker gegroei dat slegs militêre geweld hom sover sou kon bring om Blanke gesag te erken. Kmdt-genl Van Dyk het die nuwe toestand dringend per brief aan die Volksraad, wat intussen weer vergader het, uiteengesit. Volgens Van Dyk het die distrik in "groote onvijligheid" verkeer en was 'n oorlog

---

41. SS45, Supl 35/62: H T Bührmann aan O A Olivier, 12.2.1862.

42. SS42, R200/62: J van Dyk aan Volksraad, 2.4.1862.

nie slegs noodsaaklik nie, maar ook onvermydelik. Omdat die Blanke boere in "groot gevaar" verkeer het, moes die oorlog teen die Ndzundza "zonder eenig uitstel door gezet word".[43] Eers op 19 Mei 1862 kon die Uitvoerende Raad die toestand in die Lydenburg-distrik in oënskou neem. Na aanleiding van kmdt-genl van Dyk se uiteensetting oor die ernstige toestand wat ingetree het, het die wankelrige Uitvoerende Raad besluit dat dit noodsaaklik was dat "die kaffers met geweld van wapenen tot onderwerping en erkenning van het Gouvernement" gedwing moes word.[44] Die Uitvoerende Raad het Van Dyk se standpunt dat ŉ oorlog onvermydelik was in beginsel gesteun. Dit sou die enigste manier wees waarop Mabhogo verplig kon word om Blanke gesag oor die Ndzundza te erken. Die Uitvoerende Raad was egter van mening dat die byeenroep van ŉ kommando teen Mabhogo op hierdie stadium om begryplike redes, waarop reeds gewys is, onmoontlik was. Hiermee saam het onluste tussen Blank en Swart in die Soutpansbergdistrik en aan die Transvaalse grens met Zoeloeland, tot oormaat van ramp op die voorgrond getree. Dit het dringender aandag as die vyandskap met die Ndzundza vereis. Voorts was die Uitvoerende Raad van mening dat daar nie opgetree kon word voordat

---

43. SS42, R200/62: J van Dyk aan Volksraad, 2.4.1862.

44. URI: Uitvoerende Raadsbesluit, art 4, 19.5.1862.

die politieke probleme van Transvaal nie opgelos was nie. Om al hierdie redes is dit aan Van Dyk opgedra om as kommandant-generaal toe te sien dat vyandelikhede met die Ndzundza tot 'n absolute minimum beperk moes bly. 'n "oogenschÿnlyk vrede" moes met die Ndzundza bewaar word met die doel om tyd te wen, sodat daar tot aksie oorgegaan kon word wanneer die landsake in orde gebring was. Op hierdie wyse kon die Ndzundza onverhoeds betrap en aangeval word.[45)]

Die gevolg van gemelde Uitvoerende Raadsbesluit was dat daar nie voor 1863 met die byeenroep van 'n kommando teen Mabhogo voortgegaan kon word nie. Van hierdie ongunstige toestand het Mabhogo gebruik gemaak om sy mag verder te versterk en die Blanke boere in sy omgewing aanhoudend te terroriseer. Veebuitery het op so 'n groot skaal voorgekom dat heelwat boere in die omgewing van die Ndzundza hul plase uit moedeloosheid verlaat het.[46)] Dit wil voorkom of Mabhogo van plan was om deur die afbrand van weiding, die roof van vee en ander dade van weerstand en terreur, die lewe vir die Blanke boere so ondraaglik te maak dat hulle verplig sou wees om van Ndzundza-omgewing pad te gee. In Mei 1862 het sowat driehonderd Ndzundza-stamlede by voorbeeld by die plaashuis

45. UR1: Uitvoerende Raadsbesluit, art 4, 19.5.1862.

46. SS42, R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad (in handskrif van H T Bührmann), 19.5.1862.

van veldkornet Holshauzen opgedaag. Holtshauzen, wat nie tuis was nie, se vrou en kinders moes toekyk hoe die Swartes die huis binnedring, allerlei "moedswillighede" gepleeg en "zelfs groote partyen" daarin gehou het.[47)] Insidente soos hierdie laat die idee ontstaan dat Mabhogo die inwoners so die skrik op die lyf wou ja dat hulle uit moedeloosheid en uit vrees vir hul lewens hul grond sou verlaat. Geen plaashuise is egter militêr aangeval of boeregesinne uitgemoor nie, wat toon dat Mabhogo die Blankes deur intimidasie as vorm van weerstand wou verskrik, maar sonder die bedoeling om werklik gruweldade te pleeg. Gedurende 1862 sou die buit van Blanke vee ook toeneem. 'n String klagtes van die wyksinwoners oor diefstal en algemene onrus, het die landdros van Lydenburg bereik.[48)] Skynbaar was Mabhogo van mening dat, aangesien die Blankes nie dadelik en kragdadig teen hom opgetree het nie, hulle hom vrees, wat hom hom tot verdere diefstal, onrus en rowery aangespoor het.[49)] Hy het ook nie versuim om, waar moontlik, die

---

47. SS42,R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad (in handskrif van H T Bührmann), 19.5.1862.

48. Sien o.a.: LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 8.5.1862; SS42, R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad, 19.5.1862; SS51, R927/63: C Potgieter aan Uitvoerende Raad, 19.12.1862; LL1: H T Bührmann aan C Potgieter, 18.11.1862; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 8.10.1862, 20.10.1862, 12.11.1862 en 10.12.1862.

49. Sien ook T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.217.

hulp van ander stamme in sy weerstand teen die Blankes in te roep nie. So het ongeveer ŉ honderd-en-vyftig gewapende onderdane van Moshoeshoe op 29 Desember 1861 by Mapochstat opgedaag en tot laat in Februarie 1862 daar vertoef.[50)] Wat presies hulle daar gedoen het is onseker, maar dit is waarskynlik dat Mabhogo Moshoeshoe om hulp genader het[51)] of dat Moshoeshoe ŉ soort vereniging van swart volke teen Blanke gesag wou bewerkstellig wat die wit Transvalers sou verhoed om die Vrystaters tot hulp te kom indien ŉ botsing tussen die Sothos en die Oranje-Vrystaat sou plaasvind. Ook Maleo, opperhoof van die Kopa, is deur Mabhogo in sy stryd teen die Blankes betrek. Volgens kmdt-genl van Dyk sou Maleo, elke keer wanneer daar gerugte in omloop was dat die Blankes met ŉ kommando teen Mabhogo gaan optrek, gewapende krygers na Mapochstat gestuur het.[52)] Mabhogo het homself dus deeglik voorberei vir ŉ komende stryd teen die Blankes in Transvaal.

Die besluit van die Uitvoerende Raad in Mei 1862 dat die oorlog teen Mabhogo vir eers uitgestel moes word,

---

50. SS42, R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad, 19.5.1862; L19: Dagboek van landdros Lydenburg, 7.1.1862.

51. Kyk P Sanders: Moshoeshoe, Chief of the Sotho, p.282.

52. SS42, R237/62: J van Dyk aan Uitvoerende Raad, 19.5.1862.

het die Blankes in die distrik in 'n uiters moeilike posisie geplaas. Hulle sou geduldig moes wag totdat die Blanke onluste en die Volksraadsgesag in Transvaal herstel en goedkeuring deur die Raad verleen sou word dat burgers ook uit ander distrikte vir die voorgenome oorlog teen Mabhogo gekommandeer kon word. Intussen moes die "brutaliteit" van die Swartes in die omgewing maar verdra word. Teen Mei 1862 is daar solank begin met die oprigting van 'n kruithuis,[53)] terwyl 'n aandklokreël op Lydenburgdorp vir Swartes as beveiligingsmaatreël ingestel is om "rondlopery" te bekamp.[54)] Tot aan die einde van 1862 het die onveilige toestand in die distrik voortgeduur. Landdros Potgieter het aan die Uitvoerende Raad laat weet dat "de toestand van het district Lydenburg sedert my laatste schrijven nog niet verbeterd is en nog steeds in dezelfde ellendige toestand verkeer ...[55)]

Teen Januarie 1863 het die toestand sodanig versleg dat landdros Potgieter van Lydenburg dit goedgedink het om 'n proklamasie uit te vaardig waarin distriksinwoners gemagtig is om enige onderdaan van Mabhogo wat sonder 'n pas rondloop, summier dood te skiet.[56)] Of dit gebeur het,

---

53. SS45, Supl 63/62: Notule van die hof van landdros en heemraden te Lydenburg, 3.6.1882.

54. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 30.10.1862.

55. SS51, R927/63: Landdros Lydenburg aan Uitvoerende Raad, 19.12.1862.

56. LL177: C Potgieter aan J J A Steyn, 3.1.1863.

weet ons nie. Daar sou egter nie voor Oktober 1863 teen die Ndzundza opgetree kon word nie.

### 3.3 Sekhukhune kom die Blankes tot hulp in 'n mislukte aanslag op die Ndzundza

Toe vyandskap in Junie 1860 tussen die Blankes en die Ndzundza ontstaan en die Blankes besluit het om militêr teen Mabhogo op te tree, is Sekhukune aanvanklik om hulp genader. In Augustus 1861 en weer in Januarie 1862 het Sekhukune laat blyk dat hy nie van plan was om aan die Blankes hulp te verskaf deur die beskikbaarstelling van 'n krygsmag nie.[57)] Dit was om hierdie rede dat die krygsraad by Mswati om hulp aangeklop het. Die doel was om vanweë eie swakheid hulp van bevriende Swartes teen vyandig-gesinde en weerstandbiedende Swartes te verkry, wat op 'n beleid van verdeel-en-heers neerkom. Die bordjies is vroeg in 1862 verhang toe dit duidelik geword het dat daar ook wrywing tussen die Ndzundza en die Pedi ontstaan het, onder meer weens Ndzundza-strooptogte op Pedi-krale. Ook het Mabhogo hom die Pedi-vyandskap op die hals gehaal deur beskerming te verleen het aan Mampuru, 'n halfbroer van Sekhukhune wat na die afsterwe van Sekwati saam met hom as wettige

---

57. SS40, Supl 21/61: Verslag van G J Joubert en L A G Steyn, 22.8.1861; LL278, ongenommer: Ooreenkoms tussen krygsraad en Sekhukhune, ± Januarie 1862.

troonopvolger ook op die Pedi-opperhoofskap aanspraak gemaak het. Om al hierdie redes het Sekhukhune in Maart 1862 deur middel van 'n sendeling, eerw A Nachtigal, landdros Potgieter versoek dat die Blankes hom moes toelaat om oorlog teen Mabhogo te maak. Sekhukhune wou tegelykertyd ook 'n aanval op Maleo doen.[58)] In Junie en weer in November 1862 het gerugte die rondte gedoen dat Sekhukhune hom vir 'n aanval op Mabhogo gereed maak.[59)] Vroeg in 1863 het landdros Potgieter 'n skrywe aan Sekhukhune gerig waarin hy hom aangemoedig het om met sy planne vir 'n aanval op Mabhogo voort te gaan. Hy het Sekhukhune voorts gewaarsku om nie te lank hiermee uit te stel nie, aangesien Mabhogo dan genoeg tyd sou hê om planne teen hom "te bedink".[60)] Toe Sekhukhune nie op Potgieter se skrywe reageer het nie, het Potgieter Sekhukhune deur middel van eerw A Merensky daartoe probeer oorhaal deurdat Potgieter Merensky gevra het om Sekhukhune te waarsku dat, indien hy (Sekhukhune) nie betyds tot aanval op die Ndzundza oorgaan nie, Mabhogo die Pedi geleidelik sou uitmergel sodat daar van die stam niks sou oorbly nie. Potgieter het Sekhukhune ook meegedeel dat hy

---

58. LL177: C Potgieter aan J van Dyk, 3.3.1862; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 11.3.1862.

59. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 24.6.1862 en 3.11.1862.

60. LL177: C Potgieter aan Sekhukhune, 5.1.1863.

nie-amptelik verneem het dat Mabhogo met die volgende volmaan ŉ aanval op die Pedi beplan.[61] Potgieter se waarskuwing aan Sekhukhune is bewaarheid toe Mabhogo op 25 Maart 1863 in samewerking met Maleo vyf buitekrale van die Pedi aangeval, talle onderdane gedood en ŉ menigte vee weggevoer het.[62] In Mei het Sekhukhune aan kmdt P W A Nel kennis gegee dat hy met vyftienduisend man ŉ vergeldingsaanval op Mabhogo gaan doen met die bedoeling om sy mag so finaal te breek.[63] Op Maandag, 10 Augustus 1863, het Sekhukhune se krygers tot die aanval oorgegaan en vier van Mabhogo se buitekrale verwoes. Tot die Ndzundza se hoofsetel Erholweni in die Steenkampsberge kon die krygers egter nie deurdring nie.[64] In September het Sekhukhune ŉ tweede aanval geloods, wat ook misluk het. Die Pedi-krygers het weens die kwaai weerstand op die vlug moes slaan.[65]

Gedurende 1863 sou die Blankes ook erg onder Mabhogo deurloop. Strooptogte is gereeld uitgevoer op die plase waarvan die eienaars nog nie verdryf was nie. In

---

61. LL177: C Potgieter aan A Merensky, 8.3.1863.
62. LL177: C Potgieter aan J van Dyk, 2.4.1863; LL177: A Merensky aan C Potgieter, 6.4.1863.
63. SS52, Supl 48/63: L H P Steyn aan O A Olivier, 9.5.1863.
64. LL1: I C Holtshauzen aan landdros Lydenburg, 13.8.1863.
65. SS50, R707/63: J van Dyk aan Staatspresident, 15.9.1863.

Junie 1863 het kmdt-genl Van Dyk aan die staatspresident gerapporteer dat "de kafferskappetÿn Mapog de laatste tÿd onophoudelijk rooft en aanlyding geeft om met ons in aanraaking te koomen".[66] In Augustus het kmdt L H P Steyn kmdt-genl van Dyk ingelig dat Mabhogo se onderdane drie veewagters in diens van Blanke boere vermoor en sewentien beeste weggevoer het wat onder hulle toesig was.[67] Toe Mabhogo bemerk dat daar nie teen hom opgetree word nie, het hy sy rooftogte eenvoudig net verskerp. Teen die einde van Augustus 1863 het hy persoonlik begin leiding gee. Hy het al meer uitdagend teenoor die gesag van die Blankes in Transvaal geword en op die 29e Augustus aan veldkornet Holtshauzen per boodskap laat weet dat hy hulle "die oorlog aansê".[68] Hy het bygevoeg dat hy nie sou rus voordat elke witmens uit sy land tot anderkant die Vaalrivier verdryf was nie.[69] Dit kom daarop neer dat Mabhogo die mening toegedaan was dat die grond aan hom behoort en dat die Blankes dit onwettig beset het, waarteen hy met reg sou bly weerstand bied.

---

66. SS48, R431/63: J van Dyk aan Staatspresident, 3.6.1863.

67. SS49, R633/63: J van Dyk aan Staatspresident, 31.8.1863; SS52, Supl 54/63: L H P Steyn aan O A Olivier, 17.6.1863.

68. SS52, Supl 113/63: L H P Steyn aan O A Olivier, 1.9.1863.

69. SS50,R707/63: J van Dyk aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 15.9.1863; LL1: P W Nel aan landdros Lydenburg; 8.9.1863; SS52, Supl 113/63: L H P Steyn aan O A Olivier, 8.9.1863; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 10.9.1863. Kyk ook T S van Rooyen: "Verhoudinge" p.218.

Onmiddellik na Mabhogo se oorlogsverklaring het die oorblywende plaasboere onder leiding van kmdt P W A Nel in laers saamgetrek om hulleself te beveilig en 'n Ndzundza-aanval af te weer.[70] Kmdt-genl van Dyk het die Uitvoerende Raad onmiddellik om hulp gevra aangesien die laers nie oor genoeg krygsbehoeftes of mannekrag beskik het om 'n aanval gemaklik te kon afslaan of weerstaan nie.[71] Afvaardigings om hulp is ook na Sekhukhune en Mswati gestuur,[72] wat weer eens toon hoe afhanklik die Blankes van swart bondgenote geword het. Hulle kon nie uit eie krag hul posisie as heersersklas in Transvaal handhaaf nie en was derhalwe op swart krygshulp aangewese.

Landdros Potgieter het dit aan veldkornet H J Viljoen opgedra om die krygsbehoeftes waaroor beskik is, nl 300lbs kruit, 600 lbs lood, 150 kanonkoeëls en sewe dose doppies onder die burgers in die laers te verdeel.[73] Inwoners van die dorp Lydenburg self het in 'n laer op die dorp saamgetrek en die omgewing met patrollies beveilig.[74]

---

70. LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 8.9.1863; LL1: J W Pienaar en L H P Steyn aan C Potgieter, 10.9.1863; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 10.9.1863.

71. SS50, R707/63: J van Dyk aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 15.9.1863.

72. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 29.9.1863 en 9.10.1863.

73. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 5.10.1863.

74. SS52, Supl 142/63: Regulasies vir die laer te Lydenburg, 17.10.1863.

Omdat kmdt-genl Van Dyk se vrou intussen ernstig siek geword het, is kmdt P W A Nel aan die hoof van die vergeldingsmag gestel.[75)] Vroeg in Oktober 1863 het die eerste vyandelikhede uitgebreek toe Mabhogo een Sondagnag 'n aanval op die laer van kmdt L H P Steyn geloods het. Dié het op veldkornet Holtshauzen, wie vroeër met Mabhogo onderhandel het, se plaas gestaan. Die aanval van die Ndzundza was gedeeltelik suksesvol. Mabhogo se krygers het daarin geslaag om heelwat beeste te buit, maar agt van sy aanvalsmag het gesneuwel.[76)] Met 'n vergeldingsaanval het kmdt P W A Nel en 'n aantal burgers op 25 Oktober daarin geslaag om meer as vierhodnerd van Mabhogo se beeste in die omstreke van sy hoofsetel te buit, terwyul tien van sy onderdane doodgeskiet is. Nel kon vanweë die kwaai weerstand egter nie daarin slaag om tot binne die hoofsetel deur te dring nie.[77)] Intussen het Sekhukhune van die Pedi besluit om die Blankes in hul stryd teen die Ndzundza by te staan - Sekhukhune se vyandskap met Mabhogo het uiteindelik die deurslag gegee. Op 29 Oktober 1863 het 'n groot

---

75. SS51, R903/63: J van Dyk aan W C J van Rensburg, 1.12.1863.

76. SS52, Supl 137/63: I C Holtshauzen aan J P Dreyer, 13.10.1863; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 19.10.1863.

77. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 29.10.1863.

Pedi-krygsmag onverwags by die laer van kmdt P W A Nel opgedaag. Dié het geoordeel dat 'n gesamentlike aanval so gou moontlik op Mabhogo se hoofsetel gedoen moes word. Sekhukhune is onder andere belowe dat al die beeste wat die Ndzundza van die Pedi gebuit het, in ruil vir hulp uitgelewer sou word. Op Saterdag, 3 November 1863 is die gesamentlike Blank-Swart aanval op die Ndzundza-hoofsetel Erholweni geloods. Die Pedi's het baie dapper geveg en aanvanklik vreesloos die Ndzundza-skanse bestorm, terwyl hulle oral brand gestig het. Die Blankes, onder aanvoering van kmdt P W A Nel, het die agterhoede met geweervuur en kanonskote gedek. Aanvanklik het dit gelyk of die Pedi's die Ndzundza-vesting maklik gaan inneem, maar na kwaai weerstand van die Ndzundza het die Pedi-krygers holderstebolder omgedraai en op die vlug geslaan. Mabhogo se militêre vermoeëns is duidelik onderskat. Toe die Pedi's begin vlug, het ook die Blankes die hasepad gekies. In die verwarring wat ontstaan het, is twee kanonne agtergelaat. Die gesamentlike aanslag van die bondgenote het dus op 'n totale mislukking uitgeloop. Die volgende dag is die Pedi-krygers sonder kennisgewing aan kmdt Nel huis toe. Nel wou nog met hulle onderhandel oor 'n tweede aanslag, maar toe hy weer sien, was daar nie 'n enkele Pedi meer te sien nie.[78)] Dit het die Boere in die

---

78. LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 2.11.1863. Sien ook P Delius: <u>The Land Belongs to us</u>, p.97; T S van Rooyen: "<u>Verhoudinge</u>", pp.220-222.

verleentheid gestel aangesien dit duidelik was dat nie eens hul vuurwapens indruk gemaak het nie. Kmdt Nel het onverwyld 'n afvaardiging na Mswati gestuur met die versoek dat hy sonder versuim 'n krygsmag tot hulp en redding van die Blankes moes stuur.[79] Die Swazi-hoof het blykbaar nie hierop gereageer nie.

Gelukkig vir Nel het versterkings uit ander distrikte begin opdaag.[80] Op 4 November het kmdt-genl T J Snyman in opdrag van kmdt-genl Paul Kruger hom met 105 manskappe by kmdt Nel se magte aangesluit, terwyl nog agt-en-sestig man op 5 November onder leiding van veldkornette A du Pré en H Malan hul opwagting gemaak het. Kort hierna het nog manskappe onder die leiding van kmdt W Lombard en veldkornette S Eloff en P Potgieter hulle by die magte van kmdt Nel aangesluit.[81] Teen die einde van November was die Blanke kommando sowat drie tot vierhonderd man sterk.[82] Vyandelikhede tussen die Boeremagte en Mabhogo het intussen voortgegaan. Op 8 November het 'n perdekommando onder leiding van kmdt-genl T J Snyman vertrek om 'n aanval op twee van Mabhogo se onderkapteins

---

79. LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 2.11.1863.

80. Die argiefbronne meld nie uit watter ZAR-distrikte die hulp afkomstig was nie.

81. LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 6.11.1863; LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 13.11.1863.

82. T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.219.

"Malgas" en "Kehesla" aan die Olifantsrivier te doen.[83] Die kommando het die kapteins met 'n vroeë oggendaanval verras en daarin geslaag om 133 beeste, drie-en-vyftig bokke en 'n aantal skape te buit, terwyl een Ndzundza-kryger gedood is.[84] Dit sou egter die laaste poging van die Blanke magte wees om Mabhogo in 1863 militêr te probeer knak. 'n Ernstige tekort aan krygsbehoeftes[85] en burgers het enige verdere militêre optrede aan bande gelê. Weens die Schoeman-rebellie wat reeds in Augustus in Pretoria tot uitbarsting gekom het, kon geen verdere manskappe vir die kommando teen Mabhogo uit ander distrikte voorsien word nie aangesien bykans alle weerbare manne in die Z A Republiek deur S J P Kruger opgekommandeer is om die rebellie te help onderdruk.[86] Teen die einde van 1863 ontstaan daar dus 'n skaakmatposisie tussen die Ndzundza en die verswakte Blankes. Die gewapende magte moes hulle vir eers aan die krygsfront onttrek. Weens die onveilige toestand wat in die distrik Lydenburg geheers het, kon plaasboere in die omgewing van die Ndzundza-woongebied egter nie na hul plase terugkeer nie. Hierdie boere het laer getrek op die plaas Witpoort, suid van Mabhogo se hoofsetel. Hiermee wou hulle demonstreer

---

83. SS52, Supl 146/63: H T Bührmann aan landdros Lydenburg, 9.11.1863.

84. LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 13.11.1863.

85. SS52, Supl 146/63: H T Bührmann aan landdros Lydenburg, 9.11.1863; LL1: P W A Nel aan C Potgieter, 13.11.1863.

86. SS8614, BB57/63: Staatsekretaris H van der Linden aan J van Dyk, 1.12.1863.

dat hulle nie hul aansprake op hulle plase sou prysgee nie, al het die kommando reeds uiteengegaan.[87] Dat hierdie boere dit werklik swaar gehad het, kom duidelik na vore uit 'n brief van H T Bührmann op 11 Desember aan president W C J van Rensburg, wie in 1863 wettiglik verkies is. Bührmann het onder andere beweer dat die toestand in die distrik "ellendig en gevaarlÿk" was - nag na nag moes die inwoners ter verdediging van hul besittings met die wapen in die hand staan - "en noch word moord, brand en roof gewapend door de vyanden gepleegd".[88] Intussen is die onbeskermende plase van die boere wat in die laer op die plaas Witpoort skaakmat gestaan het, totaal deur die Ndzundza vernietig. Al die plaashuise is afgebrand terwyl ook die landerye verwoes is.[89] Die ellendige toestand in die distrik sou egter nie voor 1864 'n wending neem nie.

## 3.4 Onvermoë van die Blankes om die Ndzundza militêr te onderwerp lei tot erkenning van Mabhogo se soewereiniteit en vredesluiting, Mei 1865.

Dat die Blanke inwoners van die distrik Lydenburg teen die begin van 1864 moedeloos was oor die skaakmat-posisie

---

87. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 15.11.1880.

88. SS51, R920/63: H T Bührmann aan W C J van Rensburg, 11.12.1863.

89. SS51, R924/63: J van Dyk aan Staatspresident, 16.12.1863.

wat met betrekking tot die oorlogstoestand waarin hulle met die Ndzundza gewikkel was geheers het, blyk duidelik uit 'n aantal skrywes van prominente figure uit die distrik Lydenburg aan die regering van die Z A Republiek. In Februarie het H T Bührmann aan die goewermentsekretaris voorgestel dat die regering Joao Albasini, een van die Soutpansbergse pioniere en kaptein van die Magwamba-stam,[90] met sy onderhoriges moes opkommandeer om die Ndzundza militêr aan te pak. Omdat die Blankes reeds so uitgeput was, het Bührmann "gesmeek" dat "het uiterste beproefd worde - om die kaffers door kaffers te laten aanvallen",[91] 'n beginsel waarmee reeds kennis gemaak is. Teen April het landdros Potgieter aan die staatspresident geskryf dat dit nie meer moontlik was om die distriksinwoners langer binne die distrik te hou nie, "daar verscheidene huisgezinnen door gebrek letterlyk genoodzaakt worden te trekken".[92] Op 22 April is 'n petisie, onderteken deur kmdt-genl J van Dyk, kmdt P W A Nel, waarnemende kmdt L H P Steyn, H T Bührmann,

---

90. Sien J B de Vaal: <u>Die rol van Joao Albasini in die geskiedenis van die Transvaal</u> (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, deel I, 1953).

91. SS54, R107/64: H T Bührmann aan Staatsekretaris, 29.2.1864.

92. SS55, R200/64: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 9.4.1864; LL18: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad (kopie), 9.4.1864.

veldkornet P J Fourie en I C Holtshauzen ("vroeger veldcornet doordien hy verpligt was zyn wyk te verlaten"), aan die Uitvoerende Raad gestuur. Hulle het beswaar aangeteken teen die feit dat die regering van die Z A Republiek sedert Oktober 1863 nog geen vinger verroer het om die distriksinwoners tot hulp te kom nie, ten spyte van die feit dat die regering goed ingelig was oor die dringendheid van die situasie. Om hierdie rede het die ondertekenaars dit goedgedink om "hulp af te smeeken". Die Uitvoerende Raad is daarop gewys dat die plaasboere wat weens die oorlog hul plase moes verlaat, sedert Oktober 1863 - dus meer as ses maande - in laers gestaan het. Die armoede van hierdie mense was "verschrikkelyk groot", aangesien hulle geen oes kon insamel nie. Die Uitvoerende Raad is voorts gewaarsku dat, indien hulp nie vinnig sou opdaag nie, die dorpsinwoners ook die distrik sou moes verlaat, aangesien die handelsroetes na Pretoria onveilig was. Volgens die ondertekenaars sou dit vir die Republiek 'n "overgrooten schande" wees as die hele Lydenburgse dorp en ook die kerk in die hande van Swartes moes val.[93)]

Uitkoms het egter van onverwagte kant gekom. Op 3 Maart 1864

---

93. SS55, R220/64: J C van Dyk en andere aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 22.4.1864.

het Mabhogo boodskappers na kmdt P W A Nel gestuur met die doel om vrede aan te bied. Nel het aan Mabhogo laat weet dat hy vrede kon kry indien hy bereid was om al die gebuite vee uit te lewer,[94] waarop Mabhogo aan Nel te kenne gegee dat hy nie belangstel om verder te onderhandel nie.[95] Pogings om Mswati oor te haal om met 'n krygsmag teen die Ndzundza op te trek, is intussen nie laat vaar nie. Op 11 Maart 1864 het J de Beer landdros Potgieter ingelig dat Mswati ingestem het om met 'n kommando 'n aanslag op die Ndzundza te doen. Die Swazihoof was ook bereid om Mabhogo se bondgenoot Maleo, opperhoof van die Kopa-stam, aan te pak.[96] Op 10 Mei 1864 het Mswati sy belofte uitgevoer en met 'n groot krygsmag teen eers Maleo opgetrek. Die Kopa is verslaan en omtrent geheel en al uitgewis. Agt-honderd-drie-en-vyftig van Maleo se nagenoeg negehonderd weerbare mans is om die lewe gebring en sowat 2500 vroue en kinders is gevange geneem. Maleo self is ook in die aanval gedood. Volgens kommandant-generaal van Dyk, wat die terrein kort na die aanval besoek het, het lyke sewe tot agt voet dik opmekaar

---

94. SS63, Supl 33/64: P W A Nel aan landdros Lydenburg, 11.3.1864; LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 15.3.1864.

95. SS54, R152/64: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 21.3.1864.

96. LL177: Dagboek van landdros Lydenburg, 11.3.1864; SS54, R152/64: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 21.3.1864.

gestapel gelê.[97] Hiermee het die Kopa ook as magsfaktor in Oos-Transvaal verdwyn.

Vanaf Maleo se stat het die Swazi's teen Mabhogo opgeruk. Kommandante L H P Steyn en P W A Nel het met 'n aantal manskappe die Swazi's tot hulp probeer wees, maar Mabhogo het die aanslag op sy hoofsetel afgeslaan. Sowat sestig Ndzundza-krygers is tydens die aanval gedood terwyl die Swazi's daarin geslaag het om heelwat vee weg te voer. Behalwe vir hierdie beperkte sukses moes die Swazi's op die vlug slaan sonder dat Mabhogo werklik ernstige materiële verliese aangedoen is.[98] Tog het die Ndzundza indirek 'n knou gekry deurdat hul trouste bondgenote, die Kopa, se mag totaal gebreek was.

Na aanleiding van die klagtes en versoeke om hulp uit die distrik Lydenburg,[99] het die Uitvoerende Raad op 11 Mei 1864 besluit dat 'n kommando byeengebring moes word om die distriksinwoners tot hulp te kom. Dit is

---

97. SS56, R281/64: J de Beer aan L H P Steyn, 17.5.1864; SS56, R291/64: J van Dyk aan S J P Kruger, 26.5.1864; SS56, R293/A/64: J van Dyk aan M W Pretorius, 26.5.1864. Breedvoerige beskrywings van die gebeure verskyn ook in Th. Wangemann: Maleo en Sekoekoeni, p.61 en H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu, pp.41-42.

98. SS56, R293/A/64: J van Dyk aan M W Pretorius, 26.5.1864. Sien ook H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu, pp.41-42.

99. Sien voetnote 91, 92 en 93 van hierdie hoofstuk.

aan kmdt-genl T J Snyman opgedra om die nodige kommandante, veldkornette en manskappe op te kommandeer sodat die kommando teen 20 Junie kon vertrek. Aan S J P Kruger is opdrag gegee om solank met 'n patrollie vooruit te gaan en ondersoek na die toestand te doen.[100)] Op 12 Junie het Kruger aan kmdt L H P Steyn laat weet dat hy solank vyftien man moes opkommandeer wat hom na Mabhogo kon vergesel sodra hy in die distrik arriveer.[101)] Om onbekende redes het Kruger egter nooit op Lydenburg opgedaag nie, en is die kommando ook nie byeengebring nie sodat die skaakmat-posisie bly voortbestaan het, wat van die magteloosheid van die sentrale regering getuig. Toe dit aan die distriksinwoners duidelik geword het dat daar van die voorgenome kommando niks sou kom nie, het twaalf plaasboere 'n petisie regstreeks aan M W Pretorius gerig waarin hulle beswaar aangeteken het teen die feit dat hulle moes ly onder die "slecht bestuur" van die Republiek. Die regering is verwyt dat hy die skuld moes dra vir die ellende en probleme in die distrik aangesien Mswati destyds (1846) reeds aangebied het om "dit land schoon te maken van vijanden" en hierdie hulp deur die regering van die hand gewys is. Om hierdie rede het die ondertekenaars opnuut 'n versoek tot die regering gerig om die Swazi's teen die

---

100. UR1: Uitvoerende Raadsbesluit, art 1, 11.5.1864; SS63, Supl 55/64: Uitvoerende Raad aan T J Snyman, 13.5.1864; SS63, Supl 56/64: Uitvoerende Raad aan S J P Kruger, 13.5.1864; SS63, Supl 57/64: M W Pretorius aan S J P Kruger, 13.5.1864.

101. SS56, R393/64: S J P Kruger aan L H P Steyn, 12.6.1864.

Ndzundza in te span en hulle so tot "order en gehoorzaamheid" te bring. Hulle was voorts van mening dat "die kaffermagt ons van zeer groote en goede dienst zal zyn."[102)]

Pretorius het die distrik hierop in opdrag van die Uitvoerende Raad[103)] self besoek en op 24 September aan die Volksraad gerapporteer dat hy daarvan oortuig was dat, ter bereddering van die oorlogsituasie met Mabhogo, daar geen ander uitweg was as om hom militêr te verslaan nie. Pretorius het die Volksraad meegedeel dat hy die distrik in 'n "droewige" toestand aangetref het, en dat daar by hom geen twyfel bestaan het dat al die Blankes die distrik sou moes verlaat indien daar nie spoedig militêr teen die Ndzundza opgetree word nie. Mabhogo het steeds geweier om aan "enige order" te voldoen, asook om die gebuite vee uit te lewer, wat 'n bewys was dat hy sy oorlogsugtige houding nie wou laat vaar nie.[104)] In opvolging hiervan het die Volksraad op 28 September besluit dat dit aan die Uitvoerende Raad gelaat sou word om te besluit hoe om verder teenoor die Ndzundza op te tree.[105)] Ten spyte van verdere klagtes en oproepe

---

102. SS56, R353/64: G S Schoeman en 11 ander aan M W Pretorius, 14.6.1864.

103. UR1: Uitvoerende Raadsbesluit,8.4.1864, artikels 1 en 2.

104. Breytenbach en Joubert: ZAR Volsraadsnotule, deel V; Bylaag 35 van 1864: M W Pretorius aan Volksraad, 26.9.1864, pp.176-177.

105. Breytenbach en Joubert: ZAR Volksraadsnotule, deel V; Volsraadsbesluit, art 131, 28.9.1864, pp.51-52.

om hulp uit die distrik,[106)] asook gerugte dat Mabhogo intussen by Mpande om hulp gaan aanklop het,[107)] was die regering nie in staat om voor 1864 enige verdere besluit te neem nie. In 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad het kmdt P W A Nel beweer dat die regering met sy besluiteloosheid die mense nie beter "als uria" behandel nie,[108)] wat weer eens die magteloosheid van die Boere=regering teenoor die swart inwoners onderstreep.

Aan die einde van 1864 het 'n ernstige voedseltekort en hongersnood onder die Ndzundza ontstaan. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die feit dat die stam weens die oorlogstoestande, net soos die Blankes, vir geruime tyd nie kon saai nie. Weens die koring- en meelgebrek, het dit toenemend begin gebeur dat stamlede met beeste by boere-gesinne opgedaag en dit vir kontantgeld of voedsel probeer verruil het.[109)] Heelwat boere het vanweë

---

106. SS59: R818/64: P W A Nel aan Staatspresident, Uitvoerende Raad en kommandant-generaal, 19.11.1864; SS60, R926/64: J U de Beer aan M W Pretorius, 18.10.1864; LL18: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 11.10.1864 en 26.10.1864.

107. LL18: Landdros Lydenburg aan A Merensky,19.9.1864; LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 19.10.1864; SS61, R976/64: Landdros Lydenburg aan Staatspresident, 26.10.1864.

108. SS59, R818/64: P W A Nel aan Staatspresident, Uitvoerende Raad en Kommandant-generaal, 19.11.1864.

109. SS58, R672/64: J de Beer aan M W Pretorius en S J P Kruger, 29.11.1864; SS59, R818/64: P W A Nel aan S J P Kruger, Staatspresident en Uitvoerende Raad, 19.11.1864; SS62, R1223/64: Dagboek van distriks-prokureur P J Coetser, 27.12.1864; LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 30.11.1864; LL179: C Potgieter aan H J Viljoen, 19.12.1864; SS62, R1207/64: P W A Nel aan Uitvoerende Raad, 23.12.1864;LL2 P W A Nel aan C Potgieter, 19.12.1864.

hul eie armoede hieraan toegegee. By wyse van 'n algemene bekendmaking het die landdros van Lydenburg dit gerade geag om hierdie transaksies vanweë die bestaande oorlogs=toestand te verbied, terwyl die veldkornette gelas is om toe te sien dat geen Ndzundza-stamlede op Boereplase rondbeweeg nie. Boere is gewaarsku dat daar streng teen hulle opgetree sou word indien hulle met 'n Mapogger sou handeldryf.[110)] Aan Mabhogo is 'n boodskap gestuur dat hy moes toesien dat sy stamlede buite Blanke gebied bly.[111)] Weens die hongersnood het die Ndzundza egter met gereelde stroop- en plundertogte op kleiner stamme begin. Op 23 Desember 1864 het sowat 250-300 Ndzundza-krygers 'n strooptog op die oorblyfsels van die verswakte Kopa uitgevoer en al hul voedsel en komberse afgeneem.[112)]

---

110. LL18: Algemene bekendmaking van landdros Lydenburg, 19.12.1864.

111. SS62, R1201/64: Landdros Lydenburg aan J de Beer, 24.12.1864.

112. SS62, ongenommer: H Grützner aan P W A Nel, 23.12.1864; SS64, R31/65: C Potgieter aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 4.1.1865; SS64, R33/65: C Potgieter aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 4.1.1865; LL2: P W A Nel aan C Potgieter, 1.1.1865; LL18: C Potgieter aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 4.1.1865; LL18: Dagboek van landdros Lydenburg, 4.1.1865; sien ook D W van der Merwe: Geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap..., p.67.

Die hongersnood onder die Ndzundza het egter nuwe hoop by die Lydenburgse distriksinwoners laat ontstaan dat die Ndzundza militêr verslaan kon word. Toe Mabhogo by voorbeeld in Januarie 1865 aan kmdt P W A Nel laat weet het dat hy graag wou vrede maak, het Nel die moontlike onderhandelings in die wiele gery deur onmoontlike vredesvoorwaardes te stel. Hy het Mabhogo naamlik laat meedeel dat hy slegs vrede kon kry indien hy bereid sou wees om sy vesting in die Steenkampsberg te verlaat, en hom en sy volk op ŉ aangewese plaas in die Hoëveld te vestig,[113)] iets wat hy geweet het Mabhogo nooit sou aanvaar nie. Kort hierna het landdros Potgieter ŉ skrywe aan die Uitvoerende Raad gerig waarin hy versoek het dat daar so gou moontlik ŉ kommando teen die Ndzundza uitgestuur moet word aangesien die hongersnood onder die Ndzundza aan die kommando ŉ voorsprong sou gee. So ŉ kommando moes vertrek voor Mabhogo en sy volk geleentheid gehad het om hulle oeste in te samel, aangesien dit die Ndzundza kans sou gun om te herstel, wat die Blankes se posisie verder sou verswak.[114)] Teen die einde van Januarie 1865 het Mabhogo die diplomatieke agent J de Beer na Erholweni ontbied en weer eens gevra om die vrede te herstel. De Beer is in Julie 1864 as

113. LL2: P W A Nel aan landdros Lydenburg, 1.1.1865.

114. SS64, R20/65: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 3.1.1865.

diplomatieke agent vir die distrik Lydenburg aangestel met funksie om as skakel tussen die regering en die swart stamme te dien, wat 'n poging was om langs dié weg beter verhoudinge tussen Blank en Swart te bewerkstellig.[115)] Met De Beer se besoek aan Mabhogo het hy egter dieselfde voorwaardes vir vrede as Nel vroeër gestel, naamlik dat die Ndzundza vrede kon kry indien die stam bereid sou wees om hul huidige woonplek in die Steenkampsberge te verlaat en hulle op 'n aangewese punt te vestig. Mabhogo het weer eens geweier. De Beer het tydens sy besoek die ooglopende hongersnood en armoede onder die Ndzundza opgemerk, wat ook hóm laat glo het dat dit die ideale tyd was om 'n aanslag op die Ndzundza te loods. Hy het dadelik aan die Uitvoerende Raad geskryf en versoek dat 'n kommando so gou moontlik op die been gebring moes word. De Beer was voorts van mening dat indien die Ndzundza eers die geleentheid gegun word om van die hongersnood te herstel, die Blankes in 'n nóg swakker posisie geplaas sou word.[116)]

Vroeg in Februarie 1865 het kommandante P W A Nel en P J Coetser die waarnemende staatspresident W Viljoen in Pretoria gaan spreek om hom oor die toestand in die distrik Lydenburg in te lig en hom te probeer oortuig van die dringende noodsaaklikheid om weens die hongersnood so gou as moontlik militêr teen die Ndzundza op te tree.

---

115. Sien LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 5.7.1864.

116. SS64, R101/65: J de Beer aan Uitvoerende Raad, 22.1.1865.

Beide Nel en Coetser het verklarings afgelê wat op 13 Februarie deur die Uitvoerende Raad bespreek is.[117] Die Uitvoerende Raad het daarop besluit om die kommandant-generaal opdrag te gee om 'n kommando byeen te bring wat op op 5 April 1865 gereed moes wees om 'n aanval op die Ndzundza te doen ten einde finaal 'n einde te maak aan die rowery, diefstal en brandstigting in die distrik sodat dit vir eens en altyd bewoonbaar kon word. Die Uitvoerende Raad was oortuig dat hierdie stap die enigste moontlike manier kan wees waarop daar verhoed kon word dat die Blankes die distrik permanent sou moes verlaat, wat Swartes in ander distrikte kon aanmoedig om ook in opstand te kom. Die kommandant-generaals is ook gelas om soveel as moontlik hulp van goedgesinde swart stamme teen die Ndzundza te bekom.[118] Enige Blanke wie intussen betrap word in handeldrywe met die Ndzundza, sou van verraad aangekla kon word,[119] wat illustreer met watter erns die Uitvoerende Raad gemelde besluite bejeën het. Reeds op 15 Februarie is veldkornette T van Niekerk en P D de Villiers na Sekhukhune afgevaardig om hulp vir die voorgenome kommando te vra. In 'n poging om

117. SS73, Supl 14/65: Verklarings van kommandante P W A Nel en P J Coetser, 2.2.1865; SS73, Supl 15/65: W Viljoen aan Uitvoerende Raad, 3.2.1865.

118. UR2: Uitvoerende Raadsbesluite, artikels 31,32 en 50, 13.2.1865.

119. UR2: Uitvoerende Raadsbesluit, art 50, 13.2.1865.

die Ndzundza se voedselnood te verhoog, is Sekhukhune aangemoedig om, waar moontlik, Mabhogo se landerye te verwoes, sodat die kommando dit nog makliker sou hê om hom tot onderwerping te dwing.[120)]

Van die voorgenome kommando het niks gekom nie. Nadat gerugte in Februarie en Maart die ronde begin doen het dat die Schoeman-ontevredenes weer aan die roer was,[121)] het die Uitvoerende Raad op 29 Maart besluit dat alle kommandante en veldkornette van die Z A Republiek na Pretoria opgekommandeer moet word.[122)] Hierdie besluit het die byeenbring van ŉ algemene Transvaalse kommando teen Mabhogo in die wiele gery. Op 29 April het kmdt P J Coetser die Uitvoerende Raad ingelig dat kommandante en veldkornette van die distrik Lydenburg genoemde distrik weens die onveilige toestand met betrekking tot die Ndzundza nie kon verlaat nie.[123)] In ŉ tweede skrywe op dieselfde dag het Coetser die kommandant-generaal in kennis gestel dat hy nie anders kan nie as om ŉ voorlopige plaaslike vrede met Mabhogo te oorweeg. Hy was oortuig dat dit "onmogelyk is langer zoo te leven".

---

120. LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 15.2.1865.

121. SS65, R265/65: Landdros Lydenburg aan M W Pretorius, 7.3.1865.

122. UR2: Uitvoerende Raadsbelsuit, 29.3.1865.

123. SS66, R504/65: P J Coetser aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 29.4.1865.

Tevergeefs is daar op hulp uit ander distrikte gewag om teen Mabhogo op te trek. Aangesien die inwoners van die distrik Lydenburg te "zwak" was om die oorlog alleen voort te sit, sou 'n vredesluiting met Mabhogo al uitweg uit die krisis wees - en dan op voorwaardes soos deur hóm gestel. Te lank al was die burgers in laers saamgetrek.[124)]

Kmdt P W A Nel het die regering van die Z A Republiek geïgnoreer en eensydige vredesonderhandelinge met Mabhogo aangeknoop. Die Ndzundza-hoof was inskiklik en bereid om 'n vrede aan te gaan indien die Blanke plaasboere binne die gebied waarop hy aanspraak gemaak het, elk een bees as erkenning van sy soewereiniteit aan hom sou betaal. Die grense van die gebied waarop hy aanspraak gemaak het, is soos volg deur kmdt Nel omskryf:

"van dwarsrivier op Steenkampsberg al de afloopen na Steelpoort tot bÿ de kafferspan en van daar op het hoogeveld tot aan de rivier van J Dreÿer en met de rivier af tot waar de rivier in Olyphantsrivier inloopt en Olyphantsrivier af tot waar Buffelsvalei zyn loop in Olyphantsrivier inloopt en van daar met eene regte lyn op de berg langs tot aan Steelpoortrivier aan de bovenkant van Buffelshoek

124. SS66, R505/65: P J Coetser aan Kommandant-generaal, 29.4.1865. Kyk ook SS66, R507/65: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 29.4.1865.

en Steelpoort af tot waar dwarsrivier en Steelpoort loopt."[125] Hierdie gebied, wat op grond van tydgenootlike name moeilik bepaalbaar is, het vermoedelik die vier plase wat die regering in 1860 aan die Ndzundza toegeken het tot middelpunt gehad, insluitende die grond rondom hierdie gebied wat vroeër deur Blanke plaasboere beset en bewoon was. Mabhogo het by Nel aangedring om te erken dat genoemde grond, wat vroeër deur die Blankes van Mswati gekoop is, wettiglik aan die Ndzundza behoort het. Mabhogo het voorts aan Nel te kenne gegee dat hy vir hierdie grondeis van die Ndzundza "sou vechten tot aan zy dood".[126] By swakheid van die sentrale regering van M W Pretorius het die plaasboere wat binne genoemde gebied waarop Mabhogo aanspraak gemaak gevestig het, onder die leiding van kmdt P W A Nel besluit om die grond wettiglik van hom aan te koop, "tot aan die lyn dien vroeger door het Gouvernement met Mapog gemaakt was", oftewel die grense van die vier plase wat in 1860 aan die Ndzundza toegeken is. Die grense hiervan is soos volg beskryf: "van Tappies[127] op den berg ter regterhand van zyn stad op den Berg tot naar Jacobus van Wijk zyn plaats en op de bult af Steelpoort door

---

125. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865. Kyk ook LL2: P W A Nel aan landdros Lydenburg, 6.5.1865.

126. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865.

127. Tappies was 'n onderkaptein van Mabhogo.

tot op den berg en op de berg langs tot aan de lÿn al de afloopen naar Steelpoort".[128] Vir die Blanke bewoning van die gebied waarop hy aanspraak gemaak het, wou Mabhogo veertig beeste van die Blanke pagters hê. Die plaasboere het hierop dertig beeste bymekaar gemaak en aan Mabhogo oorhandig met die belofte dat die orige tien so gou moontlik betaal sou word.[129] Dit was 'n erkenning van sy soewereiniteit. Mabhogo het hom as gevolg van die swakheid van die Boerestaat wie se gesag hy aanvanklik toe hy swak was moes aanvaar, deur sy geleidelike sterk=wording al losser van die Blanke staat gemaak en toe dié hom nie militêr kon onderwerp nie, sy onafhanklikheid verklaar en die plaasboere op die gebied waarop hy aanspraak gemaak het, skatpligtig verklaar. Wat die plaaslike Blanke boere egter as 'n "kooptransaksie" gesien het deur middel waarvan hulle hul vroeëre grond kon bly bewoon, was vir Mabhogo niks anders nie as die erkenning van sy soewereiniteit oor die landstreek waar die Ndzundza gewoon het voordat die Boere daar opgedaag het. Die groei van sy swart volgelinge en veestapels het meer grond vir lewensruimte genoodsaak en dié moes hy noodgedwonge van die Boere terugneem. Dit was dus weerstand teen Blanke omsingeling, landbesetting en onderdrukking.

---

128. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865.

129. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865.

Met die "vredesluiting" is die tydperk van die oorlog tussen die Blankes en die Ndzundza beeïndig. Weens die onvermoë van die Blankes om die Ndzundza militêr te onderwerp, was hulle ten einde laaste verplig om die Ndzundza se soewereiniteit en grondaansprake te erken. Dit het geskied deur die aanvaarding van die vredesvoorwaardes soos deur Mabhogo gestel.

Hoewel kmdt P W A Nel die vredesvoorwaardes sonder magtiging van die Z A Republiek aanvaar het, kan dit aanvaar word dat die regering sy optrede ter verkryging van vrede goedgekeur het, aangesien die regering op geen stadium die voorwaardes soos deur Nel aanvaar, betwis het nie. Dit beteken dat die regering in Mabhogo se grond en soewereiniteitseise berus het. Dit blyk ook uit 'n Uitvoerende Raadsbesluit van 28 Junie 1865, toe die regering besluit het om "... die handelswijze van den Commandant goed te keuren, indien: het ten minste strekken zou tot vrede voor die ingezetenen in het algemeen". Die regering het egter ook besluit om ondersoek in te stel na die mate waarop Mabhogo se grondaansprake geregverdig was, en ook onderneem dat die regering sy "regten" sou verdedig indien dit uit die ondersoek sou blyk dat die swart leier geen grond vir sy aanspraak gehad het nie,[130] wat toon dat sy reg op grondbesit

---

130. UR2: Uitvoerende Raadsbesluit, art 6, 28.6.1865.

erken is. Soos aan soveel ander besluite van die Uitvoerende Raad, is aan hierdie een ook nie uitvoering gegee nie. Op geen stadium hierna het die regering besluit om 'n ondersoek na die hele kwessie te loods of om die beeste van Mabhogo terug te eis nie, wat geïnterpreteer moet word as aanvaarding van sake soos dit deur Nel gereël is.

Hoewel die Blankes die veertig beeste wat hulle vir die grond waarop hy aanspraak gemaak het aan Mabhogo moes lewer as 'n wettige "kooptransaksie" gesien het,[131)] het soos gesê, die Ndzundza-opperhoof dit volgens tradisie baie duidelik anders gesien. Nyabela, Mabhogo se latere opvolger, het in 1880 op min of meer dieselfde grond aanspraak gemaak as waarvoor die Blankes in 1865 die beeste moes lewer, wat daarop dui dat Mabhogo die beeste in 1865 bloot as 'n erkenning van sy gesag oor die gebied gesien het eerder as 'n afstanddoening van grondregte. Hierdie vermoede word bevestig deur 'n skrywe van landdros G A Roth in 1880 aan die koloniale sekretaris, waarin Roth dieselfde as bostaande beweer.[132)] Volgens Roth het Mabhogo die plaasboere ná die vredesluiting toegelaat om na hul plase terug te keer. Hierdie boere het hierna ook af en toe 'n bees aan Mabhogo gestuur, "thereby as if now purchasing or obtaining his good will ... At

---

131. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865.

132. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

the same time Mapoch understood this as an acknowledgement of his supremacy".[133] Dit was tipies van die kliëntverhouding van swart onderdane teenoor 'n swart opperhoof, wat al die stamgrond in teorie besit. Die gevolge van hierdie reëling sou egter eers in 1880 duidelik sigbaar word. 'n Mens kan die vredesreëling waarin grond sentraal gestaan het, as 'n tipiese "misverstand" tussen Wit en Swart verstaan. Wesenlik het dit in mentaliteitsverskille en tradisie gewortel. Vir die Swartman was grondbesit kollektief en kon stamgrond bewoon word mits hulle skatpligtig word en die soewereiniteit van die eienaar daardeur erken. Hierteenoor was die Boere se idee van individuele grondbesit, waaronder hulle verstaan het die grond aan hulle behoort as hulle dit eenmaal "gekoop" het deur beeste te betaal.

Die vredesluiting van 5 Mei 1865 het nietemin tot gevolg gehad dat die lang stryd tussen die Blankes en die Ndzundza voorlopig beëindig is. Die plaasboere kon die laers, waarin hulle sedert Oktober 1863 saamgetrek was, na twee jaar van onsekerheid en swaarkry verlaat en vreedsaam na hul plase terugkeer. Reeds teen die einde van Mei 1865 het landdros Potgieter berig dat die rus, vrede en orde in die distrik eindelik herstel was. Op 28 Junie 1865 is 'n dankdag gehou om die einde van die oorlog te vier.[134]

---

133. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (afskrif, 13.11.1880.

134. LL18: Landdros Lydenburg aan P A C van Heyningen, 27.5.1865; LL179: Dagboek van landdros Lydenburg, 27.5.1865.

# HOOFSTUK IV

# DIE BLANKES EN DIE NDZUNDZA, 1865-1879: "NEITHER PEACE, NOR WAR".

## 4.1 Die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza tydens die bewind van Cornelis I, 1865-1873

Sekondêre bronne gebaseer op mondelinge tradisie, is dit eens dat Mabhogo na 'n ongeveer dertig jaar lange bewind in 1865 oorlede is.[1)] Argiefbronne verwys egter nie voor Junie 1867 na Mabhogo se dood of opvolger nie,[2)] wat die indruk laat dat die jaar 1865 as sterfdatum van Mabhogo nie korrek is nie. Dit is egter bekend dat die Ndzundza-opperhoofde in die Boere-volksmond bloot "Mapog" genoem is - ook Mabhogo se opvolgers, terwyl sy onderdane na verwys is as "Mapoggers", wat toon watter indruk Mabhogo op die Blankes gemaak het. In sekere dokumente is daar selfs na die latere Nyabela as "Mapog" verwys. Om hierdie rede sou dit verkeerd wees om te aanvaar dat 1865 as sterfdatum van Mabhogo foutief is bloot omdat daar tot 1867 nie verwysings in die argiefmateriaal bestaan nie.

---

1. H C M Fourie: AmaNdebele van Fene Mahlangu ..., p.42; C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie, p.246; Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele..., p.20.

2. SS88, R608/67: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 11.6.1867.

Nietemin, Mabhogo is vermoedelik teen die einde van 1865 oorlede en opgevolg deur Mkhephuli of Soqaleni, ook bekend as Soyingelela of Cornelis I.[3] In die argiefmateriaal word daar oor die algemeen na hom as Kornelis Kok verwys, onder welke benaming hy blykbaar onder die plaasboere bekend was. Cornelis I sou die Ndzundza regeer tot en met sy dood in 1873. Vergeleke met Mabhogo is daar gedurende sy bewindstydperk relatief goeie betrekkinge met die Blankes gehandhaaf. Dit was 'n tydperk wat egter ook as "neither peace nor war" beskryf kan word. Van sterk vriendskapsbande was daar geen sprake nie. Nadat vrede in 1865 tussen die Blankes en Ndzundza herstel is, het die boere wat hulle plase weens die oorlogstoestand moes verlaat, daarheen teruggekeer. Om hulself te beveilig teen Ndzundza-strooptogte togte en die opperhoof se guns te behou, het heelwat van hierdie boere af en toe 'n bees aan die kaptein gestuur. Dit moet onthou word dat die Ndzundza-stamlede hierdie boere se belangrikste arbeidsbron was.[4] Tydens Cornelis se bewind was daar relatief min geskille tussen die Ndzundza en die Blanke plaasboere aan die orde van die dag.

---

3. Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele... p.20.

4. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

Cornelis het selfs ná sy inhuldiging 'n perdekar bekom - met die doel "om onder de menschen rond te rijden, om kennis te maken met de menschen en om vrede te zoeken".[5] Of hy hieraan uitvoering gegee het, is nie seker nie want reeds op 24 April 1867 het van die Ndzundza-stamlede die plaashuis van 'n boer, Cornelis van Niekerk, na 'n geskil afgebrand. Besonderhede oor die aard daarvan is nie bekend nie, maar die afbrand van Van Niekerk se huis het die vrederegter, W S Porter, laat glo dat Cornelis 'n oorlog teen die Blankes beplan het. Hy het die Uitvoerende Raad ooreenkomstig ingelig.[6] Landdros Potgieter van Lydenburg het die saak ondersoek en rapportgangers van Cornelis na Lydenburg ontbied, wie hom meegedeel het dat Cornelis geen kwaadwillige motiewe gehad het nie en graag goeie verhoudinge met die Blankes wou handhaaf. Potgieter het Cornelis hierop in kennis gestel dat die vrede slegs gehandhaaf kan word indien hy bereid sou wees om eerstens die persone wie Van Niekerk se huis aan die brand gesteek het uit te lewer en tweedens die veertig beeste[7] wat die Blankes in 1865 aan Mabhogo betaal het om na hul grond te mag terugkeer, terug te

---

5. SS80, R996/66: Verklaring van "de heer Ras" voor Uitvoerende Raad, 29.9.1866.

6. SS87, R446/67: W S Porter aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 29.4.1867.

7. In 1865 is aanvanklik slegs 30 beeste aan Mabhogo betaal met die belofte dat nog 10 aan hom gestuur sou word. Wanneer dit gedoen is, is onduidelik.

stuur. Dit rapportgangers het hierop ontken dat Mabhogo destyds die betaling van die beeste geeïs het en bygevoeg dat dit die Blankes was wat daarop aangedring het dat Mabhogo dit neem - "hoe zoude hij (Mabhogo) maken de menschen wilde die gronden op die wijze ruilen".[8)] Daarby is die saak gelaat - sonder dat die beeste teruggestuur is of die persone wie Van Niekerk se huis aan die brand gesteek het, uitgelewer is.

Dit wil voorkom of die plaasboere in die omgewing van die Ndzundza-woongebied tydens Cornelis se bewind eerder gebuk gegaan het onder arbeidsprobleme as veediefstalle. Tussen 1865 en 1873 kon daar in die argiefmateriaal slegs een dokument opgespoor word waarin melding gemaak word van vee wat deur Ndzundza-stamlede van Blankes gebuit is. Op 27 November 1868 het veldkornet P D de Villiers aan die landdros van Lydenburg gerapporteer dat op 1 Junie twee van sy beeste gesteel is en op 15 September vier van J Burger. In beide gevalle sê hy het die spore in die rigting van die Ndzundza-vesting gelei.[9)] Wat gedoen is om die vee terug te kry, is nie bekend nie. In 1871 het 26 plaasboere uit die

8. SS88, R608/67: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 11.6.1867.

9. LL2: P D de Villiers aan landdros Lydenburg, 27.11.1868.

distrikte Utrecht en Lydenburg verklarings voor 'n landdros afgelê. Daarin het hulle hul lot bekla weens die feit dat hulle nie genoeg "diensvolk" vir plaasarbeid kon bekom nie. Die meeste van hierdie boere het in hul verklarings die wens uitgespreek dat "de kafferwet" sodanig gewysig moet word dat die Swartes tot verpligte arbeidsdiens vir Blankes gedwing word. Drie boere uit die onmiddellike omstreke van die Ndzundza-woongebied het ook verklarings afgelê, naamlik N J Grobler en Tobias van Niekerk, beide Volksraadslede, asook oud-veldkornet I C Holtshauzen. Volgens die veldkornet het dit "gedurende de laatste tyd" bra swaar gegaan om diensvolk, dit is plaasarbeiders, te bekom. Hy was afhanklik van Ndzundza-arbied, maar omrede die Ndzundza in "schansen" verskuild gewoon het, was hulle moeilik bereikbaar en was dit byna onmoontlik om hulle "tot hun pligt" - met ander woorde diensbaarheid - te bring. Hulle wou ook na niemand luister nie.[10] Holtshauzen se uitspraak kan as tiperend van die Boere se houding teenoor hulle swart bure beskou word: Hulle was oortuig dat diens aan Blankes 'n "plig" van Swartes was, met ander woorde die Swartmense in die land was deur die voorsienigheid bestem om hulle "diensvolk" of "knegte" te wees. Volgens N J Grobler het ook hy probleme met

---

10. SS139, Supl 100/71: Verklaring van Isaak Cornelis Holtshauzen, geen datum, maar ongeveer April 1871.

die verkryging van Ndzundza-diensvolk gehad. "Mapog" was syns insiens vyandiggesind en het hom verbeel dat die Blanke plaasboere in die omgewing sy onderdane was: "Mapog verbeeld zich wy onder hem staan ... De kaffers stellen zich op gelyken voet met de witte menschen." Grobler het voorts beweer dat een van sy plase deur die Ndzundza-opperhoof bewerk word "of het zyne is", en dat hy geen ander keuse gehad het nie as om die Swartes maar te laat begaan.[11] Tobias van Niekerk het in sy verklaring egter ontken dat dit moeilik was om diensvolk te bekom. Hy was oortuig dat die Ndzundza-stam wel vyandiggesind was maar hy was die mening toegedaan dat as 'n mens in sy distrik "een kaffer goed behandeld hy zooveel kaffers kan krygen als hy wil." Hiermee het hy 'n onvleiende refleksie op die behandeling van swart werkers deur sommige plaasboere gewerp. Volgens hom moes die boere wat nie werksvolk kon bekom nie, die oorsaak by hulleself soek - "naar der aard zy behandeld worden". Hyself het "meer dan te veel" werksvolk gehad.[12]

Dit is bekend dat, met die ontdekking van diamante toe nuwe werkgeleentheid vir ongeskoolde arbeid buite die Z A Republiek ontstaan het, heelwat Swartes verkies het om eerder vir 'n tyd lank op die diamantvelde te

---

11. SS139, Supl 99/71: Verklaring van Nicolaas Johannes Grobler, geen datum, ± April 1871.

12. SS139, Supl 98/71: Verklaring van Tobias van Niekerk, geen datum, ± April 1871.

gaan werk. Een van die redes was dat daar met vuurwapens gesmokkel is, trouens, juis die moontlikheid van die besit van 'n geweer het swart werkers oral uit die stamgebiede van Transvaal daarheen gelok. Dit was voordeliger om buite Transvaal te gaan werk en 'n geweer op onwettige wyse in die hande te kry as om vir 'n Blanke boer op sy plaas teen betaling van 'n bees of kontant te gaan werk. Dat die Ndzundza-werkers wel vuurwapens en ammunisie op dié wyse bekom het, blyk uit 'n klag van Cornelis I in 1873 teenoor veldkornet F J Joubert van die wyk Steelpoort, naamlik dat nege van sy onderdane se gewere in die omgewing van die Kliprivier deur Blankes afgeneem is toe hulle ná diens op die diamantvelde op pad huis toe was. Hy het ook gekla dat hierdie onderdane van hom tien dae verpligte arbeid by Blanke boere moes verrig. Voorts het hy beweer dat ene "Jantje", 'n opperhoof in die Pretoria-omgewing, sewentig gewere van Ndzundza-onderdane afgeneem het toe hulle ná diens op die diamantvelde op pad huis toe was.[13)] Hieruit kan afgelei word dat talle Ndzundzas hulle vir diens op die diamantvelde aangemeld het eerder as om by plaasboere te gaan werk. Deur die onwettige verkryging van vuurwapens het die Ndzundza hulle militêr verder versterk.

Dit lyk of die besit van vuurwapens Cornelis genoeg selfvertroue gegee het om heeltemal onafhanklik van

---

13. SS154, R264/73: F J Joubert aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 14.2.1873.

Blanke gesag op te tree, terwyl grense ook nie deur hom eerbiedig is nie. In 1873 het D J Bosman, 'n plaasboer in die omstreke van die Ndzundza,[14)] by die Uitvoerende Raad teen die "vreeslike brutalityd" van die Swartes beswaar gemaak. Bosman, so verneem ons uit sy brief, was gereeld "overtoornd door klompen Mapoggers tot circa drie honderd in een klomp met geweeren", wie op sy plaas gejag en vuurgemaak het waar hulle wou, en daarby ook nog op sy koring beslag gelê het en saans sy buitegeboue ingeneem het. Bosman het voorts beweer dat sy bure weggetrek het van hul plase vanweë die optrede van die Ndzundza, waardeur hy "ontblood" van hulp was en dus magteloos om alleen teen die oortreders op te tree.[15)]

Soos sy voorganger Mabhogo, het Cornelis nooit gedurende sy bewindstydperk aan die Z A Republiek belasting betaal nie. In Junie 1873 het landdros F J Joubert van Nazareth (Middelburg) aan die staatsekretaris geskryf dat hy van die Ndzundza se buitekrale in sy distrik besoek en die inwoners aangesê het om belasting te betaal. "De kaffers", so gaan Joubert voort, "weigeren eenparig opgaaf aan het Gouvernement te betalen, zeggende dat Mapoch hun opperhoofd is en zoo lang hy niet betaald zy zulks ook niet willen doen". Die landdros het nie

---

14. Bosman meld nie die naam van sy plaas nie.

15. SS154, R318/73: D J Bosman aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 15.2.1873.

gemeld watter tipe belasting hier ter sprake was nie - hoof- of hutbelasting. Hy het voorts gemeld dat hy tydens sy besoek aan die Ndzundza-krale minstens 130 Swartes opgemerk het wat in besit van gewere was en dié het aanmekaar gevuur - "ons willende wyzen hoe sterk zy op dat oogenblik waren".[16)] Ook hieruit blyk dat Cornelis, soos sy voorganger, homself onafhanklik van Blanke gesag beskou het.

Cornelis is vermoedelik teen die einde van 1873 oorlede. Hy is opgevolg deur sy broer Rhobongo, wie die Ndzundza as regent vir Cornelis se seun Fene Mahlangu tot en met sy dood in 1879 sou regeer.[17)]

### 4.2 Die Ndzundza onder Rhobongo en Nyabela ondersteun die Z A Republiek en die Brits-Transvaalse koloniale bewind teen die Pedi van Sekhukhune, 1873-1879

Tydens die bewind van Rhobongo was daar vir ŉ kort periode noue samewerking tussen die Blankes en die Ndzundza, wat saamgeval het met die oorlog, eers tussen die Z A Republiek en Sekhukhune en ná die anneksasie van

16. SS158, R990/73: Landdros Middelburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 27.6.1873.

17. C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie ..., p.246.

1877, die Brits-Transvaalse regering en Sekhukhune. Tydens hierdie oorloë het die Ndzundza die Blankes aktief gesteun. Die jarelange vyandskap tussen die Ndzundza en die Pedi's was die motivering vir Rhobongo se besluit om die Blankes in hulle stryd teen die gemeenskaplike vyand Sekhukhune te ondersteun. Dit sou verkeerd wees om, in die lig hiervan, te wil aanvaar dat die Ndzundza hul houding teenoor die Blankes verander het. Die vyandskap wat tussen die Blankes en die Pedi's ontstaan het, is bloot ten voordele van die Ndzundza uitgebuit.

Die Sekhukhune-oorlog van 1876,[18)] het sy ontstaan gehad in 'n geskil tussen Johannes Dinkwanyane, 'n broer van Sekhukhune, wie met sy Christen-volgelinge op die sendingstasie van eerw A Merensky, Bothsabelo, woonagtig was, en die Z A Republiek. Sekhukhune self sou eers later betrokke raak toe hy pogings aangewend het om, weens gebrek aan lewensruimte, sy gesag oos van die Steelpoortrivier uit te brei. In Junie 1873 het Johannes

---

18. Sien ook P Delius: The Land Belongs to us; T S van Rooyen: Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882 (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, deel II, 1951); K W Smith: The Campaigns agains the Pedi of Sekhukhune (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, deel II, 1967); J C Otto: Die Sekoekoenie-oorlog tydens die bewind van pres Burgers (Ongepubliseerde M A-Verhandeling, U P, 1934); C W de Kiewiet: The Imperial factor in South Africa (Cambridge, 1937).

weens sy besware teen die opgelegde belastings van die Blanke staat asook oorbevolking op Bothsabelo, besluit om die stasie te verlaat en hom en sy volk nader aan Lydenburg te vestig.[19)] Regeringstoestemming is aan Johannes verleen om hom op die plaas "Vrischgewaagd", sowat twaalf kilometer wes van Lydenburg, te vestig. Kort hierna het Johannes sonder kennisgewing aan die regering van die ZAR die plaas verlaat en intrek geneem op 'n strategies geleë rotsagtige koppie in die Spekboomspruit-omgewing, blykbaar uit vrees vir moontlike aanvalle deur die Ndzundza, met wie hy steeds in vyandskap verkeer het. Landdros H W A Cooper, wie A F Jansen in 1873 as landdros van Lydenburg opgevolg het, het Johannes dadelik laat aansê om die woonplek te verlaat en hom op 'n "oop" stuk grond te gaan vestig. Hy was veral bekommerd nadat Johannes se onderdane die kop met die oprigting van klipskanse en mure met skietgate, begin fortifiseer het. Johannes het geweier om die kop te verlaat.[20)] Dit het gou duidelik geword dat niks anders as geweld Johannes tot ander insigte sou bring nie. Cooper het aanvanklik gehoop dat hy Sekhukhune sou kon oorhaal om Johannes uit sy vesting te verdryf, aangesien hy van mening was dat daar nog steeds vyandskap tussen die twee broers geheers het. Groot was sy

---

19. P Delius: The Land Belongs to us, pp.167-179.

20. T S van Rooyen: "Verhoudinge," pp.228-229; P Delius: The Land Belongs to Us, pp.167-173.

ontnugtering toe hy ontdek dat Johannes hom met Sekhukhune se goedkeuring daar gevestig het en dat hy Sekhukhune as opperhoof erken. Op sy beurt het Sekhukhune Johannes as onderkaptein erken. Sekhukhune was op hierdie stadium juis besig met planne om sy gesag oos van die Steelpoortrivier uit te brei. Johannes se vestiging sou hom daar dus goed te pas kom. Dit kon as 'n soort "verlengstuk" van sy ryk in dié rigting dien. Sekhukhune het ter uitvoering van sy begeerte sy onderdane aangemoedig om hulle op onbesette plase oos van die Steelpoortrivier te vestig. Teen 1874 was heelwat van sy mense reeds in die omstreke van die Spekboom- en Steelpoortriviere hervestig. Johannes is deur Sekhukhune aangesê om langs die Watervalsrivier te ploeg en koring te saai. Voorts het Sekhukhune sy onderdane aangemoedig om soveel moontlik vee van Blanke boere in die omstreke af te neem. Ten gevolge van hierdie ontwikkeling was baie Blankes verplig om hulle plase te verlaat. Teen die begin van 1875 was daar nie meer een Blanke boer tussen Sekhukhuneland en Johannes se woonplek nie.[21)] Dit was 'n uitdaging van swart kant teen Blanke gesag, waarin die Blankes soos vroeër weer eens aan die kortste ent getrek het. Swart weerstand was teen 1876 reeds tot so 'n punt gedryf dat oorlog onvermydelik was. Aanvanklik was die Boere

21. T S van Rooyen: "Verhoudinge", pp.230-232; SN 1a, N105/79: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturellesake, 28.5.1879.

erg bekommerd oor wat die houding van die Ndzundza by 'n konflik met die Pedi sou wees. Sou Rhobongo 'n ooreenkoms met Sekhukhune aangaan, kon dit sake vir die Blankes aansienlik bemoeilik, aangesien die Z A Republiek eenvoudig nie oor genoeg manskappe beskik het om ook die Ndzundza te bedwing nie.[22)] Dit was egter gou duidelik dat daar van die Ndzundza niks te vrese sou wees nie en dat daar in die geval van oorlog selfs 'n moontlikheid van Ndzundza-hulp bestaan het. Die vyandskap tussen die Ndzundza en die Pedi het hier deurslag gegee. Reeds in Mei 1895 het Rhobongo blyke van welwillendheid betoon toe twee-en-vyftig beeste van D J Malan, 'n plaasboer in die omgewing van Mapochsland, geroof is. Aanvanklik is daar vermoed dat die Ndzundza die skuldiges was, maar by nadére ondersoek is vasgestel dat die Pedi daarvoor verantwoordelik was. Rhobongo wat hierop veertig van sy manne beskikbaar gestel om die Blankes met die opsoor van die beeste behulpsaam te wees.[23)] Rhobongo se finale bsluit om die Blankes in 'n komende oorlog te ondersteun, sou volg ná 'n skermutseling in Junie 1876 tussen die Ndzundza en 'n aantal Pedi's tydens 'n gepoogde strooptog op die Ndzundza. Rhobongo het ná hierdie voorval onmiddellik sy steun aan kommandant-generaal Pretorius toegesê en hulp aangebied.[24)] Hierdie besluit van Rhobongo in

---

22. LL15: Landdros H W A Cooper aan veldkornet G Coetzee, 30.5.1875.

23. SS189, R1280/75: C van Brandis namens landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 8.6.1876.

24. T S van Rooyen: "<u>Verhoudinge</u>", p.250.

Junie 1876 was 'n beslissende faktor in die besluit van die Blankes om onmiddellik tot 'n aanval op die Pedi oor te gaan. Indien Rhobongo Sekhukhune se kant teen die Blankes gekies het, kon sake moontlik aansienlik anders verloop het.

Op 27 Junie 1876 het kommandant-generaal Pretorius vanaf Middelburg in die rigting van Bothasberg begin optrek. Op 28 Junie het hy Lagersdrift bereik, vanwaar hy met Rhobongo in verbinding getree het met die versoek om 'n leërmag te voorsien. Rhobongo het ingestem, en op 8 Julie het 'n gesamentlike aanslag van die Blankes en die Ndzundza op 'n Pedi-krygsmag te Magneetshoofte plaasgeving. Na hewige gevegte was die Pedi-krygsmag verplig om op die vlug te slaan. Een Blanke, agt Ndzundza's en ongeveer 400 Pedi's het in hierdie militêre botsing die lewe gelaat.[25)]

Op 14 Julie 1876 het die Blankes met behulp van 'n Swazi-impi 'n aanval op die stat van Johannes gedoen, wat onsuksesvol verloop het.[26)] Op 2 Augustus het 'n gesamentlik aanval deur die Blankes en die Ndzundza op Sekhukhune se hoofstat ook misluk. Een van die redes

---

25. T S van Rooyen: "Verhoudinge", pp.254-255. Kyk ook P Delius: The Land Belongs to Us, pp.205-212.

26. SS211, R1860/76: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 18.7.1876.

was dat die Swazi-impi nie hieraan deelgeneem het nie aangesien hulle die Blankes ná die mislukte aanval op Johannes van lafhartigheid beskuldig het. Ná die mislukte aanval op Sekhukhune, is ook die Ndzundza-krygers huis toe. Sonder die hulp van hul swart bondgenote, was die Blankes baie na aan 'n skaakmat-posisie. Aangesien hul eie getalle beperk was en daar ook op hierdie stadium onluste op die grens met Zoeloeland uitgebreek het, sou hulle eenvoudig nie alleen die mas kon opkom nie. Om hierdie rede het veldkornet W J Joubert Rhobongo van die Ndzundza persoonlik besoek en hom versoek dat hy sy besluit om te onttrek, in heroorweging moes neem. Hoewel Rhobongo hom vriendelik ontvang het, het hy enige verdere deelname aan die militêre aktiwiteite teen die Pedi beslis geweier. Rhobongo het wel beloof om 'n "waaksame oog" oor die bewegings van Pedi-krygers in sy gebied te hou, terwyl hy voorts aangebied het om van sy manlike onderdane beskikbaar te stel om as boodskappers tussen die Blanke gewapende magte en die Lydenburgse landdroskantoor op te tree.[27)] Wat Rhobongo se rede was toe hy sy krygers aan die slagveld onttrek het, kan alleen maar geraai word. Moontlik het dieselfde redes as wat die Swazi-bondgenote gemotiveer het om die slagveld te verlaat, ook die Ndzundza beweeg - vrees dat die Blankes hulle "voorstoot" en nie genoeg krag met vuurwapens,

---

27. T S van Rooyen: "<u>Verhoudinge</u>", p.266.

waaraan daar groot gebrek was, openbaar om sukses teen die vyand te bereik nie. In Augustus het die landdros van Middelburg op versoek van Rhobongo egter 'n beperkte hoeveelheid kruit aan die Ndzundza beskikbaar gestel "om oorlog tegen Secoecoeni te maken".[28] Tot verdere hulp was die Ndzundza nie te beweeg nie.

Dit was nie net die Swazi's en die Ndzundza wat die slagveld ontydig verlaat het nie. Die kommando's van pres Burgers het besluit dat hulle hul plig teenoor land en volk nagekom het en ná die mislukte aanval op die hoofstat van Sekhukhune het ook hulle huiswaarts gekeer. Sonder dat die doel waarvoor hulle opgeroep was bereik is, het hulle dus onttrek, wat die Britte verkeerdelik laat glo het dat Sekhukhune hulle verslaan het, met ernstige gevolge vir die Z A Republiek. Teen die einde van 1876 was dit egter duidelik dat 'n skaakmat-posisie met die Pedi bereik is. Boere in die omgewing van die onluste het reeds maande in laers gestaan en hulle kosvoorrade en ammunisie was uitgeput. Klagtes en versoeke tot daadwerklike optrede teen die Pedi is gereeld aan die regering deurgestuur, maar sonder sukses.[29]

---

28. SS214, R2250/76: Landdros Middelburg aan Staatsekretaris, 29.8.1876.

29. SS216, R2634/76: Memorie van P J Coetser en 96 ander aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 3.10.1876.

Weens veral die moeilikhede op die grens met Zoeloeland was die regering van pres T F Burgers magteloos om deurtastend teen Sekhukhune op te tree. Daar is wel ŉ grenswag onder leiding van Alfred Aylward en ŉ Pruisiese offisier, Von Schlickmann, opgerig wat die Pedi voortdurend aangeval en ekonomies uitgeput het.[30)] Die uiteindelike gevolg was dat vredesonderhandelinge aangeknoop is en afgesante van Sekhukhune vroeg in 1877 namens hom onderneem het om die gesag van die Z A Republiek te erken en 2000 beeste as skadevergoeding aan die staat te betaal. Op die oog af het dit gelyk of die moeilikhede op ŉ end was, maar ná die Britse anneksasie van Transvaal in April 1877 het Sekhukhune opnuut onafhanklik van die staat begin optree ... hy was nog nie militêr verslaan nie[31)] en het blykbaar gehoop dat die regeringsverandering in sy guns sou werk.

Dit is interessant om daarop te let dat, hoewel daar tydens die Sekhukhune-oorlog samewerking tussen die Blankes en die Ndzundza was, die Ndzundza nie sover gebring kon word om onderdaanskap van die Z A Republiek te erken deur belasting aan die staat te betaal nie. Teen die einde van 1876 is C Schultze, wie in

---

30. Vir meer besonderhede sien K W Smith: <u>Alfred Aylward, The tireless agitator</u>. Johannesburg, 1983.

31. Sien P Delius: <u>The Land Belongs to Us</u>, pp.208-212.

Augustus 1876 as Naturelle-kommissaris vir Lydenburg aangestel is, en veldkornet W J Joubert na Rhobongo afgevaardig om hom te probeer oorreed om belasting aan die Z A Republiek te betaal. Daar is aan Rhobongo verduidelik dat die Sekhukhune-oorlog die Z A Republiek groot onkostes uit die sak gejaag het en dat dit slegs deur die invordering van belasting gedelg sou kon word. Rhobongo het by die aanhoor hiervan aan Schultze gesê dat, indien hy vooraf geweet het wat die rede vir sy besoek was, hy hom nie eers sou ontvang het nie. Schultze het lakonies gekonstateer: "De oude Mapoch had nooit eenig opgaaf betaald en zoo wilde hy ook niet". Na 'n lang geredekawel is Schultze daar weg sonder dat hy Rhobongo tot die betaling van belasting kon oorhaal. Dit lyk of Rhobongo Schultze gewantrou het, want by sy aankoms in Middelburg het daar reeds 'n bode van Rhobongo op hom gewag. Aan hom moes Schultze die hele kwessie omtrent die belasting weer eens breedvoerig verduidelik. Hierop het Rhobongo aan Schultze laat weet dat hy nie geld het nie "en niet geld op paden vond" - dus sou hy nie belasting aan die Republiek betaal nie. Volgens Schultze was Rhobongo erg "verontwaardig" en "toornig" oor die aangeleentheid.[32)]

Rhobongo het blykbaar besef dat die Blankes op daardie

---

32. SS219, R3227/76: C Schultze aan Staatsekretaris, 15.11.1876.

stadium oor sy goedgesindheid verleë was, en daarom maklik nee as antwoord sou aanvaar. Schultze het vervolgens by die staatsekretaris aanbeveel dat hy "geloof niet dat het nu tyd en raadzaam is van de vriendelyke stammen deze belasting in te vorderen". Dit was verstandige raad, want so het hy beweer, die regering sou deur belastinginvordering onder Swartes "eerder de goede gevoelen tegenoor de Regering verzwakken dan te versterken". Schultze het die staatsekretaris voorts aangeraai om die Ndzundza minstens nog drie jaar kans te gee voor daar 'n poging aangewend moes word om die betaling van belasting af te dwing, aangesien die regering hom hiermee aansienlike probleme op die hals sou haal. Heeltemal tereg het Schultze wyslik opgemerk dat hulle "moeten aan de naturellen eerst iets bieden, eer dat wy iets eischen", bedoelende dat die regering nie van die Swartes kon verwag om belasting te betaal indien hulle nie wetsbeskerming geniet het nie.[33)] Hierby is die saak vir eers gelaat.

Transvaal is op 12 April 1877 deur Brittanje geannekseer en sir Theophilus Shepstone sou as eerste administrateur die nuwe regering lei. Met die anneksasie van Transvaal het Sekhukhune nog nie aan die voorwaardes wat vir die vrede gestel is en waartoe hy ingestem het, naamlik die betaling van 2000 beeste, voldoen gehad nie. In

---

33. SS219, R3227/76: C Schultze aan Staatsekretaris, 15.11.1876.

Mei 1877 is 'n sekere kaptein Clarke deur Shepstone na Sekhukhune afgevaardig met 'n skriftelike boodskap van Shepstone waarin hy die Pedi-hoof amptelik in kennis gestel het dat Transvaal nou Britse grondgebied is. Indien Sekhukhune binne die Transvaalse grense wou aanbly, sou hy as Britse onderdaan erken word. Die 2000 beeste wat Sekhukhune aan die Z A Republiek as deel van die vredesvoorwaardes beloof het, sou egter aan die Britse regering betaal moes word.[34)] Blykbaar het die Britte die kwessie van die beeste gebruik om Sekhukhune se lojaliteit te bepaal asook om vas te stel tot watter mate die Britse gesag oor die Pedig gevestig was. Indien Sekhukhune sou weier om die beeste te betaal, kon Shepstone aanvaar dat ook hy van hom probleme te wagte kon wees. Die voorspel tot die oorlog tussen Sekhukhune en die Britse regering wat eers in 1879 beslis is, was juis Sekhukhune se herhaalde weiering om die beeste te betaal, wat toenemende spanning en slegte betrekkinge tot gevolg gehad het.[35)] Tot en met 1879 sou daar egter 'n redelike mate van vrede tussen die Blankes en Swartes in

---

34. T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.308; P Delius: The Land Belongs to Us, p.226.

35. P Delius: The Land Belongs to Us, pp.226-227.

Oos-Transvaal heers.[36] Ook die Ndzundza sou hulle onder Britse bewind redelik "stil" gedra.[37] In daardie jaar het gerugte egter die ronde begin doen dat Sekhukhune van plan was om, onder aanhitsing van Cetshwayo, die Blankes oos van die Luluberge te verdryf. Weens die onluste wat op dieselfde tydstip op die grens met Zoeloeland uitgebreek het, kon die Britse bewind weinig hieraan doen. Toe oorlog vroeg in 1879 tussen die Britse Ryk en Zoeloeland uitbreek, is heelwat van die troepe wat reeds sedert Maart 1879 in Oos-Transvaal gestasioneer was, onttrek sodat daar eers met Cetshwayo klaargespeel kon word. Van hierdie gunstige geleentheid het Sekhukhune gebruik gemaak om opnuut vee van Blankes te laat roof.[38] Eers na die Zoeloes finaal op 4 Julie 1879 te Ulundi

---

36. SS274, R364/78: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 5.4.1878; SS277, R1304/78: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 26.4.1878; SS281, R1619/78: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 7.5.1878; SS293, R2560/78: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 7.6.1878; LL23: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 1.6.1878; LL23: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 26.4.1878.

37. LL24: Landdros Lydenburg aan Staatsekretaris, 25.2.1879.

38. T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.326.

verslaan en Cetshwayo gevange geneem is, kon die Transvaalse regering weer aandag aan Sekhukhuneland gee. Die Zoeloe-oorlog was dus 'n onderbreking in die Brits-Pedi betrekkinge. Reeds in 1878 het die Britte al begin voorbereidings tref vir 'n moontlike oorlog teen Sekhukhune. In September 1878 is George Eckersley na Swaziland gestuur om, soos die Boere vroeër, die Swazi-koning se steun te probeer bekom. Laasgenoemde het ingestem nadat Cetshwayo verslaan is.[39)] Ook die Ndzundza het ter sprake gekom. Soos tydens die oorlog in 1876 tussen die Z A Republiek en Sekhukhune, was die houding wat die Ndzundza in 'n oorlog teen die Pedi sou openbaar, belangrik: Indien die Ndzundza die Pedi ondersteun het, kon sake vir die Britte heel ongunstig verloop. In Mei 1879 het die Ndzundza die Britte juis die harnas in gejaag toe 'n groep van Cetshwayo se Zoeloe-boodskappers die Ndzundza aangedoen en 'n ruk lank daar vertoef het, nadat hulle eers Sekhukhune besoek het. Dit het die Britte laat vermoed dat Rhobongo moontlik met Sekhukhune en Cetshwayo saamsweer.[40)] Teen April 1879 het dit egter vir hulle duidelik geword dat daar niks van die kant van die Ndzundza te vrese was nie en dat

---

39. T S van Rooyen: "Verhoudinge", p.328.

40. SS336, R1169/79: A Merensky aan Koloniale Sekretaris M Osborn, 31.3.1879; SS336, R1170/79: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 30.3.1879; SS338, R1312/79: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 2.4.1879.

die ou vyandskap tussen hulle en die Pedi nog steeds bestaan het.[41)]

Toe die Britse reëlings vir die finale aanslag op Sekhukhune se vesting begin vorm aanneem, het kaptein M Clarke in opdrag van sir Garnet Wolseley, onder wie se aanvoering die aanval op Sekhukhune sou plaasvind, die Ndzundza-opperhoof en sy kapteins na Weebersfort ontbied. Nyabela, wie Rhobongo na dié se dood in Oktober 1879 as Ndzundza-opperhoof opgevolg het, het sowat sewehonderd man aan Wolseley belowe op voorwaarde dat hy twee weke tyd gegun moes word om sy stam te kon "dokter".[42)] Op 24 November was Nyabela gereed met 'n krygsmag van 600 man.[43)]

Die finale aanslag op Sekhukhune het op 28 November 1879 plaasgevind. 'n Gesamentlike leër bestaande uit Britte, Swazi's, Ndzundza en swart krygers van enkele ander

---

41. SS341, R1503/79: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 28.4.1879; SS343, R1700/79: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 19.5.1879; LL25: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 12.5.1879.

42. C2482, no 190: Sir Garnet Wolseley aan koloniale kantoor, 17.11.1879; SN2, N277/79: Kapt M Clarke aan Sekretaris van Naturelle, 3.11.1879.

43. C2482, no 190: Sir Garnet Wolseley aan koloniale kantoor, 24.11.1879.

goedgesinde swart kapteins, het hul goed van hul taak gekwyt. Na weinig weerstand was Sekhukhune se hoofkraal reeds teen tienuur die oggend ingeneem. Sekhukhune is 'n paar dae later in hegtenis geneem en na Pretoria vir verhoor gebring. Al sy seuns het in die gevegte gesterf. Die oorblywende Pedi's is in twee groepe verdeel en by Mathebiskop en Maleoskop gevestig. Sekhukhune se halfbroer Mampuru is hierna deur die Britte as opperhoof van die Pedi erken.[44)]

## 4.3 Die Ndzundza en die sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap

In 1859 het twee sendelinge van die Berlynse Sendinggenoot= skap, eerw Alexander Merensky en eerw Heinrich Grützner vanuit Duitsland in Lydenburg aangekom met die aanvanklike doel om sendingwerk onder die Swazi's te doen. Na Mswati te kenne gegee het dat hy nie hierin belanggestel het nie, het Merensky uiteindelik onder die Pedi's van Sekhukhune tereggekom, terwyl Grützner onder die Kopa van Maleo begin sendingwerk doen het. Sy stasie is "Gerlachshoop" genoem. Na Maleo op 11 Mei 1864 deur die Swazi's verslaan is, het die groep teen 1865 in drie verdeel. 'n Christen-groep het hulle onder die

44. T S van Rooyen: "Verhoudinge", pp.330-333.

leiding van Maleo se seun, Joshua Rampudu, op die sendingstasie Bothsabelo gaan vestig.[45] Bothsabelo was die sendingstasie wat in Januarie 1865 deur Merensky gestig is nadat hy deur Sekhukhune verbied is om verdere sendingwerk onder die Pedi te doen.[46] Sedert die Kopa se vestiging te Bothsabelo, is die stasie voortdurende deur Mabhogo van die Ndzundza lastig geval. Hy het naamlik aanspraak gemaak op die onderdaanskap van die Kopa en jaarlikse tribuut van hulle geeîs. Uit vrees vir Mabhogo het vele van die swart Christene hieraan gehoor begin gee. In Mei en Junie 1865 was Merensky verplig om dringende versoeke tot die Uitvoerende Raad te rig om gewere aan hom beskikbaar te stel ter verdediging van die stasie, aangesien die inwoners "dagelÿksch door Mapochs volk bedreigd worden".[47] Op 30 Mei 1865 het die Uitvoerende Raad Merensky se versoek in beginsel goedgekeur.[48]

---

45. D W van der Merwe: Geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap ..., p.67.

46. SS64, R20/65: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 3.1.1865.

47. SS67, R593/65: A Merensky aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 20.5.1865. Sien ook SS67, R680/65: A Merensky aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 12.6.1865.

48. UR2: Uitvoerende Raadsbesluit, art 10, 30.5.1865.

Op 27 November 1865 is toestemming verleen om tien gewere aan Merensky beskikbaar te stel, waarvoor hy persoonlik verantwoordelik gehou sou word.[49)] Teen Oktober 1865 het Merensky ook begin met die oprigting van 'n fort, Fort Wilhelm genoem. Die terreurveldtog van die Ndzundza teen die stasie is egter voortgesit. Wanneer die inwoners buite die stasie se grense beweeg het, is hulle deur lede van die stam geïntimideer, gedreig en aangerand. Op 24 Augustus 1866 is drie van die swart inwoners, waaronder 'n vrou en kind, op die plaas Kranspoort van L de Jager vermoor.[50)] Teen die einde van 1866 het dit egter gelyk of die Ndzundza hul belangstelling in die stasie begin verloor het, moontlik as gevolg van die afsterwe van Mabhogo.

In 1871 het Malgas, 'n onder-kaptein van Cornelis I egter 'n strooptog op Bothsabelo uitgevoer waartydens vier van die stasie se inwoners gedood is, terwyl 32 stuks kleinvee, twee osse en 'n perd deur die aanvallers weggevoer is. Die aanval was blykbaar van die Ndzundza-opperhoof omdat die swart Christene op die stasie aan die Republiek belasting betaal het. Merensky het hierop by die regering

---

49. UR2: Uitvoerende Raadsbesluit, art 26, 27.11.1865.

50. LL2: D W Pienaar, H Endemann en W J Porter aan landdros Lydenburg, 28.8.1866.

verlof gevra om met behulp van Johannes Dinkwanyane en Joshua Ramapudu 'n kommando op die been te bring en die skuldiges te gaan straf.[51)] A F Jansen, wat na C Potgieter se oorlye hom as landdros van Lydenburg opgevolg het, het die Uitvoerende Raad aangeraai om, indien moontlik, Cornelis gevange te neem en aan te hou totdat die skuldiges uitgelewer en die gesteelde goedere deur die Ndzundza terug besorg is.[52)] Op 22 Julie 1871 het die Uitvoerende Raad beslis dat Cornelis aangesê moes word om die "moordenaars" uit te lewer en die gesteelde goedere terug te besorg. Indien hy sou weier, moes hy die gevolge dra.[53)] Veldkornet W J Joubert het die boodskap aan Cornelis oorgedra,[54)] maar dié het hom nie daaraan gesteur nie. Die saak is egter daargelaat, wat toon dat die regering hom nie moeilikheid op die hals wou haal nie.

---

51. SS139, Supl 21/71, wat uit vier briewe bestaan: W S Porter aan staatsekretaris B C E Proes, 7.6.1871; A Merensky aan W S Porter, 29.5.1871; W S Porter aan L Fourie, 7.6.1871; W S Porter aan A Merensky, 7.6.1871.

52. SS134, R671/71: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 8.6.1871; LL19: Landdros Lydenburg aan Staatspresident en Uitvoerende Raad (kopie), 8.6.1871.

53. UR2: Uitvoerende Raadsbesluit, art 70, 22.7.1871.

54. LL19: Landdros Lydenburg aan W F Joubert, 5.8.1871; LL19: Landdros Lydenburg aan A Merensky, 22.8.1871.

Tydens die Sekhukhune-oorlog is die vyandskap tussen die Ndzundza en die sendingstasie Bothsabelo voortgesit. Rhobongo het die oorlog aangegryp om onmin tussen die sendelinge en die Z A Republiek te probeer saai. In September 1876 het boodskappers van Rhobongo aan kmdt C M du Plooy van Middelburg gerapporteer dat die sendelinge Sekhukhune in die geheim ondersteun deur skuiling te verleen aan Pedi's wat op die vlug was.[55] ŉ Dag later het Rhobongo sy broer "Luaas" persoonlik na die landdros kantoor op Middelburg gestuur met die boodskap dat "er tusschen de kaffers van de statie van den eerwaarde Merensky te Botshabelo, en het volk van Secoecoeni steeds gemeenskap wordt gehouden".[56] Rhobongo het blykbaar gehoop dat die regering hom sou toelaat om ŉ aanval op die sendingstasie te doen. Op 18 September het ŉ impi van Rhobongo ŉ aanval op ŉ groot groep van Sekhukhune se onderdane wat in die omgewing van Bothsabelo teenwoordig was geloods. Veertien Pedi's het die lewe gelaat. Rhobongo het beweer dat hierdie mense onderweg na Bothsabelo was om skuilding teen die gewapende magte te vind. As vergoeding het Rhobongo ŉ perd en saal asook kruit en gewere by die landdros van Middelburg aangevra.[57] Of

---

55. SS215, R2364/76: Kmdt C M du Plooy aan pres T F Burgers, 14.9.1876.

56. SS215, R2367/76: Landdros Middelburg aan Staatsekretaris, 15.9.1876.

57. SS216, R2568/76: Landdros Middelburg aan Staatsekretaris, 23.9.1879.

hy dit gekry het, word nêrens gemeld nie.

Dit was dus nie net die wit plaasboere wat onder die Ndzundza deurgeloop het nie, maar ook die Duitse sendelinge en hulle gevolg.

## 4.4 Nyabela aanvaar Britse onderdaanskap, 1879

Rhobongo is op 21 Oktober 1879 oorlede[58)] en deur Nyabela opgevolg, wat soos Rhobongo as regent vir Fene, seun van Cornelis I, opgetree het.[59)] Onder die leiding van Nyabela, wat deur H C M Fourie as "een eigenwijs man" beskryf word en wie selde die raad van sy kapteins opgevolg het,[60)] sou die Ndzundza in oorlog met die Transvaalstaat kom en in 1883 deur 'n kommando van genl Piet Joubert verslaan word. Ná Rhobongo se dood is Nyabela en sy kapteins in opdrag van Sir Garnet Wolseley deur kapt M Clarke na Weebersfort ontbied waar hy deur Clarke namens die Britse regering in sy amp bevestig is. Volgens clarke het hy dit aan Nyabela en sy kapteins gestel "that the conditions which obtained during the life of Gabongo would be alike binding on them now, that they would have to preserve peace and good order, pay

---

58. SN2, N277/79: Maj R Clarke aan Sekretaris van Naturellesake, 3.11.1879.

59. C J Coetzee: <u>Die strewe tot etniese konsolidasie...</u>, p.246.

60. H C M Fourie: <u>AmaNdebele van Fene Mahlangu...</u>, p.45-46.

taxes and be otherwise under Her Majesty's Government".[61] Volgens Clarke het Nyabela en die kapteins hom bedank en hom meegedeel dat hulle met alles wat gesê is, saamstem. Dit was ook tydens hierdie geleentheid dat Nyabela sy steun aan Wolseley in die Sekhukhune-oorlog beloof het.[62]

Teoreties het Nyabela dus in 1879 onderdaanskap van die Britse regering aanvaar, hoewel dit te betwyfel is of hy die implikasies daarvan, naamlik afstanddoening van sy soewereiniteit en onafhanklikheid, besef het, Uit sy optrede blyk dit egter dat Nyabela hom tot en met die nederlaag van die Ndzundza in 1883 nog steeds as onafhanklik beskou het. In 1880 het hy by voorbeeld op 'n groot stuk grond wat sowel die Steenkampsberge as Maleoskop ingesluit het, aanspraak gemaak. Teenoor die landdros van Lydenburg, G A Roth, het hy verklaar dat hierdie gebied op grond van die reg van verowering wettiglik aan die Ndzundza behoort.[63] Die moontlikheid dat hy hier verwys het na die ooreenkoms soos tussen Mabhogo en kmdt P W A Nel op 5 Mei 1865 aangegaan,[64] kan

---

61. SN2, N277/79: Kapt M Clarke aan Sekretaris van Naturellesake, 3.11.1879.

62. Ibid.

63. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

64. SS67, R548/65: P W A Nel aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 6.5.1865.

nie uitgesluit word nie. Ook tydens die hofsaak van die staat versus Nyabela in 1883, het Nyabela te kenne gegee dat hy 'n onafhanklike kaptein was.[65] Hoe dit ookal sy, in 1879 het Nyabela uit vrye wil 'n Britse onderdaan geword, hoewel die Ndzundza volgens Britse wet reeds sedert 1877 as onderdane beskou is.

---

65. SS852, R4898/83 : "Het Gouverment versus Niabel", betoog van adv H W A Cooper, 21.9.1883.

# HOOFSTUK V

# AANLOOP TOT DIE TWEEDE MAPOCH-OORLOG, 1880-1882

## 5.1 Inleidend

Die meeste sekondêre bronne is dit eens dat die oorlog tussen die Transvaalstaat en die Ndzundza gedurende die jare 1882-1883 sy ontstaan gehad het in eerstens Nyabela se weiering om sy grond deur die destydse Naturelle-Lokasiekommissie te laat afbaken en tweedens sy ondersteuning van en beskerming verleen aan Mampuru, 'n aanspraakmaker op die Pedi-opperhoofskap, toe dié in botsing met die Transvaalse regering gekom het.[1)] C J Coetzee noem ook 'n derde rede, naamlik die feit dat Nyabela geweier het om aan die Transvaalstaat belasting te betaal.[2)] In 1905 het die "Transvaal Native Affairs Department" in "A Short History of the Native Tribes of the Transvaal" die volgende uiteensetting as oorsake vir die Mapoch-oorlog aangebied: "After the Sekukuni war all the chiefs in the

---

1. Sien H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon (die Mapoch-oorlog, 1882-1883); J A Mouton: Genl Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, pp.68-75; Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele..., p.21; C N J du Plessis: Uit de geschiedenis van de ZAR en van de Afrikaanders, pp.91-92; B Lombard: Die swerwerslewe van Mampoer ("De Volksstem", 16,20 en 23.10.1936); P Becker: Inland Tribes of Southern Africa, p.60.

2. C J Coetzee: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal, p.247.

Transvaal were summoned to Pretoria, presumably to take the oath of Allegiance, and also to pay taxes. Nyabela refused to pay taxes to the Boers, saying that he belonged to the English. Mr Henrique Shepstone (son of Theophilus Shepstone), then went to Steelpoort and told the Natives to pay taxes. This they did, but the money was left with Nyabela until Mr Shepstone's return, when he was to get it. In the meantime, Piet Joubert came with a commando to claim the money, but Nyabela refused to give it up. This started the Mapoch war ...".[3)] Argiefbronne toon egter dat die oorsake vir die oorlog veel dieper lê as wat Van Coller, Mouton en andere wil voorgee, terwyl die beweringe wat in "Short History" gemaak word, ongeveer geheel en al foutief is. Argiefbronne wat nie deur een van genoemde navorsers geraadpleeg is nie, dui daarop dat die oorsake vir die Tweede Mapoch-oorlog tot 1880 tydens die Britse bewind teruggevoer kan word, toe Nyabela as opperhoof van die Ndzundza op 'n groot gebied wat die Steenkampsberge en Maleoskop asook verskeie plase waarop Blankes gevestig was insluit, aanspraak gemaak het. Die Brits-Transvaalse regering het hierdie aanspraak na 'n kommissie van ondersoek verwys. Voordat hierdie kommissie sy werksaamhede kon voltooi, het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek. Dit het meegebring dat die kwessie van Nyabela

---

3. Transvaal Native Affairs Department: A Short History of the Native Tribes of the Transvaal, p.55.

se aansprake nog nie opgelos was toe die Driemanskap in 1881 die beheer in Transvaal oorgeneem het nie. Dit het beteken dat die Naturelle-Lokasiekommissie, wat ingevolge die bepalings van die Pretoriase konvensie woongebiede vir swart stamme moes afbaken binne die grense van Transvaal, oorgelaat sou word om die Ndzundza se grondaansprake te besleg deur die afbakening van 'n "lokasie". Hoewel Nyabela in 1880 bereid was om sy samewerking aan die Britse kommissie van ondersoek te verleen, wou hy met die Naturelle-lokasiekommissie van 1882 niks te doen hê nie - vermoedelik omdat die Britte, volgens 'n bewering van Nyabela, in 1879 al die grond wat vroeër aan sy vader behoort het maar intussen deur Blankes beset is, aan hom terugbelowe het.[4)] In hierdie lig moet die bewering wat in die "Short History" gemaak word naamlik dat "Nyabela refused to pay taxes to the Boers, saying that he belonged to the English" verstaan word. Nyabela het dus geweier om die grense van die Ndzundza-grondgebied deur die Naturelle-Lokasiekommissie te laat afbaken of om aan die Transvaalstaat belasting te betaal omdat, volgens sy verklaring, die Engelse aan hom grond belowe het maar nie hul belofte gestand gedoen het nie. Om dié rede wou hy met die Britte onderhandel en nie met die Boere nie.[5)] Die belangrikste oorsaak van die

---

4. SS1907, R4474 gevoeg by R4128/89: Boodskap van Nyabela aan landdros Lydenburg deur A Kuhneissen, 18.10.1880.

5. Sien afdeling 5.3 van hierdie hoofstuk.

Tweede Mapoch-oorlog kan dus teruggevoer word na 'n geskil oor grond tussen die Brits-Transvaalse regering en Nyabela, wat in 1881 onopgelos deur die Transvaalstaat geërf is. Dit, tesame met die feit dat Nyabela geweier het om sy woongebied of "lokasie" deur die Naturelle-lokasiekommissie te laat afbaken plus sy beskerming van en sy steun aan Mampuru verleen moet as die vernaamste oorsake van die Mapoch-oorlog beskou word.

## 5.2 Die Ndzundza onder Nyabela maak aanspraak op grond, 1880

Gedurende die loop van 1880 het die Ndzundza onder Nyabela aanspraak gemaak op 'n groot gebied wat onder andere die Steenkampsberge, Maleoskop en die gebied daartussenin beslaan het.[6)] Nie net was daar minstens twintig bewoonde Blanke plase in hierdie gebied geleë nie, maar ook talle ander wat onbewoon gelê het. Weens die vae beskrywing van die grense van Nyabela se grondeise is dit nie moontlik om die presiese grootte van hierdie gebied vas te stel nie. Landdros G A Roth van Lydenburg het die grense beskryf as vanaf "a point in the ward Comatie where

---

6. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

J Nicholson's store is - from thence to a kraal west ... on the Pretoria Bushveldt ... from there around by Steelpoort and away somewhere in the direction of Lydenburg including Steenkampsberg and Maleoskop." Die landdros was self nie seker oor waar die grense loop nie, "but there is not the least doubt that he claims all the farms he lives on and all the adjacent farms ...".[7)] Die gebied kon dus maklik 'n groter oppervlak as drieduisend vierkante kilometer beslaan het. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat Nyabela in 1880 op hierdie groot gebied aanspraak gemaak het:

Eerstens het 'n groot aantal van die plase in die jare direk voor 1880 onbewoon gelê, waarskynlik weens die onveiligheid wat deur die Sekhukhune-oorlog teweeggebring is.[8)] In hierdie tyd is hulle deur die Ndzundza beset, wat ongestoord kon voortgaan om hier tuine aan te lê, hout te kap en hul vee te laat wei. Toe Blankes ná die Sekhukhune-oorlog aanspraak op hulle vroeëre eiendom gemaak en hulle weer daarop wou gaan woon, het geskille met die Ndzundza ontstaan. Tweedens het die Ndzundza-

---

7. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880. Sien ook SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880.

8. SN3, N543/80 gevoeg by N164/80: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturelle, 10.5.1880.

stamgrootte ŉ rol gespeel. Na ŉ snelle aanwas sedert 1860 was die stam teen 1879 ongeveer 10 000 siele sterk.[9)] Dit het meegebring dat die vier plase wat in 1860 deur die Republiek Lydenburg aan die Ndzundza toegeken is, veels te klein geword het om ŉ behoorlike bestaan daarop te maak. Derdens is Nyabela in sy aansprake gemotiveer deur die ontmoeting tussen hom en kaptein Clarke in November 1879 te Weebersfort, toe Clarke hom versoek het om hulp in die Sekhukhune-oorlog en Nyabela ook in sy amp as kaptein bevestig het.[10)] Nyabela het soos gesien volgehou dat Clarke hom by hierdie geleentheid met goedkeuring van sir Garnet Wolseley belowe het om al die grond wat vroeër aan sy vader Mabhogo behoort het maar intussen deur Blankes beset is, terug te gee in ruil vir hulp in die oorlog teen Sekhukhune,[11)] wat Nyabela inderdaad verleen het. Of Clarke wel so ŉ belofte gemaak het en wat Wolseley se aandeel daarin was, kan nie uit die dokumente vasgestel word nie. Die moontlikheid dat Clarke onnadenkend en uit desperaatheid wel die

---

9. SN2, ongenommer: Verslag m.b.t. Naturellegetalle in Oos-Transvaal, geen datum, maar ongeveer 1879.

10. SN2, N272/79: Maj Clarke aan Sekretaris van Naturelle, 3.11.1879.

11. SS1907, R3287/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 6.7.1880.

belofte kon gemaak het, kan nie buite rekening gelaat word nie. Die Britte was erg verleë oor hulp van swart stamme in hul pogings om Sekhukhune te onderwerp. Nyabela is vierdens gemotiveer deur die feit dat van die Blanke boere ná die vredesluiting van 1865 tussen die Blankes en die Ndzundza, gereeld 'n bees aan die Ndzundza-opperhoof gestuur het met die bedoeling om sy goedgesindheid te behou.[12)] Die opperhoof het dit as 'n "tribuut" van die plaasboere, en dus die erkenning van sy soewereiniteit oor die gebied verstaan, wat in ooreenstemming was met die tradisionele Afrika-grondbesitstelsel. Vyfdens het dit tydens die bewind van Cornelis en Rhobongo gereeld gebeur dat die Ndzundza hul vee op die Blanke plase laat wei en ook daar gejag het, sonder dat die boere beswaar daarteen ingebring het.[13)] Toe 'n aantal boere met groot veekuddes teen die einde van 1879 geprotesteer het teen die beweiding van hulle grond, het dit Nyabela nie aangestaan nie. Hy het by die landdros van Lydenburg beswaar daarteen gaan aanteken en geeïs dat die boere wat ná die Sekhukhune-oorlog onbewoonde plase betrek het, onverwyld daarvan moes padgee. So het boodskappers van Nyabela byvoorbeeld vroeg in Februarie 1880 by

---

12. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (kopie), 13.11.1880.

13. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (afskrif), 13.11.1880; SS139, Supl 99/71: Verklaring van N J Grobler, geen datum maar ongeveeer April 1871. Kyk ook J A Mouton: Genl Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis, p.74.

die landdros van Lydenburg opgedaag om te protesteer teen die besetting van 'n plaas aanliggend aan die Ndzundza stamgrond deur 'n Ier, Michael O'Grady.[14)] Die plaas, wat reeds in 1851 vir die eerste keer vir Willem Steenkamp onder die naam Houtenbek 191 aangeteken is, is tydens die staat van oorlog tussen die Ndzundza en die Boere in die jare sestig, ontruim. Daarna is dit aan O'Grady verkoop. Dié het die plaas teen die einde van 1879 betrek, nadat dit reeds vir ongeveer vyftien jaar onbewoond gelê het. Dit het die Ndzundza die geleentheid gebied om dit te bewerk deur tuine daarop aan te lê en wonings op te rig terwyl ook die weiding benut is. O'Grady het die Swartes op die plaas natuurlik versoek om hul vee te verwyder, hul oeste in te samel en die gebied te ontruim. Nyabela het geweier en derhalwe besluit om by die landdros van Lydenburg beswaar te gaan aanteken. Die landdros het Nyabela belowe dat hy die kwessie aan die regering sou rapporteer. Dié sou dan ondersoek instel en die saak in die reine bring.[15)] Die probleem is ook onder die aandag van maj C A F G Creagh, spesiale

---

14. LL26: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 16.2.1880; Persoonlike mededeling: Mnr Bernard O'Grady, huidige plaaseienaar.

15. SN3, N60/80: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturellesake, 16.2.1880; SS1907, R784/80 gevoeg by R4128/89: Akteskantoor aan Koloniale Sekretaris, 8.10.1880.

kommissaris vir die Noordelike distrikte, gebring, waarop hy 'n besoek aan Nyabela gebring het. Ook Creagh het hom die versekering gegee dat die saak ondersoek sou word. Om te voorkom dat die saak in iets ernstiger ontaard, het Creagh O'Grady opdrag gegee om tot tyd en wyl die ondersoek afgehandel was, nie met die Swartes op die plaas in te meng of hom enigsins met hulle te bemoei nie. O'Grady het ingestem op voorwaarde dat sy weiding nie afgebrand word nie. Hierdie reëling het ook Nyabela tevrede gestel.[16)]

Nog voordat die regering daadwerklik kon optree, het dit duidelik geword dat die probleem 'n veel groter omvang gehad het as bloot net 'n geskil tussen O'Grady en Nyabela oor 'n enkele plaas. O'Grady se grond was nie die enigste wat in die gedrang sou kom nie. In April 1880 het Cornelis du Plooy deur middel van sy prokureur Paul Maré by die waarnemende landdros van Lydenburg Edward van Reenen beswaar gaan aanteken teen die algehele besetting van twee van sy plase deur die Ndzundza, terwyl sy drie ander plase ook wederregtelik deur die Ndzundza vir weiding in gebruik geneem is. Hierdie plase, naamlik Zwartkoppies, Uitkyk, Lagersdrift, Kafferskraal en Grootkop

---

16. SN3, N164/80: C A F G Creagh aan Sekretaris van Naturellesake, 27.4.1880.

het vir 'n aantal jare ook onbewoond gelê, waartydens hulle deur die Ndzundza beset is.[17)] Vier van die vyf plase is reeds in 1857 aangeteken en die vyfde (Grootkop) in 1870. Du Plooy het die grond tussen 1872 en 1879 van die eienaars gekoop, wie dit self nooit bewoon het nie.[18)]

In Junie 1880 het nog 'n plaaseienaar, Patrick O'Sullivan, met klagtes oor sy grond aanliggend aan die Ndzundza tevoorskyn gekom. O'Sullivan was die eienaar van vyf plase naamlik Petersburg, 1038, Hermansdal 1039, Hebron 1040, Johannesberg 1041 en Uysedoorns 1042. Volgens O'Sullivan is al vyf plase in geheel deur die Ndzundza bewoon en bewerk: "Paying heavy rents and taxes to Both the old And Preasant Gouverments up to the Preasant Day i have not Received the slightest Benefit from My ground the caffers are in the Entire Posession all My ground they Burne off the grass they Destroy Fire Wood Waggon Wood and Building Wood of all descriptions there is a great Number of Caffers scattered all over the ground ... they will not alow me to Build on my own ground they say i have no ground it all belongs to Mapoch ...".[19)] Toe O'Sullivan nie gou genoeg na sy

---

17. SN3, N164/80: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturellesake, 10.5.1880; SN3, ongenommer, gevoeg by N164/80: P Maré aan landdros Lydenburg, 1.5.1880.

18. SN3,N164/80:Akteskantoor aan Sekretaris van Naturellesake, 26.5.1880.

19. SS1907, R3287/80 gevoeg by R4128/89: P O'Sullivan aan Koloniale Sekretaris, 23.6.1880.

sin uitsluitsel oor die kwessie kry nie, het hy hom na ŉ prokureur gewend. Dié het namens hom voorgestel dat die regering ŉ gedeelte van die plase ten behoewe van die Ndzundza kon huur teen £1 per jaar vir elke manlike Swarte ouer as veertien jaar wat daarop woonagtig was. O'Sullvian sou as ŉ alternatief ook bereid wees om die plase, wat reeds in 1871 in sy naam geregistreeer is, vir £4000 aan die Britse regering in Transvaal te verkoop.[20]

Die sou egter nie by O'Sullivan eindig nie. In September het die huurder van die plaas Haakdoorndraai 433 aan die landdros van Lydenburg kennis gegee dat die Ndzundza die grond in geheel bewoon en bewerk het, sodat hy geen gebruik meer daarvan gehad het nie. Die plaas het aan P J Grobler behoort en die huurder was W Pullen.[21] Gedurende Oktober 1880 het Nyabela die Blanke eienaarskap van nog vyf plase betwis. Die eerste was die plaas Rooikraal, behorende aan J A Gilfillan. Hierdie plaas, geleë te Maleoskop, is met goedkeuring van Gilfillan ná die Sekhukhune-oorlog deur die Britse regering aan Mampuru en sy volgelinge as woonplek aangewys.

---

20. SS1138, R4098/80 gevoeg by R6121/85: H W A Cooper aan Koloniale Sekretaris, 21.9.1880.

21. LL27: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 20.9.1880.

Gilfillan het die plaas egter self ook bewoon. Nadat boodskappers van Nyabela op 'n dag by Gilfillan opgedaag het en hy meegedeel is dat die grond aan die Ndzundza behoort, het die Ndzundza sonder verdere kennisgewing begin om landerye op die plaas aan te lê. Die Pedi's wat daar woonagtig was, is ook aanhoudende deur die Ndzundzas lastig geval.[22)] Gedurende Oktober het die Ndzundza ook die plaas Rietspruit, behorende aan D D J Malan, beset. Malan was hierop verplig om die plaas te verlaat: "They pick the ground to such an extent as to cover the whole farm. I have a large amount of stock but by reason of the kaffers garden I was compelled to leave my farm and hire another, leaving me a loss in my stock of £ 1000 ".[23)]

In Oktober het dit geblyk dat die Ndzundza aanspraak maak op nog drie plase, Sans Suici, Chieftans Plain en Valhalla. Dit het aan 'n voormalige landdros van Lydenburg, A F Jansen, behoort. Hierdie plase was aangrensend aan die grond waarop die Ndzundza gewoon het, waarop Jansen aan die regering voorgestel het dat hy "ter voorkoming van moeigelykhede met die kaffers" dit sou verlaat. Maar dan moes die regering bereid wees om

---

22. SS1907, R4327/80 gevoeg by R4128/89: C Schultze aan landdros Lydenburg, 1.10.1880.

23. SS1907, R4326/80 gevoeg by R4128/89: D D J Malan aan Koloniale Sekretaris, 8.10.1880.

ander plase aan hom beskikbaar te stel in ruil vir die waarop Nyabela aanspraak gemaak het.[24)]

Toe dit vir die landdros van Lydenburg duidelik geword het dat die probleem van veel groter omvang was as wat hy aanvanklik vermoed het, het hy in Mei 1880 aan sers D J Hayes opdrag gegee om Nyabela te gaan spreek en hom te waarsku dat, indien dit bewys kon word dat sy onderdane plase onwettiglik beset, hy met minstens £50 beboet sou word. Hayes moes hierdie waarskuwing ook aan Blanke boere rig. O'Grady van Houtenbek het Hayes na Nyabela vergesel, omrede hy intussen as waarnemende veldkornet aangestel is en hy aan Nyabela voorgestel moes word. Tydens die besoek het Nyabela verklaar dat hy geen probleem daarmee het om O'Grady as veldkornet te erken nie, maar dat hy hom aanraai om eerder terug te gaan na die Oranje-Vrystaat waar hy vandaan kom, aangesien hy (Nyabela) geensins van plan was om sy aanspraak op Houtenbek te laat vaar nie. Voorts het Nyabela beweer dat kapt Clarke die grond aan hom gegee het. Toe Nyabela egter deur Hayes verbied is om met die afbrand van die weiding op die plaas voort te gaan, het Nyabela hom meegedeel dat hy dit sou doen wanneer hy lus het. Hy sou ook jagekspedisies na die plaas stuur wanneer dit

24. SS487, R4983/80: A F Jansen aan landdros Lydenburg, 11.11.1880.

hom pas.[25] Die volgende dag het Nyabela sy dreigement uitgevoer: ŉ Jagekspedisie is uitgestuur en met dié se terugkeer is duisende hektaar gras aan die brand gesteek waardeur verskeie plase, waaronder Houtenbek, se winterweiding geheel en al vernietig is.[26] Klagtes van die Blanke boere het by die landdros van Lydenburg ingestroom. Dit was hulle insiens onmoontlik om met hulle boerderye op grond aanliggend aan die Ndzundza voort te gaan. Nie net is gras afgebrand nie, maar vee is ook weggevoer en landerye oral begin aanlê. Na bewering van Patrick O'Sullivan het die broers Floris en Willem Steenkamp van die plase Klipbankspruit en Draaikraal, geleë tussen O'Grady en O'Sullivan se grond, vir ŉ hele paar jaar reeds aan Nyabela huur betaal, "for the purpose of Being aloud to live in peace on their own ground".[27] Hierdie bewering van O'Sullivan word ook gestaaf deur ŉ brief wat P J Steenkamp reeds in Augustus 1877, dus direk na die Britse anneksasie van Transvaal, aan Theophilus Shepstone geskryf het. Volgens Steenkamp was hy reeds vir vier-en-twintig jaar die

25. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Sers D J Hayes aan landdros Lydenburg, 25.5.1880.

26. SS1907, R3287/80, gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Sekretaris van Naturellesake, 31.5.1880.

27. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: P O'Sullivan aan Koloniale Sekretaris, 23.6.1880.

eienaar van die grond, maar was vir die laaste agt jaar, dus sedert 1869 reeds, deur die Ndzundza verhinder om die plaas te bewoon. Volgens Steenkamp het die Ndzundza gedreig om sy kinders om die lewe te bring terwyl hulle ook sy weiding afgebrand, sy bome verniel en sy plaas oor die algemeen onbewoonbaar gemaak het. Om hierdie redes was hy verplig om aan die Ndzundza "huur" in die vorm van beeste te betaal.[28)]

Met die oog op die bereddering van die toestand van onrus en ook ŉ beoogde belastinginvordering onder die Ndzundza, het die sekretaris van Naturellesake, Henrique C Shepstone, gedurende Julie 1880 ŉ persoonlike besoek aan die distrik gebring. Hy het ook Nyabela besoek om die probleme persoonlik met hom te bespreek. Met Shepstone se besoek het Nyabela verduidelik dat nóg hy, nóg sy voorgangers ooit die gesag van die Boere erken het nie, en dat hy die Ndzundza-stam steeds as ŉ onafhanklike volk beskou het. Voorts het hy verklaar dat ná die Boere in 1865 aan sy vader, Mabhogo, dertig beeste betaal het, hulle toegelaat is om weer op Ndzundza-grond te woon. Hierdie beeste is egter onder protes deur Mabhogo aanvaar, aangesien hy nie wou gehad het dat die Boere weer in sy land moes vestig nie. Die boere het hierna jaarliks elk ŉ bees aan die Ndzundza-opperhoof gestuur

---

28. SS246, R3354/77: P J Steenkamp aan Theophilus Shepstone, 21.8.1877.

wat deur laasgenoemde as erkenning van die Ndzundza-gesag oor hulle vertolk is. Volgens Nyabela het Mabhogo die grond nie destyds aan die Boere "verkoop" nie, maar eerder in pag verhuur. Syns insiens het die Ndzundza dus die eienaars van die grond gebly. Nyabela het ook teenoor Shepstone herhaal dat sir Garnet Wolseley en kapt Clarke die grond wat aan sy vader behoort het en nou deur Blankes beset word, in 1879 aan hom terug belowe het en dat hy nog steeds op die uitvoering van die belofte wag. Shepstone, wat onbewus was van beloftes wat aan Nyabela gemaak is, het hom gevra om geduld te gebruik, aangesien die saak spoedig ondersoek sou word. Intussen moes hy nie die Blanke bewoners van die grond lastig val nie en gehoorsaam wees aan die regering deur belasting te betaal.[29)] Sir Owen Lanyon, die Britse Administrateur, het by die lees van Shepstone se verslag dadelik aan die Transvaalse koloniale sekretaris opdrag gegee om verdere ondersoek in te stel, aangesien hy die kwessie as ernstig beskou het.[30)]

---

29. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: H Shepstone aan W O Lanyon, 8.7.1880. Hierdie ondersoek sou uiteindelik aanleiding gee tot die totstandbringing van die "Mapochs Commission". (Sien later in hierdie hoofstuk)

30. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Nota van W O Lanyon, 24.7.1880.

Toe die regering teen September 1880 nog nie die probleem van die Ndzundza-grondaansprake opgelos het nie, het Nyabela se geduld begin opraak, veral nadat sy onderdane hom ingelig het dat O'Grady besig was om 'n opstal op Houtenbek op te rig. Nyabela het daarop boodskappers na O'Grady gestuur met die waarskuwing dat hy homself die moeite kon spaar om sy huis te voltooi, aangesien dit by voltooiing dadelik vernietig sou word. O'Grady het dit aan die landdros van Lydenburg rapporteer, wie hom gemaan het om nie paniekerig te word nie.[31] Op 15 Oktober het Nyabela egter weer boodskappers na O'Grady gestuur met die opdrag dat hy sy plaas Houtenbek onmiddellik moet verlaat en dat hy nie weer van sy onderdane wou hoor dat hy steeds daar woon nie. Uit vrees het O'Grady se plaaswerkers by die aanhoor hiervan gevlug, terwyl O'Grady homself na die landdros van Lydenburg gehaas het om te verneem wat hom te doen staan.[32]

Intussen het Nyabela ook Mampuru se Pedi's op die plaas Rooikraal begin lastig val deur hulle te verhinder om te saai.[33] Landdros Roth het hierop 'n boodskapper

---

31. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: M O'Grady aan landdros Lydenburg, 5.9.1880.

32. SS1907, R4475/80 gevoeg by R4128/89: Verklaring aan M O'Grady voor landdros Lydenburg, 16.10.1880.

33. LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 8.10.1880.

na Nyabela gestuur met die opdrag om uit te vind of die berigte waar was en indien, hom aan te sê om sy optrede onmiddellik te staak, aangesien dit 'n nadelige uitwerking op die algemene rus en vrede van die distrik gehad het.[34)] Die boodskap wat Nyabela aan die landdros teruggestuur het, toon duidelik dat hy op daardie stadium gneoeg gehad het van die sloerdery. Hy het die landdros laat verstaan dat hy op die plaas Rooikraal aanspraak maak as beloning vir sy aandeel in die Sekhukhune-oorlog en dat hy beslis nie daarvan sou afsien nie. Met betrekking tot O'Grady het hy erken dat hy hom aangesê het om die plaas te verlaat en bygevoeg: "I myself Inyabela go there the day after tomorrow to pick and I shall pick round the home, and in the sheepkraal I shall plant my pumpkins, and when O'Grady is not away by that time I shall give him some of my knobkierie - I shall not hammer him the head so that the blood runs but in the body ... I have been born here and I shall die here on this place ... you could hang me, you could kill me here on the place, but I shall pick in that farm of O'Grady's, for the Government promised me all the

34. SS1907, R4474 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 18.10.1880; SS1907, R4475/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Nyabela, 16.10.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Nyabela (kopie), 16.10.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (kopie), 16.10.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 18.10.1880.

ground back again which my father had".[35] Nyabela het egter nie sy dreigement uitgevoer nie, maar ŉ week later ŉ boodskap na die landdroskantoor gestuur waarin hy dit weer eens beklemtoon het dat O'Grady teen sy sin op die grond woon en dat hy moes padgee. Roth het weer eens die versekering gegee dat die saak ondersoek word. Hy het die boodskappers ook meegedeel dat die regering ŉ spesiale kommissie benoem het wat uitsluitsel oor die aangeleentheid moes gee, wat Nyabela blykbaar vir eers tevrede gestel het.[36]

Nadat die geskil tussen Nyabela en O'Grady oor die plaas Houtenbek reeds in Februarie 1880 onder die aandag van die landdros van Lydenburg gebring is, het hy die kwessie na die koloniale sekretaris verwys. Dié het dit aan die sekretaris van Naturellesake voorgelê wat navraag gedoen het by onder meer die kantore van die Ouditeur-generaal en die Landmeter-generaal om vas te stel watter reg Nyabela op die grond gehad het, en of die Blanke plaaseienaars wettige aansprake op hul grond gehad het aldan nie. Geeneen kon lig op die saak werp nie.

---

35. SS1907, R4474 gevoeg by R4128/89: Boodskap van Nyabela aan landdros Lydenburg deur A Kuhneissen, 18.10.1880. Kyk ook De Volksstem, 9.11.1880.

36. SS1907, R4588/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 26.10.1880; L128: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (kopie), 26.10.1880.

Uiteindelik is dit na die landdros van Lydenburg terugverwys,[37] maar ook hý kon die tersaaklike inligting nie verskaf nie. Toe dit ná Henrique Shepstone se besoek aan Nyabela blyk hoe omvangryk die Ndzundza-opperhoof se aansprake was, het Owen Lanyon besluit om die koloniale Sekretaris George Hudson opdrag te gee om 'n indringende ondersoek na die kwessie van die Ndzundza-grondaansprake te doen.[38] Hieruit is die "Mapochs Commission" in Oktober 1880 gebore. Hierdie driemankommissie het opdrag gehad om met behulp van 'n landmeter te gaan vasstel waar die grense van die vier plase wat in 1860 aan die Ndzundza toegeken is, presies lê, en of die Blanke boere se aansprake op hul plase grond gehad het of nie.[39] Die lede van die kommissie sou bestaan uit majoor (vroeër kaptein) M Clarke as president, A H Walker van Pretoria as opmeter en landdros G A Roth van Lydenburg as addisionele lid.[40] Vanaf die totstandkoming van die Kommissie was die noodlot daarteen. So het die lede van die kommissie

37. SN3a, N60/80: Sekretaris van Naturellesake aan landdros Lydenburg, 25.3.1880.

38. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: H Shepstone aan W O Lanyon, 8.7.1880; SS433, R2463/80: Nota van W O Lanyon, 14.10.1880.

39. SS519, R4098/80 gevoeg by R702/81: Koloniale Sekretaris aan A H Walker, 15.10.1880.

40. SS519, R4098/80 gevoeg by R702/81: Koloniale Sekretaris aan A H Walker, 15.10.1880; Sien ook LL28: Koloniale Sekretaris aan landdros Lydenburg, inskrywing op 22.10.1880.

ooreengekom om mekaar teen einde November 1880 te Mapochstat te ontmoet sodat daar met die werksaamhede begin kon word. Majoor Clarke moes egter om 'n onbekende rede op die laaste nippertjie Natal toe gaan, sodat hy die afspraak nie kon nakom nie. Tussen Roth en Walker het daar 'n misverstand ontstaan. Toe Roth by Mapochstat opdaag moes hy verneem dat Walker te Middelburg op hom wag, waarna hy na Lydenburg teruggekeer het.[41)] Roth kon intussen aan die koloniale sekretaris rapporteer dat hy Nyabela gespreek het en dat laasgenoemde hom baie vriendelik behandel het. Roth kon voorts verslag doen dat die regering verseker kon wees dat daar op dié stadium niks van die kant van Nyabela te vrese was nie. Tog moes hy waarsku dat Nyabela nie onderskat moes word nie: "... he posesses great loyalty to Government, but at the same time would like to have everything his own way, and wishes for impossibilities".[42)] Walker het intussen op sy eie voortgegaan met die taak om die gronde op te meet, terwyl Roth alles in sy vermoë gedoen het om enige inligting oor die gronde wat van belang mog

41. SS1907, R4809/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 9.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris (kopie), 9.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan A H Walker, 9.11.1880.

42. SS1907, R4809/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 9.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekeretaris (kopie), 9.11.1880.

wees, te bekom. Hy het by voorbeeld van die ou Voortrekkerboere soos o.a. Jacob de Clerq, die eerste landdros van Lydenburg, besoek om te hoor of hulle nie oor inligting beskik het nie.[43)]

Walker het op 28 November 1880 by Nyabela besoek afgelê, vergesel van Adolf Kuhneissen, 'n adjunk-veldkornet wat hom aan Nyabela moes voorstel. Intussen het hy ook reëlings getref met die here Du Plooy, O'Sullivan, Malan en Jansen, wie aan hom die bakens van die grond waarop hulle aanspraak gemaak het, moes wys. Vroeg in Desember kon Walker aan die koloniale sekretaris rapporteer dat "I have great difficulty in finding correct beacons - the inspections was done very roughly and the proprietors have never erected any beacons to re-inspect the farms, which greatly retards the work of the commission".[44)]

---

43. Sien o.a. LL28: Landdros Lydenburg aan maj M Clarke, 22.11.1880.

44. SS493, R5221/80: A H Walker aan Koloniale Sekretaris, 4.12.1880. Die aanstelling van die Mapochskommissie asook A H Walker se voorlopige bevindinge omtrent die oprig en aanduiding van bakens op geïnspekteerde plase, herinner sterk aan 'n soortgelyke gebeurtenis op min of meer dieselfde tyd in die Wes-Transvaal, toe dit aan kol Moysey opgedra is om die westelike grens van Transvaal vas te stel. Dit het Moysey ongeveer vyftien maande geneem om verslag te kon doen omtrent grondaansprake waarby o.a. die Thlaping, Rolong en Blanke boere by betrokke was. Moysey se grootste probleme in dié verband was die swak beskrywing van plaasbakens (miershope, doringbome, waterstroompies, koppies e.d.m.) op die "uittreksels", wat verkoop en herverkoop is sonder dat die eienaars ooit die bakens gesien het. Om hierdie rede het Moysey die standpunt ingeneem dat slegs die okkupeerders van grond geregtig was om aanspraak te maak op wettige eienaarskap. (Sien J A I Agar-Hamilton: The Road to the North, pp.168-182).

Walker het ook gekla dat die afwesigheid van maj Clarke hom groot probleme besorg, aangesien Nyabela hom al twee keer versoek het om hom te vergesel, sodat hy die grense van die grond waarop hy aanspraak maak, aan hom kon uitwys. Weens Clarke se afwesigheid moes Walker hierdie versoeke weier. Om hierdie rede het Walker te kenne gegee dat, indien hy Nyabela se samewerking wou behou, hy in Clarke se afwesigheid sou moes optree. Met Nyabela het hy toe ooreengekom om hom op 9 Desember 1880 te ontmoet sodat hy hom van sy aansprake kon vergewis.[45)]

Op hierdie punt het die kommissie se werksaamhede tot 'n einde gekom. Dit het saamgeval met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog. Op 23 Desember 1880 is Walker te Middelburg deur die Boere-kommando's gevange geneem en eers in Maart 1881 te Rooihuiskraal vrygelaat. In Pretoria het hy sy posisie per brief aan die koloniale sekretaris uiteengesit.[46)] Walker se verslag

---

45. SS493, R5321/80: A H Walker aan Koloniale Sekretaris, 4.12.1880.

46. SS519, ongenommer, gevoeg by R702/81: A H Walker aan Koloniale Sekretaris, 14.4.1881; SS519, R702/81: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, 27.4.1881.

is nooit voltooi nie en die Ndzundza se grondgeskil met die Britse regering het dus onopgelos gebly. Dit sou in die hande van die Driemanskap gelaat word om verder daarin te handel, aangesien die oorhandiging van Transvaalse gesag aan die Boere ook die ontbinding van die Mapochskommissie tot gevolg gehad het.

## 5.3 Implementering van die bepalings van die Pretoriase Konvensie as oorsaak vir die oorlog

Na ŉ wapenstilstand is die politieke gesag in Transvaal in Augustus 1881 aan die Driemanskap, bestaande uit S J P Kruger, P J Joubert en M W Pretorius, deur die Britse regering oorgedra. Dit sou hierdie regering se taak wees om die grondgeskil met die Ndzundza uit die weg te ruim. Artikel XXII van die Pretoriase Konvensie het voorsiening gemaak vir die totstandkoming van ŉ Naturelle-Lokasiekommissie aan wie dit opgedra is om die lokasies vir swart stamme in die Waterberg-, Soutpansberg- en Lydenburg-distrikte af te baken. Die grond sou in die kommissie se naam geregistreer word, wat dit in trust vir die swart stamme sou hou.[47] Hierdie kommissie sou dus ook die Ndzundza se grond moes gaan afbaken.

---

47. F A van Jaarsveld: <u>100 Basiese dokumente</u>, p.135. Kyk ook T R H Davenport en K S Hunt (reds.): <u>The Right to the Land</u>, par 64, p.40.

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog het die probleme tussen die Ndzundza en hul Blanke bure voortgeduur, aangesien Nyabela nie die "Blanke" plase wat deur die Ndzundza beset is, ontruim het nie. Afgesien van skriftelike klagtes wat direk aan die staatsekretaris gestuur is,[48)] is dit ook mondelings deur ontevrede boere aan die Naturelle-kommissaris vir Middelburg-distrik, S P Grové, oorgedra. Om hierdie rede het Grové op eie inisiatief begin om 'n ondersoek na die situasie te doen. Reeds op 11 Oktober 1881 het Grové Nyabela besoek om op hoogte van die toestand te kom. Toe Grové Nyabela konfronteer het oor die Ndzundza-veewagters wat hul vee op boereplase laat wei het, het hy verklaar dat hy niks daarvan geweet het nie. Hy het Grové belowe om navraag te doen, maar hom ook versoek om namens hom van die omliggende boere toestemming te verkry sodat sy volk daar kon saai en die weiding benut, aangesien dit in die distrik erg droog was. Die droogte sou volgens Grové ook die oorsaak wees waarom Nyabela se onderdane op Blanke plase oortree het. Intussen het Grové aan die plaasboere opdrag gegee om soveel moontlik van Nyabela te verdra en geskille ten alle koste te vermy, aangesien die Transvaalstaat dit eenvoudig nie kon bekostig om in 'n oorlog met 'n swart nasie betrokke

48. SS563, R3960/81: Klagtes omtrent die ongerief ondervind deur burgers weens die Mapoch-stam, 21.9.1881.

te raak nie.[49] Grové het egter aan die Superintendent van Naturelle berig dat daar geen rede tot onmiddellike kommer was nie - Nyabela het alle blyke van vrede gegee en "... het schÿnt my of de enwoners van Steelpoort meer bevrees es voor oorlog als dat er wesenlyk onvijligheid bestaat ...".[50] Op 20 Oktober het Grové weer aan die Superintendent van Naturelle herbevestig dat daar geen teken van onluste of oproer te bespeur was nie. Na die beste van sy wete was daar vrede, alhoewel hy bygevoeg het dat dit kan wees dat Nyabela "maar de kat uit de book keik",[51] bedoelende dat Nyabela moontlik sy kans afgewag het.

Intussen het skriftelike klagtes van boere omtrent die probleme wat hulle ondervind het met die "stam van Mapoch", die staatsekretaris bereik.[52] Op sy beurt het hy dit na

---

49. SS572, SR11/81 gevoeg by R4551/81: Ondersoek van Naturellekommissaris S P Grové te Mapochstat, 11.10.1881; SS570, SR98/81 gevoeg by R4405/81: S P Grové aan Superintendent van Naturelle, 12.10.1881.

50. SS570, SR98/81 gevoeg by R4405/81: S P Grové aan Superintendent van Naturelle, 12.10.1881.

51. SS572, SR111/81 gevoeg by R4551/81: S P Grové aan Superintendent van Naturelle, 20.10.1881.

52. SS563, R3960/81: Klagtes omtrent die ongerief ondervind deur burgers weens die Mapoch-stam, 21.9.1881.

die Superintendent van Naturelle, genl Piet Joubert, deurgestuur. Dit is waarskynlik dat Joubert op daardie stadium nog nie die verslag wat Grové op eie inisiatief opgestel het, ontvang het nie, aangesien hy dadelik aan Grové opdrag gegee het om ondersoek na die situasie te doen.[53] Grové het hom hierop na Nyabela teruggehaas om hom amptelik van die boere se klagtes en Joubert se navrae in kennis te stel. Nyabela het al die beskuldigings teen hom ontken en die klaers tot leuenaars verklaar. Hy het Grové voorts meegedeel dat hy die Engelse gevrees het en tans ook die Boere, met wie hy nie graag in vyandskap wou leef nie. Grové was welkom om oortredings van sy volk aan hom te rapporteer, maar hy het die beskuldigings ten ene male ontken. Grové het hierop die "aanspraak" van sir Hercules Robinson, die Britse Hoë-Kommissaris, aan Nyabela voorgelees, waarmee hy formeel ingelig is dat die Britte hul gesag uit Transvaal onttrek het asook dat 'n Naturelle-Lokassiekommissie onder toesig van die Britse Resident sy grond sou kom afbaken, waarop Nyabela geantwoord het dat hy niks van enige afbakening van sy gronde wou weet nie - hy wou ongestoord bly woon waar hy was. Voorts het hy gekla dat van die Blanke boere by sommige van sy mense wat op plase gevestig was, opgaaf-belasting ingevorder het, waaroor hy bitter ontevrede was. Grové het hierop opgemerk dat dit vir hom lyk asof Nyabela

---

53. SS563, R3960/81: Kommentaar van P J Joubert, 15.10.1881.

homself as geheel en al onafhanklik van die staat en aan niemand verantwoordelik beskou het nie. Grové het die Superintendent van Naturelle hierop in kennis gestel dat hy binnekort met die invordering van belasting by goedgesinde kapteins in die Middelburg-distrik sou begin. Waar daar egter kwessies kon ontstaan, soos met Nyabela, sou hy die invordering vir eers daar laat.[54)]

Ten spyte van Grové se pogings om vrede in die distrik te bewerkstellig, het die Ndzundza voortgegaan met hulle benutting van Blanke plaasboere se weiveld. Hierdie boere is gereeld afgedreig, sodat die toestand in die distrik selfs vererger het. "De Volkstem" het op 2 November 1881 'n lang berig geplaas onder die opskrif "Mapoch's Kaffers Brutaal", waarin die toestand met betrekking tot die Ndzundza uiteengesit en voorvalle beskryf is waarin plaasboere met die dood gedreig is. In kommentaar hierop het genl Piet Joubert teenoor die koerant verklaar dat hy glo hierdie voorvalle maar slegs die "begin" was en dat "erger dinge" in die toekoms verwag kon word,[55)] waarmee hy vooroordeel geïllustreer het.

---

54. SS563, R3960/81: S P Grové aan Superintendent van Naturelle, 1.11.1881. Grové het gedurende die hofsaak teen Nyabela in 1883 oor hierdie insident getuienis gelewer. Sien SS852, R4598/83: Getuienis van S P Grové in die saak van die staat teen Nyabela, 21.9.1883.

55. De Volksstem, 2.11.1881.

Van die ontevrede Blankes het sedert vroeg in 1882 hul klagtes direk tot die Driemanskap begin rig. C M du Plooy, W J du Plooy en C F Botha het op 17 Januarie 1882 hul probleme per brief aan die Driemanskap uiteengesit. Die Du Plooy's het reeds in 1880 by die Britse regering teen die besetting van hul vyf plase[56)] beswaar aangeteken. C F Botha was die eienaar van die plase "Waterval" en "Hoogenoeg", geleë in 'n suidwestelike rigting van die Mapochsgronden en aanliggend aan die Du Plooy's se grond. In 'n gesamentlike skrywe het die Du Plooy's en Botha beswaar gemaak teen die feit dat die Ndzundza sedert die anneksasie van Transvaal in 1877 hul plase beset het deur dit te besaai en die weiding daarop te benut. Hierdie plase is deur die klaers as winterweiding gebruik en aangesien die veld volgens hulle reeds "verteer" was, was hulle verplig om ander plase te huur, met gevolglike groot finansiële verlies.[57)] Vroeg in Februarie 1882 het Grové aan die Superintendent van Naturelle laat weet dat hy by ondersoek vasgestel het dat die Ndzundza ook die staatsplaas Palmietfontein in geheel beset het. Hierdie was dus die drie-en-twintigste

---

56. Lagersdrift, Zwartkoppies, Kafferskraal, Uitkyk en Grootkop. Kyk SN3, ongenommer, gevoeg by N165/80: P Maré aan landdros Lydenburg, 1.5.1880.

57. SS1138, R348/82 gevoeg by R6121/85: C M du Plooy, W J du Plooy en C F Botha aan Driemanskap, 17.1.1882.

plaas wat ten volle of gedeeltelik deur die Ndzundza beset is, en waarteen die Blanke eienaars beswaar aangeteken het. Om hierdie rede het Grové die Superintendent van Naturelle aangeraai om die plaas, wat oos van die Mapochsgronden geleë en aan O'Grady gegrens het, amptelik deur die Naturelle-Lokasiekommissie aan die Ndzundza te laat afstaan.[58)] Teen einde Februarie 1882 het die Superintendent van Naturelle aan die Du Plooy's en Botha geantwoord dat hulle verseker kon wees dat die regering wel stappe sou neem om die saak in die reine te bring. Daar sou egter niks gedoen kon word alvorens die Lokasie-Kommissie nie gekonstitueer was nie en is hulle aangeraai om geduld te gebruik.[59)] Volgens 'n brief wat die Transvaalse staatsekretaris aan die Britse Resident George Hudson geskryf het, was die regering "besiel met die vurigste verlange" asook oortuig van die volstrekte noodsaaklikheid daarvan dat die Lokasiekommissie so spoedig moontlik gekonstitueer moes word, maar dat dit om twee redes vertraag word. Eerstens het onluste op die suidwestelike grense dit vertraag, terwyl die tweede rede voorgehou is as "pogings van vyande van die regering om konfrontasie tussen Swart en Wit te bewerkstellig".[60)] Om hierdie rede

---

58. SS1138, R56/82 gevoeg by R1106/82: S P Grové aan Superintendent van Naturelle, 5.2.1882.

59. SS1138, BB499/82 gevoeg by R1106/82: Superintendent van Naturelle aan C M du Plooy, W J du Plooy en C J Botha, 22.2.1882.

60. SS8656, BB1331/82: Staatsekretaris aan Britse Resident, geen datum, maar ongeveer Mei 1882.

het die Uitvoerende Raad eers op 11 Mei 1882 ter nakoming van die Pretoriase Konvensie besluit watter stamme se grond deur die Naturelle-Lokasiekommissie afgebaken moes word. Altesame sewentien swart volke het ter sprake gekom, waarvan die Ndzundza heel eerste genoem is.[61)] Die Lokasiekommissie sou vanweë die bestaande probleme tussen die Blankes en die Ndzundza, dáár 'n begin maak met hul werksaamhede. Dit is nie seker hoe hierdie nuus uitgelek het nie, maar reeds op 7 Augustus 1882 het Grové die Staatsekretaris kennis gegee dat "Nabel zich geprepareerd had voor oorlog". Volgens Grové het Nyabela op onverklaarbare wyse verneem dat daar in Augustus 'n kommissie sou kom om sy grond op te meet en belasting van sy onderdane in te vorder. Hy het sy onderdane derhalwe opdrag gegee om hulle op 'n oorlog voor te berei en intussen aan niemand belasting te betaal nie. Volgens Grové het Nyabela al sy onderhoriges in die buitekrale beveel om met hulle vee en koring by hom te Erholweni te vergader, waar hulle die kommissie sou afwag. Intussen het Nyabela ook van sy rapportgangers na Grové gestuur met die boodskap dat die kommissie maar kon kom - hy was "gereed" om hulle te ontvang.[62)] Volgens Grové was 'n oorlog teen

---

61. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 191, 11.5.1882.

62. SS703, R4500/83: S P Grové aan Staatsekretaris, 7.8.1882.

die Ndzundza dus bykans onvermydelik. Landdros A F Jansen van Lydenburg het egter met Grové verskil oor die erns van die toestand in die distrik. In 'n skrywe op 23 Augustus 1882 aan die kommandant-generaal het Jansen aanbeveel dat 'n Naturelle-kommissaris nader aan die Ndzundza geplaas moet word aangesien Grové self te ver van die Ndzundza gestasioneer was. Volgens Jansen moes 'n persoon soos Frederik Joubert, wie 22 jaar reeds in die distrik woonagtig was "en tamelyk wel bekend was met kafferpolitiek" as Naturellekommissaris vir die Ndzundza aangestel word. Joubert, wat as buurman van die Ndzundza oor 'n lang tyd aansien onder hulle verwerf het, sou die plofbare toestand moontlik kon ontlont, aldus Jansen. Hy het egter geglo die toestand was nog nie só ernstig dat 'n botsing onvermydelik was nie.[63)] In 'n tweede skrywe aan die kommandant-generaal 'n paar dae later, het Jansen die mening uitgespreek dat hy seker was dat daar van Nyabela selfs 'n lojale onderdaan gemaak kon word indien die regering bereid was om meer grond aan sy Ndzundza-volk beskikbaar te stel. Wanneer Nyabela voldoende ruimte gehad het om op te woon, sou hy selfs sover gebring kon word om opstandige swart kapteins in bondgenootskap met die regering militêr te onderwerp. Die landdros het voorts

---

63. LL26: Landdros Lydenburg aan Kommandant-generaal, 23.8.1882.

versoek dat alle pogings aangewend moes word om oorlog te vermy aangesien die distrik weens die herhaalde oorloë van die laaste jare so agteruitgegaan het dat nog 'n oorlog kwalik bekostig kon word.[64)]

Op 1 September 1882 het genl Piet Joubert 'n skrywe aan Nyabela gerig waarin hy hom formeel ingelig het oor die koms van die Naturelle-Lokasiekommissie wat sy grond sou afbaken om sodoende 'n permanente tuiste vir sy vroue, kinders en hul nageslag te skep, waarin hulle tot in lengte van dae kon bly woon. Joubert het onderneem om Nyabela so gou moontlik met die datum waarop die kommissie sou arriveer, bekend te stel.[65)] Intussen het die regering die Naturelle-Lokasiekommissie opdrag gegee om op 1 Oktober 1882 te Middelburg te vergader sodat die kommissie met sy eerste taak, naamlik die afbakening van die Ndzundza se grondgebied, kon begin.[66)]

Op 1 Oktober het die kommissie, bestande uit generaal Joubert, die Britse Resident George Hudson en die Naturelle-kommissaris van Pretoria en Heidelberg H J Schoeman, te Middelburg gearriveer.[67)] Die kommissie het sonder

---

64. LL29: Landdros Lydenburg aan Kommandant-generaal, 28.8.1882.

65. KG592, ongenommer: P J Joubert aan Nyabela, 1.9.1882.

66. SS8657, BB3177/82: Staatsekretaris aan Britse Resident 14.9.1882.

67. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPeditroon</u>, p.26.

versuim 'n brief aan Nyabela versend waarin hy versoek is om hom op Vrydag 6 Oktober 1882 te ontmoet op die plaas van Dirk Stofberg te Bothasberg, sodat sake oor die grondafbakening nader gereël kon word. Nyabela is ook versoek om inligting oor die aantal hutte, grootvee en die aantal onderdane aan die kommissie te verskaf. Dit was noodsaaklik om die uiteindelike grootte van die Ndzundza se grondgebied te kon bepaal.[68)] Dit is aan die Naturelle-kommissaris S P Grové opgedra om met nog twee ander amptenare die brief persoonlik aan Nyabela te oorhandig.[69)] Intussen het die kommissie besluit hoe daar by die afbakening te werk gegaan moes word: Vyf tot tien Engelse acres sou aan elke huthoof met sy gesin toegestaan word.[70)]

Op 5 Oktober 1882 het die kommissie na Dirk Stoffberg se plaas vertrek waar hulle Nyabela die volgende dag moes ontmoet. Op dieselfde aand het Grové en die amptenare van Erholweni af teruggekeer met die boodskap dat daar geen hoop bestaan dat die kommissie Nyabela te siene sou kry nie - dit sou dus ook vir die kommissie onmoontlik wees om vas te stel hoeveel hutte, gesinne en vee daar onder die Ndzundza was. Nyabela het prontuit geweier

---

68. SN177, Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie: Brief van Lokasiekommissie aan Nyabela, art 13, 3.10.1882.

69. SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, art 14, 3.10.1887.

70. SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, art 15, 3.10.1882.

om die kommissie te ontmoet of enigsins saam te werk.[71] Onder hierdie omstandighede het die Britse Resident George Hudson besluit om Nyabela persoonlik te besoek en die saak met hom te bespreek. Veldkornet Stefanus Trichard sou hom as tolk vergesel.[72]

Op 6 Oktober het die Britse Resident vroeg die oggend na Erholweni vertrek. Op dieselfde aand het ook hy onverrigter sake teruggekeer, waarop die kommissie besluit het dat dit sinneloos sou wees om nog 'n keer te probeer. Die werksaamhede in verband met die Ndzundza sou vir eers gestaak moet word en die toestand van sake per brief aan sowel die Transvaalse as Britse regering uiteengesit word.[73] Gedurende die hofsaak in 1883 waartydens Nyabela van openbare oproer en geweld teen wettige staatsgesag aangekla is, het beide Grové en Trichard oor hul ervarings by Nyabela getuig. Volgens Grové het Nyabela, ndat die inhoud van die Lokasiekommissie se brief aan hom duidelik gemaak is, woedend met sy ampstok op die grond geslaan en gesê: "Gaat en bring Piet,[74] en ik zal met hem praten".[75] Verder kon Grové

71. SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, art 17, 5.10.1882.

72. SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, art 18, 5.10.1882.

73. SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, artikels 19 & 20, 6.10.1882.

74. Bedoelende genl Piet Joubert.

75. SS852, R4598/83: Getuienis van Stephanus Petrus Grové in die saak van die staat teen Nyabela, 21.9.1883.

niks met Nyabela uitrig nie. Toe die Britse Resident George Hudson en sy tolk S P Trichard die volgende dag by Nyabela opdaag, het Nyabela weer eens geweier om sy samewerking te verleen. Hy wou slegs met genl Piet Joubert praat indien laasgenoemde bereid sou wees om na Erholweni te kom. Aan Trichard sou Nyabela onder meer gevra het: "... wat kom jy hier met jou buitgemaakte[76] Engelschman maak ... waarom heb jy niet Piet gebring nie?" Toe Trichard aan Nyabela verduidelik wie Hudson was, het hy verklaar dat hy niks met Haar Majesteit te doen wou hê nie - "zy is te ver - ons werk onze zaken tusschen ons zelf regt". Op 'n vraag van Hudson aan Nyabela of hy weet dat hy onder regeringsgesag staan en dus nie onafhanklik is nie, het hy geantwoord dat hy onder geen regering behalwe sy eie staan nie. Op hierdie stadium het Hudson die aftog geblaas en na Bothasberg teruggekeer.[77]

Ter afsluiting van die Lokasiekommissie se werksaamhede is briewe aan die Transvaalse regering en die Britse Resident gestuur om te verduidelik waarom dit vir die

---

76. Met "buitgemaak" het Nyabela hier waarskynlik verwys na die feit dat die Transvaalse gesag weer in Boerehande was.

77. SS852, R4598/83: Getuienis van Stephanus Petrus Trichard in die saak van die staat teen Nyabela, 21.9.1883. 'n Breedvoerige beskrywing van die gebeurde is gepubliseer in O J O Ferreira (red): <u>Geschiedenis, werken en streven van S P E Trichard</u>, pp.40-44.

kommissie onmoontlik was om met sy werksaamhede met betrekking tot die Ndzundza voort te gaan.[78)] Aan Nyabela is 'n skrywe gerig waarin die kommissie sy spyt uitgespreek het oor sy weiering om hom met die uitvoering van sy pligte behulpsaam te wees. Nyabela is ook gewaarsku dat sy handelinge aan sowel die Transvaalse as Britse regerings gerapporteer sou word.[79)] Op 11 Oktober 1882 het die Uitvoerende Raad die gebeurde bespreek en besluit om 'n skrywe aan die Britse Resident te rig, waarin die onpraktiese werking van die Pretoriase Konvensie met betrekking tot hierdie saak uiteengesit sou word.[80)] 'n Skaakmat-posisie is dus bereik.

Uit voorgaande gebeure ontstaan die vraag waarom Nyabela bereid was om met die Britte se Mapochskommissie saam te werk maar vanuit die staanspoor volstrek geweier het om enigiets met die Naturelle-Lokasiekommissie te doen te hê. Op die oog af doen dit vreemd aan. Wanneer die beskikbare omstandigheidsgetuienis egter ontleed word, blyk dit dat daar goeie redes was vir Nyabela se vooroordeel jeens die Lokasiekommissie. In dié

78. SN178, ongenommer: Lokasiekomissie aan Staatspresident en Britse Resident, 7.10.1882; SN177, ongenommer: Lokasiekommissie aan Vise-president en Britse Resident, 7.10.1882.

79. SN179, ongenommer:Lokasiekommissie aan Nyabela,7.10.1882.

80. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 316, 11.10.1882. Sien ook SS8656, BB1331/82: Staatsekretaris aan Britse Resident, geen datum, ± Oktober 1882.

verband kom daar hoofsaaklik twee aspekte ter sprake wat aandag verdien, naamlik eerstens die lede wat op die onderskeie kommissies gedien het en tweedens die wyse waarop die kommissies gefunksioneer het. Wat die eerste aspek, naamlik die lede van die kommissies, betref, is dit duidelik dat die Mapochs-kommissie warskynlik baie beter toegerus was om 'n bevinding oor grondaansprake of -dispute te maak as die Lokasiekommissie. A H Walker was 'n opgeleide en ervare landmeter, terwyl die ander twee lede van die kommissie, landdros G A Roth en maj M Clarke onderskeidelik goed en redelik goed met die Ndzundza bekend was. Roth was die landdros van Lydenburg in welke distrik die Ndzundza gewoon het[81)] terwyl Clarke voorheen namens die Britse regering met Nyabela onderhandel het met betrekking tot steun in die Sekhukhune-oorlog.[82)] Voorts was Clarke ook die persoon wat Nyabela namens die Britse regering in sy amp bevestig het[83)] asook die persoon wat, na bewering van Nyabela, grond aan die Ndzundza beloof het in ruil vir hul steun in die Sekhukhune-oorlog.[84)] Hierteenoor het die Naturelle-Lokasiekommissie

---

81. Die Mapochsgronden is eers ná die Mapoch-oorlog by die distrik Middelburg ingelyf.

82. SN2, N277/79: Kapt M Clarke aan Sekretaris van Naturelle, 3.11.1879. Clarke is hierna tot majoor bevorder.

83. SN2, N277/79: M Clarke aan Sekretaris van Naturelle, 3.11.1879.

84. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: H Shepstone aan W O Lanyon, 8.7.1880; SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: D J Hayes aan landdros Lydenburg, 25.5.1880.

bestaan uit drie persone wat tot op daardie stadium geen verbintenis met die Ndzundza gehad het nie. Afgesien hiervan was twee van die kommissie se lede, H J Schoeman en P J Joubert, Boere. Behalwe vir die twee Iere O'Grady en O'Sullivan en ŉ enkele ander uitsondering, was al die ander Blanke aanspraakmakers op grond ook Boere[85)] en heel waarskynlik ondersteuners van die nuwe Transvaalse regering. Om hierdie rede het daar ook die moontlikheid bestaan dat die Lokasiekommissie nie objektief sou wees in ŉ uitspraak met betrekking tot die gronddispute nie. Hierby kan gevoeg word dat dit in elk geval nie die taak van die Lokasiekommissie was om hieroor uitspraak te lewer nie, maar slegs om die Ndzundza se grondgebied af te baken, soos ook die geval was met die ander swart stamme binne die Transvaal.[86)]

Wat die tweede aspek betref, naamlik die wyse waarop die onderskeie kommissies gefunksioneer het, val dit dadelik op dat die Mapochskommissie in uitvoering van sy opdragte[87)] werklik gestreef het om ŉ regverdige uitspraak te kon maak met betrekking tot die wettige

---

85. Dit was die broers Willem en Floris Steenkamp, Cornelis du Plooy, P J Grobler, J A Gilfillan, D D J Malan, A F Jansen en C F Botha.

86. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 191, 11.5.1882.

87. SS519, R4098/80 gevoeg by R702/81: Koloniale Sekretaris aan A H Walker, 15.10.1880; LL28, inskrywing op 22.10.1880: Koloniale Sekretaris aan landdros Lydenburg, 15.10.1880.

eienaarskap van die plase waaroor die dispuut gegaan het. Heelwat moeite is in die verband gedoen en alle betrokke partye is geraadpleeg. Nie net die Blanke boere nie, maar ook Nyabela is 'n kans gegun om die bakens van die grond waarop hy aanspraak gemaak het, aan die kommissie uit te wys.[88)] Voorts het landdros Roth geen moeite ontsien om mondelinge historiese inligting by die distrik se oudste inwoners in te samel oor die oorspronklike woongebiede van die Ndzundza en die eerste Blanke intrekkers nie.[89)] Hierteenoor het die Lokasiekommissie bykans twee jaar later in die distrik gearriveer om de novo op die hele aangeleentheid in te gaan. Baie belangrik egter is die feit dat die Lokasiekommissie nie by Bothasberg gearriveer het om die gronddispute te ondersoek en daaroor uitspraak te lewer of om met Nyabela te onderhandel nie, maar slegs om sy grond af te baken. Waar twee lede van die Mapochskommissie Nyabela by Erholweni besoek het,[90)] het die Lokasiekommissie nadat hulle hom betyds gewaarsku het[91)],

---

88. SS493, R5321/80: A H Walker aan Koloniale Sekretaris, 4.12.1880.

89. SS487, R4978/80: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 13.11.1880; LL28: Landdros Lydenburg aan M Clarke, 22.11.1880.

90. SS1907, R4809/80 gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Koloniale Sekretaris, 9.11.1880; SS493, R5321/80: A H Walker aan Koloniale Sekretaris, 4.12.1880.

91. KG592, ongenommer: P J Joubert aan Nyabela, 1.9.1882.

Nyabela na Bothasberg ontbied[92] met die uitsluitlike doel om inligting aan hulle te verskaf oor sy hoeveelheid hutte, grootvee en volgelinge. Op grond van hierdie inligting sou die uiteindelike grootte van Nyabela se grondgebied bepaal word.[93] Die Ndzundza se grondgebied sou dus afgebaken word sonder dat Nyabela die geleentheid sou hê om, soos in die geval van die Mapochskommissie die grense van die grondgebied waarop hy aanspraak gemaak het, aan die Lokasiekommissie uit te wys.

Op grond van bogenoemde is dit dus nie moeilik om te begryp waarom Nyabela vanuit die staanspoor negatief gestaan het teenoor die Naturelle-lokasiekommissie nie, in teenstelling met sy vroeëre bereidwilligheid om met die Mapochskommissie saam te werk nie. Die Mapochskommissie het aan Nyabela 'n regverdige kans gegun, terwyl die Lokasiekommissie aan Nyabela sou dikteer. Daar bestaan egter geen twyfel nie dat Nyabela se onversetlike houding 'n belangrike rol gespeel het in die uiteindelike besluit van die regering om die Ndzundza met geweld ten onder te bring, alhoewel dit debatteerbaar is hoe onversetlik Nyabela werklik was. Hy het herhaalde kere laat blyk dat hy bereid was om met genl Piet Joubert te onderhandel,[94] wie geweier het om gehoor te gee

---

92. SN177. Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie: Brief van Lokasiekommissie aan Nyabela, art 13, 3.10.1882.

93. SN177, Notuleboek Naturelle-lokasiekommissie: Brief aan Lokasiekommissie aan Nyabela, art 13 , 3.10.1882.

94. SS852, R4598/83: Getuienis van S P Trichardt en S P Grové in die saak van die Staat teen Nyabela, 21.9.1883.

aan sy versoek om na Erholweni te kom. Voorts wonder 'n mens watter invloed die reg wat die Transvaalse regering homself toegeeîen het om swart opperhoofde te ontbied en te gebied,[95] op Nyabela se "onversetlike" houding gehad het. Nietemin, die eintlike vonk in die kruitvat wat tot die Mapoch-oorlog aanleiding gegee het, sou later eers volg.

### 5.4 Die vonk in die kruitvat: Die Ndzundza onder Nyabela ondersteun Mampuru in sy opstand teen Transvaalse regeringsgesag

Die direkte oorsaak van die Mapoch-oorlog wat uiteindelik tot die ondergang van die Ndzundza gelei het, het weens 'n jarelange opvolgingstryd tussen Sekhukhune en sy halfbroer Mampuru om opperhoofskap van die Pedi ontstaan.[96] Gedurende 1882 sou die Ndzundza op 'n eienaardige wyse

---

95. Sien SN177: Notuleboek Naturelle-Lokasiekommissie, Lokasiekommissie aan Nyabela, art 13, 3.10.1882.

96. Die opvolgingstryd tussen Mampuru en Sekhukhune wat etlike jare geduur het, is breedvoerig beskryf in H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon (Die Mapoch-oorlog, 1882-1883). (Ongepubliseerde Ma-verhandeling. UP, 1941. Kyk ook B V Lombard: "Die Swerwerslewe van Mampoer" (In De Volksstem, 16.20 en 23.10.1936); P Delius: The Land Belongs to Us, pp.83-92 en C J van Vuuren: "Ndzudnza-Ndebele en die Mapochsgrotte" (Tydskrif vir Etnologie vol 8, nr 2, Junie 1985), pp.41-42.

by hierdie stryd van hul ou aartsvyande betrek word.

Die stryd tussen Sekhukhune en Mampuru om die Pedi-opperhoofskap het na die afsterwe van hul vader Sekwati op 21 September 1861 onstaan.[97] Nadat Sekhukhune daarin geslaag het om beheer oor die troon te verkry, het die regmatige opvolger Mampuru met 'n aantal onderdane gevlug en 'n swerwersbestaan gevoer tot en met 1879, toe Sekhukhune in die oorlog deur die Britse regering gevange geneem is en tronkstraf in Pretoria moes uitdien. Die Britse regering het Mampuru hierna as opperhoof van die Pedi erken en so het sy swerwersbestaan tydelik tot 'n einde gekom.[98]

Artikel XXIII van die Pretoriase Konvensie het bepaal dat Sekhukhune en al sy onderdane wat saam met hom aangehou is, vrygelaat sou word. Die Lokasiekommissie moes aan hom en sy volgelinge grond aanwys om op te woon.[99] Toe

---

97. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.12.

98. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.12. Kyk ook P Delius: The Land Belongs to Us, pp.251-252.

99. Sien F A van Jaarsveld: 100 Basiese dokumente, p.135.

Sekhukhune in 1881 vrygelaat is en kort hierna na sy ou tuiste in Sekhukhuneland teruggekeer het, het die stryd tussen hom en Mampuru opnuut losgebars. Sekhukhune het al sy besittings wat in Mampuru se besit was, opgeëis. Dié het geweier om hieraan gehoor te gee.[100] Sekhukhune het gedurig by die Naturellekommissaris Abel Erasmus gekla dat Mampuru hom lastig val. In Maart 1882 het hy dit onder sy aandag gebring dat Mampuru heelwat beeste van hom afgeneem het.[101] Om hierdie rede het die staatsekretaris, J Eduard Bok, dit op 11 April 1882 aan die Naturellekommissaris S P Grové opgedra om Mampuru te beveel om sy terreurveldtog teen Sekhukhune te staak. Grové moes Mampuru ook meedeel dat genl Piet Joubert op pad was om hom persoonlik te besoek. Mampuru is ook gewaarsku dat hy aanspreeklik gehou sou word vir alle skade wat hy Sekhukhune sou berokken.[102] Aan

---

100. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die Bapeditroon, p.21. Volgens Van Coller het die Britse regering Sekhukhune se besittings destyds aan Mampuru gegee. Met eersgenoemde se vrylating is geen reëlings getref oor die teruggawe daarvan nie.

101. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: J A Erasmus aan Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1.4.1882.

102. SS8655, BB854/82: Staatsekretaris aan S P Grové, 11.4.1882.

Sekhukhune het die staatsekretaris via Abel Erasmus die versekering gegee dat daar teen Mampuru opgetree sou word.[103]

Terwyl Grové met die staatsekretaris se boodskap na Mampuru onderweg was, moes hy hoor dat Mampuru met sy volgelinge sonder kennisgewing vanaf hul ou woonplek weggetrek het en hulle te Diepkloof bevind. Grové het Mampuru daar opgespoor en hom gevra wie aan hom die reg verleen het om hom en sy volgelinge daar te vestig waarop hy geantwoord het dat dit die "Engelse" was. Grové het Mampuru hierop gewaarsku dat hy hom onwettig daar bevind en dat die regering aan hom 'n woonplaas sou aanwys. Mampuru wou toe van Grové weet of dit dan nodig was dat hy soos 'n os rondgejaag moes word. Grové is weg ná hy Mampuru ernstig gewaarsku het om Sekhukhune nie weer lastig te val nie.[104]

Kort hierna het Sekhukhune deur Abel Erasmus regstreeks by die Uitvoerende Raad oor Mampuru se gedrag gekla. Volgens Erasmus het Mampuru sy vee wederregtelik op

---

103. SS8655, BB855/82: Staatsekretaris aan A Erasmus, 11.4.1882.

104. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Verslag van S P Grové aangaande sy sending na Mampuru, 17.4.1882.

Sekhukhune se grond laat wei terwyl sy onderdane ook daar hout gekap het. Erasmus het by die Uitvoerende Raad aanbeveel dat dit haas tyd geword het om Mampuru met geweld op sy plek te sit aangesien Sekhukhune sy lewe onveilig gevoel het.[105)] Toe ook S P Grové 'n brief met dieselfde strekking aan die Uitvoerende Raad stuur, en boonop noem dat hy vermoed Mampuru besig is om met Nyabela saam te sweer,[106)] het die Uitvoerende Raad op 24 April 1882 besluit dat, aangesien Mampuru hom teen die uitdruklike bevele van Grové verset het, dit aan die Kommandant-generaal opgedra sou word om toe te sien dat die Naturellekommissaris Grové se bevele stiptelik deur Mampuru uitgevoer moet word. Enige onkoste wat in hierdie verband moontlik aangegaan kon word, sou van Mampuru self verhaal word.[107)] Op 1 Mei 1882 is Mampuru amptelik van hierdie besluit verwittig deur kaptein J P Ferreira asook N Grobler en C B Jansen as getuies.[108)]

---

105. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: J A Erasmus aan Uitvoerende Raad, 21.4.1882.

106. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: S P Grové aan Uitvoerende Raad, 22.4.1882.

107. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 159, 24.4.1882.

108. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Aantekeninge van 'n byeenkoms gehou tussen Mampuru en kapt J Ferreira, 1.5.1882.

Op 6 Mei 1882 het genl Piet Joubert 'n poging aangewend om oorlog af te weer deur 'n skrywe aan Mampuru te rig waarin hy versoek is om hom vrywilliglik aan regeringsgesag te onderwerp. Joubert het Mampuru ook genooi om hom so gou moontlik te Middelburg te kom spreek sodat daar onderhandel kon word met die oog op die oplos van sy probleme.[109)] Mampuru het hierop 'n boodskap aan Joubert laat stuur dat hy nie kans sien om hom te kom spreek nie aangesien sy bene seer was en hy nie so ver kon loop nie.[110)] Joubert het terselfdertyd ook 'n boodskap aan Nyabela getuur waarin hy hom na Middelburg ontbied het sodat hy hom kon waarsku om hom nie met Mampuru te bemoei nie, sodat moontlike probleme betyds verhoed kon word. Nyabela het nie hierop gereageer nie.[111)] Op hierdie stadium het genl Joubert besluit dat geweld die enigste oplossing sou wees om Mampuru tot ander insigte te bring. 'n Klein kommando onder bevel van Joubert is derhalwe byeengebring. Dié het Mampuru se stat omsingel en maklik ingeneem. Mampuru self het egter daarin geslaag om

---

109. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Genl P J Joubert aan Mampuru, 5.4.1882.

110. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Genl P J Joubert aan S J P Kruger, 9.5.1882.

111. A14, band 21, no 2039: Genl P J Joubert aan "Mapog", 8.5.1882 (Joubert-versameling).

met 'n aantal onderhoriges te ontvlug. Sy agterblywende onderdane het hierna gewilliglik onder die leiding van een van sy onderkapteins, Magossie, na hul ou woonplek teruggekeer.[112)]

Intussen het dit duidelik geword dat daar tussen Nyabela en Mampuru, wat ondertussen in die omtrek van Weebersfort geskuil het, meer as blote vriendskap bestaan het. Op 9 Mei 1882 het kmdt D Erasmus aan genl Joubert geskryf dat hy uit betroubare bronne verneem het dat Nyabela Mampuru as sy onderdaan aanvaar het, en dat dit glo in opdrag van Nyabela was dat Mampuru en sy volgelinge na Diepkloof toe verhuis het. Dit het Erasmus oortuig dat Mampuru en Nyabela vir 'n bondgenootskaplike oorlog voorberei het.[113)] Nyabela sou Mampuru inderdaad aktief steun in die komende oorlog. Volgens Volkekundiges moet die beskerming wat Nyabela aan Mampuru verleen het, nie as blote uittarting van staatsgesag gesien word nie, soos dit destyds verkeerdelik gedoen is nie. "Volgens tradisie was 'n stamhoof verplig om beskerming te verleen aan enigeen wat hom op sy genade werp. So 'n persoon, selfs die hoof van 'n naburige stam, erken

---

112. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.11.

113. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: kmdt D Erasmus aan genl P J Joubert, 9.5.1882.

daarmee om 'n besondere mindere posisie teenoor sy beskermheer in te neem. Indien Nyabela die versoek om beskerming geweier het, was daar ook die sekerheid van 'n toekomstige stryd met die volgelinge van Mampuru".[114) ] Nietemin, om te verhoed dat die regering onraad merk, het Nyabela nog op 20 Junie 1882 boodskappers na landdros Jansen op Lydenburg gestuur, om hom te verseker van die Ndzundza se lojaliteit. Volgens die boodskappers was Nyabela begerig om "mede te werken tot rust en vrede". Jansen het hierop 'n kombers as geskenk aan Nyabela gestuur.[115)]

Vanaf hierdie insident sou sake vinnig in die rigting van oorlog beweeg. Vroeg in Augustus 1882 het Nyabela reeds op oorlog begin voorberei. Al sy onderdane van

---

114. Aangehaal uit kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele ..., p.21. Tot 'n sekere mate herinner die feit dat Mampuru hom op Nyabela se genade gewer het, aan 'n soortgelyke voorval in 1906 toe Bambata by Dinizulu, die Zoeloe-koning, opgedaag het ná sy probleme met die Britse owerhede in verband met hutbelasting. Hoewel Dinuzulu Bambata vriendelik en gasvry ontvang het, het hy nie aan Bambata se versoek om te Usuthu te bly, gehoorgegee nie. (Kyk C T Binns: Dinuzulu, pp.188-195 asook Shula Marks: Reluctant Rebellion, The 1906-1908 disturbances in Natal. Oxford 1970.

115. SS683, R555/82 gevoeg by R3640/82: Landdros Lydenburg aan Superintendent van Naturelle, 20.6.1882.

die buitekrale het met hul vee en voedselvoorrade te Erholweni saamgetrek. Dit was 'n gevolg van Nyabela se kennisname dat die regering beplan het om sy lokasie af te baken. Voorts het die Naturellekommissaris S P Grové van 'n onbekende bron verneem dat Nyabela van plan was om 'n kommando aan Mampuru beskikbaar te stel met die doel om sy onderdane wat na sy eertydse woonplek teruggekeer het, te gaan haal. Verder het onderdane van Nyabela Blanke veeboere begin lastig val deur hul te dreig dat hul vee afgeneem sou word omdat hulle op "Nyabela se grond" staan.[116)] Op 13 Augustus 1882 het 'n insident plaasgevind wat Mampuru en ook Nyabela se lot finaal verseël het. Met 'n aantal onderdane het Mampuru dié nag opgetrek teen Sekhukhune en hom in 'n aanval vermoor. Ook is een van sy kinders gedood terwyl sy beeste weggevoer en sy stat geheel en al verwoes is.[117)] Ná die moord op Sekhukhune het die regering sy soektog na Mampuru verskerp. Mareshane, 'n kaptein

---

116. SS703, R4500/82: S P Grove aan Staatsekretaris, 7.8.1882.

117. SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: J A Erasmus aan Superintendent van Naturelle, 15.8.1882; SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Eerw F Winter aan landdros Lydenburg, 17.8.1882; SS1907, ongenommer, gevoeg by R4128/89: Landdros Lydenburg aan Kommandant-generaal, 17.8.1882; LL29: Landdros Lydenburg aan landdros Middelburg, 17.8.1882.

van 'n klein stammetjies wat Mampuru in sy aanval op Sekhukhune bygestaan het, is intussen deur die Naturelle=kommissaris Erasmus in hegtenis geneem en in gevangenisskap na Pretoria gebring.[118)] Op 1 September het genl Piet Joubert 'n skrywe aan Nyabela gerig waarin hy hom gewaarsku het om nie die "kwaaddoener en moordenaar" Mampuru onder sy vlerke in te neem en aan hom beskerming te verleen nie. Joubert het Nyabela vervolgens aangebied dat die regering al sy onkoste sou dra indien hy Mampuru sou uitlewer, "al was dit ook tweehonderd beeste".[119)]

Intussen het die voortvlugtige Mampuru voortgegaan om strooptogte op kleiner stamme in samewerking met Nyabela uit te voer. Vroeg in September het hy met behulp van 'n kommando wat deur Nyabela voorsien is, teen die opperhoof "Magara" uitgetrek en al sy vee buitgemaak terwyl sy stat ook gedeeltelik verwoes is.[120)] Vroeg in Oktober 1882 het Mampuru nog 'n kaptein, Moroani, aangeval.[121)] Om 'n

---

118. "De Volksstem", 2.9.1882.

119. KG592, ongenommer: P J Joubert aan Nyabela, 1.9.1882.

120. SN80, ongenommer: S P Grové aan P J Joubert, 4.9.1882.

121. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit , art 318, 12.10.1882.

finale einde aan hierdie optrede van Mampuru te maak, het die Uitvoerende Raad derhalwe op 12 Oktober 1882 besluit om die kommandant-generaal opdrag te gee "om met zooveel manschappen als de wet toelaat" op die 19e dag van Oktober teen Mampuru op te trek en hom te arresteer. Die kommando sou ook die reg hê om Swartes op te kommandeer om hulp aan hulle te verleen.[122] Op 26 Oktober 1882 het genl Joubert aan die vise-president, S J P Kruger, kennis gegee dat hy te Legerplaats naby Mapochstat gestaan het en dat hy op versterkings uit ander distrikte gewag het.[123] Nyabela het kort ná die kommando daar saamgetrek het, sy veggeneraal na Joubert gestuur om van hom te kom verneem of die veldtog dalk teen die Ndzundza gemik was en of Nyabela dalk iets verkeerd gedoen het. Joubert het hom die versekering gegee dat die kommando die arrestasie van Mampuru ten doel gehad het en dat hy niks te vrese hoef te hê nie. Toe daar aan die veggeneraal gevra is of hy weet waar Mampuru hom skuilhou, het dié geantwoord dat die kommando hom maklik in die hande sou kry aangesien Mampuru "is waar hÿ is" en nie sal vlug nie.[124]

Op 28 Oktober 1882 het die Uitvoerende Raad sy instruksies

---

122. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 318, 12.10.1882.

123. SS737, R5946/82: P J Joubert aan S J P Kruger, 26.10.1882.

124. "<u>De Volksstem</u>", 8.11.1882.

aan die kommandant-generaal gewysig deurdat 'n verdere besluit geneem is naamlik dat daar ook opgetree moes word teen enige swart opperhoof wat skuiling aan Mampuru gee of hom in enige opsig bystand in sy opstand teen die regering verleen. Hierdie opperhoofde sou aanspreeklik gehou word vir hul aandeel in die veroorsaakte onkoste, terwyl dit aan die kommandant-generaal oorgelaat is om met hierdie opperhoofde te handel "naar omstandigheden en volgens de wet".[125] Hierdie gewysigde opdrag van die Uitvoerende Raad het tot gevolg gehad dat Nyabela direk met Joubert se kommando in botsing sou kom, aangesien hy Mampuru beskerm het deur te weier om behulpsaam te wees met die opsporing van Mampuru.

Op 4 November het Joubert 'n ultimatum aan Nyabela gestuur waarin hy opdrag gegee is om behulpsaam te wees met die opspoor van Mampuru en tegelykertyd gewaarsku is dat wapengeweld sou volg indien hy samewerking sou weier. Nyabela is tot die volgende oggend tyd gegun om hierop te antwoord. Dieselfde aand het hy boodskappers na Joubert gestuur wie hom meegedeel het dat Nyabela siek voel en dat hy bang was om by die laer te kom samesprekings voer. Hy het aangebied om 'n paar van sy kapteins en 'n tolk te stuur om namens hom te onderhandel. Laasgenoemde

125. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 329, 28.10.1882.

het op 5 November 1882 by die laer opgedaag, maar daar kon nie met hulle tot 'n vergelyk gekom word nie.[126)]

Op 7 November het Ndzundza-stamlede in 'n onverwagse aanval die nagenoeg 946 osse van die kommando gebuit. In 'n opvolgaksie het die burgers egter daarin geslaag om almal terug te neem, waartydens twintig Ndzundzas gedood is.[127)] Met hierdie voorval, wat 'n duidelik teken was dat Nyabela Mampuru in beskerming geneem het, het die Mapoch-oorlog losgebars. Nyabela se weiering om die Lokasiekommissie te ontmoet om grondgeskille uit die weg te ruim tesame met sy beskerming en ondersteuning aan Mampuru verleen, kan dus as die vernaamste oorsake vir die Mapoch-oorlog beskou word.

---

126. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.32.

127. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.33. Sien ook O J O Ferreira: Geschiedenis, werken en streven van S P E Trichard, p.45.

# HOOFSTUK VI

## DIE TWEEDE MAPOCH-OORLOG, 1882-1883

Die oorlog teen die Ndzundza was een van die moeilikste kampanjes teen 'n swart stam waarmee die Transvaalse Boere tot en met 1882 ooit mee te doene gekry het. Na die Pedi's en Zoeloes in 1879 verslaan is was die Ndzundza naas die Swazi's militêr gesproke een van die sterkste en bes georganiseerde onafhanklike stamme in Suidelike Africa.[1] Vir die Transvaalse Boer was dit ook simbolies 'n beslissende stryd. Theal voel dat "upon the result of the campaign would largely depend the supremacy of the European race in South Africa ... such another disastrous event as the failure of the Cape Colony to suppress rebellion in Basutoland would certainly ruin the prestige of the White man in all parts of the country".[2] Dus moes die stryd ten alle koste in Boere-guns beklink word. Theal se siening verklaar dan ook waarom die Britse regering hul steun aan die Transvaalstaat toegesê het in die oorlog asook simpatie uitgespreek het met die "difficulties which have been forced upon it by the action of that chief and his people".[3] Die Transvaalstaat moes die bewys lewer dat hy wel in staat

---

1. Kyk J A Mouton: <u>Genl Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis</u>, p.74.

2. G McCall Theal: <u>History of South Africa</u>, Vol II, p.136.

3. SS744: R6209/82: Britse Resident George Hudson aan Staatsekretaris, 11.11.1882.

was om hom teen 'n opstandige swart stam te handhaaf en daarmee sy lewensvatbaarheid aan die buitewêreld te toon. Die weerstand waarmee genl Joubert en sy magte te doene gekry het, was bykans ongekend. Afgesien van die hoë koste (ongeveer £40 000)[4] en gepaardgaande lewensverlies, het dit die ZAR met tweeduisend manskappe net langer as agt maande geneem om die Ndzundza tot oorgawe te dwing. Die Boere het gewere en perde, kanonne, vuurpyle, dinamiet en forte tot hul beskikking gehad, terwyl krygers, slagvee en ander bystandmiddele van omliggende kapteins opgekommandeer is. Hierteenoor was die Ndzundza getalsgewys net meer as tienduisend sterk, waaronder slegs tweeduisend weerbare mans getel het.[5] Gewere het hulle wel tot beskikking gehad, maar die toestand daarvan was van so 'n aard dat die Boeremagte heelwat daarvan na afloop van die stryd weens hul onbruikbaarheid verbrand het.[6] Ten spyte hiervan kon Boere nie daarin slaag om die Ndzundza beslissend militêr op die slagveld te verslaan nie. Uitputting en verhongering weens die feit dat hul landerye deur die Boeremagte vernietig is en daar geen beeste meer oor was om op te voed nie, het die Ndzundza uiteindelik tot oorgawe

---

4. SS818, R2498/83: H de Beer aan Staatsekretaris, 26.5.1883.

5. SN2, ongenommer: Verslag met betrekking tot getalsterkte van Swartes in Transvaal, geen datum, maar plus-minus 1879.

6. KG607: Krygraadsnotule, 19.7.1883.

gedwing.

Verskeie faktore het daartoe meegewerk dat die Boeremagte nie in staat was om die Ndzundza sonder meer te onderwerp nie. Eerstens het die aard van die terrein waarop die gevegte plaasgevind het die Ndzundza tot voordeel gestrek. Koppies, klowe, skeure en gate met digte ondeurdringbare plantegroei (hoofsaaklik doringbos en turksvy) het as uitstekende natuurlike verskansing gedoen. Tweedens het die Ndzundza met verloop van tyd heelwat artifisiële fortifikasies soos klipmure met skietgate opgerig. Derdens was die Ndzundza ook goed voorsien van vuurwapens wat hoofsaaklik deur smokkelhandel en op die diamantvelde verkry is. Vierdens het 'n mannekragtekort aan Boerekant die Ndzundza tot voordeel gestrek. Voortdurende swart onrus op die grense met Zoeloeland en in Noord-Transvaal het burgers verhinder om hul plase te verlaat en hulle by die kommando aan te sluit,[7] terwyl heelwat burgers bloot onwillig was om aan die kampanje deel te neem.[8] Voorts moet dit genoem word dat die Transvaalstaat op dieselfde tydstip as wat die Mapoch-oorlog plaasgevind het, met ernstige probleme op sy wesgrens (Stellaland) te make gehad het, wat die posisie van die Transvaalstaat seer

---

7. Kyk onder andere KG590, CR123/83: J C Winterbach en andere aan P J Joubert, 2.1.1883; KG590, ongenommer: J S Meyer aan P J Joubert, 15.1.1883.

8. KG607: Krygraadsnotule, 1.6.1883.

sekerlik nie vergemaklik het nie.

Die Ndzundza se verdedigingstellings was versprei oor 'n gebied van sowat vier-en-tagtig vierkante kilometer[9] en onder beheer van verskeie hoofmanne. Makwanistat was sowat ses kilometer noord van die hoofstat Erholweni en onder die bevel van Mazimela Ngwana (Nkwana). Tussen Erholweni en Makwanistat was vier statte onder beheer van Kabinde en die Masombukasibbe, naamlik Perskestat, Vaalstat, Lemoenstat en Galgstat(kwaNtanyana). Die Spitskopvesting, een van die sterkste en belangrikste vestings, was ongeveer twee kilometer suid van Erholweni en onder bevel van Tappies Mahlango. Ongeveer een kilometer oos van Erholweni was die Platstatvesting onder bevel van uMagijma Skosana. KwaMrhali (Boskop) was sowat een kilometer oos van Erholweni onder die gesamentlike beheer van Masilela en Masango. Die verste suidelike vesting was Vlugkraal (KwaPondo) onder beheer van die Mahlangusibbe. Lede van die Mthombeni-sibbe het op die kruine spioenasiediens verrig. Die landerye is teen die laer hange van die vestings aangebring terwyl omliggende spruite en fonteine water voorsien het.[10]

Die Boeremagte het uit ongeveer tweeduisend man uit die

---

9. Sien kaart bylaag 2, p.255.

10. Kwa-Ndebele Monumentekomitee: <u>Die Ndzundza-Ndebele...</u>, p.22.

distrikte Lydenburg, Middelburg, Marico, Rustenburg, Standerton, Wakkerstroom, Potchefstroom en Pretoria bestaan wat op aflosbasis diens gedoen het.[11] Ook is verskeie omliggende kapteins en hul onderdane, hoofsaaklik Pedi's, vir verpligte diens opgekommandeer[12], wat die onvermoë van die Boere om op eie houtjie sterk stamme te verslaan, illustreer. Die strategie van die Boeremagte was om die Ndzudnza met behulp van die oprig van tydelike forte effektief te omsingel en hulle so van hul voedselvoorrade af te sny, wat hul uiteindelik tot oorgawe moes dwing. Heelwat forte is in dié proses opgerig. Die gebiede tussenin is deur patrollies gepatrolleer.[13]

Nietemin, na die eerste skermutseling op 7 November,[14] het die kommandant-generaal na bewering 'n boodskap aan Nyabela gestuur waarin hy versoek is om sy dooies en gewondes

---

11. De Volksstem,8.11.1882.

12. Kyk o.a.: KG590, ongenommer: Kommandeerlys kaptein "Malok", 18.11.1882; KG592, ongenommer: P J Joubert aan kaptein "Petrus", 28.11.1882; KG592, ongenommer: P J Joubert aan kaptein "Mogali", 30.11.1882; KG592, ongenommer: P J Joubert aan kaptein "Kameel", 30.11.1882; Kyk ook KG 590, ongenommer: Kommandeerlyste Andries "Makiep" (27.12.1882); "Hendrik Makepan" (29.12.1883); "Andries Mamba" (10.1.1883) "Mosie", "Zwartbooi" en "Malliep" (19.1.1883).

13. De Volksstem, 15.11.1882; H P van Coller: Mampoer in die stryd om die Bapedi-troon, pp.35-36.

14. Sien hoofstuk 5.

van die slagveld te verwyder. Nyabela het aan Joubert laat weet dat hy nie hierin belangstel nie - die aasvoëls kon na hulle omsien. Ook het hy Joubert na bewering versoek om toe te sien dat sy kommando's nie so naby die Ndzundza-vestings verby moes beweeg nie aangesien dit die vrouens en kinders verskrik het. Indien Joubert met hom (Nyabela) wou praat, moes hy na die hoofstat kom en nie boodskappe stuur nie.[15)] Of Nyabela wel hierdie boodskap aan Joubert gestuur het, kon nie uit primêre bronne vasgestel word nie, maar indien wel, kon Joubert uit Nyabela se houding besef het dat 'n taai stryd voorgelê het. In Pretoria het die regering inderhaas verdere reëlings ten opsigte van hulp aan die kommando begin tref. Reeds op 10 November is die kommandant-generaal per brief in kennis gestel dat verdere hulp in die vorm van kommandos op pad was. 'n Dokter sou die kommando heeltyds vergesel terwyl reëlings getref is om twee kanonne asook soveel dinamiet moontlik na die slagveld te stuur.[16)] Ook is vrywilligers probeer werf.[17)]

Terwyl die opgekommandeerde burgers uit alle rigtings na Mapochsland opgetrek het, het wagte die grense van die Lydenburg- en Middelburg- distrikte ter beskerming

---

15. De Volksstem, 6.12.1882.

16. SS8658, BB3794/82: Staatsekretaris aan P J Joubert, 10.11.1882.

17. SS8688, BB6164/82: Staatsekretaris aan P J Joubert, 18.11.1882.

van die dorpsbewoners gepatrolleer. Op 15 November was die hooflaer sowat 5km vanaf Erholweni saamgetrek, waar die kommandos in drie laers onderverdeel is.[18)]

Die eerste taak van die Boeremagte was om die Vlugkraal-stelling te probeer inneem. Om dié rede is begin om 'n fort sowat twee kilometer vanaf die vesting op te rig. Reeds op 17 November het die Ndzundza 'n aanval op die burgers in die half voltooide fort gedoen waartydens een gewond maar veertig Ndzundzas die lewe gelaat het.[19)] Kort hierna het Nyabela drie van sy boodskappers (Kleinbooi, Jonas en Esau) na die kommandant-generaal gestuur om te verneem op watter voorwaardes vrede bewerkstellig kon word. Joubert het die boodskappers meegedeel dat hy beslis nie sou onderhandel met afgesante van Nyabela nie; nog minder sou hy iemand na Nyabela stuur om namens hom (Joubert) te onderhandel. Indien Nyabela vrede verlang het moes hy "en zyn Generaal" self kom.[20)] Nyabela het nie hierop gereageer nie, as gevolg waarvan die stryd voortgesit is. Op 21 November het die Boeremagte gevolglik 'n artillerieaanval op Vlugkraal geloods, maar sonder enige uitwerking.[21)]

---

18. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, pp.36-38.

19. Ibid, p.38.

20. SS747, R6357/82: Landdros Middelburg (J C Human) aan Staatsekretaris, 20.11.1882; H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, pp.38-39.

21. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, p.39.

Op hierdie stadium het die Boeremagte daartoe oorgegaan om met dinamiet te eksperimenteer, blykbaar 'n poging om van die gate en grotte waarin van die Ndzundzas geskuil het, hiermee toe te skiet. Na suksesvolle eksperimente op 24 November het kommandant Senekal op die 25e 'n ekspedisie na nabygeleë skuilings gelei. Ook dié poging was 'n mislukking. Senekal self en nog 'n burger, Stoffel du Plooy, sterf in vyandelike geweervuur.[22)]

Vir die Boeremagte was dit gou duidelik dat hulle die mas alleen nie sou opkom nie. Swart krygshulp het die enigste moontlike oplossing blyk te wees. Om dié rede het Joubert onmiddellik briewe na kapteins Petrus, Mogali en Kameel (Mazip) afgestuur waarin hulle meegedeel is dat "het is de plig van elke getrouwe onderdaan van de staat om zyn verpligting te doen en de Regering by te staan om een einde te maken aan deze opstand". Hulle is aangesê om hulle met soveel moontlike weerbare krygers, maar minstens driehonderd elk, binne agt dae sonder versuim by die hooflaer naby Vlugkraal aan te meld waar hulle verdere opdragte sou ontvang. Genoegsame voedselvoorrade moes saamgebring word.[23)] Kort hierna het

---

22. KG591, CR109/82: P J Joubert aan M W Pretorius, 1.12.1882; <u>De Volksstem</u>, 10.12.1882; H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die Bapedi-troon</u>, pp.40-41.

23. KG592, ongenommer: P J Joubert aan "Mogali", 30.11.1882; KG592, ongenommer: P J Joubert aan "Petrus", 28.11.1882; KG595, ongenommer: P J Joubert aan "Kameel", 30.11.1882.

nog vyfhonderd manskappe van Oscar Dahl uit die Zoutpansberg gearriveer.[24)]

Terwyl die Boeremagte onder bevel van Joubert besig was met die geleidelike omsingeling van Nyabela se hoofstat, het ŉ kommando onder die leiding van kommandant J C Winterbach direk teen Mampuru opgetrek. Waar presies Mampuru hom op hierdie stadium bevind het, is nie duidelik nie, maar dat hy nie in Nyabela se hoofstat was nie, is seker. Die vermoede is dat hy met ŉ aantal onderdane van stat na stat in die omgewing rondgeswerf het. Tot op hierdie stadium het Nyabela hom dus nie direk beskerm nie. Sy lojaliteit aan Mampuru kan egter nie bevraagteken word nie. Op 1 Desember het Winterbach gerapporteer dat hy verplig was om teen die opperhoof "Umjatje" op te tree, weens die feit dat laasgenoemde Mampuru beskerm het. Toe hy en sy kommando, ondersteun deur die Naturellekommissaris Abel Erasmus by "Umjatje" se stat op daag, het hulle verneem dat "Umjatje" reeds drie dae tevore weg is met ŉ ondersteuningsmag vir Mampuru. Winterbach het die agterblywende vroue, kinders en enkele mans hierop beveel om onmiddellik oor te gee. Sewentig van Umjatje se gewapende krygers het egter geweier en in ŉ nabygeleë grot ingevlug. Verskeie ultimatums van Winterbach om hulle onmiddellik oor te gee of ŉ koeëldood

---

24. KG591, CR153/82: J A Erasmus aan P J Joubert, 2.12.1882.

te sterf, het geen vrugte afgewerp nie. Hierop het Winterbach en sy manne verskeie kere vuur in die bek van die grot gemaak om hulle uit te rook, maar ook sonder sukses. "Wy schieten ons liefst zelf dood, eer dat ons oorgee", was die laaste reaksie wat Winterbach uit die grot kon kry, waarop weer eens vuurgemaak is in die bek van die grot. Hierop het die klank van verskeie geweerskote uit die grot in die ore van die Boeremag opgeklink, waarna alles stil geword het. Die volgende oggend is Winterbach en sy manskappe die grot binne om ondersoek in te stel. Slegs vier van die ongeveer sewentig man het nog geleef - die res het hulle almal self om die lewe gebring.[25] Hierdie voorval, wat aan Masada herinner, het die felheid en wreedheid waarmee die oorlog gepaard gegaan het, duidelik illustreer. Intussen was Mampuru nog op vrye voet.

Op 4 Desember het assistent-kommandant S P Trichardt, bygestaan deur assistent-kommandant Roos en S P Grové 'n aanval op die statte van Malgas en Wildebees Mahlangu geloods. Afgesien van veertien beeste wat buitgemaak is en 28 vroue en kinders wat gevange geneem is, kon die Boeremagte nie verdere vordering maak nie.[26] Op

---

25. KG591, ongenommer: Verslag van J C Winterbach aangaande sy sending na "Umjatje", 1.12.1882.

26. KG591; ongenommer: S P Trichardt aan P J Joubert, 5.12.1882.

9 Desember is ŉ tweede poging aangewend om Malgas en Wildebees te beleër, maar ook sonder sukses weens die uitstekende verskansing. Beide kapteins moes egter oorgee nadat die Boeremagte hul onderdane in twee grotte vasgekeer het. Met behulp van hul Ndzundza-hutte se dekgras is vuur in die bek van een van die grotte gemaak waarna die magte die grot binne is. Vier-en-twintig Ndzundzas is uitgehaal, waarvan slegs ses nog gelewe het. Die res is aan versmoring dood. Die tweede grot is hierop met dinamiet toegeskiet, "het getal is onbebaapld hoeveel daarin waren, maar zyn allen dood wat daarin was.[27] Waar presies hierdie gebeuere afgespeel het, is nie duidelik nie, maar so is nog ŉ belangrike vesting van Nyabela geneutraliseer.

Intussen het die Naturelle-kommissaris J A Erasmus en sy kommando hul soektog na Mampuru voortgesit. Op 5 Desember is ŉ aanval op "Mampoerskop"[28] geloods, waar vasgestel is dat Mampuru reeds ŉ paar dae tevore na Makwanistat, sowat 6 km noord van Erholweni, gevlug het. Makwanistat is twee dae later op, 7 Desember 1882, bestorm. Die kommando het daarin geslaag om die Ndzundza-krygers tot teenaan die bergvesting terug te dryf, maar ŉ ondersteunende kommando van tussen 600 en 700 krygers

---

27. KG591, ongenommer: S P Trichardt aan P J Joubert, 9.12.1882; KG592, ongenommer: S J Roos aan M W Pretorius, 9.12.1882.

28. Ligging onbekend.

vanaf die hoofstat het betyds opgedaag en moes die Boeremagte retireer. Ene Izak Breytenbach is gewond en die Transvaalse vlag is deur die Ndzundzas afgeneem.[29] Hierdie was een van die eerste ernstige nederlae wat die Boeremagte sedert die beginvan die oorlog gely het.

Hoewel die Boeremagte by Makwanistat verneder is, was daar elders op die oorlogsfront ook suksesse. Op 8 Desember het vier van Nyabela se onder-kapteins, naamlik "Maklip", "Commentaan", "Maroebel" en "Tamboes" en al hul volgelinge hulle aan kommandant J C Winterbach oorgegee in die omgewing van Maklip se stat.[30] Waarom presies en waar dit plaasgeving het, is nie duidelik nie, maar die net om Nyabela het nouer begin span. Na dié oorgawe was die meerderheid van die Ndzundza se kleiner krale in Boerehande, sodat die Boeremagte hulle nou kon toespits op die sterker vestings Erholweni, Spitskop, Vlugkraal en Makwanistat, waar ook Mampuru geskuil het.

Teen die einde van Desember 1882 het skermutselinge en kragdadige optrede vanaf Boerekant bykans tot stilstand gekom. Hoewel die hooflaer in ŉ gunstige posisie ten opsigte van Nyabela se hoofstat was, het die gebrek aan grofgeskut en mannekrag daadwerklike optrede bykans onmoontlik gemaak. Die krygsraad het ingesien dat "de

---

29. KG591, ongenommer: Verslag van J A Erasmus, Magneetshoogte, 8.12.1882.

30. Kyk H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, pp.41-44.

lager niet nader maar ook niet verder van de vyand kan komen"[31] - dus 'n skaakmat posisie. Op 27 Desember het die krygsraad vervolgens besluit dat daar nie langer as 2 Januarie 1883 uitgestel kon word met die bestorming van die hoofstat nie. Daar sou gereël word dat 'n dokter op die slagveld teenwoordig sou wees om gewondes by te staan.[32] Nyabela het intussen ook nie op hom laat wag nie en volgens 'n onbevestigde berig het hy in die nag van 24-25 Desember 'n afvaardiging om hulp na die Swazi's gestuur, maar blykbaar sonder sukses.[33] Op 1 Januarie 1883 het die krygsraad 'n finale keer vergader om die strategie te beplan van die beoogde aanval op Nyabela se hoofstat die volgende dag. Kapteins van omliggende stamme, hoofsaaklik Pedi's, is aangesê om die vergadering by te woon. Onder andere het "Gelock", "Kopoedie", "Kapesla", "Sakotoel", "Kakomozoegen" en "Paswan" die verrigtinge bygewoon. Van die belangrikste besluite was onder andere dat kommandant P A Cronje as bevelvoerder van die kommando sou optree. Voorts is die volk van "Mogalie" aangesê om die Boeremag van krygers en slagvee te voorsien. Dit was 'n soort strafmaatreël omdat Mogalie "de eerste kapiteyn was die met de ontvlugting van Mampoer bekend gemaakt is,

31. KG607: Krygraadsnoutle, 19.12.1882.

32. KG607: Krygsraadsnotule, 27.12.1882.

33. SS770, R56/83: J C Winterbach aan P J Joubert, 29.12.1882.

dat Magalie Mampoer 2 malen geherbergd heeft nadat hem opgedragen is om Mampoer te vangen".[34] Om onbekende redes het hierdie beoogde aanval op die hoofstat van Nyabela nooit plaasgevind nie. Op 15 Januarie 1883 het genl Joubert aan S J P Kruger laat weet dat hy nie eens oor genoeg manskappe beskik het om sy laer behoorlik te bewaak nie. Daar kon dus geen vordering gemaak word nie.[35]

ŉ Aanbod van kaptein Mogali aan Joubert om ŉ kommando van 200 swart krygers ter ondersteuning van die kommando te lewer,[36] moes van die hand gewys word weens ŉ dreigende voedseltekort in die Boerelaars asook die feit dat Joubert die mening toegedaan was dat dit sinneloos sou wees om enige verdere optrede te beplan voordat hulp nie eers uit Pretoria opgedaag het nie.[37] Die Boeremagte het intussen ook ŉ ander terugslag beleef: Op 11 Januarie is Fort Nuwejaar tydens ŉ hewige donderstorm deur ŉ weerligstraal getref. Een burger is gedood terwyl 28 ander ernstige beserings opgedoen het.[38] Maar ook Nyabela se voedselvoorrade was intussen aan die opraak. Op 20 Januarie het ŉ driehonderd-man sterk Ndzundza-krygsmag die Pedi-krale van "Masa", "Ranto" en "Copolie" bestorm,

---

34. KG607: Krygraadsnotule, 1.1.1883.

35. SS773: R252/83: P J Joubert aan S J P Kruger, 15.1.1883.

36. SS773, ongenommer, gevoeg by R252/83: Mogalie aan P J Joubert, 15.1.1883.

37. SS773, ongenommer, gevoeg by R252/83: P J Joubert aan Mogalie, 19.12.1883.

38. Kyk H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, p.45.

blykbaar met die doel om voedsel te bekom. "Copolie" se krygers het die aanval egter afgeslaan en die Ndzundza teruggedryf tot aan die Steelpoortrivier.[39)] Moontlik het die dreigende hongersnood onder die Ndzundza ook die Boeremagte van hul volgende oorwinning verseker, naamlik die Vlugkraalvesting. Reeds op 25 Januarie het kommandant J A J van Rensburg die vesting met 'n Armstrong kanon beskiet. Sowat 45 bomme is afgeskiet waarvan ongeveer twee-derdes in die kol was. Dit het egter geen vrugte afgewerp nie.[40)] Vervolgens is besluit om Vlugkraal op 5 Februarie 1883 te bestorm en om ook van dinamiet gebruik te maak.[41)] Die aanval op Vlugkraal het teen dagbreek op gemelde datum begin. Hoewel sterk teenstand ondervind is, was die stat teen laatmiddag geheel en al in Boere-hande. Verskeie burgers is gewond en minstens twee het gesterf.[42)]

Die oorwinning van die Boere te Vlugkraal het nuwe hoop laat opvlam dat die Ndzundza spoedig militêr verslaan sou word. 'n Voorstel van die staatsekretaris W Eduard Bok aan Joubert dat hy met Nyabela moes onderhandel oor vrede,[43)] is nie aan uitvoering gegee nie. Die stryd is

---

39. KG590, ongenommer: J C Winterbach aan P J Joubert, 20.1.1883.

40. KG 590, CR123/83: J A J van Rensburg aan P J Joubert, 26.1.1883.

41. KG607: Krygraadsnotule, 2.2.1883 en 3.2.1883.

42. Kyk H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPeditroon, p.47.

43. SS1907, BB462/83 gevoeg by R4128/89: W E Bok aan P J Joubert,

selfs heftiger voortgesit. Joubert het vervolgens nog Pedi's opgekommandeer[44] en op 20 Februarie 1883 is 'n verdere mislukte aanval op Makwanistat gedoen.[45] Afgesien van Erholweni en Makwanistat, was Tappies Mahlangu se Spitskop-vesting vir die Boere steeds 'n groot struikelblok. Spitskop was uitstekend verskans met digte natuurlike plantegroei, skeure en rotsgate, en was ook direk met voetpaadjies aan die hoofstat Erholweni verbind.[46] Op 25 Februarie 1883 het die krygsraad besluit dat, gesien in die lig van die deeglike verskansing van Spitskop, 'n loopgraaf in die rigting van die kop gegrawe sou word, van waaruit 'n tonnel onder die kop ingegrawe sou word ten einde die magte in staat te stel om die kop met dinamiet die lug in te skiet. 'n Kommissie bestaande uit die kommandante van onderskeidelik Rustenburg, Pretoria en Wakkerstroom is aangestel om die nodige ondersoek te doen en aanbevelings te maak.[47] Reeds op 28 Februarie het 'n ekspedisie bestaande uit 100 voetgangers en 100 perderuiters in die rigting van Spitskop beweeg. Verskeie skote is oor en weer geskiet, maar sonder groot lewensverlies aan Boerekant. Heelwat Ndzundza-krygers

---

44. KG607: Krygsraadsnotule, 16.2.1883.

45. De Volksstem, 28.2.1883.

46. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.48.

47. KG607: Krygsraadsbesluite, 25.2.1883.

is egter deur die Boere in klipskeure vasgekeer wat suksesvol met dinamiet toegeskiet is.[48)] Die kop self kon egter nie ingeneem word nie. Veldkornet S J Roos, ŉ held van Amajuba, is tydens die skermutselings doodgeskiet.[49)] Op 1 Maart 1883 het die kommissie aan die krygsraad en kommandant-generaal verslag gedoen. ŉ Tonnel moes aan "deze zyde" van Spitskop ingegrawe word en die kop daarna met die dinamiet die lug in geskiet word.[50)] Reeds op 2 Maart het die grawery aan die loopgraaf ŉ aanvang geneem. Teen 8 Maart is tot sover as ongeveer vierhonderd meter vanaf die voet van die kop gevorder. Grawery is egter belemmer deur die feit dat Ndzundza-skuts gereeld op die werkers losgebrand het.[51)]

Teen die middel van Maart 1883 was al die oorblywende Ndzundza-vestings min of meer effektief deur die Boereforte en laers omsingel en die voedselskaarste onder die Ndzundza het kritieke afmetings begin aanneem. Dit het weer eens die hoop by die krygsraad laat ontstaan dat die Ndzundza spoedig sou oorgee, wat ŉ beslissende militêre veldslag met gepaardgaande lewensverlies onnodig sou maak.[52)] Die hongersnood onder die Ndzundza het moontlik

---

48. de Volsstem, 14.3.1883.

49. Die hudiige dorp Roossenekal in Noordoos-Transvaal is na veldkornet Roos en kommandant Senekal wat beide in die oorlog gedood is, vernoem. Vir meer besonderhede kyk H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, pp.49-50.

50. KG607: Krygsraadsbesluite, 1.3.1883.

51. De Volksstem, 21.3.1883.

52. De Volksstem, 28.3.1883.

ook veroorsaak dat Nyabela nog ŉ keer om vrede kom vra het. Op 21 Maart 1883 het hy sy tolk Kleinbooi na die Boerelaer gestuur met ŉ boodskap aan Joubert: Die Boere moes ŉ afgevaardigde na Erholweni stuur om Nyabela "zyn woord te hoor", aangesien hy al vier keer sonder sukses vir vrede gevra het. Nyabela self was, volgens sy boodskapper, te bang om na die Boerelaer te kom aangesien hy bevrees was die Boere sou hom by sy aankoms onmiddellik dood maak. Nyabela het voorts gevra dat, indien Joubert wel iemand sou stuur, dit veldkornet du Plooy sou wees, met wie die Ndzundza goed bekend was. Sy eie boodskappers het Nyabela nie vertrou nie.[53)] Joubert se antwoord aan Nyabela het enige moontlike vreedsaam skikkings=ooreenkoms in die wiele gery, naamlik dat "De wet en de wee van den staat my nie toelaten met u nu te spreken, doch eischt dat gy met geweld ten onder gebracht en als een gevange rebel terugt moet gestuurt worden."[54)] Hy het Nyabela voorts gewaarsku dat hy bewus is van die feit dat ŉ hongersnood onder die Ndzundza heers, en dat sommige van sy onderdane reeds gedwing was om beesmis te eet om aan die lewe te bly, maar dat slegs die uitlewering van Mampuru en ŉ onvoorwaardelike oorgawe die toestand kon verander. So nie, sou Nyabela verantwoordelikheid moes aanvaar vir die hongerdood

---

53. SS805, R1586/83: Nyabela aan P J Joubert deur Kleinbooi, 21.3.1883.

54. SS805, R1586/83: P J Joubert aan Nyabela, 21.3.1883.

van sy volk.[55] In die lig van die hongersnood het Joubert hom vanaf Maart toegespits op die vernietiging van die Ndzundza-landerye terwyl skermutselinge uit vrees vir lewensverlies vermy is. Na Joubert se mening kon dit dus nie meer lank duur voor die Ndzundza noodgedwonge sou móés oorgee nie.[56] Teen April het heelwat Ndzundzas as individue aan die Boeremagte begin oorgee. Volgens hierdie mense was daar ook vele ander wat hulself graag sou wou oorgee, "but are only held back by the fear that they will be killed by the whites".[57] Op 30 Maart het die Boeremagte met behulp van 'n swart krygsmag uit Rustenburg al die rante om die hoofstat wat nog onder Ndzundza-beheer was, bestorm. Teen dagbreek is alle weerstand tot sowat 1 km vanaf die hoofstat sonder lewensverlies onderdruk. Hier is die aanvalsmag egter weens kwaai weerstand gestuit.[58]

Ondertussen het die grawery aan die loopgraaf en tonnel by Spitskop voortgeduur. Teen 6 April 1883 was die loopgraaf, waarvan die oorblyfself vandag nog te sien

---

55. Ibid. Kyk ook KG593, ongenommer: P J Joubert aan Nyabela (afskrif), 21.3.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 20.3.1883.

56. De Volksstem, 28.3.1883.

57. A699: Dagboek van Daniël Retief, 27.3.1883; Kyk ook KG590, ongenommer: S P Grové aan P J Joubert, 10.5.1883.

58. A699: Dagboek van Daniël Retief, 30.3.1883.

is, sowat 125 meter lank en tussen een en twee meter diep.[59] Die vordering was dus stadig, hoofsaaklik weens die voortdurende skietery op die grawers en die feit dat die Ndzundza gereeld daarin geslaag het om die loopgraaf in die nag toe te gooi. Op 16 April is dit byvoorbeeld oor 'n afstand van ongeveer vyf-en-sewentig meter met grond opgevul.[60] Ten einde hierdie probleme die hoof te bied is besluit om 'n mobiele ysterfort op die voorpunt van die loopgraaf op te rig. Laasgenoemde het op 13 April gearriveer. Die fort was van ongeveer twee cm dik staalplate vervaardig, ongeveer 2,5 meter hoog en het aan die binnekant 'n stel wiele gehad waarop dit na vore kon beweeg namate die grawery gevorder het. Agt skietgate en 'n bodem van dik planke is as verdere beskermingsmaatreëls aangebring.[61] Na aankoms van die fort het die loopgraaf en tonnelgrawery aansienlik vinniger gevorder. In Junie was dit egter duidelik dat die beoogde opblaas van die kop op 'n totale mislukking sou uitloop nadat daar teen 'n ondeurdringbare rotslaag vasgegrawe is. Die mobiele fort is hierop met sandsakke vasgepak en in 'n blywende vesting verander.[62]

---

59. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, p.52.

60. Ibid, pp.53-54.

61. KG607: Krygsraadsnotule, 13.4.1883; <u>De Volksstem</u>, 25.4.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 8.5.1883 en 14.5.1883.

62. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, p.55 en 57.

Onderwyl die werk aan die tonnel voortgeduur het, het weinig of slegs geïsoleerde voorvalle op die oorlogsfront plaasgevind. Op 21 April het kommandant H P Malan van Rustenburg met 'n klein patrollie byvoorbeeld ses Ndzundza-vroue en een man wat besig was om sorghum in te samel, langs die Steelpoortrivier gevange geneem. Een man is ook doodgeskiet.[63] Hoewel gereelde berigte van hongersnood onder die Ndzundza die Boeremagte bereik het, het Daniel Retief in sy dagboek ten opsigte van die toestand waarin die ses gevangenes verkeer het, opgemerk dat: "To judge from their appearance it strikes me that it'll take a long time yet to force Niabel to submission by hunger - the women report that he's got plenty of food ... the women that were captured, haven't got the least indication of having suffered yet from hunger, they are all quite fat and wellfed in appearance ..."[64] Ander voorvalle van kontak tussen Boeremagte en die Ndzundza was op 25 April 1883 toe kommandant J C Winterbach aan die Dwarsrivier slaags geraak het met ene kaptein "Rampagaan". Volgens Winterbach was dit nie sy bedoeling om die kaptein se stat aan te val nie maar "nogthans was ik spoedig in een hevig gevecht".[65] Wie "Rampagaan" presies was en hoe die

---

63. KG590, CR356/83: H P Malan aan P J Joubert, 1.5.1883.

64. A699: Dagboek van Daniël Retief, 21.4.1883.

65. SS818, R2002/83: J C Winterbach aan P J Joubert, 26.4.1883.

geveg ontstaan het, is nie duidelik nie. Nietemin het Winterbach se manne ongeveer vyf van "Rampagaan" se onderdane gedood terwyl 115 beeste en 30 bokke buitgemaak is met geen verlies aan Boerekant nie.[66] Op 29 April het 'n patrollie uit die Rustenburg laer twee Ndzundzas gevang en een gewond.[67] Nyabela is op 2 Mei egter 'n groot slag toegedien toe die Rustenburg-kommando onder leiding van kommandant Malan met behulp van 'n Pedi-krygsmag daarin geslaag het om 278 beeste en 21 bokke in die omgewing van Fort Abel naby Makwanistat van die Ndzundza-veewagters af te neem. In dieselfde proses is sewe Ndzundzas gedood.[68]

Op 4 Mei 1883 het Nyabela twee van sy volgelinge, ene "Ombinde" en nog 'n persoon waarvan die naam onbekend is, na die hooflaer gestuur om vrede te vra. Hulle is egter aangesê dat geen onderhandelinge moontlik was voor Mampuru nie uitgelewer was nie, waarop hulle terug is.[69] 'n Dag later het hulle egter weer by die laer

---

66. SS818, R2002/83: J C Winterbach aan P J Joubert, 26.4.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 29.4.1883.

67. A699: Dagboek van Daniël Retief, 29.4.1883.

68. KG590, ongenommer: H P Malan aan P J Joubert, 2.5.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 2.5.1883.

69. KG590, CR 354/83: J H N Visagie aan P J Joubert, 12.5.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 5.5.1883.

opgedaag, vergesel van ene Maslalesa en nog twee volgelinge, met 'n boodskap van Nyabela. Volgens Nyabela was hy nie by magte om Mampuru uit te lewer nie omdat die Britse regering Mampuru as kaptein oor die Pedi aangestel het. Nyabela het die veldkornet wat aangesê is om met die boodskappers te onderhandel, J H N Visagie, ook meegedeel dat indien hy Mampuru sou uitlewer, hy verseker kon wees van 'n Swazi-aanval op die Ndzundza,[70)] moontlik omdat Mampuru vir jare onder die Swazi's geskuil het. Visagie het Nyabela se boodskappers hierop nog 'n keer meegedeel dat daar slegs een voorwaarde vir onderhandeling was: Mampuru moes uitgelewer word. Hy het hulle egter die versekering gegee dat indien Mampuru sou uitkom en hy 'n wit vlag dra, hy nie doodgeskiet sou word nie. Op 6 Mei 1883 het dieselfde boodskappers vir 'n derde keer na die Boere-laer teruggekom, dié keer met 'n wit vlag, maar steeds sonder Mampuru. Nyabela wou die Boere 'n aanbod maak: Hy sou Mampuru onder die Ndzundza uit verdryf en aan sy eie genade oorlaat, maar hom nie uitlewer nie. Van die Boere wou hy weet of dit nie voldoende sou wees vir die verkryging van vrede nie. Visagie het aan Nyabela laat weet dat hy weier om verder te onderhandel - Mampuru moes uitgelewer word of die oorlog sou voortduur.[71)] Hiermee is nog 'n kans om 'n vreedsame

---

70. KG590, CR354/83: J H N Visagie aan P J Joubert, 12.5.1883; A699: Dagboek van Daniël Retief, 5.5.1883.

71. KG590, CR354/83: J H N Visagie aan P J Joubert, 12.5.1883.

skikking deur die onbuigsame houding van die ZAR-magte in die wiele gery.

Op die oorlogsfront self het die situasie onveranderd gebly - bykans geen skoot is geskiet nie. Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Die geweldige hoë onkoste van die oorlog, 'n ammunisietekort[72)] en onluste op die grens van Zoeloeland was die vernaamste oorsake. Die onluste het tot gevolg gehad dat geen burgers uit daardie streke gebruik kon word in die stryd teen die Ndzundza nie.[73)] Voorts was daar ook die vrees vir verdere lewensverlies en die hoop dat die voedseltekort onder die Ndzundza 'n spoedige oorgawe tot gevolg sou hê. Teen die einde van Mei het ene kaptein "Schuba" tesame met sy 300 volgelinge aan kommandant J C Winterbach oorgegee[74)], wat toon dat die hongersnood wel sy tol begin eis het. 'n Ander sukses aan Boerekant was ook teen einde Mei toe Assistent-kommissaris P G van der Merwe nog vyftig van Nyabela se beeste sonder lewensverlies afgeneem het.[75)] Teen die

72. Kyk KG590, ongenommer: M W Pretorius aan P J Joubert, 18.5.1883.

73. H P van Coller: <u>Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon</u>, p.55; KG590, CR261 /83 J C Krogh (Landdros Marthinus Wesselstroom) aan P J Joubert, 1.5.1883.

74. KG590, CR390/83: J C Winterbach aan P J Joubert, 29.5.1883.

75. KG590, CR392/94: P G van der Merwe aan P J Joubert, 29.5.1883.

begin van Junie het die Ndzundza egter 'n gewaagde strooptog op die beeskraal van die hooflaer uitgevoer en daarin geslaag om sowat 200 beeste weg te voer.[76)]

Ook gedurende Junie 1883 het die skaakmatposisie voortgeduur. Die enigste kontak was die aanval aan sewentig vrywilligers op Spitskop teen die einde van Junie. Die presiese datum waarop dit plaasgevind het is nie bekend nie, maar wel dat dit op 'n algehele mislukking uitgeloop het en dat een burger gedood is.[77)]

Toe dit teen die einde van Junie vir die regering in Pretoria duidelik geword het dat die skaakmatposisie nog lank kon voortduur en Nyabela nie sonder meer gaan oorgee nie, het die Volksraad op 26 Junie 1883 besluit om, so gou die belangrikste sake afgehandel was, te verdaag sodat elke Volksraadslid uit die onderskeie wyke soveel moontlike burgers bymekaar kon gaan maak en na die oorlogsfront optrek sodat die stryd finaal beslis kon word.[78)] Voor daar egter aan hierdie Volksraadsbesluit uitvoering gegee kon word, was dit duidelik dat die Ndzundza aan die oorgee was. Reeds op 9 Julie 1883 het P J Joubert aan S J P Kruger, wat intussen tot staatspresident verkies is, laat weet dat

---

76. De Volksstem, 21.6.1883.

77. H P van Coller: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon, p.57.

78. EVR 26 : Volksraadsbesluit, 26.6.1883.

"het begen van de eÿnde" aangebreek het.[79] Op 7 Julie het Nyabela sy tolk Kleinbooi na die kommandant-generaal gestuur met die boodskap dat "Nabel nu hat uitgevonden dat Mampoer een schelm est" en ook dat hy ook nou besef dat Joubert vanaf die begin die "waarheid" gepraat het. Nyabela wou voorts weet of, indien hy Mampuru sou uitlewer, hy onmiddellik vrede kon kry. Joubert het aan Nyabela laat terugweet dat enige onderhandelings met betrekking tot vrede slegs ŉ aanvang kon neem na Mampuru reeds uitgelewer was. Die volgende dag het Kleinbooi teruggekom en Joubert meegedeel dat Mampuru weier om hom te laat vang - hy sou met geweld gebring moes word. Dieselfde aand is ŉ geboeide Mampuru egter aan Joubert oorhandig, waarop Joubert ŉ boodskap aan Nyabela laat stuur het: Joubert wag op hom en hy moes uitkom sodra hy gereed was. Kleinbooi het Joubert egter verseker dat dit nie lank sou duur nie, "want de honger es groot".[80]

Nyabela het egter baie duidelik gehoop dat Joubert hom die vernedering sou spaar en vrede aanbied. ŉ Dag later het hy sy oom "Landive" (ŉ broer van die ou Mabhogo en een van sy onder-kapteins), asook ene Kameel en April met Kleinbooi saamgestuur na Joubert met die boodskap dat "Niabel meent het vrede is, en wil dat hooren van de Generaal. Mampoer is uitgelever door Niabel, en

---

79. SS832, R3329/83: P J Joubert aan S J P Kruger, 9.7.1883.

80. SS832, R3329/83: P J Joubert aan S J P Kruger, 9.7.1883.

nu is er niets meer". Joubert se antwoord aan Nyabela was egter duidelik: Voor daar van vrede sprake kon wees moes Nyabela hom aanmeld by die hooflaer. Mampuru se uitlewering was die eerste stap - "de 2e es dat Nabel nu komt met zyne onderkappetyn en de vrede hier klaar maak". Daar kon van vrede egter geen sprake wees solank Nyabela hom nog in die skanse skuilgehou het nie. Hierop is die boodskappers terug na Nyabela. Dieselfde middag nog het hulle weer by Joubert gerapporteer. Nyabela het laat weet dat hy nie kan verstaan waarom hy self moes oorgee nie - die oorlog het oor Mampuru gegaan en die het hy mos uitgelewer. Buitendien was hy te bang om na die Boerelaer te kom. Joubert het hierop 'n finale boodskap aan Nyabela gestuur: "... als Nabel nu uitkomt om de vrede klaar te maken zal hy niet van de koegel sterven = maar komt hy niet dan moet ik aanhouden tot hy door den koegel dood ..."[81)]

Op 10 Julie 1883 het Nyabela hom met 8 000 onderdane aan Joubert en sy magte oorgegee. Uitgehongerde Ndzundza's het uit die berg gestroom, waarop twee waens dadelik na Bothsabelo gestuur om te gaan meel haal.[82)] Kennis van

81. SS832, ongenommer, gevoeg by R3329/83: Verslag van P J Joubert na aanleiding van sy onderhandeling met Nyabela, geen datum, plus-minus 11.7.1883.

82. SS832, R3363/83 gevoeg by R3329/83: P J Joubert aan S J P Kruger, 13.7.1883.

Nyabela se oorgawe is dadelik aan die Britse Resident gegee,[83] terwyl die kommandant-generaal die regering in Pretoria versoek het om 'n landswye dankdag af te kondig.[84] Die regering het onverwyld gelukwense aan Joubert gestuur met die behaalde sukses.[85]

Op 'n krygsraadsvergadering van 19 Julie is besluit dat alle gekonfiskeerde Ndzundza-gewere aan die regering oorgedra sou word terwyl die onbruikbares verbrand sou word. Nyabela se koninklike sabel en renosterkiere sou aan generaal Joubert as blyk van waardering oorhandig word vir sy dienste gelewer tydens die oorlog.[86] Hierna is die krygsmag ontbind en die laers het opgebreek.

Op 1 Augustus het die kommandolede Pretoria binnegetrek waar 'n kleurryke ontvangs op hulle gewag het. Dertien kanonskote het hulle verwelkom asook 'n erewag van perderuiters op Kerkplein. Aan Joubert is as blyk van waardering 'n silwer vaandel met 'n Vierkleur gemonteer oorhandig.[87]

---

83. SS8660, BB1557/83: Staatsekretaris W E Bok aan Britse Resident, 13.7.1883.

84. SS832, R3363/83 gevoeg by R3329/83: P J Joubert aan S J P Kruger, 13.7.1883.

85. SS8661, BB1565/83: W E Bok aan P J Joubert, 13.7.1883.

86. KG607: Krygsraadsnotule, 19.7.1883.

87. <u>De Volksstem</u>, 10.8.1883.

So het die tweede Mapoch-oorlog, wat presies agt maande en een dag geduur het, formeel ten einde geloop. Vir die Ndzundza het dit die finale einde van hul onafhanklikheid beteken. 'n Proklamasie van 31 Augustus 1883 het hul lot finaal verseël toe belsuit is dat die Mapochsgronden in klein plases onderverdeel sou word en hierdie grond as beloning aan die burgers wat deelgeneem het in die stryd, gegee sou word.[88] Die Ndzundza-stamlede sou vir vyf jaar op Blanke plase in verskillende Transvaalse distrikte "ingeboek" word waar hulle arbeid moes verrig vir kos, klere en nie meer as £3 per jaar loongeld nie. So sou "verdere onlusten en oneenigheden" effektief voorkom word,[89] aldus die Volksraad. Nog 'n hoofstuk in die negentiende eeuse onderwerping van swart volke aan Blanke gesag in Suider-Afrika is op dié wyse afgesluit. Vir die Ndzundza het dit die verlies van selfbeskikkingsreg beteken. Vir die Transvaalse Boer was dit egter 'n opruiming van weerstand deur die inheemse swart bevolking teen Blanke oorheersing. Anders as in ander gevalle waar state teen mekaar oorlog gevoer het, is die verloorders (die Ndzundza) nie slegs hul politieke gesag ontneem nie, maar ook hul grondgebied.

---

88. Kwa-Ndebele Monumentekomitee: Die Ndzundza-Ndebele, p.24.

89. SS828, R3073/83: Kopie Volksraadsbesluit, art 855, 20.7.1883.

# EPILOOG: DIE HOFSAKE[1] TEEN NYABELA EN MAMPURU

ŉ Voorlopige ondersoek na moontlike strafregtelike optrede teen Nyabela en Mampuru is reeds op 14 Julie 1883, dit wil sê direk na Nyabela se oorgawe, deur die krygsraad gehou. Onder andere het P J Joubert, S P Trichardt en S P Grové verklarings afgelê waarop Nyabela moes antwoord.[2] Joubert het die krygsraad se bevindinge in die vorm van ŉ verklaring wat voor landdros J C Human van Middelburg afgelê is, na die Staatsprokureur in Pretoria deurgestuur. ŉ Aangeveling is gedoen dat ŉ lasbrief formeel uitgereik word en in die staatskoerant gepubliseer word. Voorts is ŉ lys van 35 name van ander kapteins wat aangekla moes word, ook aan die Staatsprokureur gestuur. Hiervan was 24 onder-kapteins van Nyabela en elf onafhanklik.[3]

Nyabela se gevangeniseskort het op 21 Julie omstreeks 9h30 die oggend by die landdroshof in Pretoria gearriveer.[4]

---

1. H P van Coller beweer op p.62 en p.64 van sy MA-tesis dat die sake teen Mampuru en Nyabela gelyktydig verhoor is. Dit is foutief. Nyabela se verhoor het op 21.9.1883 ŉ aanvang geneem na Mampuru reeds die vorige dag ter dood veroordeel is. Kyk SS852, R4556/83 en R4598/83.

2. SS1907, R3801/83 gevoeg by R4128/89: "Voorlopig onderzoek van de acte van beschuldiging tegen Niabel", 14.7.1883.

3. SS853, R3400/83: Verklaring van P J Joubert voor J C Human, 17.7.1883.

4. SS8661, BB1644/83: Staatsprokureur D W Minnaar aan landdros Pretoria, 21.7.1883.

Op aanbeveling van die staatsekretaris W Bok is sy vroue en kinders by hom in aanhouding toegelaat.[5] Op 28 Julie is Nyabela ook deur die Britse Resident besoek.[6]

Nyabela en Mampuru is in twee afsonderlike sake in die Hooggeregshof van Pretoria deur 'n jurie onder voorsitterskap van regter J G Kotzé verhoor. Mampuru het op 17 September 1883 verskyn op aanklagte van moord, openbare geweld en oproer, omskryf as "onwettiglijk, kwaadwilliglijk en met boos oogmerk en opzet de openbare veiligheid en vrede geschonden heeft door het wettige gezag dezer Republiek te wederstaan en te trotseren, en wapenen op te nemen, te dragen en te gebruiken met het doel om tegenstand te bieden tegen het wettig gezag der Z A Republiek."[7] Vir Mampuru het adv de Villiers[8] pro deo verskyn. Die waarnemende staatsprokureur Carl Ueckermann het aangekla terwyl Frederick Preller en Johannes Venter as tolke opgetree het. Tydens die vierdaagse verhoor het adv de Villiers namens Mampuru aangevoer dat hy weens Britse "wanbestuur" in konflik met die ZAR gekom het. 'n Historiese oorsig oor die opvolgingstryd tussen Mampuru en Sekhukune is in detail aan die hof oorgedra.

---

5. SS833, R3456/83: Nota van W E Bok, 21.7.1883.

6. SS8661, BB1783/83: Staatsekretaris W E Bok aan Britse Resident, 27.7.1883.

7. Sien SS852, R4556/83: "Het Gouvernement versus Mampoer", 29.9.1883.

8. Voorletters onbekend.

Volgens adv de Villiers het die feit dat die Britte nie vir Mampuru voorsiening gemaak het na Transvaalse gesag aan die Driemanskap oorhandig is nie, die kern van die probleem gevorm. Die verdediging het slegs een getuie, "Umshabane", geroep om getuienis te lewer. Hierteenoor het die staat tien getuies geroep naamlik genl Piet Joubert in sy hoedanigheid as superintendent van Naturelle en kommandant-generaal, die Naturelle-kommissaris van Middelburg J A Erasmus, die veldkornet van Middelburg-distrik S P Trichard, kapt J P Ferreira, die tolk van Nyabela Kleinbooi, "Legoa", 'n onder-kaptein van Sekhukhune asook twee onderdane van Mampuru en twee onderdane van Sekhukhune, naamlik "Serekalabie" en "Mampokkoor" asook "Gapaliuiui" en "Umkomoni". Uit die verhoor het die Blanke onbegrip ten opsigte van swart politiek deeglik na vore gekom. Westerse beginsels en maatstawwe het hier gegeld. Die jurie het Mampuru eenparig skuldig bevind en op Donderdag 20 September 1883 is hy ter dood veroordeel.[9)]

Nyabela se saak het op 21 September in die Pretoriase Hooggeregshof 'n aanvang geneem. Die verhoor is waargeneem deur 'n negeman-jrie[10)] onder voorsitterskap van regter

---

9. SS852, R4556/83:"Het Gouvernement versus Mampoer", 29.9.1883.

10. Die lede was J H W Erasmus, C J Olivier, W Viljoen, M J Fourie, H J Schoeman, H H Prinsloo, P J Minnaar, J H Brink en H van der Walt.

J G Kotzé. Dieselfde aanklagte as wat teen Mampuru ingebring is, behalwe die van moord, is ook teen Nyabela voorgehou. Die aanklagte van openbare geweld en oproer en die verset teen staatsgesag is omskryf as dat Nyabela "onwettiglijk, kwaadwilliglijk met voorbedagte rade en met boos opzet en oogmerk, de openbare rust en vrede geschonden heeft door het wettige gezag dezer Republiek te wederstaan en te trotseren, wapenen op te nemen, te dragen en te gebruiken aan het hoofd zijner gewapende Onder-Kapiteins en van zijn volk, met het doel om tegenstand te bieden tegen het wettig gezag der Zuid-Afrikaansche Republiek gelijk hij met zijnen stam geboden heeft."[11] Vir Nyabela, wie onskuldig gepleit het, het opgetree adv H W A Cooper, voormalige landdros van Lydenburg en goed bekend met die Ndzundza. Vir die staat het verskyn Carl Ueckermann, waarnemende staatsprokureur.

Na die akte van beskuldiging aan Nyabela oorgetolk en hy gevra is om te pleit, het hy geantwoord "Ik weet niet wat te zeggen", wat toon hoe min hy van die Westerse regsprosesse begryp het. Dit is deur die staat as ŉ pleit van onskuldig aangeteken. Ses getuies is deur die staat geroep naamlik die staatsekretaris
W Eduard Bok, die Naturelle-kommissaris vir Middelburg
S P Grové, die veldkornet van Middelburg - distrik

11. SS852, R4598/83: "Het Gouvernement verus Niabel", 21.9.1883.

S P Trichardt, genl P J Joubert, kommandant J D Weilbach van Heidelberg en Nyabela se tolk Kleinbooi. Die verdediging het, afgesien van kruisondervragings, geen getuies geroep nie.

Vir die staat het dit in hoofsaak om twee punte gegaan, naamlik om te bewys dat Nyabela ten tyde van die oorlog 'n ZAR-onderdaan was en dat hy hom met geweld teen staatsgesag verset het. Om te bewys dat Nyabela 'n onderdaan was, is 'n afskrif van die dokument wat Mabhogo in 1860 onderteken het en waarin hy onderneem het om belasting aan die Republiek Lydenburg te betaal in ruil vir verblyfreg, by die hof ingedien.[12)] Voorts het Kleinbooi getuig dat hy teenwoordig was toe Nyabela hom in 1880 aan Shepstone bereid verklaar het om belasting aan die Britse regering te betaal.[13)] Hierteenoor het adv Cooper namens Nyabela aangevoer dat hy nooit 'n onderdaan van die ZAR was nie omdat nie hy of sy voorgangers ooit belasting betaal het nie - nie aan die ZAR nie en ook nie aan die Britte nie, wat inderdaad so was. Om dié rede moes Nyabela as oorlogsprisonier behandel word en was hy geregtig op 'n verhoor volgens die internasionale reg. Cooper het voorts aangevoer dat die dokument waarin Mabhogo sy bereidwilligheid verklaar het om belasting te betaal, 'n vervalsing is, aangesien die staat nie kon bewys dat dit eg is nie. Nog 'n argument van Cooper was dat Nyabela

---

12. Sien hoofstuk twee.

13. Sien hoofstuk vyf.

nie in 1881 teenwoordig was toe die Britse Hoë Kommissaris, Sir Hercules Robinson, Transvaalse hoofmanne ingelig het oor die oorhandiging van gesag aan die Driemanskap nie. Cooper het dit aan die hof gestel dat die aanspraak "een absurde en kinderachtige stuk" was, asook dat die optrede van die Koninklike Kommissie die oorsaak van al die "kaffer - moeigelykheden" was. Nyabela moes dus volgens die internasionale reg behandel word. Voorts het Cooper dit aan die hof gestel dat die verlies van die Ndzundza-onafhanklikheid vir Nyabela 'n groot genoeg straf was - daar was geen rede waarom hy verder verhoor moes word nie.

Bogenoemde argumente is eenparig deur die jurie verwerp. Drie sake is deur die jurie aanvaar as voldoende getuienis dat Nyabela wel 'n onderdaan van die ZAR was: Eerstens die dokument waarmee Mabhogo in 1860 onderneem het om belasting te betaal; twedens Kleinbooi se getuienis na aanleiding van Shepstone se besoek aan Nyabela en derdens die feit dat die Mapochsgronden in die distrik Middelburg geleë was. Dit het "bewyst hy is een inwoner van het land, en als zoodanig onderhevig aan de voorschrifte der Regering en de Wet". Volgens die jurie het die feit dat Nyabela en sy voorgangers nooit belasting betaal het nie, niks bewys nie behalwe hul ongehoorsaamheid. Om al die redes was Nyabela dus 'n onderdaan en kon die verhoor voortgaan.

Wat betref die kwessie of Nyabela hom wel met die geweld van wapens teen die landswet verset het, was daar genoegsame getuienis. Vele burgers het in die oorlog gesneuwel. Om dié rede is Nyabela skuldig bevind aan die aanklagte soos teen hom ingebring. Na die uitspraak gelewer is, is daar aan Nyabela gevra of hy enige redes kan aanvoer waarom die doodvonnis nie oor hom uitgespreek moes word nie. Nyabela het geantwoord dat hy nie minder as tien keer om vrede gevra het nie. Alle getuienis teen hom was vals en hy is onskuldig. Hierop is die doodsvonnis oor die Ndzundza-opperhoof uitgespreek.[14)]

Die uitvoering van beide Nyabela en Mampuru se vonnisse was onderhewig aan bekragtiging deur die Uitvoerende Raad. Reeds op dieselfde dag waarop Nyabela gevonnis is, het die Britse Resident George Hudson 'n pleidooi namens die Britse regering aan die Staatsekretaris gestuur waarin gevra is vir heroorweging van die vonnisse.[15)] Op 17 November het die Uitvoerende Raad die saak in oorweging geneem. Op grond van die Britse Resident se vertoë asook 'n latere brief van regter Kotzé ter advisering van die Raad,[16)] is besluit om Nyabela se vonnis te

14. SS852, R4598/83:"Het Gouvernement versus Niabel",21.9.1883.

15. SS850, R4479/83: Britse Resident aan Staatsekretaris, 21.9.1883.

16. SS852, ongenommer, gevoeg by R4598/83: J G Kotzé aan Staatsekretaris, 7.10.1883.

versag tot lewenslange gevangenisstraf met harde arbeid.[17]
Met betrekking tot Mampuru is daar reeds op 16 November besluit dat die vonnis bekragtig sou word. Die datum en plek van teregstellig is bepaal vir Donderdag 22 November 1883 tussen ses en agtuur die oggend op ŉ posisie ongeveer vyftig meter wes van die tronkgebou in Pretoria-Wes.[18] As laksman sou optree ene Booth, ŉ langtermyngevangene aan wie die aanbod gemaak is dat hy van verdere tronkstraf kwytgeskeld kon word indien hy bereid was om die teregstellig waar te neem, waarna hy ook die ZAR moes verlaat.[19] Tydens die teregstelling het die tou gebreek, en Mampuru moes vir ŉ tweede keer gehang word, waarop daar sukses was. Hierdie voorval het selfs Nyabela, wat verplig was om die teregstelling by te woon, só ontstel dat hy aan die huil gegaan het.[20]

Nyabela self het uiteindelik ŉ verkorte vonnis uitgedien. In 1898 is hy vrygelaat en het hy hom met ŉ aantal volgelinge te KwaMkhina (Derdepoort, naby Pretoria), gevestig. Hy is op 19 Desember 1903 oorlede, waarna Fene Mahlangu, seun van Cornelis I, hom as opperhoof opgevolg het.[21]

---

17. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 75B, 17.11.1883.
18. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 74B, 16.11.1883.
19. UR6: Uitvoerende Raadsbesluit, art 82B, 19.11.1883.
20. De Volksstem, 23.11.1883.
21. C J van Vuuren: "Ndzundza-Ndebele en die Mapochsgrotte" (Tydskrif vir Etnologie, vol 8, nr 2, Junie 1985), p.44.

OPSOMMING

Die Ndzundza van Noordoos-Transvaal is 'n Nguni-sprekende groep wat moontlik so vroeg as die sestiende eeu in Transvaal gevestig het. Na vele omswerwinge asook aanvalle deur die Ndebele van Mzilikazi, het die Ndzundza teen 1839 onder die leiding van Mabhogo gevestig te KoNomtjarhelo, 'n strategiese vesting in die Steenkampsberge digby die huidige dorp Roosenekal in Noordoos-Transvaal. In 1845 het die Blanke Trekkers onder leiding van A H Potgieter die Ndzundza hier aangetref. In Julie 1846 het die Ohrigstadse Volksraad al die grond tussen die Lebomboberg, Elandsrivier en Krokodilrivier van Mswati , Swazi-opperhoof, gekoop. Dieselfde gebied is ook deur onder andere die Pedi, Ndzundza en Kopa bewoon. Omdat die Blankes hierdie mense as vroeëre Swazi-onderdane beskou het, is daar van hulle gehoorsaamheid en arbeidlewering verwag. Ook is die Ndzundza sowel as die Kopa se tradisionele vestigingspunte geensins in aanmerking geneem by die uitmeet van Blanke plase nie, sodat beide hierdie groepe hulle vanaf die begin van die vyftiger jare op geïnspekteerde gronde bevind het. Aanvanklik is die verhouding tussen die Blankes en die Ndzundza deur hoofsaaklik vuurwapenbesit, veebuitery en arbeidslewering bepaal, maar namate die Ndzundza weens getalsvermeerdering militêr sterker geword en meer grond vir lewensbehoeftes nodig gekry het, het die grondkwessie sentraal na vore getree. In 1860 het

die regering van die Republiek Lydenburg die grondgebied van die Ndzundza afgebaken tot vier geïnspekteerde plase en die Blanke eienaars kompensasie aangebied. In ruil vir die reg om hierdie gronde ongehinderd te mag bly bewoon, is daar van die Ndzundza verwag om 'n jaarlikse belasting te betaal, arbeiders aan die Blankes te lewer en hulle andersins gehoorsaam te wees. In 1860 is 'n dokument wat hierdie sake gereël het, deur Mabhogo sowel as landdros C Potgieter van Lydenburg onderteken. Aanvanklik het dit gelyk of goeie verhoudings hierdeur bewerkstellig is, maar dit is spoedig verkeerd bewys. Reeds in 1860 het die Ndzundza hulle weer skuldig gemaak aan veebuitery. Toe kommandant-generaal van Dyk Mabhogo hieroor aangespreek het, het laasgenoemde hom onafhanklik van Blanke gesag verklaar deur Van Dyk in te lig dat hy (Mabhogo) geen gesag behalwe sy eie noord van die Vaalrivier erken nie. Van Dyk het Mabhogo agt dae tyd gegun om sy uitlatinge terug te trek, of die gevaar te loop om met geweld van wapens onder die wet ingedwing te word. Mabhogo het geweier, waarop 'n vyfjaar lange oorlog tussen die Ndzundza en die Blankes onstaan het. Sowel die Pedi as die Swazi is deur die Blankes betrek in hul pogings om die Ndzundza te onderwerp. Hulle was egter nie hiertoe in staat nie. Die Ndzundza se strategiese ligging, die feit dat hulle goed van vuurwapens voorsien was asook die politieke stryd wat vanaf 1860 tot 1864 binne die Transvaal onder die Blankes geheers het, het effektiewe optrede

in die wiele gery. Teen 1865 het die Noordoos-Transvaalse Blankes geen ander keuse gehad as om vredesonderhandelinge met Mabhogo aan te knoop nie. Vir 'n losprys van 40 beeste was Mabhogo bereid om hulle toe te laat om die laers waarin hulle sedert 1863 verkeer het, te verlaat en na hul plase terug te keer. Hierdeur is Mabhogo se soewereiniteit oor sy grond en mense deur die Blankes erken. Hoewel die Blankes die betaling van die beeste as 'n wettige kooptransaksie beskou het, is dit duidelik dat Mabhogo homself steeds as die eienaar van die gronde beskou het en die Blanke bewerkers daarvan niks ander as pagters nie. Die transaksie het nietemin tot gevolg gehad dat daar vir die volgende aantal jare vrede in die distrik was, veral ook omdat die Blanke boere nie beswaar daarteen gehad het om hul plase deur die Ndzundza se beeste te laat bewei nie. Die Ndzundza-opperhoof is tevrede gestel deurdat hierdie boere ook gereeld 'n bees aan hom gestuur het om sy goedgesindheid te behou. Mabhogo is in 1865 oorlede en opgevolg deur Cornelis I, ook bekend as Mkhephuli, Soqaleni of Soyingelela. Hy is in 1873 oorlede en as regent opgevolg deur sy broer Rhobongo. Tydens die bewind van Rhobongo het die Ndzundza die Transvaalse regering in 1876 aktief gesteun in hul pogings om die Pedi te onderwerp. Na Nyabela Rhobongo na dié se dood in 1879 opgevolg het, het die Ndzundza sowat 700 krygers aan Sir Garnet Wolseley beskikbaar gestel en hierdeur 'n bydrae gelewer in die

finale onderwerping van die Pedi aan Blanke gesag. Op hierdie stadium het Nyabela ook Britse onderdaanskap aanvaar, hoewel dit te betwyfel is of hy die implikasies daarvan besef het. Reeds in 1880 het hy aanspraak gemaak op meer as twintig plase aanliggend aan die Ndzundza se woongebied. Die meeste van hierdie plase is tydens die Sekhukhune-oorlog deur hul Blanke eienaars ontruim, waarop die Ndzundza begin ht om hier landerye aan te lê en hul beeste te laat wei. Na die eienaars daarvan na die plase teruggekeer het, het die Ndzundza hulle begin terroriseer deur die weiding aan die brand te steek, bome af te kap en die eienaars met fisieke geweld te dreig. Op navrae het Nyabela verklaar dat hy deur die Britse regering grond belowe is vir sy aandeel in die Sekhukhune-oorlog en dat hy vir hierdie grondeis sou veg tot aan sy dood. Onder hierdie omstandighede het die Britse regering dit goedgedink om ŉ kommissie van ondersoek na die grondaansprake in te stel. Die Mapochskommissie was ŉ drieman-kommissie wat met behulp van ŉ landmeter moes vasstel wie die wettige eienaars van die gronde was. Weens die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog kon die kommissie nie sy werksaamhede afhandel nie en het die Driemanskap die probleem onopgelos oorgeërf. Volgens die Pretoriase Konvensie moes die Naturelle-Lokasiekommissie die grond van alle Swart stamme binne die Transvaal afbaken - dus ook die Ndzundza


s'n. Toe die kommissie in Oktober 1882 vir die doel na Noordoos-Transvaal gereis het, het Nyabela enige samewerking geweier en moes die kommissie onverrigter sake huis toe. Nyabela se weiering om die kommissie te ontmoet het moontlik gespruit uit die feit dat sy grond afgebaken sou word sonder dat hy die kans gegun sou word om die gebied waarop hy aanspraak gemaak het, aan die kommissie uit te wys. Ongeveer op dieselfde tydstip het Nyabela hom ook die gramskap van die Transvaalse regering op die hals gehaal toe hy beskerming verleen het aan Mampuru. Laasgenoemde het hom op Nyabela se genade gewerp nádat hy sy broer Sekhukhune om die lewe laat bring het as gevolg van 'n jarelange stryd om die Pedi-opperhoofskap. 'n Transvaalse kommando onder leiding van genl Piet Joubert wat uitgestuur is om Mampuru te arresteer, het egter die opdrag gehad om op te trek teen enige stam wat sou weier om behulpsaam te wees met die opspoor van Mampuru. Dit het die Ndzundza in direkte botsing met die Transvaalstaat gebring. Vanaf November 1882 tot Julie 1883 was 'n groot Boeremag wat op aflosbasis diens gedoen het, in 'n uitmergelingsoorlog met die Ndzundza betrokke, beter bekend as die Tweede Mapoch-oorlog. Verskeie omliggende swart stamme is ook opgekommandeer om behulpsaam te wees. Weens hul strategiese ligging en vuurwapenbesit, kon die Ndzundza daarin slaag om langer as agt maande uit te hou.


Verhongering, wat veroorsaak is deur die vernietiging van hul landerye en voedselvoorrade, het die Ndzundza uiteindelik verplig om oor te gee. 'n Volksraadsbesluit het stamlede van hul grond ontneem en op plase dwarsoor die Transvaal ingeboek. Hierdeur is die Ndzundza se onafhanklikheid finaal beeïndig en is nog 'n hoofstuk in die geskiedenis van die negentiende eeuse onderwerping van swart volkere aan Blanke gesag, afgesluit.

BYLAAG I

GENEALOGIE VAN NDZUNDZA-OPPERHOOFDE

(Volgens H C M Fourie)







**NOORDOOS - TRANSVAAL IN DIE NEGENTIENDE EEU**


SKAAL: 1 : 2 700 000

(Aangepas uit P Delius: The Land Belongs to Us)




**PLASE WAAROP NYABELA AANSPRAAK GEMAAK HET, 1880 - 1882**

SKAAL 1 : 422 000




**DIE MAPOCHSGRONDEN TYDENS DIE TWEEDE MAPOCH-OORLOG, 1882 - 1883.**

SKAAL 1 : 172 000

BYLAAG 3 : FOTO'S



NYABELA MAHLANGU

Opperhoof van die Ndzundza, 1879-1903

Foto: Universiteit van Pretoria



MAMPURU ná sy inhegtenisname, 1883

Foto: Universiteit van Pretoria



GENL P J JOUBERT, kommandant-generaal van die ZAR.

Foto: Universiteit van Pretoria




S J P KRUGER, Staatspresident van die ZAR

Foto: Universiteit van Pretoria



Standbeeld van Nyabela, Erholweni, Roossenekal

Foto: Albert van Jaarsveld



ERHOLWENI, hoofsetel van die Ndzundza in die negentiende eeu, soos dit vandag daar uitsien.

Foto: H S J du Preez



Klipmuurverskansings, Erholweni.

Skietgate is duidelik sigbaar.

Foto: Albert van Jaarsveld




Klipmuurverskansings, Erholweni

Foto: Albert van Jaarsveld



Kommando na afloop van die Mapoch-oorlog. Pretoria, 1883.
Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek.




Teregstelling van Mampuru, Pretoria, 22.11.1883.
Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek.



Die Sekhukhune-berge waar die oorlog teen die Pedi (1876, 1879) plaasgevind het.

Foto: H S J du Preez



a

Landdrostantoor [illegible]
Ooreenkomst getroffen [illegible]
Mapog en verdere onderen [illegible] van [illegible] volgens
besluiten van den Volksraad en van den [illegible]
in het Ed Zitting in October 1859.

De kafferkapitein Mapog is verpligt om een jaarlijksche opgave te betalen met al zyn volk van nemen aan het Gouvernement van Lydenburg, genoemde Mapog volgens besluiten van den Volksraad en [illegible] raad in Ed zitting in October 1859.—
[illegible] moeten [illegible] werken in de maand September van elk jaar voor dat ze aan het zaaien en by het aannemen moet om dan te voldoen.
De betaling zal wezen als volgt: een ieder man kaffer [illegible] een of meer vrouwen heeft zal moeten betalen R.D. 1.5.2 voor ieder jaar voor den eersten tyd.
[illegible] het Gouvernement moeten zien om drie plaatsen [illegible] aanteken voor andere plaatsen of om het te ruilen of te koop [illegible] aan de eigenaars of dat er geen kwestie met de kaffers en [illegible] eenaars [illegible] en daaraan is voldaan.—
De menschen zullen geen regt hebben om de kaffers te dwingen om voor hun voor niet te werken.— Maar zullen verpligt zijn om de kaffers te betalen volgens wetten daar op bepaalt is voor de kaffersdienstboodens.—
Dat genoemde Mapog verpligt zyn, om als het de tyd van betaling der jaarlijksche opgave is, te zorgen, dat al de kaffers hieren voornoemd behoorlijk betalen, en de Strooshuizen zullen geteld worden, als er eenige gedachten gemaakt wordt, dat niet allen betaald hebben.—
Dat genoemde Mapog verpligt en gehouden zyn, om aan de hier bovenstaande onderste voldoen:— ook zal het Gouvern[illegible]

Foto: H S J du Preez

Ooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en Mabhogo, 3 April 1860

ment en wakend oog over hem (Mapog) houden, op dat niemand met hem kan handelen, strijding met de wet.-

Aldus gedaan op dato als boven genoemd.

P. Potgieter
Landdrost.

De hier boven staande overeenkomst op mijne woonplaats getroffen het welk mij van de Landdrost kantoor van Lydenburg gestuurd is, en na voorlezing door mij en mijne kapiteins goed gekeurd en door mij en mijne kapiteins geteekend waar van ik een eensluidende afschrift heeft, die voor mij en de ambtenaren van de mensche geteekend is Mapog [illegible] den grond gebied van Lydenburg op dato de 3 April 1860

+ Naamteekening van Mapog

+ Maslankola.

+ Jambola.-

Aan de hier voornoemde overeenkomst is voldaan aan artikel 4, 5 en 6 der uitvoerende raad besluiten van de [illegible] Lydenburg 11 tot 16 january 1860 is de drie plaatsen ten behoeve van de kaffers kapitein Mapog gehandelt van de Eigenaren die door hem gevraagd is.-

Eerste de plaats van A. C. S. van Kraaijenburg de Oude

Tweede de plaats van L. J. van Wijk, de [illegible]

Derde de plaats van A. J. van Wijk de Oude.

En als genoemde Mapog aan de voorgeschreven overeenkomst voldoen, dan heeft hij het tot [illegible]

Landdrost kantoor Lydenburg 28 Maart 1860.

P. Potgieter
Landdrost.

Aldus gedaan in onse tegenwoordigheid namens het Gouvernement voornoemd.-

J. Kessel Commandant.
[illegible] Holtshausen

[illegible]

Ooreenkoms tussen die Republiek Lydenburg en Mabhogo, 3 April 1860. (Bladsy 2)

Foto: H S J du Preez

BYLAAG 4

BRONNE OOR DIE GESKIEDENIS VAN DIE NDZUNDZA

Alle bronne wat vir die doeleindes van hierdie studie geraadpleeg is, word in gepubliseerde of ongepubliseerde geskrewe vorm in verskeie biblioteke asook die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) bewaar, en kan geredelik geraadpleeg word. Hierdie bronne kan in drie kategorieë verdeel word:

(a) Bronne oor die Ndzundza se pre-koloniale geskiedenis;
(b) Kontemporêre bronne (TAB) wat die tydperk 1845-1883 dek, dit wil sê vanaf die Blanke intrek in Noordoos-Transvaal tot en met die onderwerping van die Ndzundza aan Blanke gesag in 1883;
(c) Sekondêre materiaal wat die historiese tydperk dek en waarby ignesluit is tydskrifte, joernale, boeke, artikels en tesisse.

1. Bronne oor die pre-koloniale geskiedenis van die Ndzundza

Verskeie geskrifte het die lig gesien waarin die Ndzundza se pre-koloniale geskiedenis behandel word. Die meerderheid hiervan is deur antropoloë opgeteken en is gebaseer op mondelinge tradisie. Hieronder is Ds H C M Fourie

se Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus - sociaal leven (Zwolle, 1921), seer seker die belangrikste en insiggewendste bron. Fourie verskaf gedetailleerde inligting oor sy chronologiese berekeninge terwyl hy ook bewus was van die versigtigheid waarmee mondelinge tradisie as historiese bron benader moet word. Wat aan Fourie se werk verdere waarde verleen is die feit dat sy navorsing onderneem is in 'n tyd vóór verwestering/ akkulturasie en aanpassing by veranderde omstandighede te veel skade aan die Ndzundza se mondelinge tradisies kon aanrig.[1)] Ander bronne waarvan met vrug gebruik gemaak is, is die ou Transvaal Native Affairs Department (TNAD) se publikasie A Short History of the Native Tribes of the Transvaal (Pretoria, staatsdrukker, 1905) en N J Van Warmelo se Transvaal Ndebele Texts (Pretoria, staatsdrukker, 1930). Heelwat latere geskrifte met waardevolle inligting was C J Coetzee se doktorale proefskrif oor die Transvaalse Ndebele[2)] en C J van Vuuren se M A -tesis[3)] oor die Ndebele se vestigingspatroon. Veral

---

1. Sien hoofstuk 1, afdeling 1.2 vir verdere besonderhede.

2. Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal. PU vir CHO, 1980.

3. Die vestigingspatroon van die Suid-Ndebele. UP, 1983.

Van Vuuren se werk verdien vermelding aangesien dit lig werp op sekere aspekte van die Ndebele se geskiedenis wat vroeër onbekend was. Ongelukkig verskaf hy nie veel inligting oor sy metodes nie - meer spesifiek die manier waarop hy die historiese kritiek toegepas het tydens sy insameling en evaluering van mondelinge tradisie nie. Nogtans bly dit ŉ waardevolle bydrae.

Naas die historiese inligting wat die antropologiese geskrifte bied, bevat dit ook waardevolle gegewens oor sekere aspekte van die tradisionele leefwyse en kultuur=fasette van die Ndzundza. Dit dien as hulp om die Ndzundza in negentiende eeuse konteks beter te verstaan. Fourie behandel hul religieuse opvattinge en sosiale organisasie, Weiss hul kunsuitinge[4)] en Van Vuuren hul vestigingspatroon. Afgesien hiervan is daar in vergelyking met groter en meer prominente inheemse groepe soos die Zulu, Xhosa, Pedi, Tswana en Swazi, nog weinig bekend oor die Ndzundza se tradisionele leefwyse. Studies moet nog onderneem owrd oor die Ndzundza se politieke-, regs- en ekonomiese stelsels en die verandering hiervan oor verloop van tyd. Om hierdie rede is dit tans bykans onmoontlik om ŉ volledige beeld van die Ndzundza in negentiende eeuse konteks te skets, veral wat betref die interne

---

4. O Weiss: Funksionele kunsuitinge by die AmaNdzundza. Ongepubliseerde MA-verhandeling, US, 1961.

struktuur van die Ndzundza as politieke eenheid. Oor die posisie van die Ndzundza-kaptein, die uitoefening van mag en die distribusie van gesag, is byvoorbeeld weinig bekend. Toekomstige antropologiese navorsing sal meer lig hierop werp en mag tot gevolg hê dat die huidige beeld van die negentiende eeuse Ndzundza verander.

2. Kontemporêre bronne, 1845-1883

Die meerderheid van die kontemporêre bronne wat geraadpleeg is, is handgeskrewe dokumente en word in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, bewaar. Dit lê versprei oor verskeie argiefreekse. Omdat daar weinig sekondêre publikasies oor die Ndzundza bestaan, maak kontemporêre primêre bronne die ruggraat van hierdie verhandeling uit. Die meeste inligting oor die Ndzundza in die tydperk 1845-1880 word aangetref in die Argief van die Staatsekretaris (SS, inkomende korrespondensie en supplementêre stukke, 1845-1883) asook die argiewe van die Republiek Lydenburg (L: 1856-1860) en landdros van Lydenburg (LL: 1849-1883). Vir die tydperk ná 1880, wat insluit die Tweede Mapoch-oorlog, is heelwat inligting uit die Argiewe van die Superintendent van Naturelle (SN) en Kommandant-generaal (KG) getrek. Britse Blouboeke (C) het relatief min opgelewer wat betref die Britse besettingstyd, 1877-1881. Naas genoemde reekse het

die Argiewe van die Uitvoerende Raad (UR) en Eerste Volksraad (EVR, gepubliseer tot 1868) heelwat inligting bevat.

In sendelingverslae word relatief min na die Ndzundza verwys. Die feit dat Mabhogo en sy opvolgers geen sendeling wou toelaat om op permanente basis onder die Ndzundza bekeringswerk te verrig nie, het veroorsaak dat 'n potensieel waardevolle bron ons ontsê is. Behalwe vir die sporadiese verwysings na die Ndzundza in briewe deur die sendelinge Alexander Merensky en Heinrich Grützner wat onder die Pedi en Kopa werksaam was, bestaan daar geen ander bronne van hierdie aard nie.

Die belangrikste kenmerk van kontemporêre bronne oor die Ndzundza is dat daar nie 'n enkele geskrif van watter aard ookal bestaan wat nié deur 'n Blanke opgestel of geskryf is nie. Daar is 'n eenvoudige rede hiervoor: Weinig Swartes was geletterd in die negentiende eeu. Hierdie feit skep egter 'n probleem wat nie maklik oorbrugbaar is nie: Die geskrifte verteenwoordig 'n Blanke standpunt of sien sake deur 'n wit bril - 'n "White Mans View", soos T S van Rooyen dit tereg genoem het.[5)]

---

5. Kyk in die verband Albert van Jaarsveld: "T S van Rooyen (1922-1967) en die historiese geleerdheid" (<u>Historia</u>, Jaargang 30, vol 1, Mei 1985), pp.55-56.

Ter wille van objektiwiteit moes hierdie bronne dus uiters krities benader word. Om hierdie rede mag verskeie argumente en interpretasies in hierdie verhandeling kontroversieel voorkom, aangesien dit bots met die tradisionele Afrikaner-siening.

3. Sekondêre materiaal

Ofskoon die geskiedenis van die Pedi en Swazi na die verskyning van Delius en Bonner se werke tans goed aan historici bkeend is, kan dieselfde nie van die Ndzundza gesê word nie. Daar bestaan geen geskrif wat die geskiedenis van die Ndzundza gedurende hul onafhanklikheid in die geheel dek nie, met ander woorde, vanaf die pre-koloniale tyd tot en met 1883. Verskeie historici het egter in hoofsaaklik tesisse wat oor ander onderwerpe handel, sydelings na die Ndzundza verwys. H P van Coller het in sy M A-verhandeling[6)] oor die opgvolgingstryd tussen Sekhukhune en Mampuru die verloop van die Tweede Mapoch-oorlog behandel terwyl J A Mouton in sy biografie oor Genl Piet Joubert[7)] ŉ enkele hoofstuk aan Joubert se aandeel in die oorlog afgestaan het. Voorts het T S van Rooyen, P Delius en T R H Davenport elk in enkele

---

6. Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon. MA-verhandeling, UP, 1941.

7. J A Mouton: Genl Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis (Argiefjaarboek vir SA geskiedenis, deel I, 1957)

bladsye na aspekte van die Ndzundza se geskiedenis verwys.[8] Ander historici se verwysings na die Ndzundza het beperk gebly tot enkele paragrawe en sinne.[9] 'n Uitsondering in dié verband is die pas voltooide doktorale proefskrif van W A Stals,[10] waarin hy enkele aspekte van die Ndzundza se geskiedenis in sy voorlaaaste hoofstuk beknop saamvat. 'n Kopie hiervan het my te laat bereik om enige verwysings hierna in die teks te maak.

Omdat die inleiding tot hierdie tesis reeds heelwat inligting oor sekondêre bronne bevat, sal nie verder hieroor uitgebrei word nie.

---

8. Kyk Inleiding, voetnotas 7 en 8.

9. Kyk Inleiding, voetnota 11.

10. W A Stals: Die Britse beleid teenoor en administrasie van die Swartes in Transvaal, 1877-1881. Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, UP, 1985.

# BIBLIOGRAFIE

Indeks

A. Ongepubliseerde argivale bronne, Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria.

1. Argief van die Staatsekretaris, ZAR, 1854 -1883 (aangedui as SS)
2. Argief van die Republiek Lydenburg, 1856-1860 (aangedui as L)
3. Argief van die landdros Middelburg, 1871 - 1883 (aangedui as LM)
4. Argief van die landdros Lydenburg, 1849-1883 (aangedui as LL)
5. Argief van die Superintendent van Naturellesake, 1877-1883 (aangedui as SN)
6. Argief van die Kommandant-Generaal, 1882-1883 (aangedui as KG)
7. Argief van die Eerste Volksraad, 1868-1883 (aangedui as EVR)
8. Argief van die Uitvoerende Raad, 1857-1883 (aangedui as UR)
9. Britse Blouboeke, 1877-1881 (aangedui as C)
10. Private aanwinste (aangedui as A)

B. Gepubliseerde argivale bronne

C. Geselekteerde sekondêre materiaal

(boeke, tesisse en artikels)

D. Koerante

A1 Argief van die Staatsekretaris, Z A R (1854-1883) (SS)

i) SS6-SS883: Inkomende stukke, 1859 - Desember 1883 (aangedui as R)

ii) SS8610-SS8661: Uitgaande stukke, 1854 - Desember 1883 (aangedui as BB)

iii) Supplementeêre stukke, 1854-1883 (aangedui as Supl.)

2. Argief van die Republiek Lydenburg (L)

L1 Volksraadsnotule, April, 1856 - 15 Oktober 1857 (oorpronklike)

L2 Volksraadsnotule (afskrif)

L3 Volksraadsnotule (afskrif)

L4 Volksraadsnotule, 1.4.1858 - 30.3.1860 (oorspronklike)

L5 Uitvoerende Raadsnotule, 16.10.1857-30.3.1860 (oorspronklike)

L6 Uitvoerende Raadsnotule (onvolledige indeks)

L7 Grondwet van die Volksraad van die Republiek Lydenburg en instruksies aan deputasies, kommissies; amptenare.

L8 Volksraad: Inkomende stukke, 1856-1860

L9 Uitvoerende Raad en Amptenare: Inkomende stukke, 1856

L10 Uitvoerende Raad en Amptenare: Inkomende stukke, 1857

L11 Uitvoerende Raad en Amptenare: Inkomende stukke, 1858

L12 Uitvoerende Raad en Amptenare: Inkomende stukke, 1859

L13 Uitvoerende Raad en Amptenare: Inkomende stukke, 1860

L14 Volksraad: Uitgaande stukke, 1857

L15 Uitvoerende Raad en landdros: Uitgaande stukke, 1857-1860

L16 Amptenare en kommissies: Uitgaande stukke, 1856

L17 Bekendmakings aan publiek: Oorspronklike, 1856-1860

L18 Goewermentsekretaris: dagboeke en rolboeke, 1857-1861

L19 Landdros: Dagboeke en rolboeke, 1859-1862

L20 Verdrag met Sekwati, 1857

L27 Landdros en heemrade: Notule, 1856-1860

3. Argief van die Landdros Middelburg (LM)

LM 1-17 Landdros Middelburg: Inkomende stukke, 1871-1900

LM146 Naturellekommissaris: Inkomende stukke, 1881-1900

4. Argief van die Landdros Lydenburg (LL)

LL1-LL5 Inkomende stukke, 1850-1899

LL8a Register van ontvange briewe, 3.6.1845-18.2.1862

LL8 Register van ontvange briewe, Maart 1864-Augustus 1880

LL15 Losse kopieë van uitgaande stukke, 1850-1897

LL16 Losse kopieë van uitgaande stukke (Volksraadsbesluite en bekendmakings), 1850-1863; 1860-1871)

LL17-LL31 Briewekopieboeke (bevat ook dagboek), Sept 1863-Okt 1884

LL60-LL63 Register van geïnspekteerde plase, 1845-1873

LL65 Register van plaasaantekening: Olifants, Steelpoortsriviere, ens.

| | |
|---|---|
| LL66 | Register van plaasaantekening, Lydenburg distrik. |
| LL172 | Register van Naturelle-dienskontrakte, 1851-1878 |
| LL172a | Losse stukke re Swartes, 1852-1899 |
| LL177-LL180 | Dagboeke van landdros, 1862-1878 |
| LL181a | Diverse losse stukke, 1851-1889 |
| LL182 | Hof van landdros en heemrade: Notule van sittings en sake, 1860-1876 |
| LL183 | Notule van siviele en kriminele sake, 1875-1877 |
| LL220-LL221 | Hof van landdros en heemrade: Diverse, 1850-1899 |
| LL274 | Kommandant: Inkomende stukke, 1862-1869 |
| LL275 | Veldkorentte: Inkomende stukke, 1862-1895 |
| LL278 | Krygraadsnotule, 1853-1861 |

5. Argief van die Superintendent van Naturelle (SN)

| | |
|---|---|
| SN1 | Minute, 1878 |
| SN1a-<br>SN4 | Minute, ongeregistreerd, 1877-1880 |
| SN4a-<br>SN5 | Supplementêre stukke by minutes, 1877-1881 |
| SN78-<br>SN79 | Inkomende sirkulêres van staatsekretaris, 1881-1899 |

SN80 Supplementêre stukke by minutes, 1882-1900

SN81-
SN92 Minuteregisters, 1878-1900

SN102-
SN113 Brieweboeke, 1878-1901

SN123 Traktate en ooreenkomste met opperhoofde, 1839-1871

SN124 Sake re Swartes, 1880-1897

SN124a-
SN125 Register van behandelde Swart sake en verklarings, 1880-1900

SN177 Notuleboek: Naturelle-Lokasiekommissie, 1881-1897

SN178 Korrespondensie van Naturelle-Lokasiekommissie, 1881-1897

SN179 Brieweboek: Naturelle-Lokasiekommissie, 1881-1897

## 6. Argief van die Kommandant-Generaal (KG)

KG590 Ekspedisie teen Mampuru en Nyabela, 1882-1883

KG591 Ekspedisie teen Mampuru en Nyabela, geregistreerde briewe, Okt-Des 1882

KG592-KG595 Ekspedisie teen Mampuru en Nyabela, korrespondensie, 1881-1883

KG596-KG600 Ekspedisie teen Mampuru en Nyabela: korrespondensie en kompensasie, 1882-1889

| | |
|---|---|
| KG601-KG606 | Ekspedisie teen Mampuru en Nyabela: kommandeerlyste, verslae, finansiële en diverse korrespondensie, 1882-1884 |
| KG607 | Krygraadsnotule, 1882-1883 |
| KG608 | Brieweregister, 1882-1883 |
| KG609 | Register van dokumente, 1882-1883 |
| KG610 | Brieweboek, 1882-1883 |
| KG611 | Brieweboek, Maart 1883-1884 |
| KG612 | Kommissariaat, 1882-1883 |
| KG613-614 | Kompensasieregister, 1883-1896 |

7. Argief van die Sekretaris van die Eerste Volksraad (EVR)

| | |
|---|---|
| EVR12-EVR18 | Volksraadsnotule, 14.9.1868-Maart 1877 |
| EVR19 | Minutes of Legislative Assembly, 10.3.1880-30.10.1880 |
| EVR20 | Minutes of Legislative Council, 20.3.1880-11.6.1880 |
| EVR21-EVR27 | Volksraadsnotule, 10.8.1881-26.7.1883 |
| EVR 193-EVR223 | Volksraad, Inkomende stukke, 1845-1883 (aangedui as VR) |

8. Argief van die Sekretaris van die Uitvoerende Raad (UR)

| | |
|---|---|
| UR1-UR6 | Uitvoerende Raadsbesluite, 28.6.1857-12.4.1877, 9.8.1881-1883. |

9. Britse Blouboeke (C)

| | |
|---|---|
| C2222 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1899 |
| C2234 | Correspondence relative to military affairs in Natal and the Transvaal, 1879 |
| C2242 | Further papers respecting the affairs of South Africa, 1879 |
| C2252-C2318 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1879 |
| C2367-C2374 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1879 |
| C2454-C2505 | Further correspondence respecting the affairs of South AFrica, 1879 |
| C2584-C2695 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1880 |
| C2740 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1880 |
| C2783 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1881 |
| C2858-C2866 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa, 1881 |
| C2950-C2961 | Further correspondence respecting the affairs of South Africa 1881 |
| C2998 | Convention for the Settlement of the Transvaal Territory |

10. Private aanwinste: TAB

A699 Daniël Retief versameling

A14 P J Joubert-versameling

A196 J C Winterbach-versameling

## B. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

Breytenbach, J H en Pretorius, H S (reds.): Notule van die Volskraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, 1844-1850 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal nr 1)

Breytenbach, J H (red.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel II, 1851-1853 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 2)

Breytenbach, J H (red): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel III, 1854-1858. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 3)

Breytenbach, J H (red): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel IV, 1859-1863 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 4)

Breytenbach, J H en Joubert, D C (reds.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel V, 1864-1866 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 5)

Breytenbach, J H (red.): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel VI, 1866-1871 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no 6)

Jeppe, F en Kotze J G: _De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885_. Pretoria, 1887.

Joubert, D C (red.): _Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel VII, 1867-1868._ (Suid-Afrikaanse ARgiefstukke, Transvaal no 7)

Krynauw, D W en Pretorius, H S (reds.) _Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853_. Pretoria, 1949.

Pretorius, H S en Kruger, D W (reds.): _Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849_ Pretoria, 1937.

## C. GESELEKTEERDE SEKONDêRE MATERIAAL

(Boeke, tesisse en artikels)


Agar-Hamilton, J A I: The Native Policy of the Voortrekkers, 1836-1858, An essay in the history of the interior of South Africa. Kaapstad, 1928.

Agar-Hamilton, J A I: The Road to the North, South Africa, 1852-1886.
Londen en New York, 1937.

Appelgryn, M S: Thomas Francois Burgers, Staatspresident, 1872-1877
Pretoria en Kaapstad, 1979

Becker, P: Inland Tribes of Southern Africa
Londen, 1979

Binns, C T: Dinuzulu, the death of the house of Shaka
Londen, 1968

Bonner, P: Kings, Commoners and Concessionaires; The evolution and dissolution of the nineteenth century Swazi state.
Johannesburg, 1983.

Bozzoli, B (red.): Town and Countryside in the Transvaal
Johannesburg, 1983.

Brookes, E H: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to Present.
Pretoria, 1927.

Bruwêr, J P: Die Bantoe van Suid-Afrika
Johannesburg, 1959.

Bryant, A T: Olden Times in Zululand and Natal.
Londen, 1929

Cillie, F S: The Mapochs Gronden; An aspect of the poor white question.
Ongepubliseerde M A-verhandeling, UP, 1934.

Coetzee, C J: Die strewe tot etniese konsolidasie en nasionale selfverwesenliking by die Ndebele van Transvaal.
Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, PU vir CHO, 1980.

Davenport, T R H en Hunt, K S (reds.): The Right to the Land.
Kaapstad, 1974.

Davenport, T R H: South AFrica, A Modern History.
Londen, 1977.

De Kiewiet, C W: British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872.
Londen, 1929.

De Kiewiet, C W: The Imperial Factor in South Africa.
Cambridge, 1937.

Delius, P: The Land Belongs to Us; The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth century Transvaal.
Johannesburg, 1983.

De Kock, W J (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel II.
Kaapstad en Johannesburg, 1972.

De Vaal, J B: Die rol van Joao Albasini in die geskiedenis van die Transvaal.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel I, 1953.

Du Plessis, C N J: Uit de geschiedenis van de ZAR en van de Afrikaanders.
Amsterdam en Pretoria, 1898.

Duvenage, G D J: Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en einde.
Ongepubliseerde D Phil verhandeling, UNISA, 1966.

Ellenberger, D F en MacGregor, J C: History of the Basuto, Ancient and Modern.
Londen, 1912.

Etherington, N: "Books Reviewed" Journal of Southern African Studies, vol 11, nr 1, Oktober 1984.

Evers, T M: "Recent Iron Age Research in the Eastern Transvaal".
Suid-Afrikaanse Argeologiese Bulletin, vol 30, Julie 1975.

Evers, T M: "Recent Progress in Studies of the Early Iron Age in Eastern Transvaal"
South African Journal of Science, vol 73, Maart 1977.

Ferreira, O J O (red.): Geschiedenis, Werken en Streven van S P E Trichard.
RGN, Pretoria, 1975.

Fourie, H C M: AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sociaal leven.
Zwolle, 1921.

Geyser, O: Die Bantoebeleid van Theophilus Shepstone, 1845-1875.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1968.

Gibson, J Y: The Evolution of the South African Native Policy. Pietermaritzburg, 1919.

Guy, J: The Destruction of the Zulu Kingdom: The Civil War in Zululand, 1879-1884.
Johannesburg, 1982.

Hambrock, R S: Die vrou in die religie onder die Manala-Ndebele.
Gepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1981.

Hammond-Tooke, W D: The Bantu Speaking Peoples of Southern Africa.
Londen, 1974.

Henige, D P: The Chronology of Oral Tradition.
Oxford, 1974

Herodotus: Histories, Book IV
Londen, 1963.

Huffman, T N: "African Origins".
S A Journal of Science, vol 75, Mei 1979.

Huffman, T N: "The Origins of Leopards kopje: An 11th century Difaquane" Arnolida series of miscellaneous Publications vol 8,nr23,Junie 1

Hunt, D R: An Account of the BaPedi".
Bantu studies, vol V, 1931.

Huyser, J D: Die Naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek.
Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, UP, 1936.

Inskeep, R R: The Peopling of Southern Africa.
Kaapstad en Londen, 1978.

Jackson, A O: The Ndebele of Langa.
Pretoria, staatsdrukker, geen datum.

Kistner, W: The Anti-Slavery Agitation against the Transvaal Republic, 1852-1868.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1952.

Krige, E J: The Social System of the Zulus, Agtste druk.
Pietermaritzburg, 1981.

Kruger, B J: Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk in die SAR met besondere verwysing na die plakkerswette, 1885-1899.
Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1965.

Kruger, D W: Die weg na die see of die Ooskus in Boerebeleid voor 1877.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel I, 1938.

Kwa-Ndebele Monumentekomitee:
Die Ndzundza-Ndebele en die Mapochsgrotte.
Pretoria, 1983.

Legassick, M: The Sotho-Tswana peoples before 1800 (In L Thompson (red): African Societies in Southern Africa, London, 1969).

Lombard, B V "Die Swerwerslewe van Mampoer".
De Volksstem: 16, 20 en 23 Oktboer 1936.

Loubser, J H N: Ndebele Archaeology of the Pietersburg area.
Ongepubliseerde MA-verhandeling, Wits, 1981.

Maggs, T M O'C: "The Iron Age Sequence South of the Vaal and Pongola Riviers, some historical implications."
Journal of African History, vol 21, 1980.

Malan, J: Die werksaamehde van die amptenare belas met Naturellesake in die ZAR tot 1877.
Ongepubliseerde MA-Verhandeling, UP, 1959.

Marks, S (red.): Economy and Society in Pre-Industrial South AFrica.
Londen, 1980.

Marks, S en Rathbone, R: Industrialisation and Social Change in South Africa; African class formation, culture and conciousness, 1870-1930.
Londen 1982.

Marks, S: Reluctant Rebellion, the 1906-1908 disturbances in Natal.
Oxford, 1970.

Marks, S: Traditions of the Natal Nguni" (In L Thompson (red.): African Societies in Southern Africa) Londen, 1979.

Mason, R J: The Prehistory of the Transvaal.
Johannesburg, 1962.

Massie, J H: The Native Tribes of the Transvaal.
Londen, 1905.

Mönnig, H O: The Pedi.
Pretoria, 1967.

Moolman, J P F: Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860.
Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1975.

Mouton, J A: Genl Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel I, 1957.

Muller, C F J (red.): 500 Years, A History of South Africa. Hersiene uitgawe, Pretoria en Kaapstad, 1981.

Omer-Cooper, J D: The Zulu Aftermath. Londen, 1966.

Otto, J C: "Die regsgronde vir die grondbesit deur die Boere in Noord-Oostelike Transvaal". Historiese studies, Jaargang 1, nr 4, Mei 1940).

Otto, J C: Die Sekoekoenie-oorlog tydens die bewind van pres Burgers. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1934.

Peires, J B (red.): Before and after Shaka,Papers in Nguni history. Grahamstown, 1983.

Peires, J B: The House of Phalo, A history of the Xhosa people in the days of their independence. Johannesburg, 1981.

Pelzer, A N: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I: Wordingsjare. Kaapstad-Amsterdam, 1950.

Phillipson, D W: African Archaeology. Londen en New York, 1985.

Phillipson, D W: The Later Prehistory of Eastern and Southern Africa.
Londen, 1977.

Potgieter, E F; Enkele volksverhale van die Ndzundza van Transvaal.
Mededelings van UNISA, Pretoria, 1958.

Potgieter, F J: Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1958.

Rasmussen, R K: Migrant Kingdom; Mzilikazi's Ndebele in South Africa.
Londen en Kaapstad, 1978.

Sanders, P: Moshoeshoe,Chief of the Sotho.
Londen en Kaapstad, 1975.

Schapera, I: Select Bibliography of South African Native Life and Problems.
Londen, 1969.

Shooter, J: The Kafirs of Natal and the Zulu Country.
Londen, 1957.

Smith, K W: Alfred Aylward, The tireless agitator
Kaapstad en Johannesburg, 1983.

Smith, K W: The Campaigns against the BaPedi of Sekhukhune
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1967.

Sonntag, C: My Friend Maleboch, Chief of the Blue Mountains.
Pretoria, 1981.

Stals, W A: Die Britse beleid teenoor en administrasie van die Swartes in Transvaal 1877-1881.
Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, UP 1985.

Stals, W A: Die kwessie van Naturelle-eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838-1884.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1975.

Stayt, H A: The BaVenda.
Londen, 1931.

Theal, G McCall: History of South Africa from 1873 to 1884, vol II.
Facsimile-herdruk, Kaapstad, 1974.

Thompson, L (red.): African Societies in Southern Africa.
Londen, 1969.

Transvaal Native Affairs Department: A Short History of the Native Tribes of the Transvaal.
Staatsdrukker, Pretoria, 1905.

Van Coller, H P: Mampoer in die stryd om die BaPedi-troon (Die Mapoch-oorlog, 1882-1883)
MA-verhandeling, UP, 1941.

Van der Merwe, A P: "Die Naturelle en die maatskappy te Ohrigstad en Lydenburg, 1845-1877".(Historiese Studies, 1941)

Van der Merwe, A P: Die voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg.
Ongepubliseerde M A-verhandeling, UP, 1941.

Van der Merwe, D W: Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900.
Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1975.

Van der Merwe, D W: "Johannes Dinkwanyane, 1842-1876" (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, no 8, Nov, 1976.

Van Jaarsveld, Albert: "T S van Rooyen (1922-1967) en die historiese geleerdheid".
Historia, Jaargang 30, vol 1, Mei 1985.

Van Jaarsveld, F A (red): 100 Basiese dokumente by die studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis.
Pretoria, 1974.

Van Jaarsveld, F A: Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, deel I, 1836-1864.
Johannesburg, 1951.

Van Jaarsveld, F A: Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1950.

Van Oordt, J W G: De Transvaalse gebeurtenissen en die toekomst van Zuid-Afrika.
S'Gravenhage, 1881.

Van Rooyen, T S: "Die kronieke van Wallmansthal".
Pretoriana III, nrs 2, 3 en 4, 1954.

Van Rooyen, T S: Die sendeling Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859-1882.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1954.

Van Rooyen, T S: Die verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel I, 1951.

Vansina, Jan: Kingdoms of the Savanna; A history of Central African states until European occupation.
Londen, 1966.

Vansina, Jan: Oral Tradition, A study in historical methodology.
Londen, 1965.

Vansina, Jan: "Comment: Traditions of Genesis"
Journal of African History, XV, 2 (1974).

Van Vuurven, C J: Die vestigingspatroon van die Suid-Ndebele
Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1983.

Van Vuuren, G J: "Ndzundza-Ndebele en die Mapochsgrotte".
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie, vol 8, nr 2, Junie 1985.

Van Warmelo, N J: A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa.
Pretoria, staatsdrukker, 1935.

Van Warmelo, N J: The Ndebele of J Kekana.
Pretoria, staatsdrukker, 1944.

Van Warmelo, N J: Transvaal Ndebele Texts.
Pretoria, staatsdrukker, 1930.

Walker, E A: A History of Southern Africa.
Londen, 1965.

Wangemann, Th (Trumpelmann): Maleo en Sekoekoeni.
Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1957.

Weiss, O: Funksionele kunsuitinge by die AmaNdzundza.
Ongepubliseerde MA-verhandeling, US, 1961.

Wichmann, F A F: Die Wordingsjare van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel II, 1941.

Wilson, M en Thompson, L (reds.): A History of South Africa to 1870.
Kaapstad en Johannesburg, 1982.

Wilson, M en Thompson, L (reds.): The Oxford History of Southern Africa, vol II, 1870-1966.
Oxford, 1971.

Winterbach, J C: Herinneringe"
Historiese studies, jaargang 5 no 3, September 1944.

Wright, J en Manson, A: The Hlubi Chiefdom in Zululand-Natal, A History.
Ladysmith, 1983.

Ziervogel, D; Louw, J A en Taljaard, P C (reds.): A Handbook of the Zulu Language.
Kaapstad, derde uitgawe, 1951.

D. KOERANTE

De Volksstem, 1870-1883 en 16, 20 en 23.10.1936.

Transvaal Argus, 1877-1882.